

DIE BEOORDELING
van
WOORDORDE-VARIANTE
in die manuskripte
van die
GRIEKSE
NUWE TESTAMENT
met besondere aandag
aan die
Evangelie volgens Lukas -
'n Metodologiese studie

G.J.C. Jordaan, M.A.

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad
D.Litt.(Grieks) aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys, onder leiding van Prof. J.H. Grobler.

Potchefstroom
1978

DANKBETUIGINGS

Aan die volgende persone en instansies wat elk 'n besondere bydrae gelewer het tot die voltooiing van hierdie proefskrif, is die skrywer besondere dank verskuldig:

1. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat 'n geldelike toekenning gemaak het ter delging van die onkoste verbonde aan die navorsingsreise wat hierdie studie vereis het;
2. Prof. J.H. Grobler vir sy bekwame leiding en kosbare bystand met die samestelling en voltooiing van hierdie proefskrif;
3. Prof. B.M. Metzger van Princeton Theological Seminary vir sy raad en hulp, veral omdat hy ongepubliseerde navorsingsmateriaal, wat andersins ontoeganklik sou wees, goedgegunstiglik beskikbaar gestel het vir bestudering;
4. Die personeel van die departement Grieks aan die P.U. vir C.H.O., wat vele opofferings gemaak het ten einde die voltooiing van hierdie proefskrif te bevorder;
5. Alle belangstellendes vir hulle wenke en belangstelling.

G.J.C. Jordaan

Potchefstroom

Oktober 1978

INHOUDSOPGAWE

- INLEIDING

	Bladsy
1. Probleemstelling	1
2. Metode, fundering en begrensing	5
2.1 Die taalkundige en stilistiese afdeling	6
2.2 Die tekskrities-metodologiese afdeling	9

AFDELING A : TAALKUNDE EN STILISTIEK

HOOFSTUK I : TAALKUNDIGE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

1. Inleiding: Die vryheid en gebondenheid van woordorde	15
2. Die leksikale en semantiese determinante van woordorde	18
2.1 Woorde met voorkeurposisie	19
2.1.1 Nuwe Testamentiese Grieks	19
2.1.1.1 Na-positiewe	19
2.1.1.1.1 Woorde wat onvoorwaardelik na-positief is	19
2.1.1.1.2 Woorde wat afwyk van hulle status as na-positief	20
2.1.1.2 Voorpositiewe	21
2.1.1.3 Aanvangswoorde	21
2.1.2 Klassieke Grieks	22
2.1.2.1 Na-positiewe	22
2.1.2.1.1 Woorde wat onvoorwaardelik na-positief is	22
2.1.2.1.2 Woorde wat afwyk van hulle na-positiewe status	23
2.1.2.2 Voorpositiewe	23
2.1.2.3 Aanvangswoorde	24
2.2 Kombinasies van voorpositiewe en na-positiewe met ander woorde	25

2.2.1 Minimum-volledige mededelings	25
2.2.2 Kombinasie van q en M	26
2.2.3 Kombinasie van p en M	26
2.2.4 Kombinasie van p, q en M	27
3. Woordsoortlike determinante van woordorde	28
3.1 Die sinsposisie van die werkwoord	28
3.1.1 Nuwe Testamentiese Grieks	29
3.1.2 Klassieke Grieks	31
3.2 Die posisie van die bywoord	33
3.2.1 Nuwe Testamentiese Grieks	33
3.2.2 Klassieke Grieks	34
3.3 Die posisie van die deelwoord	35
3.4 Die posisie van die voorsetsel	36
3.4.1 Nuwe Testamentiese Grieks	36
3.4.2 Klassieke Grieks	37
3.5 Die posisie van voorsetselfrases	38
3.5.1 Nuwe Testamentiese Grieks	38
3.5.2 Klassieke Grieks	39
3.6 Die posisie van die byvoeglike naamwoord	39
3.6.1 Nuwe Testamentiese Grieks	39
3.6.1.1 Algemene tendense	39
3.6.1.2 Sekere byvoeglike naamwoorde afsonderlik	40
3.6.2 Klassieke Grieks	42
3.6.2.1 Die attributiewe posisie van die byvoeglike naam= woord	43
3.6.2.2 Die predikatiewe posisie van die byvoeglike naam= woord	43
3.7 Die posisie van die voornaamwoord	44
3.7.1 Nuwe Testamentiese Grieks	44
3.7.2 Klassieke Grieks	45
3.8 Die posisie van die selfstandige naamwoord	46

3.8.1 Nuwe Testamentiese Grieks	46
3.8.2 Klassieke Grieks	47
4. Die morfologiese determinante van woordorde	47
4.1 Die volgorde van selfstandige naamwoorde in die ver-	
skillende naamvalle	47
4.1.1 Nuwe Testamentiese Grieks	49
4.1.1.1 Die vokatief	49
4.1.1.2 Die nominatief	49
4.1.1.3 Die akkusatief	50
4.1.1.4 Die datief	50
4.1.1.5 Die genitief	50
4.1.2 Klassieke Grieks	51
4.1.2.1 Die vokatief	51
4.1.2.2 Die nominatief	52
4.1.2.3 Die akkusatief	52
4.1.2.4 Die datief	53
4.1.2.5 Die genitief	53
5. Sintaktiese determinante	54
5.1 Nuwe Testamentiese Grieks	54
5.2 Klassieke Grieks	56
 HOOFSTUK II : STILISTIESE DETERMINANTE VAN WOORDORDE	 57
 1. Emfatiese determinante	 58
1.1 Aanvangsposisie	59
1.2 Eindposisie	61
1.3 Disjunksie	62
1.4 Aanvangsposisie, eindposisie en disjunksie gekombineerd	63
2. Stylfigure	64
2.1 Die invloed van Klassieke en Ou Testamentiese literatuur	64
2.2 Stylfigure in die Nuwe Testament wat woordorde beïnvloed	66

3. Retoriese strukture	71
3.1 Die driehoekpatroon	72
3.2 Die wigpatroon	74
3.3 Die diamantpatroon	75
3.4 Die uurglaspatroon	76
3.5 Breër strukture	79
3.6 Die voorkoms van retoriese strukture	81
4. Estetiese determinante	81
4.1 Nuwe Testamentiese Grieks	82
4.2 Klassieke Grieks	82
4.2.1 Duidelikheid	82
4.2.2 Hiaatvermyding	83
4.2.3 Fonetiese dissimilasie	83
4.2.4 Ritmiese dissimilasie	84
5. Sosiaal-tradisionele determinante	84
6. Invloed van ander tale	85
7. Kontekstuele determinante van woordorde	87
8. Gewoonte-determinante (Die gebruiklike woordorde by Lukas)	90
8.1 Bywoorde	95
8.1.1 Algemene tendense	97
8.1.2 Voorkeurwoorde	98
8.1.3 Emfatiese posisies	98
8.2 Bywoordelike substantiewe	99
8.2.1 Algemene tendense	100
8.2.2 Emfatiese posisies	101
8.3 Bywoordelike voorsetselfrases	101
8.3.1 Algemene tendense	101
8.3.2 Voorkeurwoorde	103
8.3.3 Emfatiese posisies	106
8.4 Werkwoorde	107
8.4.1 Algemene tendense	108
8.4.2 Voorkeurwoorde	109

8.4.3 Emfatiese posisies van werkwoorde	110
8.5 Lidwoordlose deelwoorde	110
8.6 Substantiewe	111
8.6.1 Algemene tendense	112
8.6.2 Voorkeurwoorde	113
8.6.3 Emfatiese posisies	113
8.7 Byvoeglike naamwoorde en byvoeglike bepalings	114
8.7.1 Algemene tendense	114
8.7.2 Emfatiese posisies	117
9. Konklusie	118

AFDELING B : METODOLOGIE

HOOFSTUK III : DIE AARD EN OMVANG VAN WOORDORDE-VARIASIE IN DIE NUWE TESTAMENT	119
---	-----

1. Teksveranderinge wat die betekenis beïnvloed	121
1.1 Variasie van kombinasie	121
1.1.1 Wisseling tussen twee kombinasies in dieselfde sin	121
1.1.2 Verskuiwing van 'n dubbelsinnige posisie na 'n on= dubbelsinnige posisie	122
1.1.3 Oordrag uit een sin in die ander	122
1.2 Omruiling van hele sinne	123
1.3 Verandering van woordsoort	123
2. Teksveranderinge wat die betekenis skynbaar nie beïnvloed nie	124
2.1 "Ἀπαξ λεγόμενα	124
2.2 Skeiding van saamhorige groepe (disjunksie)	125
2.3 "Skadelose" teksveranderinge	126
2.3.1 Verskuiwing van sintaktiese elemente	126
2.3.2 Skommeling van woorde binne 'n saamhorige groep	127
2.3.3 Omruiling van woorde met parallelle funksie	127

HOOFSTUK IV : DIE OORSAKE VAN WOORDORDE-VARIASIE -
TRANSKRIPSIONELE OORWEGINGS 129

1. Onbewustelike veranderinge	132
1.1 Parablepsis	132
1.2 Geheuefoute	133
2. Doelbewuste veranderinge	136
2.1 Taalkundige en stilistiese verbeteringe	136
2.1.1 Veranderinge na Klassieke taal en styl (Atticisme)	137
2.1.2 Veranderinge na 'n meer Nuwe Testamentiese taal en styl	140
2.2 Harmonisasie	142
2.2.1 Harmonisasie aan parallelle gedeeltes in die Nuwe Testament	142
2.2.2 Harmonisasie aan die woordorde in die Septuagint	143
2.2.3 Harmonisasie aan die woordorde in vertalings van die Nuwe Testament	143
2.3 Veranderinge aan woordorde om leerstellige redes	144
2.4 Doelbewuste interpolasie	145
3. Individuele gewoontes van die scriptor	146
4. Die waarde van ou vertalings vir die beoordeling van woordorde-variante	148
5. Konklusie: Maatstawwe vir die bepaling van transkripsionele waarskynlikheid van woordorde-variante	149

HOOFSTUK V : DIE GEVOLGE VAN WOORDORDE-VARIASIE -
INTRINSIEKE OORWEGINGS 151

1. Enkele bestaande kriteria vir die bepaling van intrinsieke getuienis	151
1.1 Scrivener	152
1.2 Weiss	152

1.3 Metzger	153
1.4 Westcott en Hort	155
2. 'n Maatstaf vir die bepaling van intrinsieke waarskynlikheid	155
2.1 Harmonie met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament	157
2.2 Harmonie met die algemene styl van die skrywer	158
2.3 Harmonie met die gewoontes van die skrywer	160
2.4 Invloed van ander tale in gedeeltes van nie-Griekse oorsprong	161
2.5 Die gebruik van gekte uitdrukkings van die Joodse en vroeg-Christelike gemeenskap	162
2.6 Harmonie met die onmiddellike konteks	164
3. Botsing tussen intrinsieke en transkripsionele oorwegings	165
4. Konklusie: Maatstawwe vir die bepaling van intrinsieke waarskynlikheid van woordorde-variante	166
HOOFSTUK VI : PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE METODE	169
1. Die woordorde-variante in die U.B.S.-apparaat	169
Lk 1:66; 1:70; 2:11; 3:22; 6:1; 6:5; 6:26; 8:28; 7:42; 8:44; 9:62; 10:21; 11:2; 11:48; 12:1; 12:20; 13:9; 14:17; 16:14; 16:21; 17:23; 18:11; 18:24; 20:9; 20:26; 21:6; 21:11; 22:17-20; 23:17; 23:38; 24:49	
2. Enkele variante wat nie in die U.B.S.-apparaat verskyn nie	212
Lk 1:65; 10:40; 9:39; 12:28; 1:17; 10:16; 1:12; 6:43-45	
ABSTRACT	223
BIBLIOGRAFIE	233

INLEIDING

1. Probleemstelling

Griekse sinsbou berus op die prinsipe dat die sinsfunksie van die woord nie bepaal word deur die posisie daarvan in die sin nie, maar deur die woordvorm. Gevolglik behoort daar by die herangskikking van die woorde in 'n sin geen verandering van betekenis plaas te vind nie. Hierdie eienskap van die Griekse taal was ongetwyfeld een van die aanleidende oorsake tot die ontstaan van die groot aantal woordorde-variante wat voorkom in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament: In die proses van oorskrywing kon die volgorde van woorde verander sonder dat die betekenis van die sin verander en selfs 'n noulettende $\delta\lambda\omicron\pi\theta\omega\tau\eta\varsigma$ kon oor sodanige veranderinge heen lees sonder om enige tekskorrupsie te vermoed.

Die algemene voorkoms van woordorde-variasie in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament het dit dringend noodsaaklik gemaak dat daar in die Nuwe Testamentiese Tekskritiek 'n metodiek opgestel word vir die evaluering van woordorde-variante. Die behoefte aan so 'n besondere metodiek word onderstreep deur die feit dat tekskritici tot op hede weinig aandag gegee het aan 'n metode wat spesifiek gerig is op die evaluering van woordorde-variante. Reeds so vroeg as 1874 beskryf Scrivener woordorde-variasie soos volg: "Numerous variations occur in the order of words, the sense being slightly or not at all affected; on which account this species of various readings was at first much neglected by collators" (Scrivener, 1874, p.9).

In weerwil van sy identifikasie van die probleem, het Scrivener self nie 'n poging aangewend om 'n deeglike studie van woordorde-variasie te maak nie. In die eeu wat sedertdien verloop

het, het die toedrag van sake weinig verbeter: Die meeste kritici het variasie van woordorde op dieselfde vlak as variasie van spelling geplaas en dit dan as onbelangrik opsygeskuif.

Die afsydigheid ten opsigte van woordorde-variasie is beslis versterk deur die eensydige klem wat die negentiende eeuse tekskritici op die genealogiese metode geplaas het: Westcott en Hort (1882) het byvoorbeeld in hulle andersins deeglike en monumentale New Testament in the original Greek geen poging aangewend om die probleem van woordorde-variasie sistematies te behandel nie; Nestle (1901, p.236) meen dat omruiling van woorde op dieselfde vlak staan as die verwarring van letterkombinasies, soos $\kappa\rho\kappa\acute{o}\delta\epsilon\iota\lambda\omicron\varsigma/\kappa\rho\kappa\acute{o}\delta\epsilon\iota\lambda\omicron\varsigma$ sonder om die betekenis veel te beïnvloed; Merx (1897, p.246) meen dat variasie van woordorde dui op interpolasie en hy bevraagteken die oorspronklikheid van dwaalwoorde en dwaalgroepe, dit is woorde of woordgroepe wat in die teksgetuïenisse nie op dieselfde plek staan nie. Die enigste poging tot sistematiese bestudering van woordorde-variasie het gekom uit die kamp van die sogenaamde eklektici (of rasonale kritici), soos blyk uit die studie deur Weiss(1899). Ongelukkig het Weiss slegs 'n klassifikasie gemaak van woordorde-variante en nie sover gekom om 'n hanteerbare metodiek vir die evaluering van woordorde-variante daar te stel nie.

Die stryd tussen die aanhangers van die genealogiese metode en die eklektici is nog lank nie verby nie: Die aanval wat Burgon (1883) in die vorige eeu geloods het op die metode van Westcott en Hort, word tans voortgesit, onder andere deur Fuller (1973) wat 'n meer eklektiese metode propageer, en Hodges (1977) wat 'n voorstander is van 'n meerderheidsteks. - Epp (1974) verdedig die genealogiese metode en praat met redelike minagting van die eklektiese metode. Ten spyte hiervan lyk dit oor die algemeen asof hierdie uiterste standpunte stelselmatig nader aan mekaar beweeg: Dit behoort uiteindelik te lei tot 'n meer gebalanseerde metodiek. Eklektici soos Colwell (1969) gee toe dat oorweldigende eksterne

getuïenis nie geïgnoreer kan word nie, terwyl die "diplomate" (die benaming wat Van Manen, 1880, p.155, gee aan die kritici wat enkele manuskripte in waarde oorskot) al hoe meer begin toegee dat interne getuïenis ernstige oorweging behoort te geniet naas eksterne getuïenis (Metzger, 1968, p.217-8).

Nieteenstaande die verandering in gesindheid van tekskritici het die houding jeens woordorde-variasie as tekskritiese verskynsel feitlik geen verandering ondergaan nie. Colwell (1969, p.105) sê byvoorbeeld in sy bespreking van "Singuliere lesings" dat die meeste singuliere lesings inderdaad onbelangrik is omdat hulle slegs klein detail soos woordorde raak. Hy sê: "Transpositions are much more frequently of a harmless order, as each one may perceive for himself" (Colwell, 1969, p.105). Soos Streeter (1936, p.566) beskou die meeste kritici woordorde-variasie as die blote resultaat van transkripsionele agtelosigheid en meen dat woordorde-variante slegs op eksterne getuïenis beoordeel kan word.

Dit is duidelik dat ook die samestellers van die United Bible Societies Greek New Testament (1975) in die beoordeling van woordorde-variante weinig oorweging skenk, indien enige, aan die intrinsieke waarde van die volgorde van woorde. Feitlik deurgaans laat hulle hulle lei deur eksterne getuïenis of transkripsionele oorewegings. In Lk 9:62, byvoorbeeld, verkies die samestellers die lesing ἐπιβαλὼν τὴν χεῖρα ἐπ' ἄροτρον καὶ βλέπων εἰς τὰ ὀπίσω met die volgende motivering:

"The curious variation in the order of the participles (εἰς τὰ ὀπίσω βλέπων καὶ ἐπιβάλλων τὴν χεῖρα αὐτοῦ ἐπ' ἄροτρον) in several witnesses (p⁴⁵ D it^{a,b,c,d,e,(l),q} al) is probably due to scribal inadvertence; . . . Although it may be argued that αὐτοῦ was deleted by scribes for stylistic reasons . . . , a majority of the Committee was impressed by the weight of p⁷⁵ B 0181 f¹ al attesting its presence" (Metzger, 1971, p.194).

As nog 'n voorbeeld dien Lk 21:11, wat oorgelewer is met vier

verskillende woordorde-variante:

- (1) καὶ ἀπ' οὐρανοῦ σημεῖα μεγάλα ἔσται B f¹ cop
- (2) καὶ σημεῖα μεγάλα ἀπ' οὐρανοῦ ἔσται ~~X~~ L f¹³ 33 a1
- (3) καὶ σημεῖα ἀπ' οὐρανοῦ μεγάλα ἔσται A K W a1
- (4) ἀπ' οὐρανοῦ καὶ σημεῖα μεγάλα ἔσται D it^{d,e,f}

Die samestellers verkies lesing 1 omdat die volgorde van die woorde in dié lesing scriptores maklik kon beweeg tot 'n herrangskikking van die woorde (Metzger, 1971, p.172). In beide die bostaande voorbeelde, en so ook in die ander woordorde-variante wat in die apparaat van die United Bible Societies-tekste opgeneem is, word die intrinsieke waarde van woordorde nie in ag geneem nie - blykbaar aanvaar die Kommissie dat woordorde geen invloed op die betekenis het nie.

Die volgende vrae kom nou dringend na vore en vir die Tekskritiek van die Nuwe Testament is dit noodsaaklik om antwoorde daarop te kry: Is woordorde-variantasie werklik so onbelangrik as wat kritici van mening is? Behoort intrinsieke oorwegings nie méér mee te spreek tot die evaluering van woordorde-variante nie? Ten opsigte van hierdie vrae saam met vrae wat daaruit voortvloei sal die kritikus hom moet verantwoord voordat hy 'n finale beslissing maak in sy keuse van 'n woordorde-variant.

Hierdie studie is dan daarop gemik om te bepaal of die kennis van Griekse woordorde 'n bydrae kan maak by die keuse tussen variante lesings of nie. Ten einde dit te bepaal, is 'n studie van Griekse woordorde, soos dit veral in die Nuwe Testament voorkom, nodig, sodat daaruit riglyne neergelê kan word vir die metodiek vir evaluering van woordorde-variante. Turner (Moulton, Howard & Turner, 1976, p.19) het 'n studie gemaak van die taal en styl van die Nuwe Testament en kom tot die konklusie: "The characteristic components in the style of divergent New Testament authors have some practical pertinence for exegesis and for textual criti-

cism, both in determining which of several variant readings has the highest internal probability on account of stylistic consistency" (Moulton, Howard & Turner, 1976, p.19). Vanweë die aard van sy ondersoek het Turner hom nie begewe op die pad van die metodiek van tekskritiek nie. Na aanleiding van bevindinge soos dië van Turner word in hierdie studie nou afgestuur op die ondersoek van 'n metodiek van dië deel van die Tekskritiek wat hom besig hou met interne gegewens.

2. Metode, fundering en begrensing

Uit die klassifikasie van woordorde-variante (vgl. p.121-128 hieronder) blyk dat daar twee hoofgroepe van variante is, nl.

- (1) die variante wat 'n ooglopende invloed op die betekenis het, en
- (2) die groot groep van variante wat oënskynlik geen invloed op die betekenis het nie.

Variante wat die betekenis ooglopend beïnvloed, is normaalweg nie problematies nie, aangesien die konteks ruim aanduidings gee van welke lesing waarskynlik die oorspronklike is. Die ware probleem lê eintlik by dië groep wat oënskynlik geen invloed het op die sinsbetekenis nie: Op die oog af bestaan daar geen interne, en veral geen intrinsieke, getuïenis wat die keuse van 'n lesing kan beïnvloed nie - juis om hierdie rede het tekskritici tot op hede hulle ten opsigte van woordorde-variante hulle verlaat op blote eksterne getuïenis.

Met hierdie studie is beoog om 'n metode daar te stel vir die tekskritikus om op transkripsionele en intrinsieke gronde wel 'n keuse te maak tussen woordorde-variante wat die sinsbetekenis oënskynlik nie beïnvloed nie. Dië taak is op tweeërlei wyse aangepak:

- (1) Die redes en die gevolge van woordorde-variasie in sowel be-

tekenisvolle as betekenislose lesings is nagegaan aan die hand van 'n taalkundige en stilistiese ondersoek;

(2) Daaruit is dan riglyne getrek vir die metodiek vir die evaluering van woordorde-variante.

Die studie val dus spontaan uiteen in twee afdelings, nl. 'n taalkundige en stilistiese afdeling (Afdeling A) en 'n metodologiese afdeling (Afdeling B).

2.1 Die taalkundige en stilistiese afdeling

Hierdie afdeling bevat twee hoofstukke, te wete 'n hoofstuk oor taalkunde en 'n hoofstuk oor styl. Die onderskeid wat in hierdie studie getref word tussen taalkunde en stilistiek is die volgende:

Taalkundige verskynsels is herleibaar na algemene neigings, eienskappe en reëls van die taal. Wanneer 'n skrywer dus woorde in 'n volgorde neerskryf wat duidelik vereis word deur of ooreenstem met die algemene neiging in Grieks, is die woordorde bepaal deur taalkundige faktore.

Stilistiese verskynsels berus op die individuele voorkeur van die skrywer. Dikwels word 'n besondere volgorde van woorde teëgekom wat nie teruggevoer kan word na uitsluitlik taalkundige faktore nie. Sodanige woordorde is waarskynlik deur die skrywer verkies met die oog daarop om, naas die blote mededeling, 'n sekere effek te bereik. In so 'n geval is die woordorde bepaal deur stilistiese faktore.

Woordorde word dus bepaal, of gedetermineer, deur taalkundige faktore en/of stilistiese faktore. Hierdie faktore word onderskeidelik genoem taalkundige determinante en stilistiese determinante.

Die hoofstuk oor taalkundige determinante is dan gefokus op algemene neigings in Grieks tot normalisering van woordorde. Die

taalkundige studie is nie beperk tot die Grieks van die Nuwe Testament nie, maar ook die algemene neigings in Klassieke Grieks word deurgaans vermeld. Dit is noodsaaklik aangesien die invloed van die Atticiste in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament 'n faktor is waarmee deeglik rekening gehou moet word. Derhalwe is 'n kennis van taalkundige woordorde-determinante in Klassieke Grieks onontbeerlik vir die beoordeling van woordorde-variante in die Nuwe Testament.

Die navorsing wat hierdie studie vereis het met betrekking tot die algemene taalkundige neigings in Grieks is baie vergemaklik deur reeds versamelde statistieke van ander skrywers. Sodanige statistieke is versamel en georden binne die groter geheel van die hoofstuk oor taalkundige determinante. Gevolglik bestaan Hoofstuk I (Taalkundige determinante) tot 'n groot mate uit waarneming en interpretasie van reeds gesistematiseerde materiaal. Elke tendens word geïllustreer aan die hand van voorbeelde uit die Nuwe Testament asook uit die Klassieke literatuur. Dikwels is hierdie voorbeelde oorgeneem uit publikasies van ander skrywers. In hierdie verband moet erkenning gegee word aan veral Winer (1877), Kieckers (1911), Rademacher (1911), Robertson (1923), Abel (1927), Cuendet (1929), Moule (1953), Humbert (1954), Schwyzer (1950), Smyth (1956), Blass-Debrunner (1962) en Moulton-Howard-Turner (1963, 1976).

In die hoofstuk oor stilistiese determinante is stylfigure, retoriese strukture en ander determinante wat in die Nuwe Testament met die oog op effek voorkom, bestudeer en georden. Daarbenewens is ook die individuele styl en gewoontes van elke skrywer in ag geneem. 'n Groot gedeelte van die hoofstuk oor styl bestaan derhalwe uit die versameling en interpretasie van statistieke met betrekking tot woordorde van die individuele skrywers. Ter wille van konsentrasie en bondigheid is die statistiese waarneming in hierdie studie beperk tot slegs een boek van die Nuwe Testament,

n1. die Evangelie volgens Lukas. Die redes waarom juis die Evangelie volgens Lukas gekies is, is die volgende:

- (1) Lukas se styl vertoon 'n groter buigsaamheid as dié van die ander Nuwe Testamentiese skrywers;
- (2) Die Evangelie volgens Lukas is een van die langste boeke van die Nuwe Testament en bied dus ruim materiaal sodat tendense duidelik waargeneem en afleidings met 'n redelike mate van sekerheid gemaak kan word;
- (3) Eksterne faktore het ook 'n rol gespeel in die keuse: Aangesien statistieke van hierdie aard slegs gebaseer kan word op lesings waarvan die outensiteit bo verdenking staan, dit wil sê lesings wat nêrens varieer nie maar deur alle teksgetuïenisse eenstemmig oorgelewer word, was dit noodsaaklik om die teks eers vooraf te sif aan die hand van 'n volledige tekskritiese apparaat. By gebrek aan 'n volledige tekskritiese apparaat in gepubliseerde vorm, is, met die goedgunstige toestemming van prof. B.M. Metzger, Princeton Theological Seminary, wel gebruik gemaak van die ongepubliseerde notas van die Internasionale Tekskritiese Projek, wat tans besig is met die samestelling van 'n volledige tekskritiese apparaat: Tot op hede het die Projek slegs volledige inligting versamel met betrekking tot die Evangelie volgens Lukas.

By die interpretasie van die materiaal wat in die hoofstuk oor stilistiese determinante versamel is, is die doelwit dikwels die vasstelling van die motivering vir die rangskikking van woorde. Met "motivering" word bedoel sowel die funksionele as die strukturele oorwegings wat gelei het tot die betrokke woordorde. Die bedoeling is nie om vas te stel watter menslike modaliteit (bv. die linguistiese, die logiese, die psigologiese) van die skrywer grondliggend is aan taalformulering nie. Gevolglik word hier nie op taalfilosofiese aspekte ingegaan nie. Hierdie studie is gerig op 'n praktiese metodiek. Desgelyks word

die terme "subjek", "objek" en "predikaat" so min as moontlik gebruik vanweë die taalfilosofiese konnotasies wat daaraan geheg mag word. Frisk (1932, p.36) maak byvoorbeeld 'n onderskeid tussen die "grammatiese Subjekt" en die "psichologiese Subjekt", die "grammatiese Prädikat" en die "psichologiese Prädikat", en sodoende verval hy in taalfilosofiese bespiegeling wat inderdaad afbreuk doen aan sy andersins kostelike werk. Die doel van die taalkundige en stilistiese afdeling is bloot om waarnemings te maak ten opsigte van die posisie en die rangskikking van woordsoorte en woordgroepe in Grieks in die algemeen en deur individuele skrywers, sodat daaruit riglyne getrek kan word vir die metodologie van die Tekskritiek van die Nuwe Testament.

2.2 Die tekskrities-metodologiese afdeling

In hierdie afdeling word besin oor die metodiek van beoordeling van woordorde-variante. In dié verband is vier faktore in ag geneem:

- (1) Die aard van woordorde-variante in die Nuwe Testament;
- (2) Alle moontlike transkripsionele faktore wat 'n invloed kon gehad het op die volgorde van woorde;
- (3) Algemene sowel as individuele neigings tot normalisering van woordorde;
- (4) Die verskillende wyses waarop eksterne en interne faktore 'n invloed kon hê op die formulering.

Met die inagneming van hierdie vier faktore is gepoog om 'n metodiek daar te stel waarin die gevare wat elke tekskritikus loop, tot die minimum beperk is. Die belangrikste twee gevare is (Cooper, 1971, p.110):

- (1) Die tekskritikus kan 'n ongegronde aanname maak van 'n verdorwe lesing;
- (2) Die tekskritikus kan 'n korrekte lesing verwerp of verander

omdat hy dit nie ten volle verstaan nie.

Die sogenaamde rasonale kritici en die konjekturaalkritici is in besonder blootgestel aan laasgenoemde gevaar, omdat hulle eksterne kritiek ondergeskik stel aan interne kritiek. Die belangrikste verteenwoordigers van hierdie groep kritici is Van Manen (1880), Harris (1893), Weiss (1899), Turner (1927), Lagrange (1935), Kilpatrick (1943), Maas (1958) en West (1973). Kilpatrick se tekskritiese teorie is verteenwoordigend van die rasonale kritici: Hy meen (Kilpatrick, 1943, p.25-6) dat die tekskritikus se finale tekskeuse nie behoort te berus op die manuskripte self nie, maar dat dit buite die manuskrip om moet plaasvind - slegs waar hy onseker is of waar hyself geen subjektiewe beslissing kan maak nie, kan die tekskritikus 'n beslissende stem gee aan eksterne getuïenis.

Die belangrikste dwaling van die konjekturaalkritici is dat hulle alle manuskripte as onjuis aanvaar totdat die tekskritikus deur middel van konjekturale emendasie dit as juis kan aanwys. So sê die vurige konjekturaalkritikus Van Manen: " . . . de aanwezige HSS., hoe talrijk ook, geven ons niet den oorspronkelijken, maar een veelzins verbasterden, soms opzettelijk gewijzigden, en meermalen diep bedorven tekst, die zich niet door vergelijking alleen laat herstellen" (Van Manen, 1880, p.155). Van Manen sluit manuskriptstudie nie uit nie, maar stel konjekturaalkritiek primêr, op grond van die volgende argumente (Van Manen, 1880, p.156):

- (1) Die wese van konjekturaalkritiek is dat dit streef na dit wat die skrywer gesê het, en niks anders nie;
- (2) Die resultate van konjekturaalkritiek word dikwels deur latere ontdekkings bevestig;
- (3) Die diplomate noem gissinge gevaarlik, maar maak hulleself daaraan skuldig;
- (4) Ondanks die werk van die diplomate is die beste teks van die

Nuwe Testament in 'n betreurenswaardige toestand, aldus Van Manen.

Van Manen se argumente kan soos volg afgewys word:

- (1) Dit is sekerlik die strewe van alle vorme van tekskritiek om vas te stel wat die skrywer gesê het, dit wil sê om die outogram vas te stel; hierdie strewe kan nie alleen vir die konjekturaalkritiek toegeëien word nie.
- (2) Van Manen se aanspraak op ondersteuning wat latere ontdekkings aan die resultate van die konjekturaalkritiek bied, is nie heeltemal in ooreenstemming met die werklikheid nie. Scribener (1875, p.434) wys daarop dat vroeëre konjekturale emendasie baie selde deur latere ontdekkings ondersteun is.
- (3) Deur die diplomate daarvan te beskuldig dat hulle dikwels gis, hef Van Manen nie die feit op dat konjekturaalkritiek in hoofsaak op gissing berus nie. Die genealogiese metode word inderdaad dikwels verkeerd aangewend, maar ook vir die "diplomate" geld Van Manen se eie verontskuldiging: "Abusus non tollit usum" (Van Manen, 1880, p.154).
- (4) Die pogings van die rasonele- en konjekturaalkritici om 'n teks van die Nuwe Testament vas te stel, was tot op hede nog minder geslaagd as dié van die "diplomate". Die grondteks van die Revised Standard Version is saamgestel langs die weg van rasonele kritiek (Grant, 1946), 'n grondteks wat aldus Colwell (1969, p.152) in 'n betreurenswaardige toestand is.

Die konjekturaalkritiek as metode vir die herstel van die teks van die Nuwe Testament is beslis verwerplik, aangesien daarin 'n definitiewe ondertoon van Skrifkritiek gesetel is: Die konjekturaalkritiek aanvaar as finale maatstaf waaraan die teks van die Bybel getoets word, nie die geskrewe woorde wat deur die teksgetuïenisse aan ons oorgelewer is nie, maar die mens se subjektiewe oordeel.

'n Heftige teëstander van die rasonele- en konjekturaalkritiek is Scribener (1875), wat die resultate van dié soort

kritiek beskou as "hopelessly condemned by the deep silence of a host of authorities which have since come to light" en slegs geskik "to see the utter fruitlessness of the attempt to illustrate Scripture by ingenious guesswork" (Scrivener, 1875, p.369). Scrivener en die ander aanhangers van die genealogiese metode, onder andere Von Soden (1902), Westcott & Hort (1882), Lake (1928), Streeter (1936), Epp (1974) en Kenyon (1975) is op hulle beurt weer blootgestel aan veral die eerste gevaar waarteen Cooper waarsku (vgl. p.9 hierbo), omdat hulle interne, en veral intrinsieke, getuienis of ignoreer of ondergeskik stel aan eksterne getuienis. Oor die algemeen is hierdie kritici van mening dat die getuienis wat uit genealogiese studie geput word meer objektief en betroubaar is as interne getuienis. Daarom neem hulle interne getuienis in ag hoofsaaklik wanneer genealogiese verbintenisse nie finale uitspraak kan gee nie (Westcott & Hort, 1882, p.42; Lake, 1928, p.1-10).

Die dwaling van die navolgers van die genealogiese metode is wat Colwell (1969, p.25,148) die "genealogiese oogklappe van die Horticulti" noem, nl. dat byvoorbeeld voorkeur verleen word aan die lesing van 'n sekere manuskrip of manuskripkombinasie of tekstipe. So heg Lachmann buitensporige waarde aan kodeks Bezae (Scrivener, 1875, p.424-5), Tischendorf aan kodeks Sinaïticus (Metzger, 1969, p.127) en Westcott & Hort aan die kombinasie $\aleph B$ (Westcott & Hort, 1882, p.225). Hierteenoor stel Metzger (1969, p.246) dit duidelik dat daar geen enkele manuskrip of manuskripgroep bestaan wat die tekskritikus meganies mag of kan volg nie.

Onlangse navorsing op die gebied van die Nuwe Testamentiese Tekskritiek het aangetoon dat die waarde van Manuskrip-genealogieë tot op hede inderdaad oorskakel is en dat die nut van die genealogieë in werklikheid redelik beperk is (Griffith, 1969, p.389). Dit het daartoe gelei dat al hoe meer tekskritici hulle tot die eklektiese metode wend, byvoorbeeld Fuller (1973) en Hodges (1977). In dié

proses neem hulle die klem weg van die historiese faktore van die kritiek, byvoorbeeld die datum van 'n dokument of die geografiese verspreiding van 'n lesing. Ongelukkig het hierdie kritici op hulle beurt weer die pendulum te ver laat oorswaai na die ander kant deurdat hulle intrinsieke getuïenis te veel beklemtoon het.

Colwell (1969, p.169), 'n "bekeerde" eklektikus, se standpunt is korrek, nl. dat nóg eksterne getuïenis nóg interne getuïenis beklemtoon of blindelings gevolg moet word - 'n gebalanseerde verhouding tussen eksterne en interne getuïenis moet gehandhaaf word.

Woordorde-variante benodig nie 'n eiesoortige metode waarvolgens eksterne getuïenis bepaal moet word nie - eksterne getuïenis hou immers nie verband met die aard van die variasie in die variasie-eenheid nie. Gevolglik is die studie van woordorde-variante gerig op slegs een afdeling van die metodiek van die Tekskritiek, nl. die bepaling van interne getuïenis. Hoewel geen aandag gegee word aan eksterne getuïenis nie, is die bedoeling hoegenaamd nie om eksterne getuïenis as minder belangrik voor te hou nie. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die evaluering van variante wat volgens die voorgestelde metodiek van hierdie studie gemaak word, nie finaal kan wees nie. Finale beoordeling van variante lesings kan eers gemaak word nadat interne sowel as eksterne getuïenis in ag geneem is, sonder om vooraf voorkeur aan die een of die ander te gee.

Dit is ook duidelik dat die aard van woordorde-variasie, dit wil sê dat dit selde lei tot sinnelose lesings, dit onnodig maak vir hierdie studie om te verval in konjekturaalkritiek. By elke variasie-eenheid kan aanvaar word dat een van die betrokke lesings die oorspronklike korrek weergee en dat die taak van die kritikus is om vas te stel welke van die betrokke lesings die grootste

waarskynlikheid besit om die oorspronklike lesing te wees.

AFDELING A

TAALKUNDE EN STILISTIEK

HOOFSTUK I

TAALKUNDIGE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

Daar is verskeie taalkundige faktore wat woordorde in Grieks bepaal. In hierdie hoofstuk word die volgende indeling van taalkundige determinante van woordorde gemaak en gehandhaaf as basis vir bespreking:

Leksikale en semantiese determinante

Woordsoortlike determinante

Morfologiese en sintaktiese determinante

1. INLEIDING : DIE VRYHEID EN GEBONDENHEID VAN WOORDORDE

Die beoordeling van woordorde-variante moet voorafgegaan word deur 'n besinning oor die vryheid en gebondenheid van woordorde in Grieks. Indien dit sou blyk dat hierdie vryheid beperk is, is dit nodig om vas te stel wat die beperkende faktore is. Sodoende is dit moontlik om elke variant te beoordeel na die mate waarin dit ooreenstem met sulke beperkende faktore..

In sy omvattende studie oor Klassieke Griekse sinsbou verklaar Humbert (1954) dat "la phrase indo-européenne étant caractérisée

par l'autonomie des éléments qui la constituaient, l'ordre des mots était en principe absolument libre, puisque chacun d'entre eux pouvait, en toute position, indiquer clairement, par ses seuls moyens, la rôle qu'il jouait dans la phrase" (Humbert, 1954, p.92). Robertson meen dat die vryheid van kunsmatige reëls wat Grieks besit en die "response to the play of the mind is never seen better than in the order of words in the sentence" (Robertson, 1923, p.417). As Humbert nie die woorde "en principe" beklemtoon het nie en as beide die skrywers nie later aangedui het dat die Griekse taal in werklikheid van hierdie "beginsel" afwyk nie, sou dit voorgekom het asof hulle die studie van Griekse woordorde as heeltemal oorbodig beskou. Dieselfde geld vir Meillet & Vendryes (1924, p.527) wanneer hulle sê dat daar geen sintaktiese waarde in woordorde is nie, maar dat dit bloot 'n segswyse bied, wat behoort tot die studie van die retoriek. Hierdie beskouing van Meillet & Vendryes sluit ten nouste aan by die kritici van die antieke tyd, soos Aristoteles (περὶ ποιητικῆς 1458b-1459a; τέχνη ῥητορικὴ 1405a) en Demetrius (περὶ ἑρμηνείας 199-201). Gedurende die afgelope eeu het kritici hulle egter al hoe meer tot die taalkunde gewend in die soeke na 'n verklaring van die volgorde van woorde. Denniston sê: "... though much laborious collection of statistics, and much careful weighing of results must be performed before any thoroughgoing theory of Greek word-order can be formulated, the investigations of modern scholarship point in the direction of certain conclusions" (Denniston, 1952, p.42).

Schwyzer (1950) kom tot die konklusie dat die volgorde van woorde deur meer faktore as net die retoriek bepaal word en sê: "Die Wortfolge gehört zu den Spracherscheinungen auf der Grenze zwischen Syntax und Stilistik; zu deren Erfassung und Beurteilung lebendiges Sprachgefühl und gesprochene Sprache gehört" (Schwyzer, 1950, p.690). Schwyzer stel die vraag: As Griekse woordorde

algeheel vry was, waarom word 'n skrywer wat nie Grieks as moeder=taal het nie, so maklik verraai deur die volgorde waarin hy woorde in Grieks rangskik? (Schwyzer, 1950, p.690)

Dit sou nie verkeerd wees om te sê dat woordorde in Grieks vry is nie, indien dit wel met sekere voorbehoude gesê word. Rosén (1975, p.24) kom tot die konklusie dat die gevestigde aanname dat Griekse woordorde vry is, op geen positiewe bewys berus nie: Hy koppel die ontstaan van dié aanname aan vertalers wat ervaar het dat die Griekse woordorde nie inpas by die woordordesisteen van die ontvangstaal nie en gevolglik, vanweë "Ethnozentrismus", die woordorde in Grieks as "vry" bestempel het. Die meeste moderne taalkundiges is dit dan ook eens dat daar besliste tendense bestaan in Klassieke sowel as Nuwe Testamentiese Grieks om woordorde reëlmatig te maak. Blass-Debrunner (1975, p.248) sê Griekse woordorde is baie vryer as die woordorde in moderne tale, maar daar bestaan nogtans besliste tendense en konvensies wat gelei het tot die ontstaan van 'n "normale woordorde". Hierdie reëlmatigheid wat Griekse woordorde vertoon, word deur Brugmann (1900, p.691), Kieckers (1911, p.2) en Meillet-Vendryes (1924, p.527) genoem die "gewone", "tradisionele", normale", "banale" of "natuurlike" woordorde en word direk in teëstelling geplaas met die "okkasionele" of "retoriese" woordorde. Die onderskeid tussen "natuurlike" en "nie-natuurlike" woordorde is weer eens 'n gedagte wat vir die eerste keer deur klassieke kritici geopper is. Demetrius sê: "καὶ ὅλως τῇ φυσικῇ τάξει τῶν ὀνομάτων χρηστέον, . . . οὐ γὰρ πάντη ταύτην δοκιμάζομεν τὴν τάξιν, οὐδὲ τὴν ἑτέραν ἀποδοκιμάζομεν, καθὰ ἐκτιθέμεθα μόνον τὸ φυσικὸν εἶδος τῆς τάξεως" (περὶ ἑρμηνείας 199).

Alle gevolgtrekkings van wat "natuurlik" of "gewoon" of "habituëel" is, is egter tot 'n mindere of meerdere mate gebaseer op statistieke. Dover (1960) merk tereg op dat statistieke baie misleidend kan wees: "It is easy, but wrong, to equate 'statis=

tically normal' with 'natural' and 'statistically abnormal' with 'distorted', 'inverted', etc." (Dover, 1960, p.5). Elke geval moet dus nie bloot getoets word aan die mate waarin dit ooreenstem met dit wat "statistically normal" is nie, maar moet ook op sigself beoordeel word.

2. DIE LEKSIKALE EN SEMANTIESE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

Die onderskeid tussen "normale" en "abnormale" woordorde veronderstel dat woordorde slegs deur twee determinante bepaal word, nl. sintaktiese determinante, wat die "normale" woordorde regulariseer, en retoriese determinante, wat "abnormale" woordorde veroorsaak. Indien elke geval van woordorde egter op sigself beoordeel word sonder dat daar alreeds standpunt ingeneem is oor wat "normaal" en wat "abnormaal" is, is dit duidelik dat daar in werklikheid nie so iets bestaan soos "normale" of "abnormale" woordorde nie, maar dat woordorde deur 'n onbepaalde aantal faktore bepaal word. Wanneer 'n ander determinant as sintaktiese determinante 'n woordorde bepaal, is die woordorde immers nie abnormaal nie, maar is dit bloot in ooreenstemming met die ander determinant. Dover (1960, p.3-4) identifiseer tien sulke determinante, waarvan sintaktiese determinante slegs maar een is.

Dover (1960) maak 'n studie van woordorde deur 'n statistiese opname te maak van die sinsposisies van sekere woorde met die doel, sê hy, "to get an answer in lexical or semantic terms" (Dover, 1960, p.12-13). Dover wil dus vasstel of leksikale en semantiese faktore woordorde bepaal. Met leksikaal bedoel Dover dié taalkundige determinante wat vereis dat sekere woorde, bv. οὐν en γάρ, altyd 'n sekere posisie in die sin inneem sonder dat hulle betekenis 'n rol speel. Leksikale determinante is dus taalkundige

reëls wat voorskryf waar sekere woorde in die sin moet staan. Met semanties bedoel Dover die determinante wat 'n woord se sinsposisie juis om betekenisredes voorskryf, bv. werkwoorde van sê teenoor werkwoorde van beweging. Semantiese determinante is dus konformiteit aan die neiging van woorde met sekere betekenis om sekere sinsposisies in te neem.

'n Groot hoeveelheid gegewens in verband met die leksikale en semantiese determinasie van woordorde is reeds deur verskillende skrywers versamel. Die volgende woorde se sinsposisie word bepaal deur leksikale en/of semantiese faktore:

2.1 Woorde met voorkeurposisie

Sekere woorde neem vanweë hulle leksikale of semantiese waarde 'n spesifieke posisie in 'n sin of frase in. Hierdie woorde word voorkeurwoorde genoem, of woorde met voorkeurposisie. Daar is drie soorte voorkeurwoorde te onderskei, nl. napositiewe, voorpositiewe en aanvangswoorde. Hierdie drie groepe kom voor in Nuwe Testamentiese Grieks sowel as in Klassieke Grieks.

2.1.1 Nuwe Testamentiese Grieks

2.1.1.1 Napositiewe

Napositiewe (aangedui met die simbool q) is woorde wat nooit eerste in 'n sin of frase staan nie. Daar word twee soorte q-woorde onderskei:

2.1.1.1.1 Woorde wat onvoorwaardelik napositief is

- (1) μέν en δέ neem nooit aanvangsposisie in nie, bv. ἐγὼ μὲν ὑμᾶς βαπτίζω . . . ὁ δὲ ὀπίσω μου ἐρχόμενος . . . Mt 3:11 (Robertson, 1923,p.424; Moule, 1953,p.167; Blass-Debrunner, 1962,p.251)

- (2) μέντοι staan altyd tweede in die sin of frase, bv. ὁ μέντοι στερεὸς θεμέλιος 2 Tm 2:19 (Robertson, 1923, p.424);
- (3) γάρ, ἄν en οὖν verkies ook tweede posisie in die sin, bv. ἡ γάρ ἀποκαταδοκία . . . Rm 8:19, maar skuif na die derde posisie in die sin ten gunste van μέν en δέ, bv. πρῶτον μὲν γάρ . . . 1 Kor 11:18, πολλὰ μὲν οὖν καὶ ἕτερα Lk 3:18, ὅς δ' ἄν . . . Mt 23:16 (Robertson, 1923, p.424; Moule, 1953, p.167; Thrall, 1962, p.34-5); kombinasies soos τοίνυν, μενοῦνγε en τοιγαροῦν neem wel aanvangsposisie in, bv. τοιγαροῦν ὁ ἀθετῶν 1 Ts 4:8 (Moule, 1953, p.167), maar selde by die beter skrywers (Winer, 1877, p.699);
- (4) γέ verkies tweede posisie in die sin of frase, en skuif na derde posisie slegs in Hand 17:27, 1 Kor 4:8 en Flp 3:8 (Robertson, 1923, p.424; Thrall, 1962, p.37);
- (5) τε staan direk na die woord waartoe dit behoort en wanneer dit 'n woordgroep bepaal, staan dit tweede in die woordgroep, bv. ἑτέροις τε λόγοις πλεῖστον διεμαρτύρατο Hand 2:40 (Robertson, 1923, p.424);
- (6) In die Nuwe Testament word die nie-emfatiese voornaamwoord, waarskynlik onder invloed van die Semitiese suffiks, feitlik onskeibaar van die werkwoord waartoe dit behoort; veral voor= naamwoorde in die datief en voornaamwoorde in bywoordelike voorsetselfrases volg feitlik altyd direk op die werkwoord, bv. λέγει αὐτῇ ὁ Ἰησοῦς Jh 11:23; παραχρῆμά τε ἔπεσεν ἐπ' αὐτὸν ἄχλὺς καὶ σκότος Hand 13:11 (Wellhausen, 1911, p.10; Moule, 1953, p.168; Moulton-Howard-Turner, 1976, p.60). Wifstrand (1951, p.178) dui aan dat hierdie verskynsel nie beperk is tot die Nuwe Testament nie, maar dat dit ook in nie-Christelike literatuur van die eerste eeu voorkom.

2.1.1.1.2 Woorde wat afwyk van hulle status as napsitief:

- (1) die onbepaalde voornaamwoord τις, bv. ἀκούσας δέ τις τῶν συν-

ανακειμένων Lk 14:15/ τινές δὲ τῶν φαρισαίων εἶπαν Lk 6:2
(Robertson, 1923, p.425; Cuendet, 1929, p.92-3);

- (2) die partikel ἄρα, bv. οὐδὲν ἄρα νυν κατάκριμα Rm 8:1 / ἄρα
ἐφθάσεν ἐφ' ὑμᾶς Lk 11:20 (Thrall, 1962, p.36); verkeerdelik
word daar beweer deur Robertson (1923, p.425) en Winer (1877,
p.699) dat ἄρα in werklikheid aanvangsposisie verkies;
- (3) die voornaamwoordelike gebruik van αὐτός, bv. καὶ προσκαλεῖται
οὗς ἤθελεν αὐτός Mk 3:13 / αὐτός δὲ ἤδεν τοὺς διαλογισμοὺς
αὐτῶν Lk 6:8;
- (4) Die voorsetsel χάριν, wat volg op sy substantief, bv. τῶν παρα-
βάσεων χάριν προσετέθη Gl 3:19 (Robertson, 1923, p.425).

2.1.1.2 Voorpositiewe

Voorpositiewe (aangedui met die simbool p) is woorde wat
nooit 'n sin of frase eindig nie. Die volgende voorpositiewe
word in die Nuwe Testament aangetref:

- (1) die partikels ἀλλά, ἦ, ἢ, καί, οὐδέ (μηδέ), οὔτε (μήτε), εἴτε,
bv. . . . ὥνα εἴτε γρηγορῶμεν εἴτε καθευδῶμεν 1 Ts 5:10
(Thrall, 1962, p.37);
- (2) betreklike voornaamwoorde en lidwoorde, bv. ὃν ὁ θεὸς ἀνέστησεν
Hand 2:24;
- (3) alle voorsetsets, behalwe χάριν, bv. ἦσαν πάντες ὁμοῦ ἐπὶ τὸ
αὐτό Hand 2:1 (Robertson, 1923, p.425).

2.1.1.3 Aanvangswoorde

Aanvangswoorde is streng gesproke ook p, maar vorm tog 'n
groep op hulle eie omdat hulle nie net eindposisie vermy nie, maar
inderdaad ook aanvangsposisie in die sin of frase verkies. Hulle
is die volgende:

- (1) alle voegwoorde wat nie q is nie, bv. ἐὰν ἀγαπᾶτε με, τὰς ἐν-
τολάς τὰς ἐμὰς τηρήσετε Jh 14:15 (Blass-Debrunner, 1962, p.248);

- (2) vraagwoorde, bv. πῶς ἔσται τοῦτο; Lk 1:34 (Blass-Debrunner, 1962, p.251; Cuendet, 1929, p.85);
- (3) die demonstratiewe voornaamwoord ὁ in al sy vorme, bv. ὁ δὲ ἔφη Hand 7:2;
- (4) woorde wat suksessiewe sinne aan mekaar voeg, bv. ὁμως τὰ ἄψυχα φωνὴν δίδόντα 1 Kor 14:7;
- (5) die geaksentueerde persoonlike voornaamwoorde ἐγώ, ἐμέ, ἐμοῦ, ἐμοί, σύ, ἡμεῖς, ὑμεῖς, bv. ἐγώ ἐλήλυθα ἐν τῷ ὀνόματι τοῦ πατρὸς μου Jh 5:43 (Frisk, 1932, p.39-42);
- (6) die demonstratiewe voornaamwoorde οὗτος en ἐκεῖνος, bv. οὗτος οὐκ ἐκβάλλει τὰ δαιμόνια Mt 12:24 (Frisk, 1932, p.53);
- (7) die demonstratiewe bywoorde van tyd νῦν, νυνὶ en τότε, bv. τότε οἱ ἐν τῇ 'Ιουδαίᾳ φευγέτωσαν εἰς τὰ ὄρη Mk 13:14;
- (8) Werkwoorde van sê verkies aanvangsposisie, bv. εἴπεν δὲ αὐτῷ ὁ θεός Lk 12:20 (Kieckers, 1911, p.5);
- (9) Tydsaanduidende woorde en woordgroepe is geneig om aanvangs= posisie in te neem, bv. μετὰ δὲ πέντε ἡμέρας κατέβη ὁ ἀρχιερεὺς Hand 24:1.

2.1.2 Klassieke Grieks

2.1.2.1 Napositiewe

2.1.2.1.1 Woorde wat onvoorwaardelik napositief is:

Tot hierdie groep behoort woorde wat 'n sterk affiniteit het vir die tweede plek in die sin en slegs by hoë uitsondering later in die sin staan. Hulle is die volgende:

- (1) die partikels ἄν, ἄρα, γάρ, γε, δέ, μέν, νυ, θην, οὖν, του, bv. σὺ γάρ, ὅσα γε τάνθρωποις, . . . Plato Krito VI 46d (Schwyzer, 1950, p.555; Humbert, 1954, p.93; Dover, 1960, p.12-13);
- (2) die nie-geaksentueerde voornaamwoorde με, μου, μοι, bv. εἴπε

μου, ὦ Σώκρατες, . . . Plato Krito XI 50a (Humbert, 1954, p.93; Dover, 1960, p.13);

(3) onbepaalde bywoorde van tyd en wyse, που, πως, bv. τῇ γάρ που ὑστεραῖα δεῖ με ἀποθνήσκειν Plato Krito II 44a (Humbert, 1954, p.94);

(4) nie-emfatiese vokatiwe, bv. ἀλλ', ὦ δαυμόνιε Σώκρατες, ἔτι καὶ νῦν . . . Plato Krito III 44b (Humbert, 1954, p.94).

2.1.2.1.2 Woorde wat afwyk van hulle napositiewe status:

Met uitsondering van die partikel τις verskil hierdie groep q-woorde in Klassieke Grieks heeltemal van dié in Nuwe Testamenteiese Grieks. Hulle is die volgende:

(1) die partikels ὅς, τις en πως, bv. ἀλλὰ ὅς τῶν παύδων ἕνεκα Plato Krito XV 54a / ὅς τότε θοῦρον Ἄρηα προσηύδα Hom Ilias V 454 (Dover, 1960, p.13);

(2) die voornaamwoorde οἱ en σφι, bv. Ἀρχίδαμος μὲν οἱ ξένος εἶη Thuk II 13.1 (Dover, p.13);

(3) die nie-geaksentueerde voornaamwoorde σε, σου, σοι, bv. καὶ ἐπίτηδες σε οὐκ ἤγειρον Plato Krito I 43b / σοι πάντες μαχομέθα Hom Ilias V 875 (Dover, 1960, p.13);

(4) die voorsetsels ἕνεκα en χάριν en soms ook ἄνευ, wat na die substantief staan, bv. ἰδὺς ἕνεκα Thuk II 2.1 / ἕνεκα ἐκεῖνου Thuk II 13.1 (Dover, 1960, p.14).

2.1.2.2 Voorpositiewe

(1) die partikels ἀλλά, ἦ, ἦ, καί, οὐδέ(μηδέ), οὔτε(μήτε), ἀλλά, εἴτε, bv. μὴ δὲ αὐὰ μοχθηρίαν ἀλλά τούναντίον Arist Ars Poet 1453a (Dover, 1960, p.13-14);

(2) betreklike voornaamwoorde en lidwoorde, bv. εἰ τοι πάνθ' ὃ προσήκε πραττόντων . . . Dem Fil I 40.3 (Dover, 1960, p.13-14);

(3) voorsetsels, behalwe ἕνεκα, χάριν en soms περί, bv. κατὰ μικρὸν

ἔτυχον ἐγγύς τῆς πόλεως προσελθόντες Thuk IV 111.1 (Dover, 1960, p.14);

- (4) die bywoord ἔτι, wat, in teenstelling met die gebruik in die Nuwe Testament, die woord kwalifiseer wat daarop volg, bv. . . . οὓς ἔδει ἔτι τῆς νυκτὸς παραγενέσθαι Thuk II 5.1 (Schwyzer, 1950, p.555).

2.1.2.3 Aanvangswoorde

- (1) Alle voegwoorde wat nie q is nie, bv. τούτους οὖν ἐβούλοντο ἔνα ῥαδίως διαπράττειντο Lysias Agor 7 (Schwyzer, 1950, p.555; Humbert, 1954, p.94);
- (2) vraagwoorde, bv. πῶς αὖ τὰ τοιαῦτα ἐλέγετο; Plato Krito VII 47b (Humbert, 1954, p.94; Dover, 1960, p.20-21);
- (3) die demonstratiewe voornaamwoord ὁ in al sy vorms, bv. οὗ δ' ἀκούσαντες ἐσηλθον αὖθις ἐς τὴν πόλιν Thuk II 73.1 (Dover, 1960, p.20-21);
- (4) woorde wat suksessiewe sinne aan mekaar voeg, soos πρῶτον ἔπειτα, εἴτα, ὅμως, bv. πρῶτον μὲν γὰρ Ἀθηναῖοι ἦσαν Lysias Agor 27 (Dover, 1960, p.21);
- (5) die geaksentueerde persoonlike voornaamwoorde ἐγώ, ἐμέ, ἐμοῦ, ἐμού, ἔγωγε, σύ, ἡμεῖς, ὑμεῖς, bv. σύ δὲ οὐδὲν μὲν τούτων ἔχων Xen Mem II 15 (Dover, 1960, p.21);
- (6) demonstratiewe voornaamwoorde, soos οὗτος, τοσοῦτος, τοιοῦτος, τηλικοῦτος, οὗτοσί, ἐκεῖνος, bv. τοσαύτην μὲν ὧ ἄνδρες Ἀθηναῖοι διὰ ταῦτα Dem Fil I 46.23 (Kieckers, 1911, p.8; Schwyzer, 1950, p.693; Humbert, 1954, p.94; Dover, 1960, p.21);
- (7) demonstratiewe bywoorde, soos οὕτω(ς), οὕτως, δεῦρο, ἐντεῦθεν, ἐκεῖ, νῦν, νυνύ, νυνδῆ, τότε, bv. νῦν δὲ οὐδέτερα οἷοι τε Plato Krito III 44d (Kieckers, 1911, p.8; Dover, 1960, p.21);
- (8) werkwoorde van sê verkies aanvangsposisie, veral wanneer dit direkte rede inlei, bv. ἀποκρίνεται ὁ Χειρύσοφος Xen Anab IV

- 1.20 (Schwyzer, 1950, p.694);
- (9) negatiewe, bv. οὐκ ἀν φθάνουσ . . . Xen Mem III 11 (Humbert, 1954, p.94; Dover, 1960, p.21);
- (10) werkwoorde van beslissing, veral δοκεῖν, neem gewoonlik aanvangsposisie, maar skuif later ten gunste van ander aanvangswoorde, bv. ἔδοξεν οὖν αὐτοῖς ἄνδρας εἰς Κελήτων . . . προσπέμψαι Thuk I 53.1 (Kieckers, 1911, p.8-13);
- (11) wanneer εἶναι as selfstandige werkwoord optree, dit wil sê εἶναι in die betekenis van "bestaan", "plaasvind", "lewe", **ver= kies dit aanvangsposisie**, bv. ἔστι πεδὶον μέγα τῆς Μεδικῆς τῷ ὀνομα ἔστι Νήσιαιον Herod VII 150; εἶναι as koppelwerkwoord verkies egter middelposisie, bv. πολλὰ μὲν οὖν ἔως ἔστιν αὔτια τούτων Dem Fil III 110.2 (Kieckers 1911, p.50vv);
- (12) imperatiewe, bv. εἰπε μοι, ὦ Σώκратες, . . . Plato Krito XI 50a (Humbert, 1954, p.95);
- (13) die demonstratiewe bywoorde van plek en wyse het in Klassieke Grieks 'n baie sterker affiniteit vir aanvangsposisie as in Nuwe Testamentiese Grieks, bv. οὕτω τελέως ὑπήχθητε Dem Fil II 31 (Dover, 1960, p.21).

2.2 Kombinasies van voorpositiewe en napositiewe met ander woorde

Dover (1960, p.14-15) het heelwat statistieke versamel oor hoe p en q oor die sin versprei word. Hy ken die simbool M toe aan woorde wat wissel ten opsigte van sinsposisie, en M^a aan woorde wat aanvangsposisie verkies. Deur statistiese waarneming bemerk Dover die volgende reëlmatige patrone in die rangskikking van p, q en M:

2.2.1 Minimum-volledige mededelings

'n Minimum-volledige mededeling kan slegs bestaan uit M, bv. ἀνάβλεψον Lk 18:42; ποιητέον Plato Krito X 49e. Slegs p of slegs q of slegs pq kan nooit 'n selfstandige mededeling vorm nie, maar kom altyd voor in kombinasie met M-woorde.

2.2.2 Kombinasie van q en M

Wanneer q met M gekombineer word, handhaaf hulle die volgen=de patrone:

- (1) Kombinasie van één q en één M: Mq, bv. ἐξεν δέ . . . Lk 15:11; φαίνεν ἄν Plato Krito XII 50d.
- (2) Kombinasie van één q en twee M: MqM, bv. ἐχεν γὰρ εὐχὴν Hand 18 18; ἐγὼ σοι ἐρῶ Plato Krito I 44a (waar die eerste M 'n M^a is). 'n Minder algemene patroon is MMq, bv. πῶς δύναται τις; Mt 2:29 (waar die eerste M 'n M^a is); οὐκέτι οἶον τε Plato Krito V 46a.
- (3) Kombinasie van twee q met één M : Mqq, bv. ἐξεν δὲ αὐτῷ Lk 9:60; πάνυ μὲν οὖν Plato Krito I 43a.
- (4) Kombinasie van twee q met twee M : MqqM, bv. μηνυθείσης δέ μοι ἐπιβουλῆς Hand 23:30; ἡμεῖς γὰρ σε γεννήσαντες Plato Krito XIII 51c.
- (5) Hoewel meervoude van q en M enige patroon toelaat (solank q net nie eerste in die frase staan nie), is die gebruikelike patroon Mqq..MM.., dit wil sê, alle q polariseer na die eerste M en die ander M skuif na die einde toe, bv. ἀποκριθεὶς δέ τις νομικῶν λέγει Lk 11:45 (MqqMM); πολλὰ μὲν οὖν ὥσως ἐστὶν αὔτια τούτων Dem Fil III 2 (MqqqMMM).

2.2.3 Kombinasie van p en M

Alle voorpositiewe staan direk voor die woord of woordgroep

wat daardeur gekwalifiseer word. Derhalwe sien die gewone patro=ne waarin p en M gerangskik word, soos volg daar uit:

- (1) pM, bv. οἱ πιστεύσαντες ;
- (2) ppM, bv. εἰς τὴν πόλιν ;
- (3) pMpM, bv. αἱ τριῖνες τῆς κεφαλῆς Lk 12:7; τῷ δήμῳ τῶν Κερκυραίων Thuk IV 46.
- (4) Meervoude van p en M vorm nie, soos by q, pole nie, maar die p-woorde voeg hulle telkens voor aan M, bv. καὶ εἰσελθόντες εἰς τὴν συναγωγὴν τῇ ἡμέρᾳ τῶν σαββάτων . . . Hand 13:14 (pMpMpMpM); ἡ ἰσονομίᾳ ἐχρῶντο τὸ ἐγχώριον οἱ θεσσαλοὶ Thuk IV 78.3 (pMpMpMpM).

Die eenheid van pM wat bestaan uit lidwoord+naamwoord of uit voorsetsel+naamwoord, en ppM wat bestaan uit voorsetsel+lidwoord+naamwoord vorm so 'n sterk eenheid dat dit as enkel M beskou kan word. Gevolglik is sekere woordgroepe as woordgroep p, q of M.

2.2.4 Kombinasie van p, q en M

- (1) Wanneer q 'n voegwoordelike partikel is, is die kombinasie van q met p en M pqM, bv. ὁ δὲ Ἰησοῦς Jh 8:6; εἰ γὰρ ὄφελον Plato Krito II 44d.
- (2) Wanneer q nie 'n voegwoordelike partikel is nie, is die patroon gewoonlik pMq, bv. τῶν παραβάσεων χάριν Gl 3:19; μετὰ ὅπλων γε Thuk IV 78.2.
- (3) Wanneer meervoude van p, q en M kombineer, word begenoemde patrone gehandhaaf, dit wil sê p heg hom voor aan die woord waartoe dit behoort en q bondel saam nā die eerste M of p, bv. πεποίθησιν δὲ τοιαύτην ἔχομεν διὰ τοῦ Χριστοῦ πρὸς τὸν θεόν 2 Kor 3:4 (MqMMppMpMpM); εἰ μὲν οὖν ἅπαντες ὁμολογοῦμεν Φίλιππον τῇ πόλει πολεμεῖν καὶ τὴν εἰρήνην παραβαίνειν Dem Fil III 112.6 (pqqMMMppMMppMM).

Omdat M^a en q aan die begin van die sin of frase polariseer, verdeel die verspreiding van M^a en q gewoonlik die sin in gedagte-eenhede, of κόμματα, bv. :

εἰδότες οὖν τὸν φόβον τοῦ κυρίου, ἀνθρώπους πεύθμεν, θεῷ δὲ πε-
φανερῶμεθα . . . 2 Kor 5:11 (MqpMpMMM MqM);

ἐλπίζω δὲ ἐν κυρίῳ Ἰησοῦ Τιμόθεον ταχέως πέμψαι ὑμῖν, ἵνα καὶ
εὐψυχῶ γνούς τὰ περὶ ὑμῶν Flp 2:19 (MqpMMMM M^aM^a MMpM);

ἡ μὲν γὰρ πόλις μᾶλλον τὰ καθόλου, ἡ δ' ἱστορία τὰ καθ' ἑκάστον
λέγει Arist Ars Poet 1451b (pqqMMpM pqMppMM).

3. DIE WOORDSOORTLIKE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

Woorde neem nie definitiewe sinsposisies in slegs vanweë hulle leksikale of semantiese waarde nie, maar ook vanweë hulle woordsoortlike waarde, dit wil sê die sinsposisie van 'n woord kan ook bepaal word deur die karakteristieke eienskappe van die rededeelgroep waaraan dit behoort. So het verskeie taalkundiges statistiese waarnemings gemaak van die sinsposisie van werkwoorde as sodanig, en desgelyks ook van selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, en die ander rededele. Hulle het tot enkele waardevolle konklusies gekom:

3.1 Die sinsposisie van die werkwoord

Die sinsposisie van die werkwoord in die Nuwe Testamentiese en vroeg-Christelike geskrifte verskil opvallend van dié in Klas-sieke geskrifte. Die volgende tabel bevat statistieke van hoe die werkwoordsposisie deur die eeue verskuif het. Die statistieke in die tabel berus op 'n opname van een sewende van elke

boek. Elke sewende-gedeelte is so gekies dat dit redelik teenwoordigend is van die res van elke boek. Werkwoorde wat aanvangsposisie verkies vanweë hulle leksikale of semantiese waarde, is buite rekening gelaat. Erkenning word gegee aan Rife (1933, p.250) en Kieckers (1911, p.5) omdat van die statistieke ontleen is aan opnames wat deur hulle gedoen is.

	Aanvang van die sin	Middel van die sin	Einde van die sin
Ilias	20%	30%	50%
Antigone	-	60%	40%
Herodotos	17%	58%	25%
Thukydides	15%	53%	32%
Apologie, Krito, Republiek	10%	10%	80%
Papiri & inskripsies	30%	50%	20%
Mt	35%	49%	16%
Mk	31%	51%	18%
Lk	42%	37%	21%
Jh	49%	33%	18%
Hand	16%	80%	4%
Rm	-	50%	50%
Septuagint	63%	26%	11%
Josefus	20%	60%	20%
Apostoliese Vaders	13%	42%	45%

3.1.1 Nuwe Testamentiese Grieks

Uit die tabel is dit duidelik dat die werkwoord in die Nuwe Testament meer dikwels in aanvangsposisie voorkom as in Klassieke geskifte. Die meeste taalkundiges stem dan ook saam dat die aanvangsposisie van die werkwoord die mees opvallende verskynsel is in die woordorde van die Nuwe Testament (Abel, 1927, p.361;

Grant, 1951, p.115; Blass-Debrunner, 1962, p.248; Moulton-Howard-Turner, 1963, p.347-8; Black, 1946, p.50). 'n Aantal taalkundiges, waaronder Wellhausen (1911, p.10), Black (1946, p.50), Grant (1951, p.115) en Moulton-Howard-Turner (1976, p.60) meen dat die aanvangsposisie van die werkwoord in die Nuwe Testament 'n beslister Semitisme is, maar Frisk (1932, p.24) en Denniston (1952, p.44) dui aan dat ook in sekulêre geskifte aanvangsposisie van die werkwoord algemeen voorkom. Uit die tabel hierbo is dit duidelik dat ook die papiri en die inskripsies van die Nuwe Testamentiese era dikwels die werkwoord vooraan die sin plaas. Tog kan aanvangsposisie van die werkwoord in die Nuwe Testament nie as die reël gestel word nie, aangesien, soos die tabel hierbo aandui, middelposisie steeds meer dikwels die geval is. In die Septuagint daarenteen, wat uiteraard direk onder Hebreeuse en Aramese invloed staan, neem die meerderheid van werkwoorde wel aanvangsposisie in.

Die relatief hoë frekwensie van werkwoorde in aanvangsposisie in die Nuwe Testament staan veral onder invloed van die volgende faktore:

- (1) In relatiewe sinne, tydsinne en voorwaardesinne staan die werkwoord gewoonlik net na die relatief of voegwoord (Kieckers, 1911, p.5; Wellhausen, 1911, p.10; Frisk, 1932, p.28-33; Schwyzer, 1950, p.695), bv. ἄνθρωπος ἐφ' ὃν γεγόνει τὸ σημεῖον τοῦτο τῆς ἰάσεως Hand 4:22; ὅταν δὲ ἔδητε τὸ βδέλυγμα τῆς ἐρηνώσεως Mk 13:4; εἰ δοθήσεται τῇ γενεᾷ ταυτῇ σημεῖον Mk 8:12.
- (2) Daar is 'n besliste verskil tussen die posisie van die werkwoord in die historiese geskifte (Evangelies, Septuagint, Josefus) en dié in die briewe (Romeine, Apostoliese Vaders). Handelinge blyk die uitsondering op die reël te wees. Robertson merk tereg op: "In Greek prose, where the rhetorical

element has less play, the predicate very commonly comes first, simply because, as a rule, the predicate is the most important thing in the sentence" (Robertson, 1923, p.417).

3.1.2 Klassieke Grieks

Die tabel hierbo toon aan dat die werkwoord in Klassieke geskifte, in teenstelling met die Nuwe Testament, nie graag aanvangsposisie inneem nie. Taalkundiges verskil egter oor die werklike posisie van die werkwoord in Klassieke Grieks. Brugmann (1900, p.659-660), Kieckers (1911, p.5), Sommer (1921, p.119), Humbert (1954, p.96) en Meillet-Vendryes (1924) is van mening dat die werkwoord in Klassieke Grieks normaalweg middelposisie beklee. Kühner (1870) en Ebeling (1902) reken weer dat die werkwoord in die reël eindposisie inneem. Delbrück (1900, p.80) en Kaibel (1893, p.96) glo dat die werkwoord ongebonde rondbeweeg en aan geen sinsposisie voorkeur gee nie. Almal is dit egter eens dat die werkwoord in Klassieke Grieks normaalweg nie aan die begin van die sin staan nie. Frisk (1932, p.16) bereken byvoorbeeld dat in Herodotos, Thukydides, Polybios, Plutarchos, Plato, Antiphon, Lysias, Demosthenes en Philostratos die werkwoord slegs 12,9 - 28,8% in aanvangsposisie staan. Ook by Xenophon word dieselfde verskynsel aangetref.

Dit is duidelik dat die werkwoord in Klassieke Grieks nie op grond van woordsoortlike eienskappe 'n sekere sinsposisie verkies nie. Daar is dus ander determinante wat veroorsaak dat die posisie van die werkwoord wissel. Kaibel (1893) sê in verband met die werkwoord: "Allgemein gültige Gesetze für die Wortfolge gibt es im Griechischen kaum . . . Der Gedanke ordnet die Worte, nicht ein Sprachgesetz, und je klarer der Gedanke, desto klarer und einfacher nicht nur der Ausdruck, sondern auch die Wortstellung" (Kai-

bel, 1893, p.96).

So kom Kieckers (1911, p.58-142), Frisk (1932, p.26-7), Schwyzer (1950, p.694) en Denniston (1952, p.43) tot die konklusie dat die konteks 'n groot invloed het op die sinsposisie van die werkwoord:

- (1) In historiese werke word die werkwoord gewoonlik aan die begin van die sin aangetref, bv. ἐθεώρει οὖν ὁ Κύρος πρῶτον μὲν τοὺς βαρβάρους . . . Xen Anab I 2.16. Frisk (1932, p.26-7) voer as verklaring vir dié verskynsel aan dat handeling (en derhalwe die werkwoord) voorrang geniet by historiese mededelings. Daarteenoor speel die begrip die belangrikste rol in retoriek, filosofie en alle vorms van argumentasie, sodat die naamwoord in sulke geskifte voor in die sin en die werkwoord later in die sin aangetref word, bv. οὐ γὰρ ἄνευ λόγου καὶ δικαίας αἰτίας, οὔτε τόθ' οὕτως εἶχον ἐτοίμως πρὸς ἐλευθερίαν οἱ Ἕλληνες Dem Fil III 120.36.
- (2) Wanneer die werkwoord in 'n uiteensetting van omstandighede of toestande voorkom, word dit gewoonlik in aanvangsposisie geplaas, bv. ἀπέχει δὲ ἡ Πλάταια τῶν θηβῶν σταδίους ἑβδομήκοντα Thuk II 5.2 (Kieckers, 1911, p.58).
- (3) Wanneer 'n hoofsin in 'n apodosis-posisie staan, dit wil sê wanneer dit voorafgegaan word deur 'n bywoordelike bysin, staan die hoofwerkwoord feitlik deurgaans in aanvangsposisie, bv. ὡς δὲ ἄνω πλείους ἐγένοντο, ἦσθοντο οἱ ἐκ τῶν πύργων φύλακες Thuk III 22.4 (Kieckers, 1911, p.126-142).
- (4) Werkwoorde wat voorafgegaan word deur 'n tydsbepaling of deur 'n genitivus absolutus (veral ook tydsbepalend), staan, op slegs enkele uitsonderings na, in aanvangsposisie, bv. τέσσαρα καὶ δέκα μὲν ἔτη ἐνέμειναν οἱ τριακοντούταις σπονδαὶ Thuk II 2.1; ταῦτα Σκυθέων ἀπαγγελομένων ἐβουλευόντο οἱ βασιλεῖς οἱ ἀπὸ τῶν ἔθνων ἦγοντες Herod IV 119 (Kieckers, 1911, p.30-44).

- (5) Wanneer 'n werkwoord terugskouend 'n gebeurtenis weer vermeld, neem dit eindposisie in die sin in, bv. ταῦτα μὲν νυν ὁ Σικυώνιος Κλεισθένης ἐπεπολήκει Herod V 69, selfs werkwoorde van sê, wat 'n voorliefde het vir aanvangsposisie (vgl. p.24 hierbo), bv. τοιαῦτα μὲν οἱ Κερκυραῖοι εἶπον· οἱ δὲ Κορίνθιοι μετ' αὐτοὺς τοιαύδε Thuk I 36.4 (Kieckers, 1911, p.72).
- (6) Vanselfsprekend het die teenwoordigheid van voorkeurwoorde 'n invloed op bovermelde werkwoordposisies, met die gevolg dat werkwoorde by vele geleenthede verplig is om na 'n ander plek in die sin toe te skuif, bv. ἐπειδὴ δὲ Ξενοφῶν ἦλθε σὺν τοῖς ὀπισθοφύλαξι καὶ πελτασταῖς καὶ ὀπλίταις, ἐνταῦθα δὲ λέγει . Χειρίζοφος Xen Anab IV 7.13.

3.2 Die posisie van die bywoord

3.2.1 Nuwe Testamentiese Grieks

- (1) Die gewone posisie van die bywoord in die geskifte van die Nuwe Testament is na die werkwoord (Robertson, 1923, p.419; Blass-Debrunner, 1962, p.250), bv. καὶ ἐποίησαν οὕτω Lk 9:15. In teenstelling hiermee staan bywoorde in die vroeg-Christelike papiri en inskripsies gewoonlik voor die werkwoord (Mayer, 1934, p.51-184), bv. καθάπερ νῦν ἀκούομεν γίνεσθαι Loeb 207 (Hunt, 1963, p.54); εὐμαρῶς εὐρίσκεται δύναται Loeb 215 (Hunt, 1963, p.92).
- (2) Desgelyks volg bywoorde in die Nuwe Testament op byvoeglike naamwoorde waarby dit mag staan, bv. ὁρος ὑψηλὸν λίαν Mt 4:8 (Blass-Debrunner, 1962, p.250).
- (3) Wanneer die bywoorde πολλῶ, πολλά en πολύ 'n komparatief kwalifiseer, gaan dit altyd daaraan vooraf, bv. πολλῶ μᾶλλον

ἔκραζεν Lk 10:48.

- (4) In teenstelling met Klassieke Grieks, waar die negatief aanvangsposisie verkies, vertoon die negatief in Nuwe Testamente Grieks 'n besondere affiniteit vir die woord wat negatief word en staan direk voor die betrokke woord, bv. ἔνος οὐκ ἔστιν Gl 3:20. Saam met 'n deelwoord of byvoeglike naamwoord wat bepaal word deur 'n voorsetsel, staan die negatief voor die voorsetsel, bv. εἰς τὸ μὴ ἐκ φαινομένων τὸ βλέπομενον γεγονέναι Heb 11:3; οὐ μετὰ πολλὰς ἡμέρας Hand 1:5. Afwykings van hierdie reël kom wel voor, bv. μετ' οὐ πολὺ Hand 27:14 (Blass-Debrunner, 1962, p.224; Moule, 1953, p.168-182; Robertson, 1923, p.423; Winer, 1877, p.694).

3.2.2 Klassieke Grieks

In teenstelling met die Nuwe Testament staan die bywoord in Klassieke geskifte gewoonlik voor die werkwoord (Brugmann, 1900, p.430). Kühner (1870, p.1098) voeg daarby die volgende opmerkings:

- (1) Bywoorde van tyd staan vóór bywoorde van plek, bv. τότε πρὸς ταῦς πύλαις ἦδη ἦν ἡ ἀμαξα Thuk IV 67.4;
- (2) Bywoorde van tyd en plek staan vóór die werkwoord, maar skuif verder na vore ten gunste van ander adjunkte van die werkwoord, bv. ὕστερον δὲ αὐτοὺς ἐβοήθησαν ἐκ τῶν Ἀθηναίων νῆες Thuk I 116.2;
- (3) Slegs bywoorde van wyse neem sy plek in direk voor die werkwoord en dit skuif ander adjunkte na vore, bv. λέγοντες ὅτι οὕτε τὰ πεποιημένα ὁσέως δράσειαν . . . Thuk II 5.5;
- (4) Demonstratiewe bywoorde en die negatief is M^a en neem dus normaalweg aanvangsposisie (vgl. 2.1.2.3 (7) en (9), p.24-25 hierbo).

3.3 Die posisie van die deelwoord

In Nuwe Testamentiese sowel as Klassieke Grieks staan die deelwoord en die selfstandige naamwoord waarvan dit afhanklik is so na aan mekaar as moontlik, bv. ἀποκριθεὶς δὲ ὁ ἕτερος ἐπιτιμῶν αὐτῷ ἔφη . . . Lk 23:40; τοιαῦτα ὁ Περικλῆς λέγων ἐπειρᾶτο τοὺς Ἀθηναίους παραλβεῖν Thuk II 65.1 (Frisk, 1932, p.132-6; Wellhausen, 1911, p.11; Rademacher, 1911, p.90; Moule, 1953, p.107; Blass-Debrunner, 1962, p.250-1). Selfs woorde wat M^a is, gee dikwels hulle aanvangsposisie prys ter bereiking van hierdie volgorde, bv. στραφεὶς δὲ πρὸς αὐτὰς ὁ Ἰησοῦς ἐῴπεν Lk 23:28.

Die attributiewe deelwoord en sy adjunkte het 'n definitiewe volgorde waarin hulle gerangskik word (Blass-Debrunner, 1962, p.250-1; Rademacher, 1911, p.90):

- (1) Die oorgrote meerderheid van attributiewe deelwoorde word gekoppel aan die substantief op die patroon lidwoord + substantief + lidwoord + deelwoord, en die adjunkte van die substantief en die deelwoord volg o elkeen respektiewelik, bv. ὁ ἄρτος ὁ καταβάς ἐκ τοῦ οὐρανοῦ Jh 6:41; τῇ ἐκκλησίᾳ τοῦ θεοῦ τῇ οὐσῇ ἐν Κορίνθῳ 1 Kor 1:2. Minder algemeen is τὸ σῶμα μου τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον Lk 22:19, waar die adjunk van die deelwoord voor die deelwoord staan.
- (2) Die Klassieke volgorde van lidwoord + deelwoord + substantief kom voor in Jh 6:57 ὁ ζῶν πατήρ, maar dit is 'n seldsame patroon. Die adjunkte volg steeds op die deelwoord of substantief, bv. τοὺς παραγενομένους ἐπ' αὐτὸν ἀρχιερεῖς Lk 22:52. Hierdie patroon is tot 'n groot mate beperk tot gevalle waar die substantief ellipties is, bv. τὸ εὐρημένον διὰ τοῦ προφήτου Ἰωηλ Hand 2:16. Die adjunk van die deelwoord staan by hoë uitsondering vóór die deelwoord, bv. τοὺς τὰ τοιαῦτα πράσσοντας Rom 2:2. Soms wanneer die deelwoord meer as een ad=

junk het, staan sommige voor en ander na die deelwoord, bv. ὁ γὰρ ἐν τούτῳ δουλεύων τῷ Χριστῷ Rm 14:18; τὸν ἐπ' αὐτῆς ἐρχόμενον πολλάκις ὑετόν Heb 6:7.

- (3) Soms word ἐστὶ as deelwoord ellipties gestel en is slegs die partisipiale adjunk aanduiding van die teenwoordigheid van die deelwoord, bv. ὑπήντησεν αὐτῷ ἐκ τῶν μνημείων ἄνθρωπος ἐν πνεύματι ἀκαθάρτῳ (ὧν) Mk 5:2.

3.4 Die posisie van die voorsetsel

In die Nuwe Testament sowel as in die Klassieke literatuur staan voorpositiewe voorsetsels vóór die substantief (vgl. 2.1.1.2 (3), p.21, en 2.1.2.2(3), p.23, hierbo; Smyth, 1956, p.368-9) en napositiewe voorsetsels ná die substantief (vgl. 2.1.1.1.2(4), p.21, en 2.1.2.1.2(4), p.23, hierbo).

3.4.1 Nuwe Testamentiese Grieks

- (1) Die Nuwe Testament en die Septuagint het, in kontras met die papiri en die sekulêre skrywers, 'n sterk neiging om ἔνεκα(-εν) voor sy substantief te plaas. In die Ptolemaïese papiri staan ἔνεκα in 15 gevalle voor en in 35 gevalle na sy substantief, in Polybios 13 keer voor en 32 keer daarna. Daarteenoor staan ἔνεκα in die Nuwe Testament in 23 gevalle voor die substantief en in slegs twee gevalle (Lukas) daarna, in die Septuagint in 132 gevalle voor en in 16 gevalle na die substantief (Gehman, 1951, p.210-211). Alleen wanneer ἔνεκα in die Nuwe Testament 'n vraagwoord of 'n relatief bepaal, wat vanweë hulle status as M^a aanvangsposisie verkies (vgl. 2.1.1.3 (2), p.22, hierbo), staan dit daarna, bv. τύπος ἔνεκα; Hand

19:32; οὗ εἵνεκεν Lk 4:18,

- (2) χωρίς en ἄνευ staan wel voor die substantief wat hulle bepaal, maar volg op betreklike voornaamwoorde, bv. οὗ χωρίς Heb 12:14 (Blass-Debrunner, 1962, p.116).
- (3) χάριν is die enigste voorsetsel in die Nuwe Testament wat deur=gaans volg op sy substantief, bv. τῶν παραβάσεων χάριν Gl 3:19; τούτου χάριν Tt 1:5. Die voorposisie van χάριν kom net in Klassieke geskrifte voor, bv. χάριν πλησμόνης Plato Phdr 241c (Blass-Debrunner, 1962, p.116).
- (4) Hoewel die voorsetsel en sy substantief 'n baie hegte eenheid vorm, is dit nie ongewoon dat skeiding voorkom nie. Cuendet (1929, p.150-2) wys die volgende gevalle uit:
- a. Voorsetselfrases kan onderbreek word deur die adnominale genitief, bv. εἰς ἀλεύρου σάτα τρία Lk 13:21;
 - b. Skeiding kan ook teweeggebring word deur sekere q-partikels wat tweede posisie in die sin verkies (vgl. 2.1.1.1, p.19-20, hierbo), nl. γάρ, γε, δέ, μέν, τε, bv. διὰ γε τὴν ἀν-ἀδεϊαν αὐτοῦ Lk 11:8.
 - c. Ten spyte van die sterk voorkeur wat οὖν het vir tweede posisie in die sin, volg dit nooit direk op 'n voorsetsel wat in aanvangsposisie staan nie, maar staan na die substantief, bv. περὶ τῆς βρώσεως οὖν τῶν εἰδολοθύτων 1 Kor 8:4.
 - d. Die negatief staan gewoonlik voor die voorsetsel, bv. οὐ μετὰ πολλὰς ἡμέρας Hand 1:5, maar per geleentheid bewerkstellig dit skeiding, bv. μετ' οὐ πολλὰς ἡμέρας Lk 15:13.

3.4.2 Klassieke Grieks

- (1) ἔνεκα, χάριν en soms ἄνευ is napositief (vgl. 2.1.2.1.2(4), p.23, hierbo) en staan agter die substantief, bv. τούτου ἔνεκα Thuk II 11.3.

- (2) περί tree soms op as napositief, waarskynlik onder invloed van ἔνεκα (Smyth, 1956, p.369), en staan dan agter die substantief, bv. τοῦ ὁσίου τε πέρι καὶ τοῦ ἀνοσίου Plato Euth 4e.
- (3) Net soos in die Nuwe Testament kan voorsetselfrases onderbreek word deur die adnominale genitief en deur q-partikels, bv. εἰς Καύστρου . . . πεδίων Xen Anab I 2.11; εἰς δέ γε . . . τὰς ἄλλας πόλεις Plato Rep 568c. In teenstelling met die gebruik in die Nuwe Testament bewerkstellig ook οὖν 'n skeiding van die voorsetselfrase, bv. ἐν οὖν τῇ πόλει Plato Rep 456d (Smyth, 1956, p.368).

3.5 Die posisie van voorsetselfrases

3.5.1 Nuwe Testamentiese Grieks

- (1) Die bywoordelike voorsetselfrases staan, waarskynlik as gevolg van Semitiese invloed, na die werkwoord, bv. διήρχετο διὰ μέσον Σαμαρείας καὶ Γαλιλαίας Lk 17:11. Bywoordelike voorsetselfrases is egter maklik skeibaar van die werkwoord, en neem dan gewoonlik eindposisie in die sin in, bv. ἐγένετο δὲ καὶ φιλονεικία ἐν αὐτοῖς Lk 22:24; γενομένης δὲ ἡμέρας ἦν τάραχος οὐκ ὀλίγος ἐν τοῖς στρατιώταις Hand 12:17 (Moulton-Howard-Turner, 1963, p.349). Hierdie verskynsel is verhelderend van dubbel-sinnige gedeeltes, bv. σταθεὶς δὲ ὁ Πέτρος σὺν τοῖς ἑνδεκα ἐπῆρεν τὴν φωνήν Hand 2:14, waar die voorsetselfrase nie bywoordelik by ἐπῆρεν is nie, maar by σταθεὶς.
- (2) Ook die adnominale voorsetselfrases staan in die Nuwe Testament gewoonlik na die substantief, bv. ὁ πατὴρ ὑμῶν ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς Mt 7:11; ποσῷ μᾶλλον ὁ πατὴρ ἐξ οὐρανοῦ δώσει Lk 11:13 (wat dan nie beteken "die Vader sal uit die hemel gee" nie,

maar "die Vader uit die hemel sal gee", vgl. Moulton-Howard-Turner, 1963, p.450; Rademacher, 1911, p.91).

3.5.2 Klassieke Grieks

- (1) In teenstelling met die gebruik in die Nuwe Testament gaan bywoordelike voorsetselfrases die werkwoord gewoonlik vooraf, bv. ὅπως μὴ διὰ τῶν ὁδῶν φανεροὶ ᾖσιν ἰόντες, ἀμάξας τε ἄνευ τῶν ὑποσυγύων ἐς τὰς ὁδοὺς καθίστασαν, ἔν' ἀντὶ τεύχους ἢ Thuk II 3.3 (Smyth, 1956, p.366).
- (2) Die adnominale voorsetselfrases staan gewoonlik tussen die lidwoord en die naamwoord, dit is die normale posisie van attributiewe byvoeglike naamwoorde, bv. τὸν ἐκ τῶν Ἑλλήνων εἰς τοὺς βαρβάρους φόβον ἰδὼν Xen Anab I 2.18 (Smyth, 1956, p.293).

3.6 Die posisie van die byvoeglike naamwoord

3.6.1 Nuwe Testamentiese Grieks

3.6.1.1 Algemene tendense

Vanweë die invloed wat deur die Semitiese tale op die Grieks van die Nuwe Testament uitgeoefen is, sê Moulton-Howard-Turner (1963, p.349), is die lidwoord in die Nuwe Testament baie geheg aan sy substantief en gevolglik word dit so ver as moontlik vermy dat daar woorde tussen die lidwoord en naamwoord te staan kom. Dienooreenkomstig staan die attributiewe byvoeglike naamwoorde gewoonlik na die substantief ten einde nie die lidwoord van die substantief te skei nie. Nogtans is daar talle gevalle waar die attributiewe byvoeglike naamwoord wel tussen die lidwoord en die

naamwoord staan. Oor die algemeen is taalkundiges die mening toegedaan dat voor- en na-posisie van die byvoeglike naamwoord 'n nuanseverskil inhou. Robertson (1923, p.418) meen dat die naposisie emfatiese tendense toon; Cuendet (1929, p.26-7) reken dat die byvoeglike naamwoord voor die substantief geplaas word wanneer dit emfaties is; Blass-Debrunner (1962, p.250) sê dat die voorposisie groter eenheid aan die byvoeglike naamwoord en selfstandige naamwoord verleen; Abel (1927, p.363) beskou voor- en na-posisie as gelykwaardig. Die gebrek aan 'n finale uitspraak hieroor word soos volg deur Cuendet (1929, p.26-7) verklaar: "Parfois il est cependant malaisé de préciser quelle nuance distingue l'adjectif antéposé de l'adjectif postposé; ainsi on ne sait trop pourquoi l'adjectif précède le substantif en Mk 1:34, Lk 19:22 . ."

Blass-Debrunner (1962, p.250) merk twee gevalle op waar semantiese determinante deurslaggewend is in die plasing van die attributiewe byvoeglike naamwoord:

- (1) Kwantitatiewe byvoeglike naamwoorde staan gewoonlik vóór die lidwoordlose substantief, bv. δώδεκα ἔτη Mk 5:25;
- (2) Kwalitatiewe byvoeglike naamwoorde staan gewoonlik ná die lidwoordlose substantief, bv. δένδρον καλόν ποιοῦν καρπὸν σαπρόν Lk 6:43.

Cuendet (1929, p.26-7) vestig die aandag ook op die volgende verskynsels:

- (1) Oorbodige substantiewe staan gewoonlik na die byvoeglike naamwoord, bv. ἐχθρὸς ἄνθρωπος Mt 13:28;
- (2) Wanneer een substantief twee byvoeglike naamwoorde het, staan dit gewoonlik tussen die twee byvoeglike naamwoorde, bv. πονηρὸς δοῦλε καὶ ὀκνηρὸς Mt 25:26; ὁ πτωχὸς οἰκονόμος ὁ φρόνιμος Lk 12:42.

3.6.1.2. Sekere byvoeglike naamwoorde afsonderlik

Waarnemings in verband met die gedrag van sekere afsonderlike byvoeglike naamwoorde is gemaak deur Wellhausen (1911, p.10), Robertson (1923, p.423), Cuendet (1929, p.41-41, 122-142) en Gehman (1951, p.211):

- (1) Die besitlike byvoeglike naamwoord staan na die substantief wanneer dit nie-emfaties is en voor wanneer dit emfaties is. Slegs Johannes maak gebruik van die nie-emfatiese besitlike byvoeglike naamwoord (31 keer), bv. ὁ λόγος ὁ σὸς ἀλήθειά ἐστιν Jh 17:17. Die drie sinoptici verkies die genitief van die persoonlike voornaamwoord om besit aan te dui en gebruik die besitlike byvoeglike naamwoord slegs wanneer dit emfaties is, bv. οὐ τῷ σῷ ὀνόματι ἐπροφητεύσαμεν, καὶ ἐν τῷ σῷ ὀνόματι δαιμόνια ἐξεβάλομεν . . . ; Mt 7:22.
- (2) Desgelyks plaas Johannes ἰδὺς gewoonlik na die substantief, maar wanneer dit besondere aandag verdien, plaas hy dit voor die substantief. Die drie sinoptici gebruik in plaas van ἰδὺς die refleksiewe voornaamwoord ἑαυτοῦ, -ῆς, -ῶν.
- (3) Telwoorde staan gewoonlik voor die substantief (Matteus 85%; Markus 71%; Lukas 56%; Johannes 69%) wanneer hulle nie-emfaties is. Tussenposisie by die lidwoord en naamwoord kom voor in vaste uitdrukkings soos ἐκ τῶν τεσσάρων ἀνέμων Mt 24:31 en τὰς δώδεκα φυλὰς τοῦ Ἰσραὴλ Lk 22:30. Met betrekking tot telwoorde in na-posisie merk Cuendet (1929, p.140) op:
 - a. Spesiale aandag word gewerp op telwoorde in na-posisie, bv. καὶ ἰδοὺ ἄνδρες δύο συνελάλουν αὐτῷ, . . . ὁ δὲ Πέτρος καὶ οὐ σὺν αὐτῷ . . . εἶδον . . . τοὺς δύο ἄνδρας Lk 9:30-32, waar die eerste δύο van besondere belang is, maar nie die tweede δύο nie.
 - b. In nominale groepe van tegniese aard is die telwoord dikwels van essensiële belang en staan dus na die substantief, bv. - in rekapitulasies: πασαὶ οὖν αἱ γενεαὶ ἀπὸ Ἀβραὰμ

ἕως Δαυὶδ γενεαὶ δεκατέσσαρες Mt 1:17;

- in inventarisse: ἦσαν δὲ ἐκεῖ λυθῖναι ὕδραι ἕξ Jh 2:6;
 - in evaluerings: ὕδραι . . . χωροῦσαι ἀνὰ μετρητὰς δύο ἢ τρεῖς Jh 2:6;
 - in daterings: ἐν ἔτει δὲ πεντεκαδεκάτῳ τῆς ἡγεμονίας Τιβερίου Lk 3:1;
 - in afstandaanduidings: εἰς κώμην ἀπέχουσα σταδίου ἑξήκοντα Lk 24:13;
 - in skattings voorafgegaan deur ὡς of ὡσεύ: θυγάτηρ μονογένης ἦν αὐτῷ ὡς ἐτῶν δώδεκα Lk 8:42.
- (4) ἕτερος in die Nuwe Testament gaan altyd die substantief voor= af, behalwe in drie gevalle (Hand 7:8, Rm 7:3 en 2 Kor 11:4) waar dit emfaties is.
- (5) ἄλλος staan altyd voor die substantief in die Evangelies, maar in Jh 6:22 en Jh 18:16 staan dit daarna ter wille van spesiale aandag.
- (6) As identieke byvoeglike naamwoord staan αὐτός altyd voor die substantief; as intensifiserende byvoeglike naamwoord neem αὐτός altyd middelposisie tussen die lidwoord en naamwoord in.
- (7) Die demonstratiewe byvoeglike naamwoorde οὗτος, ἐκεῖνος, ὅδε, τοιοῦτος, τοιόσδε, τοσοῦτος en τηλικούτος staan predikatief willekeurig voor en na die substantief. Daar moet egter op die volgende gelet word:
- a. Na-posisie kom voor in alledaagse uitdrukkings, bv. ἡ γενεὰ αὕτη Mk 8:12; ὁ κόσμος οὗτος Jh 8:23;
 - b. ἐκεῖνος staan op 45 plekke in die Nuwe Testament voor die substantief - 39 gevalle daarvan kom voor in die frase ἐν ἐκεῇ τῇ ἡμέρᾳ; die oorblywende 6 gevalle staan voor die substantief om minagting uit te druk.

3.6.2 Klassieke Grieks

3.6.2.1 Die attributiewe posisie van die byvoeglike naamwoord

Daar is drie patrone waarvolgens die lidwoord, selfstandige naamwoord en attributiewe byvoeglike naamwoord gerangskik word (Smyth, 1956, p.293):

- (1) Die mees algemene volgorde is lidwoord + byvoeglike naamwoord + selfstandige naamwoord. Hierdie volgorde laat die klem val op die byvoeglike naamwoord, bv. τῶν σὺν ἐπιτηδεύων Plato Kri=to V 45e.
- (2) 'n Minder algemene volgorde is lidwoord + selfstandige naamwoord + lidwoord + byvoeglike naamwoord, waardeur die byvoeglike naamwoord dien as begrensing van die selfstandige naamwoord, bv. τοὺς κύνας τοὺς χαλεποὺς δεδέασι Xen Anab V 8.24.
- (3) Klem op die selfstandige naamwoord word vergroot deur die eerste lidwoord (in laasgenoemde patroon) te laat verval, wat uitloop op die patroon selfstandige naamwoord + lidwoord + byvoeglike naamwoord, bv. σύνειμι μὲν θεοῖς, σύνειμι δὲ ἀνθρώποισι τοῖς ἀγαθοῖς Xen Mem II 1.32.

Kwantitatiewe byvoeglike naamwoorde het 'n besliste voorliefde om verwyderd te staan van die substantief wat dit kwalifiseer (Lindhamer, 1908, p.68). Hierdie verskynsel verskil van die gebruik in die Nuwe Testament (vgl. 3.6.1.1(1), p.40, en 3.6.1.2(3), p.41, hierbo).

3.6.2.2 Die predikatiewe posisie van die byvoeglike naamwoord

Smyth (1956, p.295) wys op die volgende gebruike:

- (1) Die predikatiewe byvoeglike naamwoord staan òf voor die selfstandige naamwoord òf daarna, in beide gevalle met klem op die byvoeglike naamwoord as die koppelwerkwoord ellipties is, bv. ὅπλα τὰ παρόντα νυνὶ Plato Krito III 44d.
- (2) Demonstratiewe byvoeglike naamwoorde οὗτος, ὅδε en ἐκεῖνος en

die byvoeglike naamwoorde ἄμφω, ἀμφοτέρως, ἕκαστος en ἐκά-
τερος neem almal predikatiewe posisie in met 'n attributiewe
funksie, bv. τὰς ἐπιστολιμαίους ταύτας Dem Fil I 45.19.

3.7 Die posisie van die voornaamwoord

3.7.1 Nuwe Testamentiese Grieks

- (1) Die geaksentueerde persoonlike voornaamwoord staan in aan-
vangsposisie (vgl. 2.1.1.3(5), p.22 hierbo), bv. ἐγὼ ἐβάπτισα
ὕμᾱς ὕδατι Mk 1:8. In die Nuwe Testament staan ἡμεῖς en
ὁμεῖς altyd eerste in die sin of frase (Frisk, 1932, p.39).
- (2) Demonstratiewe voornaamwoorde verkies aanvangsposisie (vgl.
2.1.1.3(6), p.22 hierbo), bv. οὗτος ἐστὶν ὁ υἱὸς μου Mt 3:17.
ἐκεῖνος word in die Nuwe Testament gebruik as demonstratiewe
voornaamwoord of as nie-emfatiese persoonlike voornaamwoord.
As demonstratief staan dit so vroeg in die sin as moontlik,
bv. ὁ γὰρ ὃν ἐκεῖνος ποιῇ, ταῦτα καὶ ὁ υἱὸς ὁμοίως ποιεῖ Jh
5:19, maar as persoonlike voornaamwoord staan dit aan die ein-
de of na aan die einde van die sin, bv. τοῦτο ἐστὶν τὸ ἔργον
τοῦ θεοῦ, ἵνα πιστεύητε εἰς ὃν ἀπέστειλεν ἐκεῖνος Jh 6:29
(Frisk, 1932. p.53).
- (3) Nie-emfatiese voornaamwoorde volg gewoonlik direk op die werk-
woord (vgl. 2.1.1.1.1(6), p.20 hierbo), bv. καὶ νῦν δεῦρο ἀπο-
στεῖλῶ σε εἰς Αἴγυπτον Hand 7:34. Op dié reël is daar egter
talryke uitsonderings: Uit die 431 gevalle van με en μοι in
die Nuwe Testament, staan dit 111 keer voor die werkwoord.
Blass-Debrunner (1962, p.249) en Robertson (1923, p.418-419)
meen dat hierdie verskynsel toe te skryf is aan die feit dat
die nie-emfatiese voornaamwoord 'n besonder sterk affiniteit

het vir die tweede posisie in die sin. Hierdie affiniteit is so sterk dat samehorige groepe woorde soms van mekaar geskei word ten einde die nie-emfatiese voornaamwoord tweede in die sin te laat staan, bv. χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη Gl 1:3; πολλὰ σε γράμματα εἰς μανθάν περιτρέπει Hand 26:24. Veral die genitiewe voornaamwoord se affiniteit vir tweede posisie is sterk en dit word dikwels van die woordgroep waartoe dit behoort, geskei ten gunste van tweede posisie, bv. ἕνα μου ὑπὸ τὴν στεγὴν εἰσέλεθης Mt8:8; ἐπέχρισεν αὐτοῦ τὸν πηλὸν ἐπὶ τοὺς ὀφθαλμούς Jh 9:6. Volgens hierdie teorie van Blass-Debrunner en Robertson word die herhaalde voorkoms van die voornaamwoord direk na die werkwoord verklaar uit die werkwoord se voorliefde vir aanvangsposisie, dit wil sê dat die werkwoord direk voor die voornaamwoord staan en nie die voornaamwoord direk na die werkwoord nie. Blass-Debrunner en Robertson se teorie bied egter nie 'n bevredigende verklaring vir die feit dat die nie-emfatiese voornaamwoord gereeld later in die sin staan nie.

- (4) Vraende voornaamwoorde se normale posisie is aan die begin van die sin, bv. τί σοι θέλεις ποιῆσω; Lk 18:41 (Blass-Debrunner, 1962, p.251), maar dit verlaat aanvangsposisie onder die volgende omstandighede (Cuendet, 1929, p.85-86):

- a. wanneer dit deur 'n p-voorsetsel bepaal word, bv. ἐν ποίᾳ ἐξουσίᾳ ταῦτα ποιεῖς; Mk 11:28;
- b. wanneer die vraag voorafgegaan word deur een van die partikels ἀλλά, καὶ of ἢ, bv. ἢ τίς σοι ἔδωκεν τὴν ἐξουσίαν ταύτην ἵνα ταῦτα ποιῇς; Mk 11:28.

3.7.2 Klassieke Grieks

- (1) Die geaksentueerde persoonlike voornaamwoorde ἐγώ, ἐμέ, ἐμοῦ, ἐμού, ἔγωγε, σύ, ἡμεῖς en ὑμεῖς verkies aanvangsposisie (vgl.

2.1.2.3(5), p.24 hierbo), bv. ἡμεῖς δὲ οὐδ' ἐπὶ ἀδύνατον ἀμύνεσθαι οὕτω πόλιν ἐρχόμεθα Thuk II 11.6.

- (2) Die demonstratiewe voornaamwoorde οὗτος, τοσοῦτος, τηλικούτος, οὐτοσὺ en ἐκεῖνος verkies aanvangsposisie (vgl. 2.1.2.3(6), p.24 hierbo), bv. ταῦτα δὲ ἠγγέλλον πρὸς Κύρον οἱ αὐτομολήσαντες Xen Anab I 7.13. Kieckers (1911, p.21) en Schwyzer (1950, p.693) dui aan dat menige M^a-woorde aanvangsposisie verlaat om dit af te staan aan demonstratiewe voornaamwoorde.
- (3) Daarteenoor is die onbetoonde voornaamwoorde με, μου, μοι, σε, σου, σοι onvoorwaardelik q en verkies tweede posisie in die sin (vgl. 2.1.2.1.1(2), p.22 hierbo), bv. ἡμεῖς γὰρ σε γεννήσαντες Plato Krito 51c. Die Atticistiese skrywers van die Christelike era het veral hierdie gebruik getrou nagevolg en afgewyk van die posisie wat in Nuwe Testamentiese Grieks gebruik is (vgl. 3.7.1(3), p.44 hierbo). Wifstrand (1951, p.181-182) dui aan dat Lucianos, Tatiuss en Libanius 67%-70% van die niegeaksentueerde voornaamwoorde verwyderd van die werkwoord plaas.
- (4) Die vraende voornaamwoord τίς neem aanvangsposisie in, in teenstelling met die onbepaalde voornaamwoord τις (Rosén, 1975, p.23).

3.8 Die posisie van die selfstandige naamwoord

Oor die algemeen is daar geen reëlmaat te bespeur met betrekking tot die posisie van selfstandige naamwoorde nie. Daar moet egter op die volgende verskynsels gelet word:

3.8.1 Nuwe Testamentiese Grieks

In die Nuwe Testament en in die papiri staan eiename gewoonlik na die werkwoord en neem slegs by hoë uitsondering voorposisie in. Frisk (1932, p.56) se statistiese opname toon dat na-posisie van eiename by die individuele Nuwe Testamentiese skrywers wissel tussen 80% en 100%. As voorbeeld dien Hand 8:14: ἀκούσαντες δὲ οἱ ἐν Ἱεροσολύμοις ἀπόστολοι ὅτι δέδεκται ἡ Σαμαρεῖα τὸν λόγον τοῦ θεοῦ ἀπέστειλαν πρὸς αὐτοὺς Πέτρον καὶ Ἰωάννην.

3.8.2 Klassieke Grieks

Rosén (1975, p.28-30) wys op die volgende reëlmaticghede in die sinsposisie van selfstandige naamwoorde in Klassieke geskrifte:

- (1) Eiename gaan persoonlike voornaamwoorde vooraf, bv. Μέλητός με ἐγράφατο τὴν γραφὴν ταύτην Plato Apol 19b;
- (2) Selfstandige naamwoorde met die lidwoord staan na persoonlike voornaamwoorde, bv. οὐκ ἂν σε παρακρούοι ἡ παρούσα συμφορά Plato Krito 47a;
- (3) Selfstandige naamwoorde wat gekwalifiseer word deur 'n vorm van αὐτός (ipse) staan voor demonstratiewe, bv. ὑπὸ μὲν γὰρ τῆς αὐτοῦ τοῦ τεθνεῶτος ἀμαρτίας ὃδε ἀπολύεται Antiph II 2.9;
- (4) Selfstandige naamwoorde met die lidwoord gaan onbepaalde voor= naamwoorde vooraf, bv. τῶν εὐεργεσιῶν τιμὰς φέρονται . . . ἐκαστος Plato Phaedo 113d.

4. DIE MORFOLOGIESE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

4.1 Die volgorde van selfstandige naamwoorde in die verskillende naamvalle

Hoewel die sinsposisie van individuele selfstandige naamwoorde of van selfstandige naamwoorde met gemeenskaplike semantiese

waarde in die Nuwe Testament onreëlmatig is, dit wil sê nie onderworpe is aan leksikale, semantiese of woordsoortlike determinante nie, vertoon die gedrag van die individuele naamvalle wel 'n meer definitiewe patroon. Dit blyk dus dat morfologiese (woordvormlike) determinante die enigste taalkundige determinante is wat 'n invloed het op die sinsposisie van die selfstandige naamwoord. Met "morfologies" word bedoel dit wat betrekking het op die vorm van die woord, bv. die vorme van die selfstandige naamwoord in die verskillende naamvalle. In teenstelling met woordsoortlike determinante, waar die woordsoort deurslaggewend is, is die woordvorm by morfologiese determinante deurslaggewend. Dit beteken nie dat die bepalende faktor in morfologiese determinante is hoe die selfstandige naamwoord in die verskillende naamvalle verskil ten opsigte van vorm nie, maar dat die selfstandige naamwoord in die verskillende naamvalle ten opsigte van vorm verskil.

Sommige taalkundiges probeer om die sinsposisie van die selfstandige naamwoord aan die hand van sintaktiese faktore te verklaar. So maak Frisk (1932), Schwyzer (1950) en Rife (1933) elk 'n besondere studie van die posisie van onderskeidelik die subjek, objek en predikaat van die sin en dan meen hulle dat die posisie van die selfstandige naamwoord daarvan afhanklik is of hy subjek of objek van die sin is. Benewens die feit dat subjek-objek-predikaat nie in duidelik waarneembare patrone voorkom nie, het dié taalkundiges te kampe met die probleem dat die begrippe "subjek", "objek" en "predikaat" soveel belaaï is met taalfilosofiese begrip dat daar onsekerheid bestaan oor wat werklik subjek, objek of predikaat is (Dover, 1960, p.9-10; vgl. p.9 hierbo). Die aangewese weg is dus om eerder die benaming "morfologiese" faktore of -determinante te gebruik by die studie van die sinsposisie van die selfstandige naamwoord. Dover sê: "When we come to examine syntactical statistics, we shall do so without philosophical allies" (Dover, 1960, p.10).

4.1.1 Nuwe Testamentiese Grieks

4.1.1.1 Die vokatief

Die selfstandige naamwoord in die vokatief kan aanvangs-, middel- of eindposisie inneem, met die volgende voorbehoude (Winer, 1877, p.687; Robertson, 1923, p.419; Blass-Debrunner, 1962, p.250):

- (1) Vokatiewe staan in eindposisie wanneer dit bloot supplementêr is, bv. ὅτι ἀνὴρ ἀμαρτωλὸς εἰμι, κυρζε Lk 5:8.
- (2) Middelposisie word gebruik wanneer die spreker aanneem dat die aangesprokene wel luister, maar sy aandag veral op die daaropvolgende woorde wil vestig. Vokatiewe in middelposisie staan gewoonlik tweede in die sin of so na as moontlik aan die tweede plek, bv. ὁθεν, ἀδελφοὶ ἅγιοι, κλήσεως ἐπουρανίου μέτοχοι, κατανοήσατε . . . Heb 3:1.
- (3) Vokatiewe staan in die Nuwe Testament in aanvangsposisie wanneer die aangesprokene se aandag gevra word of wanneer hy na-dergeroep word om te luister, bv. ὁ δὲ εἶπεν αὐτῇ, θυγάτηρ, ἡ πίστις σου σέσωκεν σε Lk 8:48.

4.1.1.2 Die nominatief

Die nominatief in die Nuwe Testament volg meesal direk op die werkwoord, bv. καὶ μετὰ ἡμέρας ἕξ παραλαμβάνει ὁ Ἰησοῦς τὸν Πέτρον Mk 9:2, behalwe in die Evangelie volgens Johannes, waar die nominatief dikwels aan die einde van die sin geplaas word, bv. ἐβάστασαν πάλιν λίθους οἱ Ἰουδαῖοι Jh 10:31; εἰστήκεισαν δὲ παρὰ τῷ σταυρῷ τοῦ Ἰησοῦ ἡ μητὴρ αὐτοῦ καὶ ἡ ἀδελφὴ τῆς μητρὸς αὐτοῦ Jh 19:25 (Wellhausen, 1911, p.10; Colwell, 1931, p.21-22). Wellhausen (1911, p.18) reken dat die na-posisie van die nominatief 'n besliste Semitisme is, maar Moulton-Howard-Turner (1929, p.416) wys daarop dat 40% van die nominatiewe naamwoorde in die Nuwe Tes-

tament vóór die werkwoord staan, terwyl die nominatiewe naamwoorde in definitief Semitiese Grieks, soos aangetref word in die Septuagint, feitlik deurgaans na die werkwoord staan. In die Nuwe Testament kom dit wel algemeen voor dat eiename in die nominatief aan die einde van die sin staan, bv. λέγει αὐτοῦς ὁ Πιλάτος Mt 27:22. Frisk (1932, p.56) stel die voorkoms van eiename in eindposisie in die Nuwe Testament op 80%-100%.

By die perifrastiese tye staan die nominatief tussen die kopwerkwoord en die deelwoord, bv. καὶ ἦν ὁ Ἰωάννης ἐνδεδυσμένος Mk 1:6. Uitsonderings kom wel voor, bv. καὶ ἦν προάγων αὐτοῦς ὁ Ἰησοῦς Mk 10:32 (waarskynlik as gevolg van die neiging van eiename om aan die einde van die sin te staan; Moulton-Howard-Turner, 1963, p.348; Abel, 1927, p.361).

4.1.1.3 Die akkusatief

Soos die nominatief volg die akkusatief in die Nuwe Testament meesal op die werkwoord en dikwels staan dit aan die einde of na aan die einde van die sin (Frisk, 1932, p.24; Rife, 1933, p.250; Denniston, 1952, p.44), bv. τί δὲ καὶ ἀφ' ἑαυτῶν οὐ κρίνετε τὸ δίκαιον; Lk 12:57.

4.1.1.4 Die datief

Desgelyks staan naamwoorde in die datief na die werkwoord, dikwels direk na die werkwoord, bv. ὁμοία ἐστὶν ἡ βασιλεία τῶν οὐράνων κόκκῳ Mt 13:33; ὤφθη δὲ αὐτῷ ἄγγελος κυρίου ἔσως ἐκ δεξιῶν Lk 1:11.

4.1.1.5 Die genitief

In die Nuwe Testament is die spontane posisie van die adnominale genitief direk na die naamwoord, bv. ὁ υἱὸς τοῦ θεοῦ Jh

20:31, terwyl tussenposisie minder algemeen voorkom, bv. ὁ τοῦ θεοῦ γὰρ υἱός 2 Kor 1:19; τῆς τῶν ἀποστόλων ὑμῶν ἐντολῆς 2 Pt 3:2 (Moule, 1953, p.166; Moulton-Howard-Turner, 1963, p.349).

Volgens Wellhausen (1908, p.133) staan die adnominale genitief in die Evangelie volgens Johannes dikwels voor die substantief, bv. αὐτοῦ τὸ ἔργον Jh 4:34, en dikwels ver verwyderd van die substantief, bv. πολλοὶ ἐπίστευσαν εἰς αὐτὸν τῶν Σαμαριτῶν Jh 4:39. Nogtans verkies Johannes oor die algemeen direkte agterposisie van die genitief, bv. τὸν λόγον αὐτοῦ Jh 4:41.

Rademacher (1911, p.19) beskou die na-posisie van die adnominale genitief as 'n suiwere Semitisme wat voortvloei uit die Hebreeuse status constructus, en hy noem die verskynsel ook die "genitivus hebraicus". Hy word ondersteun deur Wellhausen (1911, p.10-11) en Moulton-Howard-Turner (1963, p.349), maar Schwyzer (1950, p.692) toon duidelik aan dat dié verskynsel al so vroeg as die vyfde eeu v.C. in die Attiese inskripsies reëlmaat begin word het en in die sekulêre κοινή-geskrifte feitlik deurgaans gebruik is.

4.1.2 Klassieke Grieks

4.1.2.1 Die vokatief

Soos in die Nuwe Testament staan vokatiewe in die Klassieke geskrifte in aanvangs-, middel- of eindposisie, elk om 'n besondere rede (Humbert, 1954, p.92-97):

- (1) Vokatiewe staan in eindposisie wanneer hulle bloot supplementêr is, bv. ἀποπον τὸ ἐνύπνιον, ὦ Σώκρατες Plato Krito II 44b.
- (2) Middelposisie word gebruik wanneer die spreker aanvaar dat die aangesprokene wel luister, maar die daaropvolgende veral onder sy aandag wil bring. Vokatiewe in middelposisie staan gewoonlik so vroeg as moontlik in die sin, maar net nie eerste

nie, bv. πρῶτον μὲν τοῦνυν, ὧ ἄνδρες Ἀθηναῖοι, τριήρεις πεν-
τήκοντα παρασκευάσασθαι φημι δεῦν Dem Fil I 44.16.

- (3) In teenstelling met die Nuwe Testament staan vokatiewe in
Klassieke geskrifte in aanvangsposisie wanneer die aangespro-
kene uitgeskel word, bv. ὦ μέγιστον ἑξαμαρτανῶν ἐξ ὅτου ἵδρα-
φην ἐγώ, πῶς λέγεις; Aristoph Orn 323-324, of wanneer dit ge-
bruik word as uitroep van verbasing of woede, bv. ὦ Πρόσελδον,
ἕτερος αὖ τις βαπτὸς ὄρνυς οὔτοσ' Aristoph Orn 287.

4.1.2.2 Die nominatief

Demetrius (περὶ ἐρμηνείας) merk op ten opsigte van die volg-
orde van naamvalle: "ἐν δὲ τοῖς διηγήμασιν ἦτοι ἀπὸ τῆς ὀρθῆς
ἀρχτέον, 'Ἐπιδαμνός ἐστι πόλις', ἢ ἀπὸ τῆς αἰτιατικῆς, ὡς τὸ
'λέγεται Ἐπίδαμνον τὴν πόλιν'. αἱ δὲ ἄλλαι πτώσεις ἀσάφειάν
τινα παρέξουσιν καὶ βάσανον τῷ τε λέγοντι αὐτῷ καὶ τῷ ἀκούοντι"
(Demetrius, περὶ ἐρμηνείας 199-201).

Met betrekking tot die nominatief moet, ter aanvulling by
Demetrius se opmerking, vermeld word dat die nominatief baie mak-
lik ten gunste van ander woorde of vanweë eksterne faktore na 'n
later posisie in die sin skuif en gevolglik baie selde in aan-
vangsposisie staan (Humbert, 1954, p.92-97; Kühner, 1870, p.1098;
Smyth, 1956, p.261). Emfatiese eiename in die nominatief het
duidelik 'n neiging om na die werkwoord te staan, bv. ταύτης μὲν
ἐστρατήγεον Μαρδονύος τε καὶ Μασίστης Hdt 7.121; ᾗκουν δ' αὐτὴν
τὸ παλαῖον Μῆδοι Xen Anab III 4.7 (Frisk, 1932, p.35).

4.1.2.3 Die akkusatief

Die akkusatief as direkte voorwerp van die werkwoord staan
gewoonlik direk voor die werkwoord, bv. τριήρεις πεντήκοντα παρα-
σκευάσασθαι φημι δεῦν Dem Fil I 44.16, maar skuif terug vorentoe
ten gunste van bywoorde en bywoordelike bepalinge van wyse (wat

'n sterk affiniteit het vir die posisie direk voor die werkwoord, vgl. 3.2.2(3), p.34 hierbo), bv. ἐπεὶ δὲ τὰ ἐκ τῆς χώρας κατὰ τάχας ἐσεκομίσαντο Thuk II 5.7. Wanneer 'n werkwoord twee akkusatiewe neem, staan die persoonlike voorwerp dikwels vóór die saaklike voorwerp, bv. οὐδὲς ἐδύδαξε με ταύτην τὴν τέχνην Xen Oec 19.16; ὁμᾶς τοῦτο οὐ πεύθω Plato Apol 37a (Kühner, 1870, p.1098).

4.1.2.4 Die datief

Wanneer die datief as adjunk by die werkwoord gestel word, byvoorbeeld as indirekte voorwerp, staan dit voor akkusatiewe bystellingen, bv. τί οὖν . . . ἐμοὶ τοῦτο λέγεις; Xen Mem II 6.36.

4.1.2.5 Die genitief

Die adnominale genitief kan een van vier posisies inneem (Smyth, 1956, p.294; Humbert, 1954, p.92-97):

- (1) οὗ τοῦ Μένωνος στρατιῶται Xen Anab I 5.11, wat die mees algemene patroon is in Klassieke Grieks;
- (2) ἡ οἰκία Σόμωνος Lysias 3.32, 'n patroon wat minder algemeen voorkom;
- (3) τῆς νύκτες τὸ μέγεθος Xen Hell VI 4.19, 'n patroon waardeur die genitief beklemtoon word;
- (4) ἡ τόλμα τῶν λεγόντων Lysias 12.41, 'n patroon wat baie algemeen voorkom; dit is veral die posisie van die genitief van die verdeelde geheel, bv. μέρος τι τῶν βαρβάρων Thuk I 1.1.

Die Atticiste uit die Christelike era het daarna gestreef om so ver doenlik die κοινή-praktyk van na-posisie van die adnominale genitief te vermy, selfs al het dit gelei tot 'n doellose skeiding van samehorige woorde, bv. ἐν τοῦ Σεράπιδος τῷ ἱερῷ Arrianus; καταλέλυκεν τὴν αὐτὸς αὐτοῦ δυναστείαν Aeschin III 233 (Schmid II, 1889, p.184-185; Kilpatrick, 1965, p.118).

5. SINTAKTIESE DETERMINANTE

Die benaming sintaktiese determinante word gebruik vir die determinante wat die volgorde van sinne bepaal. "Sintaksis" as sinoniem vir "sinsbou" het die volgende twee fasette (Smyth, 1956, p.255):

- (1) Die samevoeging en ordening van woorde (die verskillende woordsoorte in hulle verskillende vorme) om sinne te vorm;
- (2) Die samevoeging en ordening van sinne (enkelvoudige sinne wat elk op sigself 'n volledige mededeling vorm) om saamgestelde of komplekse sinne te vorm.

Indien die begrip sintaksis gekoppel word aan die eerste van bo genoemde twee fasette, nl. die samevoeging en ordening van woorde, omvat dit uiteraard die hele veld van hierdie studie, nl. woordorde. Derhalwe word, vir die doeleindes van hierdie studie, die begrip "sintaksis" beperk tot die tweede faset wat hierbo genoem is, nl. die samevoeging en ordening van sinne. Gevolglik is saamgestelde sinne aan die orde van die dag by die bepaling van sintaktiese determinante.

5.1 Nuwe Testamentiese Grieks

Robertson (1923, p.425) sê dat wanneer 'n hoofsin een of meer afhanklike sinne het, die sinsvolgorde deur die gedagtevloei van die spreker bepaal word. In die Nuwe Testament is daar egter 'n definitiewe reëlmatigheid in die posisie van sekere soorte bysinne:

- (1) Doelsinne volg gewoonlik op die hoofsin, bv. ἐξεκλάσθησαν κλάδου ἵνα ἐγὼ ἐγκεντρίσω Rm 11:19. In slegs enkele gevalle gaan dit die hoofsin vooraf, bv. ἀλλὰ ἡ ἁμαρτία, ἵνα φανῇ ἁμαρτία, διὰ τοῦ ἀγαθοῦ μου κατεργαζομένη θάνατον Rm 7:13. Doelsinne ingelei deur ὅπως gaan nêrens in die Nuwe Testament

die hoofsin vooraf nie (Blass-Debrunner, 1962, p.253; Moulton-Howard-Turner, 1963, p.344).

- (2) Redegewende bysinne staan hoofsaaklik in eindposisie (Moulton-Howard-Turner, 1963, p.345), maar:
 - a. redegewende sinne ingelei deur ἄνθ' ὧν, ἐφ' ᾧ, καθότι en διότι staan altyd na die hoofsin;
 - b. redegewende sinne ingelei deur ὅτι staan 397 keer na die hoofsin en 10 keer voor die hoofsin;
 - c. redegewende sinne ingelei deur διὰ τὸ staan 23 keer na en 5 keer voor die hoofsin;
 - d. redegewende sinne ingelei deur ἐπεὶ en ἐπειδὴ neem ewe dikwels voor- of na-posisie in.
- (3) Tydsinne staan in die volgende posisies (Moulton-Howard-Turner, 1963, p.344-345):
 - a. tydsinne ingelei deur ὅτε, ὅταν en ὡς gaan meer dikwels die hoofsin vooraf as wat die daarop volg;
 - b. tydsinne ingelei deur πρὶν en πρὸ τοῦ neem ongeveer ewe dikwels voor- of na-posisie in;
 - c. tydsinne ingelei deur ἐπεὶ, ἐπειδὴ, ἐπὶν en ἡνύκα staan altyd voor die hoofsin;
 - d. tydsinne ingelei deur ἕως, ὁπότε, ἄχρι (οὔ), μέχρις οὔ en μέχρις staan altyd na die hoofsin.
- (4) Bywoordelike bysinne van plek ingelei deur ὅθεν staan altyd na die hoofsin en dié ingelei deur οὔ staan 21 keer na en 4 keer voor die hoofsin (Moulton-Howard-Turner, 1963, p.344).
- (5) Bywoordelike bysinne van vergelyking neem altyd na-posisie in die Evangelies volgens Matteus en Markus en, op 4 uitsonderings na, ook in die Evangelie volgens Lukas. In die Evangelie volgens Johannes en in die ander boeke van die Nuwe Testament staan dit ongeveer ewe dikwels voor of na die hoofsin (Moulton-Howard-Turner, 1963, p.345).

Die oorblywende bywoordelike bysinne staan ongeveer ewe dikwels voor of na die hoofsin of kom so selde voor dat dit nie moontlik is om 'n reëlmaat te bespeur nie.

5.2 Klassieke Grieks

In teenstelling met bysinne in die Nuwe Testament is bysinne in die Klassieke geskifte geweldig wispelturig met betrekking tot posisie. Die hoofsin kan deur enige soort bysin voorafgegaan word of gevolg word (Smyth, 1956, p.487). Sinne word bloot gerangskik in die volgorde wat die grootste mate van duidelikheid en ondubbelsinnigheid bewerkstellig (Sidgwick, 1951, p.100-101). Die enigste waarneembare reëlmatighede is die volgende:

- (1) Byvoeglike bysinne in retoriese prosa staan dikwels voor die hoofsin, bv. ὃ δὲ νῦν ἀποκρινάμενοι τὰ δέοντ' αὖ εἴητ' ἐψηφισμένοι ταῦτ' ἦδη λέξω Dem Fil II 28 (Sidgwick, 1951, p.102-103).
- (2) Wanneer twee of meer voorwaardelike sinne by dieselfde apodosis staan, gaan beide die apodosis vooraf, bv. . . . ἐὰν δὲ ἡδέα πρὸς λυπρά, ἐὰν μὲν τὰ ἀνιαρὰ ὑπερβάλληται ὑπὸ τῶν ἡδέων, . . . ταύτην τὴν πράξιν πρακτέον Plato Prot 356b, of die een protasis staan voor en die ander na die apodosis, bv. ἦν μὲν πόλεμον αἰρῆσθε, μηκέτι ἦκετε δεῦρο ἄνευ ὀπλων, εἰ σωφρονεῖτε Xen Cyrop III 2.13 (Smyth, 1956, p.536-537).

HOOFSTUK II

STILISTIESE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

Dat woordorde in Grieks nie alleen deur taalkundige determinante, wat in Hoofstuk I bespreek is, bepaal word nie, is uit die staanspoor duidelik. Denniston (1952, p.44) wys daarop dat dit nie moontlik is om 'n studie van Griekse woordorde te beperk tot blote taalkunde nie - indien stilistiese faktore (soos die logiese en retoriese) buite rekening gelaat word, kan 'n woordorde-studie, aldus Denniston, tot geen ander konklusie kom as dat Griekse woordorde vry is nie.

Taalkundiges is geneig om die woordorde wat bepaal word deur taalkundige determinante as "natuurlik" of "habituëel" te aanvaar en alle afwykings daarvan as "onnatuurlik" of "okkasioneel", bv. Delbrück (1900, p.38) en Schwyzer (1950, p.691). Frisk (1932, p.34) gebruik die terme "gewöhnlich" en "psychologisch", maar daardeur beland hy in die onbevredigende en enigszins verwarrende onderskeid tussen die "grammatische Subjektswort" wat optree as "psychologische Prädikat", en die "thematischen Verba" wat optree as "psychologische Subjekt" (Frisk, 1932, p.36-82). In werklikheid bestaan daar nie 'n "normale" of "abnormale" woordorde nie - inderdaad kan 'n sekere volgorde afwykend wees van die eis van één prinsipe van woordorde-determinasie, bv. die leksikale, maar dan is dit omdat dit voldoen aan die eis van 'n ander prinsipe, bv. die retoriese. Feitlik in elke sin kom prinsipes van woordorde-determinasie met mekaar in botsing: 'n Skrywer laat nou die een prinsipe optree as determinant, dan weer die ander; by sommige skrywers sal een prinsipe oor die algemeen voorkeur geniet, by ander weer 'n ander (Denniston, 1952, p.44).

Dit blyk dat logiese en retoriese determinante (Denniston,

1952, p.44) nie die enigste faktore is wat naas taalkundige determinante optree nie. Sidgwick (1964, p.100-103), Stuart (1841, p.296) en ander taalkundiges merk op dat woorde dikwels in 'n sekere volgorde gerangskik word ter wille van beklemtoning, eufonie en helderheid. Dover (1960, p.3-4) en Winer (1877, p.684) identifiseer nóg twee determinante van woordorde, nl. die sosiaal-tradisionele en die psigologiese. Rife (1933, p.244) wys daarop dat daar in die ποίησις nog 'n bykomstige determinant in werking tree, nl. die invloed van ander tale. Daar kan sekerlik ook nog ander determinante van woordorde onderskei word, soos byvoorbeeld ritme, stylfigure, konteks en gewoonte van die skrywer. Dit blyk egter dat die skrywers van die Nuwe Testament nie ritme nagestreef het nie. Ook psigologiese determinante is moeilik naspourbaar. Dit is wel moontlik om, aan die hand van oorwegings met betrekking tot beklemtoning (emfase), stylfigure, retoriese strukture, klank (estetiese oorwegings), sosiale en tradisionele invloed, invloed van ander tale, die konteks, en die gewoonte van die skrywer, met 'n mindere of meerdere mate van sekerheid vas te stel waarom 'n skrywer woorde in 'n sekere volgorde rangskik.

1. EMFATIESE DETERMINANTE

Emfatiese determinante het die dieselfde wyse van funksionering in die Klassieke literatuur as in die Nuwe Testament. Daarom word die voorkoms daarvan in Nuwe Testamentiese Grieks en in Klassieke Grieks nie afsonderlik behandel soos in die vorige hoofstuk nie. Die enigste verskil wat daar bestaan, is die frekwensie van implementering deur die individuele skrywers. Uiteraard tree beklemtoning as prinsipe van woordorde-determinasie meer op die voorgrond in die Sendbriewe van die Nuwe Testament en in die Klassieke filosofiese en letterkundige geskrifte as in werke met 'n historiese

karakter.

Wundt (Völkerpsychologie II.2, p. 359, aangehaal deur Kieckers, 1911, p.7) sê: "Wo die Wortstellung frei, nicht durch eine überlieferte feste Norm oder durch andere Bedingungen gebunden ist, da folgen sich die Wörter nach dem Grade der Betonung der Begriffe." Hierdie stelling hou egter nie die volle waarheid in nie, want dit hou nie rekening daarmee dat, naas die aanvangsposisie, ook nog eindposisie beklemtoning meebring (Humbert, 1954, p.97-98; Kieckers, 1911, p.2; Robertson, 1923, p.412). In hierdie verband sê Kühner: "Wenn das Subjekt besonders ausgezeichnet werden soll, so wird es an das Ende des Satzes gestellt; und wenn in einem Satze zwei Wörter durch die Stellung hervorgehoben werden sollen, so tritt das eine an die Spitze des Satzes, während das andere die letzte Stelle einnimmt" (Kühner, 1870, p.1099).

Dit blyk dat beklemtoning oor die algemeen bewerkstellig word deur disjunksie: Die woord waaraan spesiale aandag verleen wil word, word uit sy gewone posisie, dit wil sê die plek waar dit deur die leser verwag word, verwyder en elders geplaas, normaal= weg aan die begin of aan die einde van die sin. So maak die skrywer seker dat die woord wel opvallend sal wees vir die leser. Emfatiese woorde kan dus op een van drie plekke in die sin staan:

1.1 Aanvangsposisie

Daar bestaan talryke voorbeelde van woorde wat in aanvangsposisie emfaties is:

- (1) Selfstandige naamwoorde, bv. ἀγάπην δὲ μὴ ἔχω 1 Kor 13:1;
ἀναγνώρισις δὲ τί μὲν ἐστίν, εἴρηται πρότερον Aristot Ars Poet 1454b. Die ongewone posisie van die vraagwoord in die voorbeeld uit die Ars Poetica versterk die klem op ἀναγνώρισις.

- (2) Byvoeglike naamwoorde, bv. μακάριοι οἱ κλαίοντες νῦν Lk 6:21; συνήθης ἤδη μοῦ ἐστίν, ὦ Σώκρατες, διὰ τὸ πολλάκις δεῦρο φοιτᾶν Plato Krito I 43a. Die ongewone posisies wat ἤδη en μοι (Plato) inneem ten gunste van συνήθης plaas verdere klem op die byvoeglike naamwoord.
- (3) Bywoorde, bv. ὡς ὁσὺς καὶ δικαίως καὶ ἀμέμπως ὑμῖν τοὺς πιστεύουσιν ἐγενήθημεν 1 Ts 2:10; διαφερόντως γὰρ δὴ καὶ τόδε ἔχομεν Thuk II 40.3.
- (4) Voorsetselfrases, bv. ἐκ γὰρ περισσεύματος καρδίας λάλει τὸ στόμα αὐτοῦ Lk 6:45; περὶ μὲν οὖν τῆς ἐν ἑξαμέτροις μνημτικῆς καὶ περὶ κωμῳδίας ὕστερον ἐροῦμεν· περὶ δὲ τραγῳδίας λέγωμεν Aristot Ars Poet 1449b.

Die volgende faktore moet egter in gedagte gehou word:

- a. Woorde wat reeds op grond van morfologiese of semantiese oorewegings aanvangsposisie verkies (vgl. 2.1.1.3, p.21-22 en 2.1.2.3, p.24-25 hierbo) is uiteraard nie opvallend in aanvangsposisie nie. Derhalwe word sulke woorde elders in die sin geplaas ten einde dit opvallend te maak en sodoende te beklemtoon, bv. ὁ θρόνος σου, ὁ θεός, εἰς τὸν αἰῶνα τοῦ αἰῶνος Heb 1:8; εἰ τοῦνυν ὁ Φύλιππος τότε ταύτην ἔσχε τὴν γνώμην Dem Fil I 41.5.
- b. Gewone M-woorde word vanselfsprekend dikwels in aanvangsposisie aangetref sonder dat hulle noodwendig emfaties is. Nie elke woord wat in aanvangsposisie teëgekom word is emfaties nie - ander determinante as emfatiese determinante kan tog ook veroorsaak dat 'n woord in aanvangsposisie geplaas word. In die volgende voorbeelde staan nie-emfatiese selfstandige naamwoorde (M-woorde) in aanvangsposisie: οἱ δὲ στρατιῶται ἡγαγον αὐτὸν ἔξω τῆς αὐλῆς Mk 15:16; αἱ μὲν σπονδαὶ ἐπὶ τούτοις ἐγένετο Thuk IV 16.3.
- c. Vanweë die emfatiese aard van aanvangsposisie, is die woord

wat die tweede posisie inneem in die skaduwee van die eerste en is gevolglik nie-emfaties. Dit bied 'n verklaring vir die voorliefde van q-partikels om tweede in die sin te staan (vgl. 2.1.2.1.1, p.22 hierbo).

1.2 Eindposisie

Woorde in eindposisie is meer dikwels nie-emfaties as emfaties. Kieckers (1911, p.2) reken dat die eindposisie vir beklemtoning gebruik word slegs wanneer die aanvangsposisie reeds in beslag geneem is deur 'n ander emfatiese element of deur 'n woord wat vanweë verbondenheid aan die voorafgaande aan die begin van die sin staan, bv. ταῦτα πάντα ἐφύλαξα ἐκ νεότητος Lk 18:21.

Aangesien dit vir die meeste woorde en woordsoorte nie ongevoel is om in eindposisie te staan nie, is hulle dus slegs onder besondere omstandighede in eindposisie emfaties, nl. in die volgende gevalle:

- (1) Woorde wat normaalweg aanvangsposisie verkies (M^a -woorde), is emfaties in eindposisie, bv. die emfatiese persoonlike voornaamwoord in ταύτην τὴν γνώμην ἔχω ἔγωγε Dem Cor 18.62; die demonstratiewe bywoord in τέκνον, τί ἐποίησας ἡμῖν οὕτως; Lk 2:48; die vraagwoord in τρέφεται δὲ, ὃ Σώκρατες, ψυχὴ τέλει; Plato Prot 313c.
- (2) Emfatiese woorde word soms tot die einde van 'n sin teruggehou met die oog op spanningseffek of verrassingseffek, bv. κύριος γὰρ ἐστὶν τοῦ σαββάτου ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου Mt 12:8; ταῦτα πάντα ἐγὼ ἐποιοῦν, ὃ παῖδες, ὑγιεινῶς-Plato Gorg 522a (Abel, 1927, p.361; Frederickson, 1972, p.13).
- (3) Wanneer die woord se eindposisie gepaard gaan met ander omstandighede wat dit emfaties maak (vgl. 1.4, p.63 hieronder).

1.3 Disjunksie

Woorde wat in die middel van die sin staan vang selde die oog van die leser. Demetrius sê: "πάντες γοῦν ἰδίως τῶν τε πρώτων μνημονεύομεν καὶ τῶν ὑστέρων, καὶ ὑπὸ τούτων κινούμεθα, ὑπὸ δὲ τῶν μεταξύ ἑλλατον ὥσπερ ἐγκρυπτομένων ἢ ἐναφανιζομένων" (Demetrius, περὶ ἐρμηνείας 39). Die enigste manier waarop sulke "ἐγκρυπτόμενα ἢ ἐφανιζόμενα" in die kalklig geplaas kan word, is deur hulle weg te neem uit die woordgroepe waaraan hulle behoort en hulle dan elders in die sin te plaas, dit wil sê deur disjunksie. Green sê: "Constructions that apparently violate the simplicity of speech may generally also suggest some special emphasis" (Green, 1886, p.350).

Die volgende soorte disjunksie kom algemeen voor:

- (1) Skeiding van die naamwoord en die adnominale genitief, bv.
ὥστε γυναῖκα τενα τοῦ πατρὸς ἔχειν 1 Kor 5:1; ὅτε οὐδὲν ὃ ἄνδρες 'Αθηναῖοι τῶν δεόντων ποιοῦντων ὑμῶν κακῶς τὰ πράγματα ἔχει Dem Fil I 2;
- (2) In die Nuwe Testament word die adnominale genitief beklemtoon deur dit nie na die substantief te plaas nie, maar voor, bv. θεοῦ υἱός Mt 14:33, waar die bedoeling nie "die Seun van God" is nie, maar "God se Seun" (Frederickson, 1972, p.18-21);
- (3) Skeiding van die selfstandige naamwoord en die byvoeglike naamwoord, bv. ὅμῃν οὖν ἡ τιμὴ τοῖς πιστεύουσιν 1 Pt 2:7; ἔνδοθεν δὲ ἀνοιχθεὶς πόσης οἴεσθε γέμετ, ὃ ἄνδρες συμποταί, σωφροσύνης Plato Symp 216d;
- (4) Skeiding van ander saamhorige groepe, bv. ἐὰν ταῖς γλώσσαις τῶν ἀνθρώπων λαλῶ καὶ τῶν ἀγγέλων 1 Kor 13:1; εἰ μὲν δώσει τῶν ἐπιτηδευμάτων Τύμαρχος δύκην Aeschin I 92;

Die volgende moet egter in gedagte gehou word:

- a. Skeiding gee gewig aan meer as een element in die groep, bv.

χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη Gl 1:3. Denniston beskryf die effek soos volg: "Striking colours, placed side by side, kill each other: divided by intervening neutral tints, each produces its full effect" (Denniston, 1952, p.51).

- b. Dikwels word twee saamhorige woorde van mekaar geskei om ander woorde wat dan tussen die twee saamhorige woorde geplaas word tot 'n eenheid saam te voeg, bv. οἱ δὲ τινες τῆς αὐτῆς γνώμης ἀλόγοι κατέφυγον Hdt I 107.
- c. Soms staan 'n woord in 'n ongewone eindposisie terwyl dit duidelik nie die bedoeling van die skrywer was om dit te beklemtoon nie, bv. οἱ δὲ ἀρχιερεῖς καὶ οἱ γραμματεῖς ἐζητοῦν αὐτὸν ἀπολέσαι καὶ οἱ πρῶτοι τοῦ λαοῦ Lk 19:47. Winer (1877, p.687-690) stel voor dat sulke gevalle beskou word as 'n soort "naskrif" van die skrywer, wat hy van plan was om vroeër in die sin te plaas, maar wat hom eers aan die einde bygeval het. Dit is inderdaad naïef om te aanvaar dat die Nuwe Testamentiese skrywers as't ware te lui was om sulke "foute" reg te stel. Die verklaring van hierdie gevalle sal beslis by ander prinsipies van woordorde-determinasie gesoek moet word.

1.4 Aanvangsposisie, eindposisie en disjunksie gekombineerd

Soms word 'n besondere emfatiese effek bereik deur twee saamhorige woorde te skei en dan die een in aanvangsposisie te plaas en die ander in eindposisie, bv. ὑμῖν οὖν ἡ τιμὴ τοῖς πιστεύουσιν 1 Pt 2:7. 'n Sprekende voorbeeld in die Klassieke literatuur kom voor in Plato Krito I 43c waar Sokrates vra τί δὲ οὕτω πρὸ ἀφ᾽ ἑαυτοῦ; en Krito antwoord ἀγγελάνα, ὃ Σώκρατες, φέρων χαλεπήν. Die emfatiese ἀγγελάνα χαλεπήν word van mekaar geskei en die twee woorde neem onderskeidelik emfatiese aanvangs- en eindposisie in.

2. STYLEFIGURE

2.1 Die invloed van Klassieke en Ou Testamentiese literatuur

Vir die Griek van die Antieke tyd was dit belangrik om in enige vorm van die geskrewe taal aandag te gee aan allerhande stylfynghede. Dit kon nie anders nie, want die Griek het so grootgeword. Die Griekse onderwysstelsel was daarop gemik om 'n kunnsbesef by leerlinge te kweek: Daar is begin met Homeros, daarna is oorgesien na die tragediedigters en dan na Demosthenes. Die gevolg hiervan was dat die Klassieke skrywers en digters besonder baie aandag moes gee aan styl. Dit is van hulle verwag. Die toets van 'n goeie stuk letterkunde was: Dit moet mooi klink (Louw, 1967, p.3-4). Die Klassieke skrywers was inderdaad bewus van hierdie eis. Aristoteles (Ars Poetica 1458b-1459a) wys byvoorbeeld daarop dat sommige kritici kla dat digters nie-alledaagse frases skep, soos $\delta\omega\mu\acute{\alpha}\tau\omega\upsilon\varsigma$ $\acute{\alpha}\pi\omicron$ in plaas van $\acute{\alpha}\pi\omicron$ $\delta\omega\mu\acute{\alpha}\tau\omega\upsilon\varsigma$. Hierdie kritici, sê hy, is blykbaar onbewus daarvan dat vreemdheid van inkleding juis bedoel is om die taal uit te hef bo die alledaagse, 'n middel wat noodsaaklik is vir die skryf van goeie poësie.

Die stilistiese sensitiwiteit van die Grieke het vanselfsprekend ook hulle spreektaal beïnvloed (Louw, 1967, p.3-4). Hierdie stylvolle taal is deur Alexander die Grote die wêreld ingedra en was met die koms van die Christendom reeds gevestig. Rademacher (1911, p.5-7) meen dat daar inderdaad in die papiri tekens is van aangeleerde en kunsmatige rangskikkingspatrone van woorde wat mimeties is van een of ander styl. Hy sê: "Es gibt in dieser Zeit auch nicht einen Autor der nicht Gelehrtes, Gelerntes in der Grammatik und im Wortschatz aufzuweisen hätte. Diese Regel gilt so gut für Polybios, bei dem sich zweifellos Spuren der Nachahmung attischer Autoren finden, wie für Philo oder des Neue Testament

oder Epiktet" (Rademacher, 1911, p.4).

Veral van twee dinge het die Hellenistiese skrywers 'n μέμνησις gemaak: Die taalgebruik van die Klassieke skrywers en die retoriek. Die resultaat was 'n poëtiese taal in 'n retoriese prosa (Rademacher, 1911, p.1-4).

Ooglopende μέμνησις van die Klassieke stylfigure, waaraan die Hellenistiese skrywers hulle skuldig gemaak het, was in 'n mindere mate aanwesig by die skrywers van die Nuwe Testament.

Moulton (1929) meen dat daar geen Nuwe Testamentiese retoriek bestaan nie, maar erken: ". . . it exhibits many of the peculiarities of human speech which the rhetoricians have discussed" (Moulton-Howard-Turner, 1929, p.2-3). Louw (1967, p.6) wys daarop dat daar wel verskynsels van die Klassieke prosakuns in die Nuwe Testament voorkom, maar dat dit in 'n gans verskillende vorm gegiet is. Hierdie ander vorm het ontstaan veral onder verryking van die Ou Testamentiese literatuur. Daarby het ook gekom die strewe van die Nuwe Testamentiese skrywers tot die gladde verloop van die sin. Hulle doelwit was nie, soos by die Klassieke skrywers, om te beïndruk met mooi stylvolle taal nie, maar om die boodskap so duidelik as moontlik aan die lesers oor te bring. Louw (1967, p.6) beskou hierdie strewe as uitgespreek in 1 Kor 2:1: "Toe ek na julle gekom het, broeders, het ek nie die verborgenheid van God aan julle met voortreflikheid van woorde verkondig nie."

Die Klassieke retoriek het na die tyd van die Nuwe Testament sy stempel op die geskrifte van die kerkvaders afgedruk, veral vanweë die invloed van die Atticiste. Moulton sê: "Clement of Alexandria was Atticising for the same motive that made Paul Hellenise. Cultured people would not read a book written in the vulgar tongue, and Clement was eager by all means to gain some" (Moulton-Howard-Turner, 1929, p.3). Bölig (1956, p.240-241) meen dat die kerkvaders veral gebruik gemaak het van parallelismus mem-

brorum en chiasmus. Die strewe na 'n μέγιστος van die Klassieke kunsprosa het tot in die Middeleeue bly voortleef: Tot in die sewende eeu is die Rhetores Graeci in die Europese skole bestudeer (Louw, 1967, p.4).

2.2 Stylfigure in die Nuwe Testament wat woordorde beïnvloed

Dit blyk dat die meeste stylfigure in die Nuwe Testament ook in 'n mindere of meerdere mate in die Klassieke kunsprosa aanwesig is. Sommige stylfigure is uiteraard eie aan die Nuwe Testament, bv. aanhalings uit die Ou Testament (hoewel aanhalings wat die Attiese redenaars maak uit die Griekse digkuns as eweknie in die Klassieke literatuur beskou kan word). Derhalwe word daar in hierdie afdeling by elke stylfiguur wat bespreek word, naas 'n voorbeeld uit die Nuwe Testament, ook 'n voorbeeld uit die Klassieke literatuur gegee, tensy die betrokke stylfiguur nie in die Klassieke literatuur voorkom nie. Natuurlik het nie alle stylfigure 'n invloed op woordorde nie. Die volgende stylfigure het, sover as wat vasgestel kon word, geen invloed op woordorde nie: anadiplosis, aporia, aposiopesis, asindeton, bragilogie, ellips, eufemisme, hendiadis, litotes, metonimia, paralipsis, pleonasme, polisindeton, constructio praegnans, sinekdogee en zeugma. Die volgende stylfigure (in volgorde van frekwensie waarin Lukas daarvan gebruik maak) het wel 'n invloed op woordorde:

- (1) Hiperbaton, dit is die opvallende skeiding van saamhorige woorde met die oog op beklemtoning. Hierdie stylfiguur is reeds volledig behandel (vgl. p.58-63 hierbo).
- (2) Parallelismus membrorum (ἰσοκωλία), wat in die Nuwe Testament dikwels gestel word in die vorm van parallelle woorde (Green, 1886, p.354; Moule, 1953, p.194; Böhlig, 1956, p.240; Louw,

1967, p.7), bv. Lk 7:32:

ηὐλίσσαμεν ὑμῖν καὶ οὐκ ὥρχήσασθε·

ἐθρηνήσαμεν καὶ οὐκ ἐκλαύσατε.

Ook in die Klassieke literatuur is hierdie stylfiguur algemeen aangewend (Louw, 1967, p.5; Smyth, 1956, p.680), bv. Plato Leg 906a:

φθείρει δὲ ἡμᾶς ἀδικία καὶ ὕβρις μετὰ σωφροσύνης,

σφύζει δὲ δικαιοσύνη καὶ σωφροσύνη μετὰ φρονήσεως,

met twee κῶλα op die patroon abbc / abbc. Veral in katalogiese styl word parallelismes baie gebruik, bv. in die saligsprekinge. 'n Voorbeeld van geforseerde parallelisme kom voor in 2 Kor 5:13 (Moule, 1953, p.195):

εἴτε γὰρ ἐξέστημεν, θεῷ·

εἴτε σωφρονοῦμεν, ὑμῖν.

- (3) Chiasmus (ἐπάνοδος) is soms heeltemal spontaan in die Nuwe Testament (Moule, 1953, p.193; Green, 1886, p.355; Bölig, 1956, p.241; Blass-Debrunner, 1962, p.252), bv. Lk 16:13:

ἢ γὰρ τὸν ἓνα μισήσεις καὶ τὸν ἕτερον ἀγαπήσεις,

ἢ ἑνὸς ἀνθεξέεται καὶ τοῦ ἑτέρου καταφρόνησει.

'n Minder ooglopende chiasme kom voor in Flm 5:

ἀκούων σου τὴν ἀγάπην καὶ τὴν πίστιν ἣν ἔχεις

πρὸς τὸν κύριον Ἰησοῦν καὶ εἰς πάντας τοὺς ἁγίους.

Chiasmes kom ook dikwels voor in Klassieke prosa (Kühner, 1870, p.1103; Humbert, 1954, p.96; Louw, 1967, p.6), bv. Thuk II 83.5:

τὰς πρώρας μὲν ἔξω, ἔσω δὲ τὰς πρύμνας.

Ook in Plato Gorg 527e:

τοὺς νεωτάτους ἡμῶν διαφθείρει τέμνων τε καὶ καίλων,

καὶ ἰσχαλύνων καὶ πνύγων ἀπορεῖν ποιεῖ.

Tog kom chiasmus selde voor by die Atticiste, soos by Lukianos, so asof hulle dit as 'n tipiese Hellenistiese verskynsel beskou het (Schmid I, 1889, p.419).

- (4) Antitese of oksimoron (Abel, 1927, p.365; Moule, 1953, p.194; Louw, 1967, p.5) word die beste bewerkstellig deur teenoorgesteldes in juxtaposisie te plaas (Aristot τέχνη ῥητορικὴ 1405a). 'n Spreekende voorbeeld kom voor in Lk 11:23: ὁ μὴ ὦν μετ' ἐμοῦ κατ' ἐμοῦ ἐστίν. In Jh 13:6 word die twee teenoorgesteldes boonop beklemtoon deur disjunksie: σύ μου νύπτεῖς τοὺς ποδᾶς; Ook in die Klassieke literatuur kom antitese dikwels voor, bv. νόμος ἄνομος Aesch Agam 1142; ἄχαρις χάρις Aesch Prom 545 (Smyth, 1956, p.680). Kombinasie van antitese en parallelismus membrorum kom dikwels voor by Paulus, Matteus en Lukas, bv. ὁ πιστός ἐν ἐλαχίστῳ καὶ ἐν πολλῷ πιστός ἐστίν

καὶ ὁ ἐν ἐλαχίστῳ ἄδικος καὶ ἐν πολλῷ ἄδικός ἐστίν Lk 16:10.

- (5) Antistroke (Abel, 1927, p.367; Smyth, 1956, p.674), dit is waar twee opeenvolgende sinne op presies dieselfde woorde eindig, is verwant aan parallelismus membrorum. Voorbeelde van antistroke in die Nuwe Testament kom voor in Kol 1:28:

νοθετοῦντες πάντα ἄνθρωπον
καὶ διδάσκοντες πάντα ἄνθρωπον
 en Lk 12:56:

τὸ πρόσωπον τῆς γῆς καὶ τοῦ οὐρανοῦ οἴδατε δοκιμάζειν,
τὸν καιρὸν δὲ τοῦτον πῶς οὐκ οἴδατε δοκιμάζειν;

'n Voorbeeld van antistroke in die Klassieke literatuur kom voor in Aeschin III 198:

ὅστις δὲ ἐν τῷ πρώτῳ λόγῳ τὸν ψῆφον αἵτεῖ,
ὄρκον αἵτεῖ,
νόμον αἵτεῖ,
δημοκρατίαν αἵτεῖ.

- (6) Anastroke (Abel, 1927, p.369; Smyth, 1956, p.673-674), dit is die onmiddellike herhaling van 'n woord, word in die Nuwe Testament o.a. gevind in Lk 6:39: μήτι δύνανται τυφλὸς τυφλὸν ὁδηγεῖν, en 1 Kor 7:27: δέδεσσαι γυναῖκα; μὴ ζητεῖ λύσιν· λέλυσαι

ἀπὸ γυναικός; μὴ ζητείει γυναῖκα. 'n Voorbeeld van anastrofe in die Klassieke prosa kom voor in Dem Ctes VIII 13:οὐ δῆπου Κτησιφῶντα δύναται διώκειν δι' ἐμέ, ἐμε δ' εἴπερ ἐξελέγξειν ἐνόμιζεν, αὐτὸν οὐκ ἂν ἐγράφατο.

- (7) Suiwer aanhalings uit die Ou Testament waarin die woordorde van die Septuagint behou word, kom dikwels voor in die Nuwe Testament (Green, 1886, p.356; Robertson, 1923, p.422), bv. die aanhaling van 2 Kon 1:10,12 in Lk 9:54: θέλετε εἴπωμεν πῦρ καταβῆναι ἀπὸ τοῦ οὐρανοῦ καὶ ἀναλῶσαι αὐτούς;
- (8) Casus pendens (Burney, 1922, p.63-65; Grant, 1951, p.115-116) word gewoonlik gevind in die uitsprake van Jesus, veral in die Evangelie volgens Johannes, bv. ᾧσοι δὲ ἔλαβον αὐτόν, ἔδωκεν αὐτοῖς ἐξουσίαν Jh 1:12. As voorbeeld uit die sinoptici dien Lk 12:10: πᾶς ὃς ἐρεῖ λόγον εἰς τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου, ἀφεθήσεται αὐτῷ. Die Attiese redenaars het casus pendens algemeen aangewend (Black, 1946, p.51), bv. περὶ ᾧ ἑκάτεροι σπουδάσετε, ταῦτα ἄμεινον ἑκατέρους ἔχει Dem Fil II 4.
- (9) Klimaks (Abel, 1927, p.366) is 'n stylfiguur wat dikwels in die Ou Testament en in die Nuwe Testament voorkom, bv. Rm 5:3: ἡ θλιψις ὑπομόνην κατεργάζεται,
 ἡ δὲ ὑπομόνη δοκιμήν,
 ἡ δὲ δοκιμή ἐλπίδα,
 ἡ δὲ ἐλπὶς οὐ κατασχύνει.
- In 'n klimaks word woorde so gerangskik dat die laaste woord van elke frase die eerste woord is van die volgende, terwyl die mededeling in gewig toeneem na die einde toe - die laaste skakel in die gedagteketting vorm die klimaks en is gewoonlik in een of ander opsig verskillend van die ander skakels. In teenstelling met die Ou Testament en die Nuwe Testament is die klimaks as stylfiguur baie seldsaam in die Klassieke literatuur. Dit is dus waarskynlik dat die skrywers van die Nuwe

Testament die klimaks as stylfiguur ontleen het aan die Ou Testament en nie aan die Klassieke kunsprosa nie. 'n Voorbeeld van 'n klimaks in die Klassieke literatuur kom voor in Dem Ctes 179: οὐκ εἶπον μὲν ταῦτα, οὐκ ἔγραφα δέ,

οὐδ' ἔγραφα μὲν, οὐκ ἐπρέσβευσα δέ,

οὐδ' ἐπρέσβευσα μὲν; οὐκ ἔπεισα δὲ θηβαίους.

- (10) Prolepsis (Robertson, 1923, p.423; Abel, 1927, p.363; Wellhausen, 1911, p.11; Blass-Debrunner, 1962, p.252) kom dikwels voor in die Nuwe Testament, bv. τὴν ἀγαπὴν ἵνα γνῶτε 2 Kor 2:4; ἰδεῖν τὸν Ἰησοῦν τίς ἐστίν Lk 19:3. Ook in die Klassieke geskifte kom prolepsis voor (Kühner, 1870, p.1100; Humbert, 1954, p.97; Smyth, 1956, p.683), bv. θεμιστοκλέα οὐκ ἀκούεις ἄνδρα ἀγαθὸν γεγονότα; (Humbert, 1954, p.97).

Schwyzer (1950, p.697) waarsku daarteen om nie te gou 'n stylfiguur in 'n sin te wil soek nie. 'n Geval van slegs oënskynlike parallellisme kom byvoorbeeld voor in 1 Kor 15:51:

πάντες οὐ κοιμηθησόμεθα,

πάντες δὲ ἀλλαγησόμεθα,

waar οὐ, aldus Moule (1953, p.168), nie, soos te wagte is, voor πάντες staan nie, maar daarna, ten einde 'n teëwig te vorm vir die δέ in die tweede been van die parallel. Robertson (1923, p.423) dui egter aan dat nie πάντες genegativeer word nie, maar κοιμηθησόμεθα. Die vertaling lui dus in plaas van "nie almal sal slaap nie", "almal sal nie slaap nie". Hier is dus geen sprake van disjunksie ter wille van parallelismus membrorum nie.

Veral in die historiese gedeeltes van die Nuwe Testament moet daar gewaak word teen die oorgretige identifisering van stylfigure. Geskiedenis is mededelend van aard en dus moet dit eenvoudig en reguit wees, waartoe 'n vloeiende styl wat vry is van allerhande stylfigure bydra. In die dialoog-gedeeltes of in die briewe, wat uit die aard van die saak lewendiger is as historiese mede-

mededelings, kom stylfigure meer algemeen voor.

3. RETORIESE STRUKTURE

Stylfigure in die Nuwe Testament word nie altyd so simplisties geïmplementeer soos wat uit bostaande afdeling mag voorkom nie. Menigmaal word nie slegs enkele woorde of woordgroepe parallel of chiasities of antitetities of anastrofies, ens., gestel nie, maar ook sinne, perikope, paragrawe en hoofstukke. In sulke uitgebreide stylfigure, of stilistiese sinsboustrukture, is gewoonlik nie woorde nie, maar gedagtes betrokke. 'n Bekende voorbeeld van gedagte-chiasme kom voor in Mt 7:6:

μή ὥστε τὸ ἅγιον τοῖς κυσίν, _____
μηδὲ βάλητε τοὺς μαργαρίτας ὑμῶν ἔμπροσθεν τῶν χοίρων, _____
μήποτε καταπατήσουσιν αὐτοὺς ἐν τοῖς ποσὶν αὐτῶν _____
καὶ στραφέντες ῥήξωσιν ὑμᾶς. _____

Louw (1967, p.8-9) identifiseer 'n eenvoudige voorbeeld van 'n chiasitiese patroon waarin ook antitese, antistrofe en parallelisme voorkom in Kol 3:3v:

ἀπεθάνετε γάρ, _____
καὶ ἡ ζωὴ ὑμῶν _____
κέκρυπται _____
σὺν τῷ Χριστῷ, _____
ὅταν ὁ Χριστὸς _____ **parallelisme** **antitese** **antistrofe** **antitese**
φανερωθῇ, _____
ἡ ζωὴ ὑμῶν _____
τότε καὶ ὑμεῖς σὺν αὐτῷ φανερωθήσεσθε ἐν δόξῃ. _____

Oor die algemeen is hierdie strukture meer ingewikkeld en uitgebreid as die genoemde voorbeelde en kan nie met die eerste

oogopslag geïdentifiseer word nie. Snyman (1977, p.7-10) ontleed Gl 5:16-26 se formele struktuur en vind dat die begrippe Gees - Vlees - Wet - Werke van die vlees en Vrug van die Gees - Wet -Vlees - Gees in 'n chiastiese patroon gerangskik is. Ook Louw (1976, p.125-175) gee talryke voorbeelde van soortgelyke analise van formele struktuur.

Strukturering van taal is nie beperk tot die toepassing van stylfigure nie, maar dit word in baie ander vorme gegiet. Struktuur is vanselfsprekend immer teenwoordig in en noodsaaklik vir 'n kombinasie van sinne wat 'n sinvolle mededeling vorm. Elke gebruiker van taal (mondeling of skriftelik) giet sy mededelings gedurig in strukture, doelbewus of spontaan, in opvallende of onopvallende strukture, hegte of losse strukture, met 'n kleiner of groter mate van sukses (Du Toit, 1974, p.55). Alle mededelings het byvoorbeeld, soos Aristoteles (Ars Poetika 1450b) sê, 'n begin, 'n middel en 'n einde. Verder het elk van dié drie afdelings 'n aantal bakens wat besoek moet word voordat die volgende afdeling aangeraak word. Hierdie bakens is sleutelwoorde, en sleutelwoorde word deur middel van woordorde uitgelig sodat hulle as bakens kan dien.

Strukturering in die Nuwe Testament is dan ook nie gerig op estetiese of retoriese effek nie, maar dit word altyd sō aangewend dat die sentrale tema van die perikoop, paragraaf, ens., in die kalklig gestel word. Jordan (1965, p.125) identifiseer vier algemene patrone waarin perikope gegiet word ten einde die sentrale tema uit te lig:

3.1 Die driehoekpatroon

Die tema word aan die begin vermeld en dan word daarop uit-

gebrei. So 'n struktuur word aangetref in Jk 1:19-27:

Eers word die inhoud van die hele betoog saamgevat in 3 punte:

- 19 ἔστω δὲ πᾶς ἄνθρωπος ταχύς εἰς τὸ ἀκούσαι A
βραδύς εἰς τὸ λαλῆσαι B
βραδύς εἰς ὀργῆν· C

Die motivering van C volg dan:

- 20 ὁργὴ γὰρ ἀνδρὸς δικαιοσύνην θεοῦ οὐκ ἐργάζεται.

en daaruit spruit 'n nuwe opdrag voort:

- 21 διὸ ἀποθιέμενοι πᾶσαν ῥυπαρίαν καὶ περισσεύαν κακίας ἐν πραΰτητι
δέξασθε τὸν ἔμφυτον λόγον τὸν δυνάμενον σῶσαι ψυχὰς ὑμῶν.

Daarna volg 'n opdrag met betrekking tot A:

- 22 γίνεσθε δὲ πολιταὶ λόγου καὶ μὴ ἀκροαταὶ μόνον παραλογιζόμενοι
ἑαυτούς.

en dan word die opdrag gemotiveer:

- 23 ὅτι εἴ τις ἀκροατὴς λόγου ἐστίν καὶ οὐ ποιητὴς, οὗτος ἔοικεν
 ἀνδρὶ κατανοοῦντι τὸ πρόσωπον τῆς γενέσεως αὐτοῦ ἐν ἐσώπτρῳ·
 24 κατενόησεν γὰρ ἑαυτὸν καὶ ἀπελήλυθεν καὶ εὐθέως ἐπελάθετο
 25 ὁποῖος ἦν. ὁ δὲ παρακύψας εἰς νόμον τέλειον τὸν τῆς ἐλευ-
 θερίας καὶ παραμεύνας, οὐκ ἀκροατὴς ἐπιλησμονῆς γενόμενος
 ἀλλὰ ποιητὴς ἔργου, οὗτος μακάριος ἐν τῇ ποιήσει αὐτοῦ ἔσται.


Ten slotte volg die motivering vir B:

- 26 εἴ τις δοκεῖ θρησκὸς εἶναι, μὴ χαλιναγωγῶν γλῶσσαν αὐτοῦ ἀλλὰ
ἀπατῶν καρδίαν αὐτοῦ, τούτου μάταιος ἡ θρησκεία.

en dit word afgesluit met die opdrag:

- 27 θρησκεία καθαρὰ καὶ ἀμίαντος παρὰ τῷ θεῷ καὶ πατρὶ αὕτη ἐστίν, ἐπισκέπτεσθαι ὀρφανούς καὶ χήρας ἐν τῇ θλίψει αὐτῶν, ἄσπιλον ἑαυτὸν τηρεῖν ἀπὸ τοῦ κόσμου.


Die patroon is dus:



Dit is opvallend dat die sleutelwoorde telkens in opsigtelike plekke geplaas is: In vers 20 word ὁργή deur aanvangsposisie en anastrofe beklemtoon; in verse 22 en 23 word ποιηταί/ἄκροαταί deur chiasme uitgelig bo die ander woorde; in verse 23-25 word die sleutelwoorde sien/vergeet in die patroon aab/aab gerangskik. Dit is ook baie opvallend dat Jakobus, wat in sy brief deurgaans klem lê op die werke van die geloof, die begrip "werk" oor die hele perikoop versprei (met stippellyne onderstreep hierbo) en ook die perikoop afsluit met 'n werksopdrag - hier is dus 'n tweede onderliggende struktuur te bespeur.

3.2 Wigpatroon

Die argument bou op tot die uiteindelijke vermelding van die hoofgedagte. Lk 1:13-17 is 'n goeie voorbeeld van 'n wigstruktuur: Die perikoop bestaan uit 12 κόμματα en 5 κῶλα:




Die hoofgedagte in die aankondiging van die engel is "Die wegbereiding", wat in die heel laaste κῶλον gestel word, en dit is benadruk deur aanvangs- en eindposisie. Die eerste vier κῶλα vorm die aanloop tot die hoofmoment. In volgorde word meegedeel wie die wegbereider sal wees (κῶλον A), wat die gevolg van sy geboorte sal wees (κῶλον B - let op die emfatiese begin- en eindposisie van χαρά/χαρήσονται), hoe hy sal wees (κῶλον C) en wat hy sal doen en hoe (κῶλον D). Die chiastiese patroon tussen μέγας - πνεύματος ἁγίου - πνεύματι - δυνάμει en κῶλα C en D is beslis opvallend, deurdat dit die sleutelwoorde in die twee κῶλα uitlig.

3.3 Die diamantpatroon

Soms word die kerngedagte van die perikoop vermeld, daarop uitgebrei, en ten slotte weer vermeld. Rm 13:1-5 vertoon 'n duidelike diamantstruktuur (vgl. die skematiese uiteensetting op p.76 hieronder). Die hoofgedagte, nl. "onderdanigheid aan die staat is 'n vereiste", word aan die begin en weer aan die einde gestel (die twee κῶλα gemerk A). In κῶλον B word die rede vir die eis tot onderdanigheid aangevoer, en die rede word weer op sy beurt gekwalifiseer deur κῶλον C (opstand teen die staat is opstand teen 'n goddelike instelling) en κῶλον D (vrees jeens die staat). Die twee elemente van κῶλον D, nl. τῷ ἀγαθῷ ἔργῳ en τῷ κακῷ (ἔργῳ) word elkeen opgeneem en verder omskryf in onderskeidelik κῶλον E en κῶλον F. Heel aan die einde word weer kort verwysings gemaak na die inhoud van κῶλον C en κῶλον D. Dit is opvallend hoedat die hoofmomente in κῶλα E en F beklemtoon word deur aanvangs- en eindposisie, en deur die parallelle θεοῦ γὰρ διάκονός ἐστιν in κόμματα 10 en 14. In κῶλον C word die sleutelwoorde ὁ ἀντετασσόμενος, ἀνθέστηκεν en οἱ ἀνθεστηκότες uitgelig deur aan=

vangsposisie en anastrofe.

'n Skematiese uiteensetting van Rm 13:1-5 sien soos volg daar uit:



3.4 Die uurglaspatroon

Uurglaspatrone begin met inleidende argumente, dan word die sentrale tema vermeld, en dan volg daar nog addisionele opmerkings oor die tema, soos bv. Lk 9:22-27:

- A
1. δεῖ τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου πολλὰ παθεῖν
 2. καὶ ἀποδοκιμασθῆναι ὑπὸ τῶν πρεσβυτέρων καὶ ἀρχιερέων καὶ γραμματέων
 3. καὶ ἀποκτανθῆναι
 4. καὶ τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ ἐγερθῆναι.
- ἔλεγεν δὲ πρὸς πάντας,
- B
5. εἰ δέ τις θέλει ὀπίσω μου ἔρχεσθαι
 6. ἀρνησάσθω ἑαυτὸν
 7. καὶ ἀράτω τὸν σταυρὸν αὐτοῦ καθ' ἡμέραν,
 8. καὶ ἀκολουθεῖτω μοι.
- C
9. ὃς γὰρ ἂν θέλει τὴν ψυχὴν αὐτοῦ σῶσαι,
 10. ἀπολέσει αὐτήν·
 11. ὃς δ' ἂν ἀπολέσῃ τὴν ψυχὴν αὐτοῦ ἕνεκεν ἐμοῦ,
 12. οὗτος σώσει αὐτήν.
- D
13. τί γὰρ ὠφελεῖται ἄνθρωπος
 14. κερδήσας τὸν κόσμον ὅλον,
 15. ἑαυτὸν δὲ ἀπολέσας
 16. ἢ ζημιωθείς;
- E
17. ὃς γὰρ ἂν ἀπαισχύνηται με καὶ τοὺς ἐμοὺς λόγους,
 18. τοῦτον ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἐπαισχυθήσεται,
 19. ὅταν ἔλθῃ ἐν τῇ δόξῃ αὐτοῦ καὶ τοῦ πατρὸς καὶ τῶν ἀγίων ἀγγέλων.
- F
- λέγω δὲ ὑμῖν ἀληθῶς,
20. εἰσὶν τινες τῶν αὐτοῦ ἐστηκότων οἳ οὐ μὴ γεύσονται θανάτου
 21. ἕως ἄν ἴδωσιν τὴν βασιλείαν τοῦ θεοῦ.

Die perikoop bestaan dus uit 21 κῶμματα wat saamgegroepeer kan word in 6 κῶλα. Die inhoud van Lk 9:22-27 blyk dus in opsomming die volgende te wees:

- | | | |
|----------------------------|---|---|
| 1. lyding | } | → A. Lyde en opstanding van die Seun van die mens |
| 2. verwerping | | |
| 3. sterwe | | |
| 4. opstanding | | |
| 5. volg | } | → B. Navolging van Christus |
| 6. selfverloëning | | |
| 7. kruisopname | | |
| 8. volg | | |
| 9. lewe red | } | → C. Die mens se lewe baat hom niks |
| 10. lewe verloor | | |
| 11. lewe verloor | | |
| 12. lewe red | | |
| 13. wins | } | In Christus lê die redding |
| 14. wins | | |
| 15. verlies | | |
| 16. verlies | | |
| 17. skaamte vir Christus | } | → D. Die wêreld baat hom niks |
| 18. skaamte vir die mens | | |
| 19. wederkoms van Christus | } | → E. Verwerping van Christus |
| 20. dood | | |
| 21. aanskou die Koninkryk | | |
| | | → F. Genade en opstanding van gelowiges |

Die verskillende $\kappa\alpha\lambda\alpha$ vorm dus 'n chiastiese patroon wat teëstel-
lings saambind en die sentrale temas omarm (ringskomposisie):

- | | |
|---|---|
| A. Die lyde en opstanding van die Seun van die mens | } |
| B. Navolging van Christus | |
| C. Die mens se lewe baat hom niks | |
| (In Christus lê die redding) | |
| D. Die wêreld baat hom niks | |
| E. Verwerping van Christus | |
| F. Genade en opstanding van die gelowiges | |
- paral=
tellisme antitese antitese

3.5 Breër strukture

Dit is wenslik om nie alleen die verhouding tussen die sinne en $\kappa\omega\lambda\alpha$ in 'n perikoop te bepaal nie, maar ook die verhouding tussen opeenvolgende perikope om sodoende die breë geheelstruktuur vas te stel. Louw (1973, p.102) wys daarop dat hoe langer die mededelings-eenheid is wat in 'n struktuur gegiet is, hoe ingewikkelder sal die struktuur wees, omrede die groter hoeveelheid "boustene".

Dit blyk byvoorbeeld dat die eerste drie hoofstukke van die Evangelie volgens Lukas baie sistematies saamgestel is. Daar is 'n definitiewe grondstruktuur wat die gang van die vertelling bepaal. Die hoofmomente van Lk 1:5-3:38 is die volgende:

- A. Die aankondiging van die geboorte van Johannes (1:5-25)
- B. Die aankondiging van die geboorte van Jesus (1:26-40)
- C. Bevestiging van die koms van die verlosser: Die lofsang van Maria (1:41-56)
- D. Die geboorte van Johannes (1:57-58)
- E. Die besnydenis en naamgewing van Johannes (1:59-66)
- F. Bevestiging van die koms van die Verlosser: Die lofsang van Sagaria (1:67-80)
- G. Die geboorte van Jesus (2:1-20)
- H. Die besnydenis en naamgewing van Jesus (2:21-24)
- I. Bevestiging van die koms van die Verlosser: Die profesie van Simeon (2:25-35)
- J. Bevestiging van die koms van die Verlosser: Die profesie van Anna (2:36-38)
- K. Die jeug van Jesus (2:39-52)
- L. Die wegbereiderswerk van Johannes (3:1-20)
- M. Die doop van Jesus: Waarlik Seun van God (3:21-22)
- N. Die geslagsregister van Jesus: Waarlik Seun van die mens (3:23-38)

Die fokuspunt van die vertelling staan aan die einde van hoofstuk drie: Dit is dus 'n wigstruktuur. Die hele struktuur is so ontwerp dat dit uit die staanspoor afstuur op die kerngedagte: "Jesus is waarlik Seun van God en waarlik Seun van die mens". Die kern=woorde word gevind in Lk 3:22: υἱός μου ἐστὶ σὺ en in Lk 3:23 ὡν υἱός, ὡς ἐνομίζετο, Ἰωσήφ. Dit is opvallend dat in vers 22 die sleutelwoorde υἱός μου beklemtoon word deur disjunksie en in vers 23 Ἰωσήφ, wat daar ook sleutelwoord is as aanduiding van die mens, ook beklemtoon word deur disjunksie (vgl. Hfst. VI 1.4, p. 174 hieronder).

Daar is ook 'n opvallende ooreenkoms tussen die parallelle gedeeltes in hierdie drie hoofstukke, bv. in die twee geboorteaankondigings:

Aankondiging van die ge=
boorte van Johannes (1:5-25)

Aankondiging van die ge=
boorte van Jesus (1:26-40)

v.5 datering

v.26 datering

v.26 verskyning van die engel

v.26 plek van aankondiging

v.5 ouers

v.27 ouers

v.5 afkoms van ouers

v.27 afkoms van ouers

v.7 rede van kinderloosheid

v.27 rede van kinderloosheid

(στεῖρα)

(ἐμνηστευμένην)

v.8-10 plek van aankondiging

v.11 verskyning van die engel

v.12 verwarring van Sagaria

v.29 verwarring van Maria

v.13 gerusstelling van die engel

v.30 gerusstelling van die engel

v.13 die aankondiging

v.31 die aankondiging

v.13 die naam van die kind

v.31 die naam van die Kind

v.14 hoe die kind sal wees

v.32 hoe die Kind sal wees

v.15 besondere gawe van God

v.32 besondere gawe van God

v.17 doel van God met die kind

v.33 doel van God met die Kind

v.18 Sagaria se twyfelende vraag

v.34 Maria se twyfelende vraag

v.19-20 die teken van die engel	v.35-37 die tekens van die engel
v.21-23 Sagaria se reaksie	v.38 Maria se reaksie
v.24-25 Elisabet kruip weg	v.39-40 Maria gaan besoek Elisabet

Desgelyks vertoon die twee geboorteverhale, die besnydenis en naamgewing en elk van die vier profesieë opvallende ooreenkomste.

3.6 Die voorkoms van retoriese strukture

- (1) Veral Paulus het 'n groot liefde vir strukturering. Die historiese boeke, daarenteen, is (soos by die aanwending van styl-figure) meer vloeiend en vry van opvallende strukture. Die gedeeltes wat in dialoogvorm geskryf is, wat uit die aard van die saak lewendiger is as historiese mededelings, is weer meer gestruktureerd.
- (2) Die skrywers van die Nuwe Testament het geweet dat die oormatige aanwending van strukture hinderlik kan word en dat die struktuur dan uiteindelik sy trefkrag kan verloor. Derhalwe is die intensiteit van struktuur in die Nuwe Testament soms losser, en dan verstewig dit weer, sodat die in-struktuur-gegote gedeeltes mag uitstaan bo die res.
- (3) Daar moet gewaak word teen die oorhaastige identifisering van strukture. Wanneer analise van formele strukture as doel en nie as middel nagestreef word nie, lei dit tot die subjektiewe "inlees" van strukture waar hulle in werklikheid nie bestaan nie.

4. ESTETIESE DETERMINANTE

Duidelikheid, eufonie en ritmiese oorwegings het soms ook 'n rol gespeel in die volgorde waarin woorde gerangskik is. Daar is

'n definitiewe verskil in die implementering van estetiese determinante in die Nuwe Testament en in die Klassieke literatuur. Derhalwe word die optrede van estetiese determinante in Nuwe Testamentiese Grieks afsonderlik bespreek van estetiese determinante in Klassieke Grieks.

4.1 Nuwe Testamentiese Grieks

Eufonie en ritmiese oorwegings is nie merkbaar nagestreef deur die Nuwe Testamentiese skrywers nie (Lindhamer, 1908, p.61). Die enigste sinne in die Nuwe Testament met bedoelde versmaat is die gevalle van suiwer aanhaling uit die Griekse poësie, nl. 'n halwe heksameter van Aratus in Hand 17:28: τοῦ γὰρ καὶ γένος ἐσμέν, 'n jambiese trimeter van Menandros in 1 Kor 15:33: φθεῖρουσιν ἥθη χρηστὰ ὀμιλεῖν κακαί, en 'n volledige heksameter van Epimenides in Tt 1:12: Κρήτες ἀεὶ φεῦσται, κακὰ θηρῖα, γαστέρες ἀργαί (Green, 1886, p.356). Hiaatvermyding oor die algemeen en derhalwe ook hiaatvermyding deur verandering in woordorde is nie deur die Nuwe Testamentiese skrywers nagestreef nie (Blass-Debrunner, 1962, p.67, 257), bv. δὲ ἐλσερχόμενος εἰς τὸν κόσμον Heb 10:5.

Duidelikheid is wel doelbewus nagestreef (Blass-Debrunner, 1962, p.67). Eendersklinkende en eendersvormige woorde is so verdoenlik van mekaar geskei en enige woordorde wat aanleiding kon gee tot onduidelikheid is vermy, bv. εἰ υἱὸς εἶ τοῦ θεοῦ Mt 27:40 (ook Lk 4:9).

4.2 Klassieke Grieks

4.2.1 Duidelikheid

Net soos in die geskifte van die Nuwe Testament is duidelikheid deur middel van woordorde nagestreef deur Klassieke skrywers (Sidgwick, 1964, p.101). Waar dit moontlik was, is woorde so gerangskik dat dit die maksimum duidelikheid in die hand werk, bv. ἵνα αὐτοῦ δέκα ἐτῶν μὴ ἀκούσειαν τῆς φωνῆς (in plaas van . . . δέκα ἐτῶν τῆς αὐτοῦ φωνῆς, wat 'n verwarrende opeenhoping van genitiewe sou veroorsaak het) Plato Gorg 516d (Humbert, 1954, p.97).

4.2.2 Hiaatvermyding

In teenstelling met die Nuwe Testament is woordorde gebruik om sover as moontlik hiatus te vermy, bv. ταύτας ἀρχὰς μὲν εἶναι τοῦ πολέμου φήσαμι ἄν (in plaas van ταύτας τοῦ πολέμου ἀρχὰς . . .) Polyb III 6.3 (Lindhaner, 1908, p.49,71). In navolging van die Klassieke skrywers het ook die Atticiste in die Christelike era hiaatvermyding nagestreef, bv. ὑπὸ παντὸς ἀεὶ τοῦ συντυχόντος (in plaas van ὑπὸ παντὸς τοῦ ἀεὶ συντοχόντος) Aristides XXVII 536.621 (Schmid II, 1889, p.286).

4.2.3 Fonetiese dissimilasie

Die strewe na fonetiese dissimilasie, dit wil sê die vermyding van eendersklinkende uitgangse in jukstaposisie, kom algemeen voor in Klassieke prosa, bv. ὥστε πανταχὴ θείας δεῦν τῆς βοηθείας ὡς ἀληθῶς Aristides Redevoerings 45.6. Die Atticiste van die Christelike era het hierdie strewe laat herleef, bv. Lukianos: καὶ γὰρ ἀγκύραις ἐχρῶντο μεγάλας ὑαλύναις καρτεραῖς Vera Hist I 42.10; dikwels is ook woorde wat slegs allitereer van mekaar geskei, bv. ὁ δ' ἱερεὺς τὸ βασιλικὸν ἐθεράπευσε βούλημα Theophylaktos 51.14 (Lindhamer, 1908, p.70; Schmid, 1889, II, p.284).

4.2.4 Ritmiese dissimilasie

Dionysios van Halikarnassos het ritmiese dissimilasie met die oog op 'n Klassieke styl by skrywers bepleit (Lindhamer, 1908, p.53-54). Dit beteken dat woorde met gelyke lettergreepgetal of gelyke aksent van mekaar geskei moet word, bv. (met gelyke lettergrepe) κατέβην χθὲς εἰς Πειραιᾶ μετὰ Γλαῦκωνος τοῦ Ἀρίστωνος Plato Rep 1.1; (met gelyke aksente) ἀθληταὶ γεγονότες ἀθηθαῖνοι τῶν κατὰ τὸν πόλεμον ἔργων Polyb I 6.6 (Denniston, 1952, p.41). Ook die Atticiste het gestreef na ritmiese dissimilasie, bv. ἱεραὶ ἑήμαι βελβύων ἱερῶν Aristides VIII 95.98 (Schmid, 1889, II, p.284-285).

5. SOSIAAL-TRADISIONELE DETERMINANTE

Die belangrike invloed wat elke gemeenskap het op die taal wat hy gebruik, het ook van die vroeg-Christelike gemeenskap uitgegaan op die κοινή van die eerste eeu. In sekere gevalle is hierdie invloed ook sigbaar in die woordorde. Die Christene het byvoorbeeld, onder invloed van die agting wat die Jode gahad het vir die geskrewe naam van God, gewoonlik spesiale sinsposisies aan die nomina sacra toegeken, sodat hulle opvallend mag wees. Frisk (1932, p.133-138) stel vas deur middel van statistiese waarneming dat ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου in die Nuwe Testament buitengewoon dikwels voorkom in aanvangsposisie, en ὁ θεός, ὁ κύριος en ὁ πατήρ buiten= gewoon dikwels in eindposisie. Hierdeur word dié woorde natuurlik in die kalklig gestel.

Daarbenewens is sekere selfstandige naamwoorde wat deur die vroeë Christene dikwels saam gebruik is, in geykte frases gegiet. Die naamwoorde in so 'n frase is dikwels gerangskik in die volgorde van die belangrikheid wat elke woord in die oë van die ge=

meenskap gehad het. Voorbeelde van sulke geykte frases is ἄνδρες καὶ γυναῖκες Hand 8:2; γυναῖκες καὶ παιδία Mt 14:21; πατὴρ καὶ μητὴρ Lk 14:26; ἀδελφοὶ καὶ ἀδελφαί Lk 14:26; οἱ πόδες καὶ χεῖρες Mt 22:13; σὰρξ καὶ αἷμα Mt 16:17; ὁ οὐρανὸς καὶ ἡ γῆ Mt 11:25; ἥλιος καὶ σέληνη Lk 21:25; νύξ καὶ ἡμέρα Hand 20:31 (Winer, 1877, p.691; Robertson, 1923, p.419; Blass-Debrunner, 1962, p.250; Moulton-Howard-Turner, 1963, p.350).

6. INVLOED VAN ANDER TALE

Rife (1933, p.244) stel vas dat Griekse geskrifte wat uit ander tale vertaal is, maklik geïdentifiseer kan word op grond van hulle woordorde, aangesien vertalers die woordorde van die oorspronklike taal feitlik meganies weergee in die Griekse vertaling. Die Grieks van die Nuwe Testament is wel nie vertaalde Grieks nie, maar dit kom tog voor asof daar een of ander invloed van die Semitiese tale uitgegaan het op die Grieks van die Evangelies. Daar bestaan verskil van opinie onder taalkundiges oor die omvang van hierdie Semitiese invloed:

(1) Torrey (1916) en Black (1946, p.59) sê dat die Griekse Nuwe Testament inderdaad 'n vertaling is uit 'n Aramese grondteks, maar hulle opinie word sterk afgewys deur Sparks (1950, p.16-28) en De Zwaan (1922, p.30vv).

(2) Lynreg hierteenoor is die mening van Deissmann (1909), wat die taal van die Nuwe Testament nie as 'n Joodse Grieks beskou nie, maar as die "lingua franca" van die eerste eeu. Hy word ondersteun deur Moulton-Howard-Turner (1976, p.7-8), wat selfs die moontlikheid noem dat Jesus Grieks gepraat het.

(3) 'n Meer gematigde houding word ingeneem deur Rife (1933, p.247), Mandilaras (1972, p.23) en Blass-Debrunner (1962, p.4). Blass-

Debrunner sê: "It is important to guard against two opposing errors: not everything which conforms to Semitic idiom is a Semitism, nor is everything which appears somewhere or sometimes in Greek genuine Greek" (Blass-Debrunner, 1962, p.4).

Die storm oor die bestaan van Semitiesmes in die Nuwe Testament al dan nie is nog steeds aan die woed en hoef nie hier in detail bespreek te word nie. Tog werp die volgende oorwegings lig op sommige gevalle van woordorde in die Nuwe Testament:

- (1) Semitiesmes wat ontstaan het as gevolg van vertaling kan wel verwag word in die aanhalings uit die Septuagint asook in die gedeeltes van die Evangelies waarin daar moontlik van Aramese bronne gebruik gemaak is (in verband met die bronne van die Evangelies, kyk Hfst. V 1.3, p.154 hieronder).
- (2) Die Nuwe Testamentiese skrywers het soms die "verhewe taal" van die Septuagint nageboots, wat Septuagintismes genoem word (De Zwaan, 1922, p.46).
- (3) Die Grieks wat in Palestina gepraat is, het beslis 'n Semitiese kleur gehad, 'n Joodse Grieks, wat nageboots is deur Lukas.

Die volgende verskynsels in die woordorde van die Nuwe Testament het onteenseglik 'n Semitiese agtergrond (Rife, 1933, p.247):

- a. Die relatief hoë frekwensie van werkwoorde in aanvangsposisie;
- b. Die lidwoord en naamwoord is feitlik onskeibaar;
- c. Byvoeglike naamwoorde volg direk op hulle selfstandige naamwoorde;
- d. Die vermindering van na-positiewe voegwoorde;
- e. Adnominale genitiwe staan direk na die substantief;
- f. Persoonlike voornaamwoorde in die akkusatief staan direk na die werkwoord waarby dit as voorwerp dien;
- g. Die voorliefde van demonstratiewe byvoeglike naamwoorde om na die substantief te staan.

Sekere stylfigure het via Semitiese gebruik ingang gevind

in die Nuwe Testament, bv. die klimaks (vgl. 2.2(9), p.69 hierbo), asook sommige tipies Semitiese grammatikale konstruksies, byvoorbeeld die toevoeging van die oorbodige persoonlike voornaamwoord tot die sin, soos in Jh 9:13: ἄγουσιν αὐτὸν πρὸς τοὺς Φαρισαίους τὸν ποτὲ τυφλόν. Ook die plasing van die kognatiewe datief voor die werkwoord ten einde die werkwoord te intensifiseer is analoog aan die Hebreeuse infinitivus absolutus, bv. ἐπιθυμέω ἐπιθύμησα Lk 22:15.

Invloed uit Latyn, Persies, Egipties, Kopties, ens., is skaars en eintlik beperk tot slegs 'n paar leenwoorde, veral uit Latyn. In enkele gevalle is Latinismes van so 'n aard dat hulle die woordorde bepaal, bv. δὸς ἐργασίαν (da operam) Lk 12:58; συμβούλιον λαμβάνειν (concilium capere) Mt 12:14 (Moule, 1953, p.192). Schmid (1889, II, p.285) reken dat die verskynsel in vroeg-Christelike literatuur om twee saamhorige woorde met die werkwoord te skei, ontstaan het onder invloed van Latynse woordorde, bv. οὕτως τῇ συνεχῇ μελέτῃ τῶν θεῶν ἔτρεφε καὶ ἥρδευε λογίων Theodoros Theod 19.14.

7. KONTEKSTUELE DETERMINANTE VAN WOORDORDE

'n Groot aantal Griekse sinne bevat M-woorde (vgl. Hfst. I 2.2, p.25 hierbo) wat geen klem dra of betrokke is in enige stylfiguur of retoriese struktuur of gebuk gaan onder sosiale determinante of invloed van ander tale nie, en wat ook nie vanweë estetiese oorwegings 'n besondere plek in die sin inneem nie. Die sinsposisie van sulke woorde word dikwels bepaal deur die kontekstuele waarde van elkeen. Dover (1960, p.32) noem hierdie bepaalde faktor die "logiese determinant". Dover se benaming kan egter die wanindruk laat dat hierdie prinsipe gewortel is in die

Logika. Daarom is die benaming "kontekstuele determinant" 'n verbetering in dié opsig dat dit taalfilosofiese konnotasies uit-skakel, terwyl dit tog beskrywend is van die bepalende faktor wat opgesluit lê in hierdie determinant.

Dit is reeds aangedui dat elke sinvolle mededelingseenheid 'n tema het, veral in die geskrewe taal. Elke sin moet dus nie op sigself gesien word en begryp word nie, aangesien dit alleen be-hoorlik begryp kan word wanneer dit gelees word binne die konteks waarin dit staan. In die lig hiervan verdeel Dover (1960, p.34vv) die M-woorde in elke sin in twee groepe, nl. konkomitante (aange=dui met die simbool C), dit is woorde wat ontbeerlik is vir die sinsbetekenis omdat hulle voorspelbaar is uit die konteks, en nuclei (aangedui met die simbool N), dit is woorde wat onontbeer=lik is vir die sinsbetekenis vanweë hulle onvoorspelbaarheid uit die konteks. Die funksionering van N en C kan simplisties soos volg geïllustreer word: As die vraag gestel word: "Waarheen loop jy?" en die antwoord lui: "Ek loop huis toe", bestaan die antwoord uit die voorspelbare konkomitante "ek" en "loop" en die onvoorspelbare nucleus "huis toe". Wanneer die konteks in ag geneem word, kon 'n sinvolle antwoord bloot gelui het: "Huis toe". Maar sou die vraag lui: "Hoe gaan jy huis toe?" met die antwoord: "Ek loop huis toe", is "huis toe" die konkomitant en "loop" die nucleus en kon die antwoord weer eens net uit die nu=cleus bestaan het, nl.: "Ek loop".

Deur statistiese waarneming het Dover definitiewe gedrags=patrone vasgestel in die rangskikking van N en C in die Griekse sin. 'n Enkele N en C word gewoonlik gerangskik as NC, terwyl twee N en een C gestel word as NCN. Volgens hierdie twee ba=siese patrone word die M-woorde in langer sinne gerangskik, sodat reekse N en C gewoonlik aangetref word in die rangskikkingspatrone

N(N . . .)C(C . . .) of N(N . . .)C(C . . .)N(N . . .). Hierdie verspreiding van N en C geskied oor die voorpositiewe, na-positiewe en voorkeurwoorde (M^a) heen, wat elk reeds hulle bepaalde sinsposisies het.

Twee voorbeelde uit die Nuwe Testament dien as illustrasie van Dover se teorie:

- (1) Lk 8:33: ἐξεληθόντα δὲ τὰ δαιμόνια ἀπὸ τοῦ ἀνθρώπου εἰσῆλθον εἰς τοὺς χοίρους. Die voorpositiewe in die sin is ἀπό, εἰς en die lidwoorde; δέ is na-positief. Die woorde wat voor=spelbaar is uit die konteks, is δαιμόνια (reeds vermeld in die voorafgaande verse 27, 29 en 30), ἀνθρώπου (wat beskou kan word as 'n plaasvervanger van 'n persoonlike voornaamwoord, maar wat in ieder geval reeds vermeld is in vers 29) en τοὺς χοίρους (voorafgegaan deur ἀγέλη χοίρων in vers 32). Die werkwoorde ἐξεληθόντα en εἰσῆλθον is onvoorspelbaar en is gevolglik nucleï. Dus is die patroon NqpCppC NppC (NCC NC).
- (2) Hand 24:22: ὅταν Λυσίας ὁ χιλιάρχος καταβῇ διαγνώσομαι τὰ καθ' ὑμᾶς. Handeling 24 handel oor die hofsak waarin Paulus die beskuldigde is en die klaers die hoëpriester en die ouderlinge (Hand 24:1). Wanneer Felix dus in vers 22 praat van τὰ καθ' ὑμᾶς, bedoel hy "die hofsak", wat, as tema van die hoofstuk, konkomitant is. Die twee partye saam met Tertullus, wat namens die hoëpriester sou getuig, het reeds afgekom (κατέβη) na Caesarea vir die hofsak (Hand 24:1) en nou verklaar Felix in vers 22 dat hy wag vir 'n ander getuie (om af te kom). Daarom is καταβῇ duidelik voorspelbaar, en dus konkomitant. Die nucleï is Λυσίας, ὁ χιλιάρχος en διαγνώσομαι. As in ag geneem word dat Λυσίας ὁ χιλιάρχος in werklikheid één begrip is en optree as 'n enkele nucleus, is die patroon van Hand 24:22 pNC NC.

8. GEWOONTE-DETERMINANTE (DIE GEBRUIKLIKE WOORDORDE BY LUKAS)

Ongetwyfeld kan sekere woordordes toegeskryf word slegs aan die persoonlike voorkeur van die skrywer. Waar 'n skrywer hom nie laat lei deur een van die reeds vermelde woordorde-determinante nie, rangskik hy die woordorde in die volgorde waaraan hy gewoond is. Dit sou eensydig wees om in die beoordeling van variante lesings halsstarrig vas te kleef aan 'n woordorde wat eie is aan die gewoonte van die betrokke skrywer: 'n Skrywer wyk dikwels af van eie gewoontes met betrekking tot woordorde omdat hy by die rangskikking van woorde ook taalkundige faktore, stylfigure, retoriese strukture, estetiese oorwegings, sosiaal-tradisionele determinante, en andere, in ag neem. Voordat aanvaar word dat 'n sekere woordorde eie is aan die gewoonte van 'n skrywer, moet seker gemaak word dat die betrokke woordorde nie die resultaat is van ander (universele) determinante nie.

Die woordorde wat 'n skrywer uit gewoonte gebruik (sy gebruiklike of habituele woordorde) kan slegs deur middel van statistiese waarneming vasgestel word. Vir die doel van hierdie studie is statistieke van die woordorde in die Evangelie volgens Lukas versamel en geïnterpreteer (die keuse van die materiaal word gemotiveer op p.8 van die Inleiding hierbo). Die versamelde statistieke is hieronder in tabelle georden. Die tabelle bied die statistieke op twee maniere aan:

- (1) Die presiese getal van die aantal kere wat elke woord of woordsoort voorkom, word gegee (Tabelle Ia-IX, XIa-XII, XIVa-XV, XVIIa-XVIIc). Hierdie getalle is werklike en nie berekende getalle nie, aangesien die Evangelie volgens Lukas in geheel opgeneem is. Daar is nie van steekproewe gebruik gemaak nie, maar van 'n volledige populasie.

- (2) Die getalle is verwerk na persentasies en die persentasies word sodanig weergegee dat die emfatiese of nie-emfatiese neigings van die betrokke woord of woordsoort in die verskillende sinsposisies waargeneem kan word (Tabel X, XIII, XVI, XVIII). Hierdie aanbiedingswyse maak dit makliker om sekere tendense raak te sien.

Die opname het geskied in die verskillende kategorieë wat daar te onderskei is in sinsposisies van woorde. Vir die klasifikasie van die sinsposisies van die bywoord het Davies (1976, p.106vv) die volgende kategorieë gebruik:

a. Voorposisie by die werkwoord:

- bywoorde wat nie-direk voor die werkwoord staan;
- bywoorde wat direk voor die werkwoord staan;
- bywoorde wat in sommige manuskripte direk voor die werkwoord staan en in ander manuskripte nie-direk voor.

b. Na-posisie by die werkwoord:

- bywoorde wat direk na die werkwoord staan;
- bywoorde wat nie-direk na die werkwoord staan;
- bywoorde wat in sommige manuskripte direk na die werkwoord staan en in ander manuskripte nie-direk na die werkwoord.

c. Bywoorde wat in sommige manuskripte voor die werkwoord staan en in ander manuskripte na die werkwoord.

Vir die doel van hierdie studie is nog enkele ander kategorieë bygevoeg by dié van Davies, en gevolglik het die opname in die volgende kategorieë geskied:

(1) Aanvangsposisie (afgekort in die tabelle met: eerste):

- a. In hierdie kategorie val woorde wat aan die begin van alle uitspraakeenhede staan. Uitspraakeenhede is nie beperk tot slegs hoofsinne en bysinne nie, maar alle sinsnedes wat as mededelingseenheid geld (vgl. Dover, 1960, p.17), bv. ἐν ἔτεϊ πεντεκαδέκατῃ τῆς ἡγεμονίας Τιβερίου Καίσαρος, ἡγεμονεύοντος

Ποντίου Πιλάτου τῆς Ἰουδαίας . . . Lk 3:1.

- b. Woorde wat voorafgegaan word deur slegs voegwoorde, voegwoorde= delike partikels en alle ander leksikaal bepaalde aanvangswoorde, is vir die doel van hierdie opname beskou as woorde wat in aanvangsposisie staan, bv. καὶ ἐπορεύοντο οἱ γονεῖς αὐτοῦ . . . Lk 2:41.
- c. Vraagwoorde, voegwoorde en relatiewe voornaamwoorde is nie in die statistieke opgeneem nie, aangesien hulle posisie (aanvangsposisie) nie bepaal word deur die willekeur van die skrywer nie, maar afhanklik is van leksikale determinante.
- d. Woorde in aanvangsposisie is terselfdertyd ook woorde in voorposisie, en val dus ook in 'n ander kategorie. Gevolglik word die getalle onder die kategorie aanvangsposisie (eerste) in hakies geplaas, sodat dit nie weer bygetel word vir die totale en subtotale nie.
- (2) Voorposisie (in die tabelle afgekort: Posisie voor werkwoord, substantief, ens.) en na-posisie (in die tabelle afgekort: Posisie na die werkwoord, substantief, ens.):
- In hierdie kategorie is die woorde opgeneem wat ander elemente bepaal en dan óf voor óf na die betrokke element(e) staan, nl. bywoorde en bywoordelike bepalinge wat voor/na die werkwoord of die byvoeglike naamwoord staan; werkwoorde wat voor/na die onderwerp en/of voorwerp van die sin staan; substantiewe wat voor/na die werkwoord waaraan dit verbonde is, staan; byvoeglike naamwoorde wat voor/na die substantief staan.
- (3) Behalwe in die geval van werkwoorde, word die voor- en na-posisies elk in nog twee verdere kategorieë verdeel, nl.
- woorde wat direk voor/na die werkwoord/substantief staan (in die tabelle afgekort: direk);
 - woorde wat verwyderd voor/na die werkwoord/substantief staan (in die tabelle afgekort: nie-direk).

- (4) Vir werkwoorde is 'n afsonderlike kategorie geskep waarin alle werkwoorde wat twee meegaande substantiewe het, voor die een substantief en na die ander substantief staan; opgeneem word. Sulke werkwoorde staan in werklikheid in 'n tussenposisie of middelposisie (in die tabelle afgekort: middel), bv. ἀνθρῳπος τὸς εἶχεν δύο υἱούς Lk 15:11.
- (5) Eindposisie (in die tabelle afgekort: laaste): net soos by woorde in aanvangsposisie word woorde en woordgroepe aan die einde van alle mededelingseenhede in hierdie kategorie opgeneem. Net soos die getalle in die kategorie "aanvangsposisie", is ook die getalle in hierdie kategorie reeds opgeneem in 'n ander kategorie, in hierdie geval die kategorie "na-posisie". Gevolglik moet die getalle onder "eindposisie" nie bygetel word vir totale en subtotale nie, en word derhalwe in hakies geplaas.
- (6) Woorde wat betrokke is in woordorde-variante en waaroor daar gevolglik nie sekerheid bestaan by welke kategorie hulle hoort nie, word in die tabelle soos volg opgeneem:
- Woorde wat in sommige manuskripte voorposisie het en in ander manuskripte na-posisie, hoort dus tuis nōg by woorde met voorposisie nōg by woorde met na-posisie. Derhalwe is hulle in 'n aparte kategorie opgeneem, nl. Variante Lesings (in die tabelle afgekort: V.L.).
 - Woorde wat in alle manuskripte voor- of na-posisie het, maar nie in almal direk voor/na die werkwoord/substantief staan nie word wel opgeneem in die hoofkategorieë "voorposisie" of "na-posisie", maar in afsonderlike subkategorieë, nl. variante lesings (in die tabelle afgekort: v.l.).
- (7) In 'n laaste onafhanklike kategorie is opgeneem alle woorde waarvan die meegaande substantief/werkwoord ellipties is en wat gevolglik nie as "voor" of "na" geklassifiseer kan word nie.

Die indeling in bostaande kategorieë word soos volg gemotiveer:

- (1) Statistieke van die gevalle waar woorde voor of na die werkwoord/substantief staan kan voorkeureienskappe aandui of gevalle van beklemtoning;
- (2) Statistieke van gevalle waar woorde direk voor/na of verwyderd voor/na die werkwoord/substantief staan, kan gevalle van disjunksie blootlê;
- (3) Die onderskeid tussen voorposisie, middelposisie en na-posisie is fundamenteel, aangesien 82,8% van woordorde-variante in hierdie opsig varieer, soos blyk uit die statistieke hieronder;
- (4) Afsonderlike kategorieë vir woorde waarvan die posisie in manuskripte verskil, is noodsaaklik: Daar moet gesorg word dat so ver moontlik sekerheid verkry kan word oor die outensiteit van lesings waarop waarnemings berus.

Benewens bostaande kategorieë is daar ook afsonderlike waarnemings gemaak van die sinsposisie van emfatiese woorde (in die tabelle afgekort: E) en van nie-emfatiese woorde (in die tabelle afgekort: n). Die volgende woorde, woordsoorte en woordgroepe se sinsposisies is in die tabelle geklassifiseer:

- (1) Bywoorde van plek, wyse en tyd (Tabel Ia - Tabel III; Tabel X);
- (2) Bywoordelike substantiewe in die akkusatief, genitief en datief (Tabel IV - Tabel VI; Tabel X);
- (3) Bywoordelike voorsetselfrases van tyd, wyse, plek, oorsaak, ens. (Tabel VIIa - Tabel IX; Tabel X);
- (4) Werkwoorde, o.a. koppelwerkwoorde, selfstandige werkwoorde, onpersoonlike werkwoorde (Tabel XIa - Tabel XIV);
- (5) Substantiewe , o.a. selftandige naamwoorde, substantiewe voor-naamwoorde, substantiewe byvoeglike naamwoorde (Tabel XVa - Tabel XVI);
- (6) Attributiewe en predikatiewe byvoeglike naamwoorde en -bepa-

lings, o.a. byvoeglike voorsetselfrases, aposisiestellings en adnominale genitiwe (Tabel XVIIIa - Tabel XIX).

8.1 Bywoorde (vgl. Tabel Ia-Tabel III; Tabel X)

TABEL Ia : BYWOORDE VAN PLEK

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERKWOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	nie-direk	direk	laaste	v.l.	tot.			
ἐκεῖ	E n	(7) (1)	1	3	2	6	1		(2) (1)	1	2	1	1	10 6
ἐκεῖθεν	E n	(2)	1	1		2					1			2 1
ἔξω	E n			1		1	2		(1)		2	1 2		4 2
μακρόθεν	E n			1		1	1	1	(1)		1	1		3 1
ᾧδε	E n	(1)	1	1 2		2 2	6		(6)	2	8		3	13 2
Bywoorde 1 & 2 keer	E n			3	1	4	3 2	3 1	(2) (2)		6 4	3 3	1	14 7
Totale	E n	(10) (1)	3	10 3	3	16 3	13 6	3 2	(12) (3)	3 2	19 10	5 6	5	45 19
TOTAAL		(11)	3	13	3	19	19	5	(15)	6	29	11	5	64

TABEL Ib : BYWOORDE VAN WYSE

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERKWOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
ἀληθῶς	E	(2)		2		2						1		3
ἀμὴν	E	(6)		3	3	6								6
καλῶς	E	(2)		3	1	4								4
μᾶλλον	E		1	1	1	3				1	1		1	5
ὁμοίως	E	(4)	1	1		2	1		(1)		1	3	5	11
ὀρθῶς	E	(2)		2		2						1		3
οὕτως	E n	(11)	5	5	3	13	1 3	1	(2) (2)		2 3	1	2	17 4
ταχύ/-ῶς	E	(1)		1		1	1				1	1		3
ὠσαύτως	E	(1)	1	1		2						1		3
Bywoorde 1 & 2 x	E n	(3)	2	6 5	2 1	10 6	5 1	2	(7) (1)		7 1	2 3		22 7
Totale	E n	(32)	10	25 5	10 1	45 6	8 4	3	(10) (3)	1 4	12 4	9 1	11	77 11
TOTAAL		(32)	10	30	11	51	12	3	(13)	1	16	10	11	88

TABEL Ic : BYWOORDE VAN TYD

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.	V.L.	
αἰρων	n	(1)	1		1	2		1		1			3
ἔτι	E	(1)		3		3							3
	n	(6)	3	4	2	9						1	10
εὐθύς/ἄως	E	(4)	2	2		4						1	5
ἤδη	E	(1)	2	1		3						1	4
	n	(2)	2		1	3	2				2		5
νῦν	E	(2)	2	1		3							3
	n						4		(4)		4		4
πάλιν	E	(1)	1			1							1
	n											1	2
παραχρημα	E	(3)	1	2		3	2		(2)		2	5	10
σήμερον	E	(1)			2	2	1	1	(1)		2	1	5
	n	(2)	2			2	2			1	3	1	6
τότε	E	(10)	1	9	1	11							11
	n	(3)	1	2		3							3
Bywoorde 2 & 3 keer	E	(2)	2	2	1	5	1				1	1	7
	n	(1)		1	1	2							2
Totale	E	(25)	11	20	4	35	4	1	(3)		5	9	49
	n	(15)	9	7	5	21	8	1	(4)	1	10	3	35
TOTAAL		(40)	20	27	9	56	12	2	(7)	1	15	12	84

TABEL Id : SAMEVATTING VAN TABELLE Ia, Ib en Ic

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.	V.L.	
PLEK		(11)	3	13	3	19	19	5	(15)	6	30	11	65
WYSE		(32)	10	30	11	51	12	3	(13)	1	16	11	88
TYD		(40)	20	27	9	56	12	2	(7)	1	15	1	84
Totale	E	(67)	24	55	17	96	25	7	(25)	5	37	23	172
	n	(16)	9	15	6	30	18	3	(10)	3	24	10	65
TOTAAL		(83)	33	70	23	126	43	10	(35)	8	61	33	237

TABEL Iia : BYWOORDE VAN PLEK SAAM MET DIE VERSKILLENDE TYE, MODI, INFINITIEWE EN DEELWOORDE

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.	V.L.	
IND. praes.		(1)	1	2	1	4	2	1	(3)		3	1	8
" impf.							3			1	4		4
" fut.		(3)		1	2	3		1			1	1	5
" aor.		(2)		2		2	1		(1)		1	1	4
" pqp.								1			1	1	2
" Totaal		(6)	1	5	3	9	6	3	(4)	1	10	4	23
KONJUNKTIEF		(1)	1			1	1				1	1	3
IMPERATIEF		(3)		4		4	4	3	(6)	1	8		12
INFINITIEF				3		3	1	1	(1)	1	3	2	8
DEELWOORDE MET LIDW.				1		1					1		2
GEN. ABS.				3	1	4							4

TABEL IIB : BYWOORDE VAN TYD SAAM MET DIE VERSKILLENDIE TYE, MODI, INFINITIEWE EN DEELWOORDE

	POSISIE VOOR DIE WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
IND. praes.	(4)	7	4	1	12	2				2	1		15
" impf.						1		(1)		1			1
" fut.	(6)	6	6	1	7	1				1	1		9
" aor.	(9)	6	9	1	16	2	2	(2)		4	2		22
" perf.	(1)	1	1		2	1				1			3
" Totaal	(20)	14	20	3	37	7	2	(3)		9	4		50
KONJUNKTIEF													
IMPERATIEF	(2)	2	1		3								3
INFINITIEF	(1)	3			3								3
LIDW.-LOSE DEELWOORD		5	6		11						2		13
DEELWOORD MET LIDW.						4				4			4
GEN. ABS.	(7)	4	3		7								7

TABEL IIC : BYWOORDE VAN WYSE SAAM MET DIE VERSKILLENDIE TYE, MODI, INFINITIEWE EN DEELWOORDE

	POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
IND. praes.	(11)	5	11	2	18	2		(1)		2	1		21
" impf.	(1)		2		2		1	(1)		2			4
" fut.	(7)	3	7		10				1				10
" aor.	(5)	2	4	1	7	7	1	(5)		8	1		16
" perf.	(1)	1			1								1
" Totaal	(25)	11	24	3	38	9	2	(7)	1	12	2		52
KONJUNKTIEF													
IMPERATIEF	(2)	1	4		5	3	1	(1)		4	3		12
INFINITIEF		2	2		4								4
LIDW.-LOSE DEELWOORDE			2		2	1	1	(2)		2	1		5
DEELWOORDE MET LIDW.			1		1								1
GEN. ABS.													

TABEL III : BYWOORDE SAAM MET ENKELE AFSONDERLIKE WERKWOORDE EN WERKWOORDSOORTE

	POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
ελυαλ/γυναα	(13)	8	9	5	22	4	1	(3)	1	6	3		31
εχεtv & smst	(2)	1	6		7		2	(1)		2			9
ποαev		1	3		4	2	3	(2)		5	3		12
WWE. V. SĖ	(11)	5	16	3	24	3		(1)		3	3		30
WWE. V. GAAN	(4)	5	4	1	10	7		(1)	2	9	1		20

8.1.1 Algemene tendense

- (1) Bywoorde kom meer algemeen voor in voorposisie as in na-posisie (67,4%), maar die volgende verskynsels verdien besondere

aandag:

- a. Bywoorde van plek verkies om na die werkwoord te staan (61,2%);
 - b. Bywoorde van wyse verkies om voor die werkwoord te staan (76,1%);
 - c. Bywoorde van tyd verkies om voor die werkwoord te staan (78,9%).
- (2) Bywoorde verkies voorposisie wanneer dit 'n futurum indikatief kwalifiseer (20:2) of 'n praesens indikatief kwalifiseer (12:2).
- (3) Bywoorde wat 'n genitivus absolutus kwalifiseer, gaan dit altyd vooraf (11 keer).
- (4) Bywoorde van tyd:
- a. kom baie selde voor in 'n sin met 'n elliptiese werkwoord (1:83);
 - b. staan altyd voor imperatiewe, infinitiewe en lidwoordlose deelwoorde;
 - c. staan altyd na deelwoorde wat 'n lidwoord het.
- (5) Bywoorde staan gewoonlik voor εἶναι en γίνεσθαι (22:6), voor ἔχειν en sy samestellings (7:2) en voor werkwoorde van sê (24:3).

8.1.2 Voorkeurwoorde

- (1) Die volgende bywoorde staan altyd voor die woord wat dit kwalifiseer: ἔτι, εὐθύς, καλῶς, ὡσαύτως.
- (2) Die volgende bywoorde staan altyd in aanvangsposisie: ἀμύν, ἀληθώς, τότε, ἐκεῖ (emfaties), οὕτως (emfaties).

8.1.3 Emfatiese posisies

- (1) Bywoorde in aanvangsposisie is gewoonlik emfaties (80,7%), maar
 - a. bywoorde van wyse is altyd emfaties in aanvangsposisie;
 - b. bywoorde van plek is feitlik altyd emfaties in aanvangsposisie (90,9%);

c. bywoorde van tyd is dikwels nie-emfaties in aanvangsposisie (37,5%).

(2) Bywoorde neem nie dikwels eindposisie in nie, maar wanneer hulle wel daar staan, is hulle gewoonlik emfaties (71,4%).

(3) ἡδὲ (behalwe by die genitivus absolutus), οὖν en οὕτως is altyd emfaties in voorposisie en nie-emfaties in na-posisie.

(4) ὡς is emfaties in na-posisie en nie-emfaties in voorposisie.

(5) παραχρῆμα is nie-emfaties in die middel van die frase of sin en emfaties in aanvangs- of eindposisie.

8.2 Bywoordelike substantiewe (vgl. Tabel IV - Tabel VI; Tabel X)

TABEL IV : BYWOORDELIKE SUBSTANTIEWE

		POSISIE VOOR WERKWOORD				POSISIE NA WERKWOORD				v.l.	GEEN WERK- WOORD	TOTAAL		
		eerste	nie- direk	direk	v.l.	tot.	nie- direk	direk	laaste				v.l.	tot.
AKKUSATIEF:														
tyd	E	(2)		3	1	4	2	4	(3)		6	1		11
	n						1	1	(1)		2			2
afstand	n						1	1			2			2
adv.akk.	n		1			1								1
Totaal		(2)	1	3	1	5	4	6	(4)		10	1		16
DATIEF:														
tyd	E	(6)	3	12		15		3	(2)		3	2	1	21
	n			5		5	1	2			3			8
instrum.	E	(3)	2	10	1	13	4	1	(3)		5	2		15
	n													5
inf.abs.	E	(1)		1		1					1			1
doel	E							1			1			1
opsig	n			1		1	6				6		1	8
wyse	E						6	3	(2)		9	2		11
	n			1		1								1
plek	E											1		1
oorsaak	E		1			1	2		(1)		2			3
agent	E			2		2								2
Totaal		(10)	6	32	1	39	19	10	(8)		29	7	2	77
GENITIEF:														
tyd	E							5	(1)		5	1		6
grond	n							1	(1)		1	1		2
prys	n											1		1
volheid	E						3				3			3
	n						2	1		1	4			4
totaal							5	7	(2)	1	13	3		16
gen.abs.	n		22	31		53	1		(1)		1			54
Totaal			22	31		53	6	7	(3)	1	14	3		71

(Vervolg van Tabel IV)

Sub-totaal E _n	(12)	6	28	2	36	13	16	(9)		29	9	1	75
		23	38		61	16	7	(6)	1	24	2	1	88
TOTAAL	(12)	29	66	2	97	29	23	(15)	1	53	11	2	163

TABEL V : BYWOORDELIKE SUBSTANTIEWE SAAM MET DIE TYE, MODI, INFINITIEWE EN DEELWOORDE

	POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	nie-direk	direk	laaste	v.l.	tot.			
IND. praes.	(1)	3	4		7		2	(1)		2	3		12
" impf.	(1)	2	2	1	5	3	1	(2)		4	1		10
" fut.	(2)	1	3		4	4	1	(2)		5			9
" aor.	(5)	8	11		19	10	7	(4)	1	18	2		39
" perf.	(2)		1	1	2								2
" Totaal	(11)	14	21	2	37	17	11	(9)	1	29	6		72
KONJUNKTIEF	(1)		2		2		1	(1)		1			3
IMPERATIEF						2	1			3			3
INFINITIEF		1	6		7		4	(2)		4	2		13
LIDW.-LOSE DEELWOORDE			4		4	6	4	(3)		10			14
DEELWOORDE MET LIDW.			1		1								1
GEN. ABS.			1		1		2			2			3

TABEL VI : BYWOORDELIKE SUBSTANTIEWE SAAM MET ENKELE AFSONDERLIKE WERKWOORDE

	POSISIE VOOR WERKWOORD				POSISIE NA WERKWOORD				V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	v.l.	tot.	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
εἶναι/γίνεσθαι	(2)	6		6	2	(1)		2			8
ἔχειν & smst			1	1	2	1	(1)	3			4
νοεῖν		1		1							1
WWE. V. SÊ		2		2	3			3	1		6
WWE. V. GAAN	(1)	4		4	4			4	1		9

8.2.1 Algemene tendense

Bywoordelike substantiewe vertoon nie as groep in geheel enige voorkeur vir voor- of na-posisie nie, maar elke soort bywoordelike substantief het sy individuele voorkeure:

- (1) Die genitivus absolutus staan, met uitsondering van Lk 2:2, altyd voor die werkwoord (53 keer).
- (2) Met uitsondering van die genitivus absolutus staan alle genitiewe bywoordelike substantiewe na die werkwoord (16 keer).

- (3) Bywoordelike substantiewe in die datief (temporele datief) verkies om voor die werkwoord te staan (76,9%).
- (4) Albei kere wat die datief van agent gebruik word, staan dit voor die werkwoord.
- (5) Datief van doel, opsig, wyse, oorsaak en plek verkies om na die werkwoord te staan (88,2%).
- (6) Bywoordelike substantiewe volg altyd op die perfektum indikatief en die imperatief.

8.2.2 Emfatiese posisies

- (1) Alle bywoordelike substantiewe is in aanvangsposisie emfaties (12 keer).
- (2) Bywoordelike substantiewe wat tydsaanduidend is, is feitlik altyd emfaties in eindposisie (85,2%).
- (3) Die datief van instrument is in voorposisie altyd emfaties (13 keer) en in na-posisie altyd nie-emfaties (5 keer).
- (4) Die datief van wyse is in na-posisie altyd emfaties (9 keer) en in voorposisie nie-emfaties (1 keer).

8.3 Bywoordelike voorsetselfrases (vgl. Tabel VIIa - Tabel X)

8.3.1 Algemene tendense

- (1) Daar is baie meer voorsetselfrases in na-posisie as in voorposisie (78,9% staan agter die werkwoord), maar
 - a. in ooreenstemming met ander tydsbepalings staan voorsetselfrases van tyd dikwels voor die werkwoord (56,6%);
 - b. voorsetselfrases van wyse staan gewoonlik na die werkwoord (63,6%);
 - c. die ander voorsetselfrases (dit wil sê naas voorsetselfrases van tyd en wyse)

frases van tyd, wyse en plek) volg gewoonlik op die werkwoord (86,8%).

- (2) Voorsetselfrases van plek gaan altyd die genitivus absolutus vooraf, terwyl alle ander voorsetselfrases dit opvolg.

TABEL VIIa : BYWOORDELIKE VOORSETSELFRASES VAN TYD

		POSISIE VOOR WERKWOORD				POSISIE NA WERKWOORD				V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.	
ἀνδ	E	(5)	1	2		3	1	1		1	3	9
	n						1	1		2	2	2
εὐς	E			1		1		2	(2)		2	4
	n						1	(1)	(1)	1	1	3
ἐν	E	(3)	3	5		8	5	2	(5)	1	8	20
	n	(3)	1	4		5	8	14	(9)	6	28	48
ἐν-βυσιν	n	(6)	20	13	2	35					4	35
ἐκ	E	(1)		2		2	1	1	(1)	1	3	5
ἐκ	n											
ὅως	E	(1)		1	1	2	1	1	(2)		2	6
	n											
κατά	E	(1)		1		1	2	2	(1)	2	6	7
	n											
μετά	E	(5)	2	9		11						12
	n	(1)		1		1	1	2	(2)		3	4
πρό	E	(1)		4		4						5
Voorsetss. 1 & 2 keer	n						1	1	(2)		3	4
Totale*	E	(13)	4	17	1	22	8	10	(12)	5	23	57
	n	(8)	3	10		13	14	17	(13)	6	37	58
TOTAAL		(27)	27	40	3	70	22	27	(25)	11	60	150

*Tydsinne ingelei deur ἐν is buite rekening gelaat by die subtotale van n en E.

TABEL VIIb : BYWOORDELIKE VOORSETSELFRASES VAN WYSE

		POSISIE VOOR WERKWOORD				POSISIE NA WERKWOORD				V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.	
ὅα	E	(2)	1	1		2	2		(1)		2	2
	n											
ἐκ	E			3		3			(1)	1	1	6
	n						1	1	(1)	1	3	4
ἐν	E	(4)	1	13		14	7	3	(6)	2	12	33
	n						5	6	(6)	1	12	15
ἐκ	E	(3)	1	2	1	4	1	2	(1)		3	8
	n						1	2		1	4	9
κατά	E	(3)		3		3					1	7
	n	(2)	1	1		2	3	3	(2)	1	7	11
μετά	E	(1)	1	5		6	4	5	(3)	2	11	18
	n			1		1	3	1	(1)	2	6	7
πρός	E	(1)		1	1	2						2
	n					1	1				1	2
ὡς(εὐ)	E	(2)		2		2	5	3			8	10
Voorsetss. 1 & 2 keer	n	(1)		3		3	1	2	(4)	2	5	9
				1		1	3	2	(3)		5	7
Totale	E	(17)	4	33	2	39	18	16	(15)	7	49	103
	n	(2)		5		6	19	15	(14)	6	40	57
TOTAAL		(19)	5	38	2	45	37	31	(29)	13	89	160

- (3) Die praesens indikatief word betreklik dikwels deur bywoorde-
like voorsetselfrases voorafgegaan (54,8%).

8.3.2 Voorkeurwoorde

- (1) Voorsetselfrases ingelei deur ἔνεκα/εν, ἔμπροσθεν en σύν (plek)
neem altyd eindposisie in die sin of frase.
- (2) Voorsetselfrases ingelei deur ἄλλοι, ἐναντί(ον), ἔξω, ἐπάνω,
ὀπίσω/θεν en ἕως (plek) staan altyd na die werkwoord.

TABEL VIIc : BYWOORDELIKE VOORSETSELFRASES VAN PLEK

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					GEEN WERK- WOORD	TOTAAL	
		eerste	nie- direk	direk	v.l.	tot.	nie- direk	direk	laaste	v.l.	tot.			v.l.
ἀπό	E n	(2)	2	1	1	3	5	2	(4)	1	8	1	13	
			1		1	3	25	13	(14)	6	44		54	
δύο	E n	(1)		2		2						1	3	
							3		(2)	1	3	1	4	
εις	E n	(1)	1	7	1	9	16	9	(18)		25	9	45	
		(4)	4	1		5	65	36	(42)	15	116	7	129	
ἐκ	E n	(2)		2	3	3	3			1	4	2	12	
				3		3	5	4	(4)	2	11	5	21	
ἐν	E n	(6)	1	9	1	11	12	12	(16)	2	26	7	48	
		(1)	1	1		2	28	25	(35)	14	67	14	87	
ἔμπροσθεν							2	4	(6)	1	7	1	8	
ἐναντί(ον)							1	2	(4)	1	4		4	
ἐναντίον				1		1	11	5	(12)	2	18	2	22	
ἔξω							1	1	(2)	1	3		3	
ἐπάνω							2		(1)		2	2	4	
ἐπὶ	E n	(1)		3		3	5	2	(5)	2	9	4	18	
							35	17	(22)	5	57	5	62	
κατά	E n			1		1	3		(1)		3	1	5	
							5	2		7	2		9	
μετά		(1)		3	1	4	5	2	(4)	2	9	3	18	
ὀπίσω/θεν							3		(2)	1	4	1	5	
παρά	E n	(1)	1			1	1	2	(2)	2	5		6	
			1	1	1	2	5	6	(4)	1	12	1	16	
πρός	E n	(1)	2			2	2	1	(1)	1	1	1	5	
			2			2	21	8	(9)	5	34	2	38	
σύν							7	2	(7)	1	10	4	16	
ὑπό				2	1	3	1				1	1	2	7
Voorsetss. 1 & 2 keer	n						5	5	(5)		10	2	13	
Totale	E n	(17) (4)	4 6	32 10	5 3	41 19	42 234	29 130	(55) (167)	10 54	81 428	28 58	166 521	
TOTAAL		(21)	10	42	8	60	276	159	(222)	64	509	86	687	

- (3) Voorsetselfrases ingelei deur εἰς, ἐνώπιον, ἐπὶ, παρά, περὶ, πρό, πρός, σὺν, ὑπὸ (agent) en ὡς(εἰ) staan gewoonlik na die werkwoord (80%+).
- (4) Voorsetselfrases ingelei deur διὰ, μετά, ὑπέρ en ὑπὸ (plek) staan betreklik dikwels voor die werkwoord (40%+).
- (5) Voorsetselfrases ingelei deur μετά (tyd) staan altyd voor die werkwoord.
- (6) Wanneer voorsetselfrases van agent nā die werkwoord staan, staan dit altyd direk na die werkwoord (20 keer).

TABEL VIId : BYWOORDELIKE VOORSETSELFPHRASES VAN OORSAAK, OPSIG, E.A.

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
Oorsaak	E n	(7)	4	6		10	3	3	(6)		6		3	19
				2		2	15	13	(7)	3	31	2		35
Opsig	E n	(5)	2	5	1	8	6	2	(4)		8		2	18
waarin							20	18	(17)	9	47	2		49
Agent	E n	(1)		1		1	5		(2)	1	6	2	1	10
				2		2	15		(7)	1	16			18
Vergelyking									(1)	1	1	1		2
Verwydering		(2)	2	1		3	11	5	(6)	4	20	1		24
Partitief				1		1	3	1	(2)		4	2		7
Doel	E n	(1)		1		1	1	5	(4)	1	7	3	1	12
				3		3	5	2	(6)	2	9			12
Gevolg				3		3	2	1	(3)		3	1		7
Instrument		(1)		1		1	1		(1)		1	1		3
Toevoeging		(2)	2			2		1			1			3
As indir. E voorwerp	n	(1)	1	1		2								2
							74	11	(55)	12	97	11		108
Totale	E n	(18)	10	16	1	27	17	13	(21)	3	33	5	7	72
		(2)	1	11		12	144	49	(101)	31	224	21		257
TOTAAL		(20)	11	27	1	39	161	62	(122)	34	257	26	7	329

TABEL VIIe : SAMEVATTING VAN TABELLE VIIa, VIIb, VIIc EN VIId

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
		eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste	v.l.	tot.			
PLEK		(21)	10	42	8	60	276	159	(222)	64	499	84	31	674
WYSE		(19)	5	38	2	45	37	31	(19)	13	81	20	6	152
TYD		(27)	27	40	3	70	22	27	(25)	11	60	13	7	150
ANDER FRs.		(20)	11	27	1	39	161	62	(122)	34	257	26	7	329
Totale	E n	(71)	42	111	11	164	85	68	(103)	25	178	53	30	425
		(16)	11	36	3	50	411	211	(295)	97	718	90	21	879
TOTAAL		(87)	53	147	14	214	496	279	(398)	122	896	143	51	1304

TABEL VIII : BYWOORDELIKE VOORSETSELFRASES - AFSONDERLIKE VOORSETSELS

	POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	nie-direk	direk	laaste	v.l.	tot.			
ἀνά						2		(1)		2			2
ἀντί						2				3			4
ἀντικέρα						1		(1)		1			1
ἀπό	(10)	6	8	3	17	50	24	(27)	13	87	14	2	120
ἀπέρ						1		(1)	1	2			2
ἀχρη						3	1	(2)		4			4
ὀδῶ	(10)	5	13		18	9	6	(7)	2	17	1		36
εἰς	(6)	5	14	1	20	95	55	(74)	17	167	23	5	215
ἐκ	(3)		10	1	11	14	5	(9)	5	24	11	5	51
ἐν	(33)	31	57	4	92	75	62	(83)	28	165	38	15	310
ἐγγύς										1	1		1
ἐμπροσθεν						2	4	(6)	1	7			8
ἐναντί(ον)						1		(4)	1	4			4
ἐνεκα/εν							4	(4)		4			4
ἐνώπιον			1		1	11	5	(12)	2	18	2	1	22
ἐξω						1	1	(2)	1	3			3
ἐκάνω					2			(1)		2	2		4
ἐκ	(11)	2	16	1	19	59	31	(39)	12	102	12	9	142
ἐως/ἐως πρόσ	(1)		1	1	2	3	3	(3)		6		3	11
κατά	(7)	2	6		8	13	8	(4)	3	24	8		40
μετά	(7)	3	18	1	22	12	9	(8)	8	29	4	2	57
μεταξύ								(1)			1	1	2
μεχρό											1	1	1
ὀκλῶν/θεν						3		(2)	1	4	1		5
καρῶ	(1)		3	1	4	6	8	(8)	5	19	2	1	26
περὶ			2	1	3	14	14	(14)	6	34			37
πρό	(1)		1		1	1	4	(3)		5			6
πρός	(3)	1	9	1	11	96	19	(67)	15	130	15	2	158
σύν	(1)	1			1	7	2	(7)	1	10	4	2	17
ὕπερ			2		2		1	(1)		1	1		4
ὑπό	(1)		5	1	6	20		(9)	2	22	3	3	34
χαρὶν	(1)	1			1								1
χωρὶς							1	(1)		1			1
ὡς(εἰ)	(2)		2		2	5	3	(8)		8	1	2	13

TABEL IX : BYWOORDELIKE VOORSETSELFRASES SAAM MET DIE TYE, MODI, INFINITIEWE EN DEELWOORDE

	POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WERK=WOORD	TOTAAL
	eerste	nie-direk	direk	v.l.	tot.	nie-direk	direk	laaste	v.l.	tot.			
IND. praes.	(19)	9	48	6	63	30	14	(24)	8	52	16		131
" impf.	(6)	7	8	2	17	45	26	(40)	15	86	15		118
" fut.	(14)	6	12	1	19	35	23	(30)	10	68	15		102
" aor.	(30)	19	46	2	67	163	98	(143)	46	307	23		397
" perf.	(4)	3	2	1	6	4		(3)		4	1		11
" Totaal	(73)	44	116	12	172	277	151	(240)	79	517	70		759
KONJUNKTIEF	(9)	6	6	2	14	24	19	(31)	2	45	8		67
IMPERATIEF	(6)	4	4		8	28	15	(30)	2	45	4		57
INFINITIEF		3	12	1	16	49	26	(45)	16	91	23		130
DEELW.praes.	(3)		18	1	19	50	23	(33)	8	81	11		111
" aor.	(3)	1	8		9	52	24	(12)	6	82	12		103
" perf.			2		2	17	8	(12)	7	32	3		37
GEN. ABS.													
+ plek-frase	(2)		4		4			(2)		17			4
+ ander frs.						12	5						17

8.3.3 Emfatiese posisies van bywoordelike voorsetselfrases

Vanweë die sterk affiniteit van voorsetselfrases vir na-posisie (78,9%), is selfs emfatiese voorsetselfrases traag om hierdie posisie te verlaat. Dit blyk uit die volgende:

- (1) 61% van die emfatiese voorsetselfrases is in na-posisie, terwyl slegs 39% weens emfatiese oorwegings vorentoe skuif.
- (2) Emfatiese voorsetselfrases staan dikwels in eindposisie (30,1%), soms voor die werkwoord (20,8%), maar gewoonlik in die middel van die sin of frase (49,1%).

Ten spyte hiervan vertoon sekere voorsetselfrases besliste voorkeure:

- a. Voorsetselfrases ingelei deur $\delta\upsilon\delta$ (plek, wyse, tyd), $\acute{\epsilon}\kappa$ (wyse) en $\pi\rho\acute{o}s$ (as indirekte voorwerp by werkwoorde van $\acute{\sigma}\eta$) is altyd emfaties wanneer hulle voor die werkwoord staan en nie-emfaties wanneer hulle na die werkwoord staan.
- b. Nie-emfatiese voorsetselfrases ingelei deur $\acute{\alpha}\pi\acute{o}$ (plek, tyd), $\acute{\epsilon}\kappa$ (plek) en $\acute{\epsilon}\pi\acute{\iota}$ (oorsaak, wyse, doel) staan nooit voor die werkwoord nie.

TABEL X : EMFATIESE EN NIE-EMFATIESE POSISIES VAN BYWOORDE EN BYWOORDELIKE BEPALINGS

	POSISIE V. BYW. & BYW. BEPS. OOR DIE ALGEMEEN		BYW. & BYW. BEPS. IN AANVANGSPOSISIE		BYW. & BYW. BEPS. IN EINDESPOSISIE		POSISIE VAN EMFATIESE BYWOORDE & BYWOORDE- LIKE BEPALINGS		
	% voor	% na	% E	% n	% E	% n	% eerste	% mid	% laaste
BYWOORDE									
van plek	38,8	61,2	90,9	9,1	80	20	28,6	37,1	34,3
van wyse	76,1	23,9	100	-	76,9	33,1	56,2	26,3	17,5
van tyd	78,9	21,1	62,5	37,5	42,9	57,1	62,5	30	7,5
Alle bywoorde	67,4	32,6	80,7	19,3	71,4	28,6	50,4	30,8	18,8
BYW. SUBSTANTIEWE									
van tyd	56,6	43,4	100	-	85,7	14,3	24,3	57,6	18,1
ander	68,2	31,8	100	-	37,5	62,5	12,5	78,1	9,4
VOORSETSELFRASES									
van tyd	56,5	43,4	61,9	38,1	48	52	28,9	44,4	26,7
van wyse	36,4	63,6	89,5	10,5	51,7	48,3	19,3	63,6	17,1
van plek	11,2	88,8	81	19	24,8	75,2	14,1	30,4	45,5
Alle voorsfrases	21,1	78,9	81,6	18,4	25,9	74,1	20,8	49,1	30,1

8.4 Werkwoorde (vgl. Tabel Xia - Tabel XIV)

TABEL Xia : WERKWOORDSOORTE

		VOOR IN DIE SIN eerste	nie eerste	MIDDEL	AGTER IN DIE SIN nie laaste	laaste	GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
Koppelwv.	n	(36)	92	98	69	(7)	-	116	375
Selfstandige E		(117)	168	10	83	(29)	56	29	346
werkwoorde n		(324)	629	96	223	(63)	490	293	1731
Onpers. wv.	n	(8)	20	-	-	-	-	-	20
Selfst. ^{εἰς} val ^{γινώσκω}		(27)	63	-	5	-	3	10	81
καὶ ἐγέρετο n		(49)	49	-	-	-	-	-	49
Totaal E		(117)	168	10	83	(29)	56	29	346
Totaal n		(444)	853	194	297	(70)	493	419	2256
TOTAAL		(561)	1021	204	380	(99)	549	448	2 602

TABEL Xib : TYE VAN DIE WERKWOORD IN DIE INDIKATIEF

		VOOR IN DIE SIN eerste	nie eerste	MIDDEL	AGTER IN DIE SIN nie laaste	laaste	GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
Praesens E		(4)	4	-	15	(10)	-	-	19
n		(10)	57	19	34	(9)	27	53	190
Imperfektum E		(8)	15	-	-	-	4	-	19
n		(58)	101	20	34	-	68	68	291
Futurum E		(8)	8	-	-	-	-	-	8
n		(29)	92	11	39	(6)	19	24	185
Aoristus E		(44)	65	-	4	(7)	14	6	89
n		(327)	437	29	93	(30)	259	91	909
Perfektum E		-	-	-	-	-	-	5	5
n		(24)	9	5	2	(12)	29	3	48
TOTAAL		(512)	788	84	221	(74)	420	250	1 763

TABEL Xic : OPSOMMING VAN DIE TYE VAN DIE WERKWOORD

		VOOR IN DIE SIN eerste	nie eerste	MIDDEL	AGTER IN DIE SIN nie laaste	laaste	GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
Praesens		(14)	61	19	49	(19)	27	53	209
Imperfektum		(66)	116	20	34	-	72	68	310
Futurum		(37)	100	11	39	(6)	19	24	193
Aoristus		(371)	502	29	97	(37)	273	97	998
Perfektum		(24)	9	5	2	(12)	29	8	53

TABEL Xid : DIE MODI VAN DIE WERKWOORD EN INFINITIEWE

		VOOR IN DIE SIN eerste	nie eerste	MIDDEL	AGTER IN DIE SIN nie laaste	laaste	GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
Indikatief E		(67)	101	5	20	(24)	21	12	159
n		(456)	730	81	212	(43)	423	247	1 693
Konjunktief E		(8)	13	-	21	(4)	-	6	40
n		(4)	25	-	-	(10)	15	13	53
Optatief E		(6)	-	-	-	-	4	-	4
n		-	10	-	4	-	-	-	14
Imperatief E		(48)	36	-	16	-	29	4	85
n		-	-	-	-	-	3	11	14
Infinitief E		-	30	-	7	-	7	9	53
n		(14)	131	11	15	(19)	72	46	275
TOTAAL		(603)	1 076	97	295	(100)	574	348	2 390

TABEL XIe : OPSOMMING VAN DIE MODI VAN DIE WERKWOORD EN DIE INFINITIEWE

	VOOR IN DIE SIN		MIDDEL	AGTER IN DIE SIN		GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
	eerste	níe eerste		níe laaste	laaste			
Indikatief	(523)	831	86	232	(67)	444	259	1 852
Konjunktief	(12)	38	-	21	(14)	15	19	93
Optatief	(6)	10	-	4	-	4	-	18
Imperatief	(48)	36	-	16	-	32	15	99
Infinities	(14)	161	11	22	(19)	79	55	328

TABEL XI f : ENKELE INDIVIDUELE WERKWOORDE EN WERKWOORDGROEPE

	VOOR IN DIE SIN		MIDDEL	AGTER IN DIE SIN		GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
	eerste	níe eerste		níe laaste	laaste			
WNE. VAN GAAN	(82)	58	-	43	-	96	39	236
WNE. VAN SÊ	(86)	91	2	48	(19)	127	38	306
WNE. VAN WEET	(10)	19	-	-	-	15	2	36
WNE. V. WAARNEEM	(15)	19	-	-	-	14	1	34
oóoww & SAMEST.	(5)	24	-	-	-	1	3	28
oet	(6)	14	-	-	-	-	4	18

TABEL XII : WERKWOORDE IN DIDAKTIESE EN VERHALENDE GEDEELTES

		VOOR IN DIE SIN		MIDDEL	AGTER IN DIE SIN		GEEN O/W V/W, ENS.	V.L.	TOTAAL
		eerste	níe eerste		níe laaste	laaste			
DIDAKTIESE	E	(32)	44	1	3	(4)	14	9	71
GEDEELTES	n	(40)	94	186	269	(70)	74	69	692
Totaal		(72)	138	187	272	(74)	88	78	763
VERHALENDE	E	(85)	124	9	80	(25)	42	20	275
GEDEELTES	n	(404)	759	8	28	-	419	350	1 564
Totaal		(489)	883	17	108	(25)	461	370	1 839
TOTAAL		(561)	1 021	204	380	(99)	549	448	2 602

TABEL XIII : EMFATIESE EN NIE-EMFATIESE POSISIES VAN DIE WERKWOORD

	POSISIE VAN DIE W.W. OOR DIE ALGEMEEN			AANVANGSPOS.		TUSSENPOS.		EINDPOSISIE		POSISIE VAN EMFATIESE WERKWOORDE		
	% 1e	% middel	% laaste	% E	% n	% E	% n	% E	% n	% 1e	% middel	% laaste
Selfst. ww.(alg.)	65,9	8,8	25,3	26,5	73,5	17	83	31,5	68,5	44,8	44,1	11,1
Praes.	47,3	14,7	38	28,6	71,4	5,2	94,8	52,6	47,4	21,1	26,3	52,6
Imperf.	68,2	11,8	20	12,1	87,9	6,7	93,3	-	-	53,3	46,7	-
Fut.	66,7	7,3	26	21,6	78,4	-	100	-	100	100	-	-
Aor.	79,9	4,6	15,5	11,9	88,1	8,2	91,8	18,9	81,1	63,8	26	10,2
Perf.	56,3	31,2	12,5	-	100	-	100	-	100	-	-	-
Indik.	72,3	7,5	20,2	12,8	87,2	6,3	93,7	35,8	64,2	53,2	27,7	19,1
Konjunk.	64,4	-	35,6	66,7	33,3	66,7	33,3	28,6	71,4	23,5	64,7	11,8
Optatief	71,4	-	28,6	100	-	-	100	-	-	100	-	-
Imperat.	69,2	-	30,8	100	-	100	-	-	-	92,3	7,7	-
Infinities	83	5,7	11,3	-	100	-	100	-	-	-	100	-
Didakties	23,1	31,3	45,6	44,4	55,6	2,7	97,3	5,4	94,6	66,7	25	8,3
Verhalend	87,6	1,7	10,7	17,4	82,6	20,9	79,1	100	-	39,9	48,4	11,7

8.4.1 Algemene tendense

(1) Die werkwoord staan gewoonlik aan die begin van die sin (65,9%),
maar

a. in die didaktiese gedeeltes van Lukas staan die werkwoord

gewoonlik aan die einde van die sin (45,6%), dikwels in die middel (31,3%) en selde aan die begin van die sin (23,1%);

b. in die verhalende gedeeltes (waaruit die grootste gedeelte van die Evangelie volgens Lukas bestaan) neem die werkwoord feitlik deurgaans aanvangsposisie in (87,6%);

c. middelposisie van die werkwoord kom selde voor (8,8%).

Hierdie verskynsels bevestig die vermoede dat die werkwoord in die verhaal die sentrum van die mededeling vorm en daarom vooropgestel word (vgl. hfst. I 3.1.1(2), p.30, en 3.1.2(1), p.32 hierbo).

- (2) Werkwoorde in die optatief, imperatief en imperfektum indikatief, infinitiewe en selfstandige εἶμι en γύνομαι staan nooit laaste in die sin nie.
- (3) Werkwoorde in die konjunktief en optatief en die infinitiewe word nooit in tussenposisie aangetref nie.
- (4) Infinitiewe en werkwoorde in die aoristus indikatief het 'n besondere affiniteit vir aanvangsposisie (inf. 83%, aor. ind. 79,9%). Dié voorliefde van die aoristus indikatief spruit waarskynlik voort uit die feit dat dit veelvuldig gebruik word in die verhalende gedeeltes.
- (5) Die praesens indikatief word relatief dikwels gebruik in eindposisie (38%).

8.4.2 Voorkeurwoorde

- (1) Die verhalende καὶ ἐγένετο en emfatiese werkwoorde in die optatief en futurum indikatief staan altyd eerste in die sin.
- (2) Onpersoonlike werkwoorde, werkwoorde van weet en waarneem, ὁρίζομαι en sy samestellings, en emfatiese werkwoorde in die imperfektum indikatief staan altyd voor hulle meegaande substantiewe.

8.4.3 Emfatiese posisies van werkwoorde

Emfatiese werkwoorde staan ewe dikwels in voorposisie as in tussenposisie, maar

- (1) Emfatiese werkwoorde in die optatief en futurum indikatief is altyd in aanvangsposisie;
- (2) Emfatiese werwoorde in die imperatief en aoristus indikatief neem gewoonlik aanvangsposisie in;
- (3) Emfatiese konjunktiewe staan gewoonlik in tussenposisie (64,7%);
- (4) Die werkwoorde in die didaktiese gedeeltes wat aanvangsposisie inneem, is gewoonlik emfaties (66,7%);
- (5) In die verhalende gedeeltes word emfatiese werkwoorde meestal in tussenposisie aangetref (48,4%).

8.5 LIDWOORDLOSE DEELWOORDE (vgl. Tabel XIV)

TABEL XIV : LIDWOORDLOSE DEELWOORDE

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					V.L.	GEEN WW.	ptc +adj	adj +ptc	TOTAAL
		eerste woord	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste woord	v.l.	tot.					
Praes. deelw	E	-	5	11	-	16	-	-	-	-	-	-	-	(9)	(4)	16
	n	-	-	4	5	9	34	115	(53)	-	202	-	-	(86)	(10)	211
Aor. deelw	E	(10)	10	-	-	10	-	-	-	-	-	-	-	(10)	-	10
	n	(72)	115	41	-	156	8	5	(2)	4	17	11	-	(96)	(5)	184
Perifras-	E	(9)	-	-	-	9	11	-	-	-	11	-	12	-	-	32
tiese deelw	n	-	-	-	-	-	24	13	(1)	25	62	14	4	-	-	80
Gen. abs.	n	-	22	31	-	53	1	-	(1)	-	1	-	-	-	-	54
TOTAAL		(91)	152	87	5	253	78	133	(57)	29	293	25	16	(201)	(19)	587

Hoewel deelwoorde feitlik ewe dikwels voor en na die werkwoord voorkom (46,3% voor, 53,7% na), is daar wel sekere voorkeurverskynsels:

- (1) Nie-emfatiese deelwoorde in perifrastiese konstruksies staan nooit voor die werkwoord nie.

- (2) Aoristus deelwoorde verkies om voor en verwyderd van die werkwoord te staan (90,2%) en wanneer dit emfaties is, staan dit altyd in aanvangsposisie.
- (3) Praesens deelwoorde verkies om na die werkwoord te staan, maar wanneer die deelwoord emfaties is, staan dit altyd voor die werkwoord.
- (4) Op een uitsondering na, gaan die genitivus absolutus altyd die werkwoord vooraf.

8.6 SUBSTANTIËWE (vgl. Tabel XVa - XVII)

TABEL XVa : VERSKILLENDE SOORTE SUBSTANTIËWE

		POSISIE VOOR WERKWOORD					POSISIE NA WERKWOORD					GEEN MW.			TOTAAL
		eerste-woord	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-laaste-woord	v.l.	tot.	V.L.	voor kompl.	na kompl.		
S.NWE.															
Soort=	E (46)	6	39	9	54	81	19	(21)	11	111	17	7	-	189	
name	n (110)	80	40	13	133	281	69	(21)	66	416	122	17	-	688	
Abstr.	E (46)	-	77	-	77	30	7	(10)	11	48	22	8	-	155	
s.nwe.	n	-	17	13	30	163	27	(14)	22	212	27	17	-	286	
Eie=	E (126)	32	114	-	146	122	15	(21)	10	147	5	-	-	298	
name	n (34)	-	34	11	45	134	27	(34)	20	181	67	-	-	293	
Totaal	E (218)	38	230	9	277	233	41	(52)	32	306	44	15	-	642	
s.nwe.	n (144)	80	91	37	208	578	123	(69)	108	809	216	34	-	1 267	
SUBST. VNWE.															
Persoon	E (137)	13	173	9	195	10	7	-	-	17	22	7	-	241	
like	n (103)	54	85	26	165	431	-	(125)	-	431	83	9	12	700	
Reflek=	E	-	-	-	-	9	-	(3)	-	9	-	-	-	9	
siewe	n	-	-	-	-	10	-	-	-	10	6	-	-	16	
Demon=	E (69)	-	40	12	52	-	4	-	-	4	16	21	-	93	
strat.	n (35)	-	15	-	15	10	-	-	-	10	11	-	-	36	
Totaal	E (206)	13	213	21	247	19	11	(3)	-	30	38	28	-	343	
vnwe.	n (138)	54	100	26	180	451	-	(125)	-	451	100	9	12	752	
SUBST. B. VNWE.															
Alge=	E (11)	-	19	-	19	11	-	-	-	11	-	8	-	38	
meen	n (32)	-	8	13	21	-	-	-	5	5	-	-	-	26	
πολλοί	E	-	13	16	8	37	-	-	-	-	-	-	-	37	
πᾶς	E (4)	6	2	-	8	4	2	(1)	-	6	-	-	-	14	
n	n	-	1	1	2	9	3	-	4	16	1	-	-	19	
τις	n (1)	6	7	1	14	12	1	-	5	18	1	-	-	33	
Subst.	E	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
deelw.	n (18)	-	25	14	39	29	27	(14)	-	56	-	-	8	103	
Totaal	E (11)	19	37	8	64	15	2	(1)	-	17	-	8	-	89	
b.nwe.	n (68)	6	41	29	76	50	31	(14)	14	95	-	-	8	179	
TOTAAL	(785)	210	712	130	1 052	1 346	208	(264)	154	1 708	398	94	20	3 272	

TABEL XVb : SUBSTANTIEWE IN DIE VERSKILLENDEN NAAMVALLE*

		POSISIE VOOR WERKWOORD				POSISIE NA WERKWOORD				GEEN WW.		TOTAAL
		eerste woord	nie-direk	direk	v.l.	tot.	eerste woord	nie-direk	laaste woord	v.l.	tot.	
Nominatief	E n	(322)	109	203	14	326	40	35	(28)	11	86	510
		(255)	82	350	121	553	429	57	(40)	93	579	1 380
Akkusatief	E n	(67)	-	96	40	136	90	29	(69)	27	146	304
		(39)	-	54	12	66	524	41	(68)	43	608	746
Datief	E n	(39)	-	40	-	40	4	13	(6)	-	17	64
		-	-	9	-	9	251	23	(67)	27	301	380
Vokatief		(81)	45	37	-	82	33	-	-	33	-	115
TOTAAL		(803)	236	789	187	1 212	1 371	198	(278)	201	1 770	3 499

* Substantiewe in die genitief is opgeneem in tabel IV en tabel XVIIIc en is gevolglik in hierdie tabel buite rekening gelaat.

TABEL XVI : SUBSTANTIEWE IN DIDAKTIESE EN VERHALENDE GEDEELTES

		POSISIE VOOR WERKWOORD				POSISIE NA WERKWOORD				GEEN WW.		TOTAAL
		eerste woord	nie-direk	direk	v.l.	tot.	eerste woord	nie-direk	laaste woord	v.l.	tot.	
Didakties	E n	(299)	34	436	38	508	199	3	-	14	216	779
		(300)	141	154	95	390	316	72	(108)	60	448	973
Totaal		(599)	175	590	133	898	515	75	(108)	74	664	1 752
Verhalend	E n	(131)	40	96	14	150	104	46	(63)	24	174	402
		(76)	21	107	34	162	751	74	(107)	104	929	1 339
Totaal		(207)	61	203	48	312	855	120	(170)	128	1 103	1 741
TOTAAL		(806)	236	793	181	1 210	1 370	195	(278)	202	1 767	3 493

TABEL XVII : EMFATIESE EN NIE-EMFATIESE POSISIES VAN SUBSTANTIEWE

	POSISIE V. SUBST. OOR DIE ALGEMEEN		AANVANGSPOS.		MIDDELPOS.		EINDPOS.		POSISIE V. EMFATIESE SUBSTANTIEWE		
	% voor ww.	% na ww.	% E	% n	% E	% n	% E	% n	% eerste	% middel	% laaste
Selfst. naamw.	20,5	79,5	60,2	39,8	28	72	43	57	37,4	53,7	8,9
Voornaamwoorde	28,1	71,9	59,9	40,1	15,6	84,4	2,3	97,7	74,4	24,5	1,1
Byvoeglike nwe.	55,6	44,4	13,9	86,1	43,7	56,3	6,7	93,3	13,6	85,2	1,2
Nominatiewe	56,9	43,1	55,8	44,2	14,9	85,1	41,2	58,8	78,2	15	6,8
Akkusatiewe	21,1	78,9	63,2	36,8	20,5	79,5	50	50	23,8	51,8	24,4
Datiewe	13,4	86,6	100	-	4,7	95,3	8,2	91,8	68,4	21,1	10,5
Didaktiese dele	57,5	42,5	49,9	50,1	49,7	50,3	-	100	41,3	58,7	-
Verhalende dele	22,1	77,9	63,3	36,7	14	86	37,1	62,9	40,4	40,2	19,4
Predikatiewe sub.	25	75	100	-	14,6	85,4	88,1	11,9	16,4	22,9	60,7

8.6.1 Algemene tendense

- (1) Oor die algemeen staan substantiewe na die werkwoord (61,9%), maar
 - a. in die didaktiese gedeeltes staan substantiewe 57,5% voor die werkwoord, terwyl dit in die verhalende gedeeltes 77,9% na die werkwoord staan;

- b. nominatiewe substantiewe staan meer dikwels voor (56,9%) as na die werkwoord;
 - c. substantiewe byvoeglike naamwoorde staan meer dikwels voor (55,6%) as na die werkwoord;
 - d. demonstratiewe verkies voorposisie (82,7%);
- (2) Substantiewe het 'n sterk neiging om direk langs die werkwoord te staan (direk voor: 77,2%; direk daarna: 86,6%), maar
- a. akkusatiewe en datiewe staan nooit verwyderd voor die werkwoord nie (199 keer);
 - b. vokatiewe staan nooit verwyderd na die werkwoord nie (33 keer).
- (3) Substantiewe wat voor die werkwoord staan, is gewoonlik ook in aanvangsposisie (85,1%).
- (4) Wanneer die koppelwerkwoord ellipties is, staan substantiewe, met uitsondering van persoonlike voornaamwoorde en deelwoorde, altyd voor die komplement (94 keer).

8.6.2 Voorkeurwoorde

- (1) Refleksiewe voornaamwoorde staan altyd na die werkwoord (19 keer).
- (2) πολλοί, πολλούς, ens., staan altyd voor die werkwoord (37 keer).
- (3) πᾶς verkies om na die werkwoord te staan (68,8%).

8.6.3 Emfatiese posisies

- (1) Emfatiese substantiewe verkies om voor die werkwoord te staan (79%), maar
 - a. selfstandige naamwoorde staan gewoonlik in die middel van die sin (53,7%);
 - b. substantiewe in die akkusatief staan gewoonlik in die middel van die sin (51,8%);
 - c. substantiewe byvoeglike naamwoorde verkies middelposisie

(85,2%);

d. in die didaktiese gedeeltes is middelposisie van emfatiese substantiewe algemeen (58,7%).

- (2) In die didaktiese gedeeltes staan emfatiese substantiewe nooit aan die einde van 'n sin nie.
- (3) Substantiewe in aanvangsposisie is, met uitsondering van die substantiewe byvoeglike naamwoorde, gewoonlik emfaties (55,8% - 63,2%).
- (4) Datiewe in aanvangsposisie is altyd emfaties (39 keer).
- (5) Abstrakte selfstandige naamwoorde in aanvangsposisie is altyd emfaties (46 keer).
- (6) Substantiewe in middelposisie is gewoonlik nie-emfaties (56,3% - 95,3%).
- (7) Substantiewe in eindposisie is gewoonlik nie-emfaties (50% - 91,8%) - in die didaktiese gedeeltes altyd nie-emfaties (108 keer).
- (8) Persoonlike voornaamwoorde in eindposisie is altyd nie-emfaties (125 keer).
- (9) $\pi\alpha\varsigma$ is in aanvangs- sowel as in eindposisie altyd emfaties (5 keer).

8.7 Byvoeglike naamwoorde en byvoeglike bepalinge (vgl. Tabel XVIIIa - Tabel XIX)

8.7.1 Algemene tendense

- (1) Attributiewe byvoeglike bepalinge en byvoeglike naamwoorde staan gewoonlik na die substantief wat daardeur bepaal word (66,8%), en nie daarvan verwyderd nie (91,3%), maar $\delta\lambda\omicron\varsigma$ en $\pi\alpha\varsigma$ staan, elkeen op slegs een uitsondering na, altyd voor die substantief.

(2) Predikatiewe byvoeglike naamwoorde en -bepalings staan in die reël na die koppelwerkwoord (75%) en nie daarvan verwyderd nie (83%).

TABEL XVIIa : ATTRIBUTIEWE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE EN BYVOEGLIKE BEPALINGS

		POSISIE VOOR SUBSTANTIEF					POSISIE NA SUBSTANTIEF					V.L.	TOTAAL
		eerste woord	nie-direk	direk	v.l.	Tot.	direk	nie-direk	laaste woord	v.l.	tot.		
B.NWE.	E	(19)	5	10	14	29	34	9	(9)	29	72	19	120
Algemeen	n	-	5	6	-	11	24	-	-	-	24	20	55
πᾶς	E	(5)	-	32	1	33	-	-	-	-	-	15	48
	n	-	-	36	4	40	1	-	-	-	1	7	48
ὅλος	E	-	-	12	-	12	-	-	-	-	-	1	13
	n	-	-	-	-	-	1	-	-	1	2	1	3
Telwoorde	E	(4)	-	15	-	15	37	-	(10)	2	39	44	98
	n	-	-	14	-	14	19	-	-	-	-	6	39
Demonstratiewe	E	(6)	-	-	6	6	15	-	(9)	-	15	5	26
	n	-	-	-	-	-	34	-	(5)	7	41	39	80
Totaal	E	(34)	5	69	21	95	86	9	(28)	31	126	84	305
B.NWE.	n	-	5	56	4	65	79	-	(5)	8	87	73	225
S.NWE.	E	-	-	-	1	1	15	-	(2)	-	15	5	21
S.nwe. in apposisie	n	-	-	-	-	-	72	14	(14)	3	89	48	137
VOORS-FRS.													
met ἐκ	n	-	-	-	-	-	3	2	(3)	2	7	-	7
met ἐν	n	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	2
met ὡς	n	-	-	-	-	-	5	-	-	-	5	-	5
met περί	n	-	-	3	-	3	1	-	(1)	-	1	-	4
Gesamentlike totale	E	(34)	5	69	22	96	101	9	(30)	31	141	89	326
	n	-	5	59	4	68	160	16	(23)	13	189	123	380
TOTAAL		(34)	10	128	26	164	261	25	(53)	44	330	212	706

TABEL XVIIb : PREDIKATIEWE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE EN BYVOEGLIKE BEPALINGS

		VOOR KOPPELWERKWOORD					NA KOPPELWERKWOORD					GEEN WW.			
		eerste woord	nie- direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie- direk	laaste woord	v.l.	tot.	V.L.	voor subst.	na subst.	TOTAAL
B.nwe.	E	(6)	-	6	-	6	11	-	(14)	-	11	24	5	15	61
	n	-	-	-	-	-	5	-	-	5	5	-	4	32	46
Subst.	E	(4)	-	9	-	9	24	4	(23)	-	28	26	4	16	83
Voorsfrs.	n	-	-	5	10	15	-	3	-	-	3	14	7	14	53
met ἐκ	n	-	-	-	-	-	8	7	-	-	15	2	-	-	17
met ἐν	E	-	-	7	-	7	-	-	-	-	-	-	-	-	7
	n	-	-	-	-	-	29	-	(3)	-	29	10	-	2	41
met ἐκ	n	-	-	-	-	-	5	4	-	-	9	6	-	-	15
met ὡς	n	-	-	-	-	-	1	-	-	-	1	-	-	-	1
met μετὰ	n	-	-	-	-	-	3	-	(2)	-	3	-	-	1	4
met σύν	n	-	-	-	-	-	2	-	-	-	2	-	-	-	2
Totale	E	(10)	-	22	-	22	35	4	(37)	-	39	50	9	31	151
	n	-	-	5	10	15	53	14	(5)	5	72	32	11	49	179
TOTAAL		(10)	-	27	10	37	88	18	(42)	5	111	82	20	80	330

- (3) Attributiewe voorsetselfrases staan altyd na die substantief wat daardeur bepaal word, met uitsondering van frases ingelei deur περύ.
- (4) Predikatiewe voorsetselfrases staan altyd na die koppelwerkwoord, met uitsondering van emfatiese έν-frames.
- (5) Op een uitsondering na staan alle appositiewe selfstandige naamwoorde altyd na die substantief wat daardeur bepaal word.
- (6) Adnominale genitiewe staan feitlik deurgaans na die substantief (97,4%), en wanneer dit in na-posisie is, staan dit nooit verwyderd van die substantief nie. Slegs die subjektiewe genitief, partitiewe genitief, genitief van oorsprong en genitief van beskrywing staan per geleentheid voor die substantief, en dan gewoonlik direk voor.

TABEL XVIIIc : ADNOMINALE GENITIEWE

	POSISIE VOOR SUBSTANTIEF					POSISIE NA SUBSTANTIEF					V.L.	TOTAAL
	eerste woord	nie-direk	direk	v.l.	tot.	direk	nie-direk	laaste woord	v.l.	tot.		
Besitsgen. n	-	-	-	-	-	115	-	(29)	9	124	14	138
Subjek-tiewe gen. n	E (3)	-	-	-	-	19	-	(10)	-	19	-	19
Objek-tiewe gen. n	(3)	3	4	-	7	134	-	(24)	-	134	10	151
Parti-tiewe gen. n	(1)	-	1	1	2	5	-	-	-	5	4	9
Gen. van verwantsk. n	-	-	-	-	-	48	-	(24)	5	53	-	53
Gen. van oorsprong n	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3	5
Ander genitiewe n	-	-	1	-	1	159	-	(44)	10	169	9	179
Gen. van verwantsk. n	-	-	-	-	-	-	-	-	2	2	5	7
Gen. van oorsprong n	-	-	-	-	-	178	-	(29)	11	189	11	200
Ander genitiewe n	-	-	2	2	4	15	-	-	-	15	1	20
Totale	E (3)	-	3	3	6	45	-	(10)	2	47	13	66
TOTAAL	(3)	3	14	-	17	778	-	(164)	44	822	44	883
	(4)	3	17	3	23	823	-	(174)	46	869	57	949

TABEL XIX : EMFATIESE EN NIE-EMFATIESE POSISIES VAN ATTRIBUTIEWE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE EN BYVOEGLIKE BEPALINGS

	POSISIE VAN B.NWE. & -BEPS. OOR DIE ALG.		VOOR DIE SUBSTANTIEF		NA DIE SUBSTANTIEF		EMFATIESE POSISIE VAN B.NWE. & -BEPS.	
	% voor subst.	% na subst.	% E	% n	% E	% n	% voor subst.	% na subst.
Demonstratiewe	9,7	90,3	100	-	26,8	73,2	28,6	71,4
Adnominale gen.	2,6	97,4	26,1	73,9	5,4	94,6	11,3	88,7
Aposisie- subst	1,9	98,1	100	-	16,5	83,5	6,5	93,5
Ander b.nwe.	33,2	66,8	58,5	41,5	42,7	57,3	43	57
B.nwe.&-beps. as geheel	14,6	85,4	55,4	44,6	17,3	82,7	35,3	64,7

8.7.2 Emfatiese posisies

- (1) Emfatiese attributiewe byvoeglike naamwoorde en -bepalings kom oor die hele sin voor, maar
 - a. emfatiese $\pi\alpha\varsigma$ en $\delta\lambda\omicron\varsigma$ staan altyd voor die substantief;
 - b. attributiewe in aanvangs- of eindposisie is, met uitsondering van demonstratiewe en apposisiestellings, altyd emfaties;
 - c. demonstratiewe is altyd emfaties in aanvangsposisie;
 - d. nie-emfatiese demonstratiewe en apposisiestellings en nie-emfatiese $\delta\lambda\omicron\varsigma$ staan altyd na die substantief wat hulle bepaal.
- (2) Emfatiese predikatiewe byvoeglike naamwoorde en -bepalings staan gewoonlik na die koppelwerkwoord (60,7%), maar
 - a. wanneer dit voor die koppelwerkwoord staan, is die byvoeglike naamwoord altyd emfaties;
 - b. emfatiese voorsetselfrases staan altyd voor en nie-emfatiese voorsetselfrases staan altyd na die koppelwerkwoord;
 - c. in aanvangsposisie en in eindposisie is predikatiewe byvoeglike naamwoorde en -substantiewe altyd emfaties;
 - d. nie-emfatiese substantiewe as predikatiewe komplement staan gewoonlik voor die koppelwerkwoord (83,3%).
- (3) Adnominale genitiewe se affiniteit vir na-posisie is so sterk dat ook emfatiese genitiewe gewoonlik na die substantief staan (88,7%), maar
 - a. emfatiese partitiewe genitiewe staan altyd voor die substantief (2 keer);
 - b. wanneer genitiewe van oorsprong voor die substantief staan, is hulle altyd emfaties (4 keer);
 - c. wanneer subjektiewe genitiewe voor die substantief staan, is hulle altyd nie-emfaties (7 keer);
 - d. Die genitief van besit, objektiewe genitief en genitief

van verwantskap staan altyd na die substantief, afgesien daarvan of hulle emfaties of nie-emfaties is.

9. KONKLUSIE

Uit die gegewens wat hierbo in hoofstukke I en II versamel is, blyk dit dat daar in die Griekse taal inderdaad geen onvoorwaardelike vryheid van woordorde bestaan nie, maar dat woordorde bepaal word deur 'n hele aantal determinante. Soms is een determinant dominerend oor die res, soms weer 'n ander. Hoewel elke skrywer sy besondere voorkeure het met betrekking tot determinante, is sommige determinante oor die algemeen meer dominerend van aard as ander. Derhalwe moet daar by die beoordeling van woordorde aan die verskillende woordorde-determinante in die volgende volgorde oorweging geskenk word:

(1) Taalkundige determinante:

- Leksikale determinante
- Woordsoortlike determinante
- Semantiese determinante
- Morfologiese determinante
- Sintaktiese determinante

(2) Stilistiese determinante:

- Emfatiese determinante
- Stylfigure
- Retories-strukturele determinante
- Estetiese determinante
- Sosiaal-tradisionele determinante
- Invloed van ander tale
- Kontekstuele determinante
- Gewoonte-determinante.

AFDELING B

METODOLOGIE

HOOFSTUK III

DIE AARD EN OMVANG VAN WOORDORDE-VARIASIE IN DIE NUWE TESTAMENT

In die teksgetuienisse van die Evangelie volgens Lukas is daar in totaal 1 187 variasie-eenhede waarin die woordorde verskil (vgl. die tabelle op p.95-116 hierbo). In 357 van hierdie variasie-eenhede wissel die posisie van bywoorde en bywoordelike bepalings, in 448 die posisie van werkwoorde, in 59 die posisie van deelwoorde, in 682 die posisie van substantiewe, in 485 die posisie van byvoeglike naamwoorde en byvoeglike bepalings. Uit die statistieke wat in die genoemde tabelle vervat is, is dit duidelik dat daar drie soorte van woordorde-variante bestaan:

- (1) Variasie van voor-posisie: In 213 variasie-eenhede staan die dwaalwoord of dwaalgroep wel in al die teksgetuienisse vóór die gekwalifiseerde woord, maar varieer met betrekking tot die presiese voorposisie - in sommige getuienisse staan dit direk voor die gekwalifiseerde woord, in ander getuienisse verwyderd daarvan; in sommige getuienisse is dit in aanvangs-posisie, in ander weer nie.
- (2) Variasie van na-posisie: In 409 variasie-eenhede staan die dwaalwoord of dwaalgroep wel in al die teksgetuienisse ná die gekwalifiseerde woord, maar varieer met betrekking tot die

presiese na-posisie - in sommige getuienisse staan dit direk na die gekwalifiseerde woord, in ander getuienisse verwyderd daarvan; in sommige getuienisse staan dit in eindposisie, in ander weer nie.

- (3) Variasie van voor- en na-posisie: In die grootste aantal van die woordorde-variasie-eenhede in die Evangelie volgens Lukas, nl. in 961 gevalle, staan die dwaalwoord of dwaalgroep in sommige getuienisse voor die gekwalifiseerde woord, terwyl dit in ander getuienisse weer daarop volg.

Weiss (1899, p.191-218) klassifiseer woordorde-variante soos volg:

- (1) Variasie met betrekking tot substantiewe met hulle bepalinge: die posisie van vokatiwe, van subjekte, van apposisiestellings, van adnominale genitiwe en van byvoeglike naamwoorde;
- (2) Variasie met betrekking tot werkwoorde met hulle bepalinge: die posisie van die koppelwerkwoorde, infinitiewe, deelwoorde, direkte objekte, indirekte objekte, voegwoorde, bywoorde en voorsetselfrases;
- (3) Variasie met betrekking tot parallelle woorde en -sinne: parallelle funksie van dieselfde element, geykte formules en -frases, omruiling van hele verse.

Weiss se indeling berus op morfologie, woordsoort en sintaksis, waarbinne alle soorte woordorde-variasie inderdaad op een of ander wyse geakkommodeer kan word. Vir die daarstelling van 'n metodiek vir die beoordeling van woordorde-variante is Weiss se indeling egter onvoldoende. Aangesien die wese en aard van die objek van 'n metodiek tot 'n groot mate bepalend is vir die metodiek self, is dit noodsaaklik om die wese en aard van woordorde-variasie in die Nuwe Testament uiters noukeurig te bepaal. Met betrekking tot die aard van woordorde-variasie is dit noodsaaklik om alle woordorde-variante te klassifiseer enersyds volgens die woordsoort

wat verskuif en andersyds volgens die proses van verskuiwing. Met betrekking tot die wese van woordorde-variasie moet die effek van die teksverandering in ag geneem word. So blyk dit dat daar twee hoofkategorieë van woordorde-variasie te onderskei is, nl. teksveranderinge wat die betekenis beïnvloed, en teksveranderinge wat skynbaar geen invloed op die betekenis het nie.

1. TEKSVERANDERINGE WAT DIE BETEKENIS BEÏNVLOED

1.1 Variasie van kombinasie

Betekenisverandering word soms veroorsaak deur die verplasing van 'n woord of van woorde uit een woordgroep na 'n ander woordgroep. Hierdie soort teksverandering funksioneer soos 'n chemiese reaksie, waar een of meer elemente van een kombinasie oorgedra word na 'n ander kombinasie. Daar is drie verskillende soorte van kombinasie-variasies:

1.1.1 Wisseling tussen twee kombinasies in dieselfde sin, bv. Lk 9:39, waarvan daar in die teksgetuienisse twee variante lesings bestaan:

- (1) καὶ ἰδοὺ πνεῦμα λαμβάνει αὐτόν, καὶ ἐξαίφνης κράζει καὶ σπαράσσει αὐτὸν μετὰ ἄφροῦ ~~X~~ B et al.
- (2) λαμβάνει γὰρ αὐτὸν ἐξαίφνης πνεῦμα καὶ ῥήσσει καὶ σπαράσσει αὐτὸν μετὰ ἄφροῦ D sy^s

Die bywoord ἐξαίφνης is in lesing 1 'n kwalifikasie van κράζει en in lesing 2 'n kwalifikasie van λαμβάνει.

In Lk 13:9 vind daar op dieselfde wyse verskuiwing van 'n woordgroep plaas:

(1) καὶ μὲν ποιήσῃ καρπὸν εἰς τὸ μέλλον - εἰ δὲ μήγε, ἐκκόψεις αὐτήν **p**⁷⁵ **Ⲱ B L et al.**

(2) καὶ μὲν ποιήσῃ καρπὸν - εἰ δὲ μήγε, εἰς τὸ μέλλον ἐκκόψεις αὐτήν **p**⁴⁵ **vid A D K W et al.**

In lesing 1 kwalifiseer die voorsetselfrase εἰς τὸ μέλλον die werkwoord ποιήσῃ en in lesing 2 die werkwoord ἐκκόψεις.

1.1.2 Verskuiwing van 'n dubbelsinnige posisie na 'n ondubbelsinnige posisie, bv. Lk 1:3, wat in vier verskillende volgordes oor=gelewer is:

(1) παρηκολουθηκότι ἄνωθεν πᾶσιν ἀκριβῶς καθεξῆς σοι γράφαι **Ⲱ B et al.**

(2) ἄνωθεν πᾶσιν ἀκριβῶς παρηκολουθηκότι καθεξῆς σοι γράφαι **Goth Luth**

(3) ἀκριβῶς παρηκολουθηκότι ἄνωθεν πᾶσιν καθεξῆς σοι γράφαι **Ori= gines (teks)**

(4) παρηκολουθηκότι ἄνωθεν πᾶσιν καθεξῆς σοι ἀκριβῶς γράφαι **vg Augustinus**

In lesing 1 kan ἀκριβῶς opgeneem word as bywoord by παρηκολουθηκότι óf by γράφαι; in lesing 2 en lesing 3 word ἀκριβῶς ondubbelsinnig gestel as bywoord by παρηκολουθηκότι en in lesing 4 ondubbelsinnig by γράφαι. 'n Meer ooglopende voorbeeld kom voor in Lk 16:6, waar die meerderheid van die teksgetuïenisse die lesing καθύσας τάχως γράφον gee, maar B 954 472 die lesing καθύσας γράφον τάχως.

1.1.3 Oordrag uit een sin in die ander, soos die geval is met die twee lesings van Lk 4:38:

(1) . . . εἰσῆλθεν εἰς τὴν οἰκίαν Σίμωνος. πενθέρα δέ . . . **Ⲱ B D et al.**

(2) . . . εἰσῆλθεν εἰς τὴν οἰκίαν. Σίμωνος δὲ πενθέρα . . . **131 443 et al.**

As gevolg van die dwalende δέ word die eienaam Σύμωνος oorgedra uit een sin in 'n ander.

1.1.4 Oordrag en kombinasie-variasie: 'n Interessante variasie kom voor in Lk 1:64, waar oordrag uit een sin in 'n ander en kombinasie-variasie terselfdertyd plaasvind.

- (1) καὶ ἐθαύμασαν πάντες. ἀνεψύχθη δὲ τὸ στόμα αὐτοῦ παραχρῆμα
καὶ ἡ γλῶσσα αὐτοῦ **NA B C** et al.
- (2) καὶ παραχρῆμα ἐλύθη ἡ γλῶσσα αὐτοῦ καὶ ἐθαύμασαν πάντες. ἀνεψύχθη δὲ τὸ στόμα αὐτοῦ **D** it.

1.2 Omruiling van hele sinne

In Lk 23:17 word die hele vers ἀνάγκην δὲ εἶχεν ἀπολύειν αὐτοὺς κατὰ ἑορτὴν ἓνα in **D** it^d **syr^{C,S}** **eth nā** vers 19 geplaas. In Lk 22:17-20 (die instelling van die Nagmaal) veroorsaak die omruiling van sinne in sekere manuskripte 'n belangrike verskil met betrekking tot die betekenis.

Soms word selfs meer as een sin verskuif. In kodeks **C** kom so 'n voorbeeld voor: Op. 7:17-8:4 staan in dié manuskrip tussen Op. 10:10b en 11:3. Hierdie verskuiwing veroorsaak 'n sinnelose lesing, aangesien nōg verse 10:10b en 7:17, nōg verse 8:4 en 11:3 sinvol by mekaar aansluiting vind. Oliver (1957, p.234-236) meen dat hierdie verskuiwing die resultaat was daarvan dat die arche=tipe van Kod. **C** 'n kodeks was waarvan die blaaie vroeër losgeraak het en in 'n verkeerde volgorde herbind is.

1.3 Verandering van woordsoort

'n Minder algemene verskynsel is gevalle waar die teksveran=

dering veroorsaak dat die dwaalwoord van woordsoort verander. Hierdie tipe teksverandering is veral geneig om plaas te vind wanneer die dwaalwoord 'n homoniem of homofoon het waarmee die scriptores dit kon verwar. 'n Voorbeeld van verandering van woordsoort wat voortspruit uit woordorde-variasie kom voor in Lk 8:46:

(1) τὸς μου ἤφατο; D (τὸς vraende voornaamwoord)

(2) ἤφατο μου τις rell. (τις onbepaalde voornaamwoord).

Onbepaalde voornaamwoorde word feitlik nooit in aanvangsposisie aangetref nie, terwyl die aanvang van die sin die normale posisie van die vraagwoord is (Blass-Debrunner, 1962, p.249; Rosén, 1975, p.23). Die verwarring van τις/τὸς lei tot die verandering van 'n stelsin na 'n vraagsin en het gevolglik 'n belangrike invloed op die betekenis van die sin.

2. TEKSVERANDERINGE WAT DIE BETEKENIS SKYNBAAR NIE BEÏNVLOED NIE

Die grootste aantal teksveranderinge het geen ooglopende invloed op die sinsbetekenis nie, maar dit bring tog die woordorde-determinant na aanleiding waarvan die volgorde van woorde in die sin bepaal is, in gedrang: Een lesing kan byvoorbeeld in ooreenstemming wees met die gewoonte van die skrywer en die ander nie; een lesing kan in ooreenstemming wees met retoriese determinante, of stylfigure, of kontekstuele determinante, en die ander nie. Die volgende soorte van variasie van woordorde het skynbaar geen invloed op die betekenis van die sin nie:

2.1 Ὑπαξ λεγόμενα

In hoofstuk I van hierdie studie is aangedui dat sekere lek=

sikale determinante feitlik onvoorwaardelik geld en dat daar slegs by hoë uitsondering en dan ook om 'n baie goeie rede daarvan afgewyk word (vgl. hfst. I 2.1, p.19-28 hierbo). Wanneer daar dan wel van hierdie determinante afgewyk word, word die sinsbetekenis oënskynlik nie beïnvloed nie, maar is die woordorde so ongewoon dat dit inderdaad as 'n ἄπαξ λεγόμενον bestempel kan word. Lk 1:48 dien as voorbeeld: Volgens die Sinaïties-Siriese vertaling is die woordorde blykbaar ἰδοὺ ἀπὸ γὰρ τοῦ νῦν μακαριοῦσιν σε (rell: ἰδοὺ γὰρ ἀπό . . .). Die Siriese vertaling plaas γὰρ op 'n uiters buitengewone posisie wat, in die lig van die skrywer se styl, 'n ἄπαξ λεγόμενον is. 'n Soortgelyke voorbeeld kom voor in 2 Kor 1:19, wat volgens **p**⁴⁵ lui ὁ τοῦ γὰρ θεοῦ υἱός (rell: ὁ τοῦ θεοῦ γὰρ υἱός).

Die meeste ἄπαξ λεγόμενα kan feitlik dadelik uitgewys word omdat hulle die vloei van die sin bemoeilik.

2.2 Skeiding van saamhorige groepe (disjunksie)

'n Hele aantal woordorde-variante verskil daarin dat 'n skeiding/saambinding plaasvind van saamhorige groepe. Saamhorige groepe is groepe woorde wat feitlik onskeibaar is, soos lidwoord-naamwoord-lidwoord-adjektief. Skeiding van die naamwoord en sy adjunkte kom dikwels voor, bv. in Lk 11:27:

- (1) ἐπάρασά τις φωνὴν γυνή ἐκ τοῦ ὄχλου **ⲛ** B L lat
- (2) γυνή τις ἐπάρασα ἐκ τοῦ ὄχλου φωνήν K II Byz^{Pt} syr^{S,C} (. . . φωνήν ἐκ τοῦ ὄχλου D it^C)

Soms word 'n voorsetsel geskei van sy substantief, bv. Lk 9:14:

- (1) ἄνδρες ὡσεὶ πεντεκισχίλιοι D f¹ 348 447 1038 1216-1579 it^{a,ff}
- (2) ὡσεὶ ἄνδρες πεντεκισχίλιοι rell.

Sulke teksveranderinge het blykbaar geen invloed op die sinsbetekenis nie, behalwe dat dit die vloei van die sin bemoeilik of ver-

gemaklik. Aan die ander kant kan dit nie bestempel word as ἄπαξ λεγόμενα nie, aangesien skeiding van saamhorige groepe dikwels geregverdig word deur stilistiese determinante, bv. disjunksie (vgl. hfst.II, 1.3, p.62-63 hierbo). Die taak van die kritikus by die beoordeling van sulke variante sal onder andere wees om vas te stel of die moeiliker lesing wel die resultaat is van stilistiese determinante, of die resultaat van tekskorrupsie.

2.3 "Skadelose" teksveranderinge

Die grootste groep van woordeorde-variante het blykbaar nōg enige invloed op die betekenis van die sin, nōg enige invloed op die gladde verloop of styl van die sin. Op die oog af staan elke lesing binne so 'n variasie-eenheid met betrekking tot betekenis en styl op dieselfde vlak as die ander lesings, en word gevolglik as "skadelose" teksveranderinge beskou. Daar is drie groepe van sulke teksveranderinge te onderskei:

2.3.1 Verskuiwing van sintaktiese elemente

Dikwels verskil variante slegs in die volgorde waarin die onderwerp, voorwerp, gesegde en ander sintaktiese elemente gestel word. Sodanige volgordeverskil hou uiteraard geen betekenisverandering of hindernis vir die sinsvloei in nie, bv. Lk 10:8:

- (1) τὸν Σατανᾶν ὥς ἀστραπὴν ἐκ τοῦ οὐρανοῦ πεσόντα *rell.*
 - (2) τὸν Σατανᾶν ἐκ τοῦ οὐρανοῦ ὥς ἀστραπὴν πεσόντα *B 597 Origines*
 - (3) τὸν Σατανᾶν ὥς ἀστραπὴν πεσόντα ἐκ τοῦ οὐρανοῦ *472 Athenagoras*
- 'n Baie algemene vorm van hierdie soort teksverandering kom voor in Lk 4:12:

- (1) εἶπεν ὁ Ἰησοῦς αὐτῷ *L*
- (2) ὁ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ *D E Ψ 33 517 827 954 Byz*
- (3) εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς *rell.*

Verskuiwing van sintaktiese elemente bring veral die invloed van stylfigure, emfatiese determinante, estetiese determinante en kontekstuele determinante in gedrang en moet dienooreenkomstig beoordeel word.

2.3.2 Skommeling van woorde binne 'n saamhorige groep

'n Algemene verskynsel is die verskuiwing of omruiling van die adjunkte van 'n substantief, bv. Lk 7:1:

- (1) πάντα τὰ ῥήματα αὐτοῦ rell.(θ f¹³ αὐτοῦ ante πάντα)
- (2) πάντα τὰ ῥήματα ταῦτα M 69 71 213 826 999 Tatianus
- (3) πάντα ταῦτα τὰ ῥήματα D
- (4) τα ῥήματα ταῦτα πάντα 788 828.

Die teenwoordigheid van meer adjunkte maak natuurlik meer variasies moontlik, soos in Lk 11:26:

- (1) ἕτερα πνεύματα πονηρότερα ἑαυτοῦ ἐπτά B L et al.
- (2) ἐπτά ἕτερα πνεύματα πονηρότερα ἑαυτοῦ TR Stephanus Scholz
- (3) ἕτερα πονηρότερα αὐτοῦ πνεύματα ἐπτά D it Cyprianus
- (4) ἕτερα πνεύματα ἐπτά πονηρότερα ἑαυτοῦ syr^{S,C}
- (5) ἕτερα ἐπτά πνεύματα πονηρότερα ἑαυτοῦ 0124
- (6) ἐπτά πνεύματα ἕτερα πονηρότερα ἑαυτοῦ Marcion

Omruiwing van woorde binne 'n perifrastiese eenheid kom onder andere voor in Lk 1:7:

- (1) προβεβηκότες ἐν ταῖς ἡμέραις αὐτῶν ἦσαν ✕ A B K W et al.
- (2) ἦσαν προβεβηκότες ἐν ταῖς ἡμέραις αὐτῶν D
- (3) προβεβηκότες ἦσαν ἐν ταῖς ἡμέραις αὐτῶν arm Antipater

Beoordeling van hierdie variante moet berus op veral woordsoortlike en emfatiese ooreenkomste.

2.3.3 Omruiling van woorde met parallelle funksie

Omruiwing van woorde met parallelle funksie het sekerlik die

kleinste moontlike invloed op die sinsbetekenis van alle soorte van variasie. Reekse neweskikkende werkwoorde, selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, ens., word dikwels deur verskillende teksgetuïenisse in verskillende volgordes weergegee, bv. Lk 9:3:

(1) μήτε ῥάβδον μήτε πήραν μήτε ἄρτον rell.

(2) μήτε πήραν μήτε ῥάβδον μήτε ἄρτον 483

(3) μήτε ῥάβδον μήτε ἄρτον μήτε πήραν 1604

Desgelyks word parallelle sinnē omgeruil sonder ernstige invloed op die betekenis, bv. Mt 5:5:

(1) μακάριοι . . . παρακληθήσονται. μακάριοι . . . κληρονομήσουσιν τὴν γῆν ~~✱~~ B C K W θ f¹ f¹³ 28 et al.

(2) μακάριοι . . . κληρονομήσουσιν τὴν γῆν. μακάριοι . . . παρακληθήσονται D 33 it vg syr^C et al.

Stylfigure, emfatiese determinante, sosiaal-tradisionele determinante, estetiese determinante en kontekstuele determinante kom in gedrang deur die omruiling van woorde met parallelle funksie en sulke variante moet dan ook dienooreenkomstig beoordeel word. Omruiling van parallelle sinne moet weer beoordeel word in die lig van die feit dat hulle stylfigure of retoriese strukture mag verbreek. Indien die sinne wat omgeruil word nie van neweskikkende aard is nie, maar ondergeskik is, moet beoordeling plaasvind onder andere aan die hand van sintaktiese oorwegings.

HOOFSTUK IV

DIE OORSAKE VAN WOORDORDE-VARIASIE - TRANSKRIPSIONELE OORWEGINGS

Die doel van transkripsionele oorwegings is om vas te stel welke lesing in 'n variasie-eenheid aanleiding kon gee tot die ontstaan van die ander. Sodoende kan die lesing wat waarskynlik die oorspronklike is, uitgesonder word (West, 1973, p.48). Die tekskritikus moet dus probeer vasstel waarom sekere teksveranderinge ontstaan het, dit wil sê hy moet die oorsake van woordorde-variasie naspur.

Die meeste kritici skryf woordorde-variasie toe aan slegs één tipe oorskryffout, gewoonlik een of ander soort onbewustelike verandering, en beoordeel woordorde-variante dienoreenkomstig.

Nestle (1901, p.236) beskou woordorde-variasie as die resultaat van geheuefoute. Hy meen dat verskuiwing van woorde na die einde van sinne plaasvind wanneer 'n scriptor 'n sin feitlik klaar oorgeskryf het en dan besef dat hy woorde of 'n woord uitgelaat het, waarop hy die betrokke woord(e) dan aan die einde van die sin bygevoeg het. Nestle meen ook dat die verskuiwing van woorde of 'n woord na die begin van sinne ontstaan het by scriptores "whose thoughts flew faster than their pens" (Nestle, 1901, p.236). Hy is daarvan oortuig dat woordorde-variasie nie ontstaan het as gevolg van assimilasië of doelbewuste veranderings nie.

Merx (1897, p.246) reken dat woordorde-variasie die gevolg is van interpolasie wat waarskynlik uit kantaantekeninge in die teks ingesluit het. Die betrokke woord of woorde is dan deur verskillende scriptores geïnkorporeer in die teks - elkeen op 'n ander plek in die sin. Gevolglik is die dwaalwoord, aldus Merx, ge-

gewoonlik die interpolasie. As voorbeeld gebruik hy Lk 17:10
 δοῦλοι ἀχρεῶν ἐσμεν/ἐσμεν δοῦλοι ἀχρεῶν/δοῦλοι ἐσμεν ἀχρεῶν
 en beweer dat ἀχρεῶν die dwalende interpolasie is. Nestle (1901,
 p.237) maak tereg beswaar teen dié argument van Merx deur te sê
 dat daar glad nie sekerheid bestaan oor watter woord in die varia=
 sie-eenheid werklik die dwaalwoord is nie.

Ook Streeter (1936, p.566) klassifiseer woordorde-variante
 onder onbewuste foute. Hy beskryf die ontstaansproses van woord=
 orde-variante soos volg:

"A scribe accidentally omits a word: if he notices it before he
 has finished writing the next word, he puts it in himself, some=
 times as a marginal or overline correction, but sometimes in or=
 der to avoid an unsightly mess, at the next place in the sentence
 where it makes sense . . . If the original scribe does not notice
 an omission, a corrector puts it in the margin. In that case
 the next copyist may easily insert it in the text in the wrong
 place - this is one of the commonest mistakes in MSS" (Streeter,
 1936, p.556).

Streeter meen dat veral Griekssprekende scriptores blootgestel was
 aan verandering van woordorde, omdat sinsbetekenis nie saamhang
 met woordorde nie en hulle dus onbewustelik die woordorde kon ver=
 ander sonder om dit agter te kom. Hierdie mening van Streeter
 is egter onaanvaarbaar in die lig van die konklusies waartoe die
 gegewens in hoofstukke I en II hierbo gelei het: Woordorde sou
 juis vir die Griekssprekende scriptor betekenisvol wees en hy sou
 die woordorde nie ligtelik verander nie.

Colwell (1969, p.116-117) stem in hooftrekke saam met Stree=
 ter, maar sy studie van $\mathfrak{p}^{45}$ bring nog 'n ander oorsaak van woord=
 orde-variasie aan die lig. Die scriptor van $\mathfrak{p}^{45}$ het in werklik=
 heid nie 'n afskrif van die Griekse teks gemaak nie, maar het dik=
 wels bloot geparafraseer: Hy gebruik woorde van sy eie keuse of

herrangskik die woorde van die archetype. Colwell sê: "He feels free to make the order of words what he wants to make it, and he is a careful workman" (Colwell, 1969, p.117). Die woordorde-variante in p⁴⁵ was dus nie die gevolg van transkripsionele agtelosigheid nie, maar die scriptor het die woordorde doelbewus verander "because he saw through the language to its idea-content" (Colwell, 1969, p.117).

Dit spreek vanself dat by die oorweging van transkripsionele waarskynlikhede van 'n woordorde-variant die kritikus nie durf vashou aan net een oorsaak van tekskorrupsie nie, aangesien dit eensydigheid tot gevolg het. Scriptores het om velerlei redes die volgorde van woorde verander. Weiss (1899, p.191-218) identifiseer 'n hele aantal beweegredes van scriptores om woordorde te verander, nl.:

- (1) die vermyding van moeilike lesings, veral disjunksie;
- (2) assimilasie aan parallelle gedeeltes;
- (3) die verandering na 'n "gewone" woordorde.

Weiss bedoel klaarblyklik met "gewone woordorde" dié woordorde wat meesal in die Nuwe Testament aangetref word. Hy haal egter ter illustrasie hiervan voorbeelde aan wat eerder dui op verandering na 'n Klassieke woordorde, bv. die verskuiwing van naamwoorde na voor in die sin en van koppelwerkwoorde na die einde van die sin (vgl. Hfst.I 2.1.2.3(11), p.25 hierbo).

Dit is dus duidelik dat woordorde soms wel onbewustelik, maar dikwels ook doelbewus verander is deur scriptores. Ten einde afleidings te maak met betrekking tot die oorsake van onbewustelike teksveranderinge en die beweegredes tot doelbewuste teksveranderinge is dit nodig om kennis te dra van:

- (1) die aard van die woordorde-variasie (vgl. Hfst.III, p.119-128 hierbo);
- (2) die konteks, nl. of dit op een of ander wyse 'n scriptor daar=

toe sou lei om aan die woordorde te verander (vgl. Hfst.V 3, p.165-166).

- (3) die individuele gewoontes van die scriptor, dit wil sê of hy geneig was tot verandering aan woordorde en, indien wel, watter soort veranderinge (vgl. Hfst.IV 3, p.146-148 hieronder).

1. ONBEWUSTELIKE VERANDERINGE

1.1 Parablepsis

Dit is moontlik om alle soorte woordorde-variasie, met die moontlike uitsondering van homoniem-verwarring, aan parablepsis toe te skryf, soos baie kritici dan ook doen. Parablepsis het waarskynlik op die volgende wyse aanleiding gegee tot woordorde-variasie: Die scriptor slaan 'n woord of woorde onwetend oor, kyk terug na die archetype, kom sy fout agter, en voeg die woord(e) wat hy uitgelaat het by sy eie kopie, maar op 'n ander plek as in die archetype.

Gelyke woordeindes (homoioteleuton) verhoog die moontlikheid van parablepsis. Waar die teks gelyke woordeindes bevat, is dit waarskynlik dat 'n scriptor hom kon skuldig maak aan parablepsis. Dit beteken dus dat die omruiling van woorde wat gelyke eindes (homoioteleuton) besit, waarskynlik die gevolg is van parablepsis. 'n Geval van sodanige parablepsis kom voor in Lk 12:38:

- (1) καὶ ἐν τῇ δευτέρᾳ ἔλθῃ καὶ ἐν τῇ τρίτῃ φυλακῇ καὶ εὖρη οὕτως
1207
- (2) καὶ ἐν τῇ δευτέρᾳ καὶ ἐν τῇ τρίτῃ φυλακῇ ἔλθῃ καὶ εὖρη οὕτως
rell.

Die scriptor van ms. 1207 se oë is waarskynlik "verblind" deur die

herhaling van καὶ ἐν τῇ . . . en die herhaaldelike voorkoms van die uitgang -ῆ. Gevolglik het hy ἔλαθ te vroeg neergeskryf en, toe hy sy fout agterkom, die noodsaaklike καὶ ἐν τῇ τρίτῃ φυλακῇ bloot daarna bygevoeg. Die gevolg van sy fout was die omruiling van sintaktiese elemente. Teoreties is dit natuurlik moontlik dat lesing 1 die oorspronklike was en lesing 2 die gevolg van para=blepsis, veral in die lig van die basiese reël wat geld in die Tekskritiek dat diemoeiliker lesing waarskynlik oorspronklik is (vgl. 2.1.2, p.140-142 hieronder). Om in so 'n geval soos hierbo uitspraak te kan lewer, moet eksterne getuienis bygehaal word: Dit is feitlik onmoontlik dat slegs een manuskrip (1207) wat boon=op 'n laat-Bisantynse tekstipe bevat, die oorspronklike woordorde behou het en dat al die ander teksgetuienisse, wat uit verskillen=de geografiese gebiede afkomstig is en waarvan sommige op 'n baie vroeë datum gemaak is, op dieselfde plek dieselfde fout met 'n identiese resultaat begaan het.

Parablepsis kan enige soort woordorde-variasie tot gevolg hê, maar dit loop gewoonlik uit op die skeiding van saamhorige groepe, die omruiling van sintaktiese elemente, die skommeling van woorde binne 'n samehorige groep en die omruiling van woorde met paral=lele funksie.

1.2 Geheuefoute

'n Vergeetagtige scriptor kon onbewustelik die volgorde van woorde verander het. Hierdie verskynsel kom veral voor by scrip=tores wat nie woord vir woord oorgeskryf het nie, maar sin vir sin. Geheuefoute het dan soos volg ontstaan: Die scriptor lees die sin of sinsnede in die archetipe, kyk terug na sy eie kopie, maar in die enkele oomblikke wat daar verloop tussen die lees in

in die archetipe en die skryf in die nuwe kopie, loop die woord=orde in sy gedagtes deurmekaar (Metzger, 1968, p.192-193). Colwell (1969, p.116) sê dat hierdie soort fout meer algemeen voorkom by agtelosige scriptores.

Saamhorige woordgroepe vorm gedagte-eenhede, en gevolglik is dit baie waarskynlik dat 'n scriptor wat gedagte-eenhede oorskryf, saamhorige woordgroepe in geheel sou oorplaas op sy eie kopie. Derhalwe is die resultaat van geheuefoute dikwels die skommeling van woorde binne 'n saamhorige groep, bv. Lk 7:1:

(1) πάντα τὰ ῥήματα ταῦτα M 69 71 213 et al.

(2) πάντα ταῦτα τὰ ῥήματα D

(3) τὰ ῥήματα ταῦτα πάντα 788 828

Dikwels is "swak geheue" in werklikheid onbewustelike assimilasie aan 'n soortgelyke uitdrukking wat goed bekend is aan die scriptor. Metzger (1968, p.197) dui aan dat dit soms moeilik is om te onderskei tussen onbewustelike en doelbewuste assimilاسies. Twee soorte onbewustelike assimilasie van woordorde is moontlik, nl. assimilasie aan afgeleë parallelle en assimilasie aan naburige parallelle (Colwell, 1969, p.113).

'n Voorbeeld van assimilasie aan 'n afgeleë parallel word vermoed in Lk 9:3, wat deur alle teksgetuïenisse weergegee word as μήτε ῥάβδον μήτε πῆραν μήτε ἄρτον, behalwe deur ms.1604 wat dieselfde volgorde het as Mk 6:8, nl. μήτε ῥάβδον μήτε ἄρτον μήτε πῆραν. Onbewustelike assimilasie kan veral vermoed word wanneer die woordorde nie aan 'n definitiewe parallel geassimileer word nie, maar naastenby in ooreenstemming gebring word met die woord=orde in 'n frase wat dikwels gebruik is in die Nuwe Testament, Septuagint of in die vroeg-Christelike kerk. So byvoorbeeld het alle teksgetuïenisse in Lk 1:17 die woordorde ἐν πνεύματι καὶ δυνάμει, maar Chrysostomos haal die woorde aan as ἐν δυνάμει καὶ πνεύματι, waarskynlik onder invloed van 'n meer bekende uitdrukking

soos ἐν δυνάμει πνεύματος (bv. Lk 4:14; Rm 15:13,18).

Wanneer die woordorde in 'n variante lesing ooreenstem met die woordorde in 'n soortgelyke frase in dieselfde of die vorige sin, kan assimilasie aan die woordorde van 'n naburige parallel vermoed word. Vanselfsprekend moet onbewustelike assimilasie aan naburige parallelle onderskei word van legitieme parallelle soos parallellismus membrorum (vgl. Hfst.II 2.2, p.66-67 hierbo). Dit beteken dat naburige assimilasie vermoedelik die gevolg van tekskorrupsie is in die historiese gedeeltes van die Nuwe Testament, waar die implementering van stylfigure minder algemeen is as in die briewe en die dialoog-gedeeltes (vgl. Hfst.II 2.2, p.70 hierbo). Assimilasie aan naburige parallelle gee gewoonlik aanleiding tot die skeiding van saamhorige woordgroepe en die omruiling van sintaktiese elemente. Lk 22:8 dien as voorbeeld: Die scriptor van ms.13 (onder andere) het die woordorde verander van ἐτοίμασατε ἡμῖν τὸ πᾶσχα ἵνα φάγωμεν na ἐτοίμασατε ἡμῖν ἵνα φάγωμεν τὸ πᾶσχα, waarskynlik met die laaste woorde van vers 7, nl. θύεσθαι τὸ πᾶσχα in sy agterkop. As gevolg van hierdie woordordeverandering vorm verse 7 en 8 'n antistrofe, maar aangesien vers 7 deel vorm van vertelling en vers 8 deel van dialoog, is dit te betwyfel of dié twee verse oorspronklik in 'n stylfiguur betrokke was.

Onbewustelike verandering deur assimilasie kan dus onder die volgende omstandighede vermoed word:

- (1) wanneer die woordorde ooreenkom met 'n min of meer parallelle gedeelte elders in die Nuwe Testament;
- (2) wanneer die woordorde ooreenkom met dié van 'n frase wat dikwels gebruik is in die Septuagint of in die vroeë kerk;
- (3) wanneer die woordorde 'n opvallende ooreenkoms vertoon met 'n sinsnede wat in die onmiddellike nabyheid daarvan staan, veral in die historiese gedeeltes.

2. DOELBEWUSTE VERANDERINGE

Die oorskrywers van die teks van die Nuwe Testament het soms doelbewus die woordorde verander, dit wil sê hulle skuldig gemaak aan vervalsing. Wanneer die tekskritikus vervalsing vermoed, moet hy, om sy vermoede te bevestig, die doel van die vervalsing vasstel (Bauer, 1961, p.209). Dit is slegs moontlik om die doel van die vervalsing te deurvors indien die gesindheid en die mentaliteit van die scriptores in aanmerking geneem word (Bauer, 1961, p.208). Die onderliggende gesindheid van scriptores by doelbewuste veranderinge aan die teks van die Nuwe Testament was normaalweg nie 'n gebrek aan eerbied en ontsag jeens die Heilige Skrif nie, maar juis 'n hoë agting vir die Bybel: Uitdrukings wat na hulle mening te plat of stylloos was en verskynsels wat hulle die Skrifte onwaardig geag het, het hulle verander (Kilpatrick, 1965, p.118). Woordorde is doelbewus deur scriptores verander om die volgende redes:

2.1 Taalkundige en stilistiese verbeteringe

'n Baie algemene kwaal by scriptores was dat hulle 'n woordorde wat na hulle mening duister, lomp of on-Grieks was, of wat stilistiese afronding nodig gehad het, nie in die Nuwe Testament kon duld nie. Hulle het gevolglik gedurig taalkundige en stilistiese "verbeteringe" in die teks van die Nuwe Testament aangebring. Die "verbeteringe" wat aangebring is, is van tweërlei aard, nl. veranderinge ten gunste van Klassieke taal en styl, en veranderinge ten gunste van Nuwe Testamentiese taal en styl. Scriptores wat Klassieke taal en styl nagestreef het, word Atticiste genoem, en dié wat Nuwe Testamentiese taal en styl nagestreef het, Anti-atti

cisme.

2.1.1 Veranderinge na Klassieke taal en styl (Atticisme)

Woordorde wat eie is aan Klassieke Grieks is dikwels ingevoer deur die Atticiste, dit wil sê geestelikes wat daarna gestreef het om die Grieks van die ou Klassieke letterkunde weer in te voer in die geskrewe taal van die kerk, en dit dan voorgehou het as kerklike Grieks (Hesseling, 1893, p.4). Hierdie strewe was die resultaat van die invloed wat in die tweede en derde eeue n.C. in taalkundige kringe uitgegaan het van sekulêre skrywers soos Luki-anos, Athenaios, Aristoteles en Phrynichos. Hulle het hulle daarvoor beywer dat geskifte nie ἰδωτικῶς of συρφετώδης geskryf word nie, maar ἀττικῶς, ἀρχαίως, ῥητορικῶς of δοκίμως (Böhlig, 1956, p.2). So sterk was die invloed van hierdie skrywers dat die geleerdes van die tweede en derde eeue aanvaar het dat opgevoede mense nie 'n boek lees wat in die ongekunstelde taal van die volksmassa geskryf is nie (Moulton-Howard-Turner, 1929, p.3).

Hoewel daar nie bewys is dat die Atticistiese skrywers 'n direkte invloed op die scriptores van die Nuwe Testament gehad het nie, is dit tog opvallend dat baie van die taalkundige en stilistiese verskynsels wat Phrynichos as on-Grieks uitgewys het, deurgaans as variante lesings voorkom in sommige manuskripte van die Nuwe Testament (Elliott, 1972, p.133). Daar kan dus aanvaar word dat sommige scriptores van die tweede en derde eeu daarna gestreef het om hulle kopieë van die teks van die Nuwe Testament 'n meer Attiese kleur te gee.

Kilpatrick (1963, p.125-137) reken dat Atticistiese veranderinge slegs gedurende die tweede eeu aangebring is, toe Atticisme gefloreer het en voordat die verbale teks van die Nuwe Testament as onaantasbaar beskou is. Verder meen hy dat Atticistiese ver-

anderinge hoofsaaklik aangebring is deur scriptores van Alexandrië, wat destyds die sentrum van die Atticisme was. Dit beteken dat die Alexandrynse tekstipe die meeste Atticistiese neigings behoort te toon en dat die ander tekstipes in dié opsig nader aan die oorspronklike is. Norden (1958, p.407) en Hesseling (1893, p.3) wys egter daarop dat die ἀρχαία ἰδέα nie slegs tot die tweede eeu beperk was nie, maar regdeur die Bisantynse era in die Griekse kerk nagestreef is. Elliott (1972, p.138) dui ook aan dat Atticistiese veranderinge nie net tot één geografiese gebied beperk was nie en dat daar inderdaad geen teksfamilie bestaan wat geheel-en-al vry is van Atticistiese invloed nie.

Die Atticismus was egter nie 'n wesentlike terugkeer nie, maar slegs 'n uiterlike terugkeer na τὸ Ἀττικόν (Norden, 1958, p.357) - woordorde-Atticisms is hoofsaaklik beperk tot die nastreef van taalkundige en estetiese doelwitte. Weiss (1899, p.198) identifiseer die volgende woordorde-Atticisms:

- (1) die verskuiwing van die onderwerp na die aanvang van die sin, bv. Lk 19:11 ὅτι ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ παραχρῆμα μέλλει ἀναφάνεσθαι (W 1071);
- (2) die verskuiwing van apposisiestellings na na-positie, bv. Lk 4:17 Ἐσάου τοῦ προφήτου (A Δ);
- (3) die verskuiwing van koppelwerkwoorde na die einde van die sin, bv. Lk 14:26 οὐ δύναταί μου μαθήτης εἶναι (A D X Δ et al.).

Ook die volgende woordorde-Atticisms moet in aanmerking geneem word:

- (4) die handhawing van die na-positiewe karakter van ἄρα (vgl. Hfst. I 2.1.1.1.2(2), p.21, en 2.1.2.1.1(1), p.22 hierbo);
- (5) die verskuiwing van die demonstratiewe bywoorde ἐκεῖ, δεῦρο, ἐντεῦθεν en οὕτως na aanvangsposisie (vgl. Hfst. I 2.1.1.3(7), p.22, en 2.1.2.3(7), p.24 hierbo);
- (6) die verskuiwing van die negatief οὐ/μή na aanvangsposisie (vgl. Hfst. I 3.2.1(4), p.34, en 2.1.2.3(9), p.25 hierbo);

- (7) die vermyding van werkwoorde in aanvangsposisie (vgl. Hfst.I 3.1.2, p.31 hierbo);
- (8) die verskuiwing van bywoorde en bywoordelike bepalings na voor die werkwoord (vgl. Hfst.I 3.2.1(1), p.33; 3.2.2, p.34; 3.5.1, p.38, en 3.5.2(1), p.39 hierbo);
- (9) die vermyding van na-posisie van attributiewe byvoeglike naamwoorde en -bepalings (vgl. Hfst.I 3.5.1(2), p.38; 3.5.2(2), p.39; 3.6.1.1, p.39, en 3.6.2.1, p.43 hierbo);
- (10) die verplasing van die onbetoonde persoonlike voornaamwoord uit sy posisie direk na die werkwoord na 'n ander plek in die sin (vgl. Hfst.I 3.7.1(3), p.44, en 3.7.2(3), p.46 hierbo);
- (11) die plasing van die adnominale genitief tussen die lidwoord en die substantief (vgl. Hfst.I 4.1.1.5, p.50, en 4.1.2.5, p.53 hierbo);
- (12) hiaatvermyding (vgl. Hfst.II 4.1, p.82, en 4.2.2, p.83 hierbo);
- (13) fonetiese dissimilasie (vgl. Hfst.II 4.1, p.82, en 4.2.3, p.83 hierbo);
- (14) ritmiese dissimilasie (vgl. Hfst.II 4.1, p.82, en 4.2.4, p.84 hierbo).

Kilpatrick (1963, p.125-137) stel as maatstaf vir beoordeling van variante lesings dat lesings wat in harmonie is met nie-Atticistiese vorms verkieslik is bo lesings met Atticistiese vorms. Aan hierdie maatstaf van Kilpatrick ken Epp (1974, p.405) 'n ereplek toe onder die ou beproefde maatstawwe van Bengel en Griesbach. Metzger (1968, p.177-179) waarsku egter daarteen dat hierdie maatstaf nie sonder voorbehoud toegepas kan word nie, aangesien benewens die Atticisme, ook ander stilistiese tendense deur scriptoires nageboots is. Elliott (1972, p.137-138) wys daarop dat die Atticistiese scriptoires nie voor die voet nie-Attiese vorme vervang het met Attiese vorme nie. Dit blyk uit die feit dat baie nie-Attiese woorde en frases wat wel deur Atticistiese grammatici

verwerp is, tog onbetwis voorkom in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament.

Dit is natuurlik onwaarskynlik dat 'n manuskrip op slegs één plek 'n geïsoleerde geval van doelbewuste woordorde-Atticisme vertoon sonder dat die manuskrip êrens elders Atticistiese tendense toon. As 'n scriptor Atticistiese neigings gehad het, sou hy in sy manuskrip nie alleen Attiese woordorde ingevoer het nie, maar ook Attiese spelling en sintaksis. Daarom moet vermoedens van woordorde-Atticisme beoordeel word na die mate waarin dit ooreenstem met die algemene karakter van die betrokke manuskrip (vgl. Deferrari, 1969, p.81-82).

2.1.2 Veranderinge na 'n meer Nuwe Testamentiese taal en styl

Schmid (1889, p.290 vv) beskryf 'n tendens uit die eerste vier eeue n.C. wat hy "Antiatticismus" noem, oftewel die neiging om Atticistiese vorme so ver moontlik te vermy. Die bestaan van hierdie tendens onderstreep die gevaar wat daar skuil in Kilpatrick se voorgestelde maatstaf dat nie-Atticistiese vorme oorspronklik is (Kilpatrick, 1963, p.125-137). Dit kom dan ook voor in die manuskripte van die Griekse Nuwe Testament dat 'n vreemde woordorde verander word na 'n volgorde wat as beter Nuwe Testamentiese styl deurgaen. Colwell (1969, p.114) noem sodanige veranderinge "harmonization to general usage". Hierdie verskynsel word nie net by scriptores wat doelbewus anti-Atticisties is, aangetref nie. Oor die algemeen het scriptores daarna gestreef om 'n "moeilike" woordorde te vervang met 'n "maklike" woordorde. Die algemene tekskritiese reël dat die moeilike lesing verkieslik is bo die maklike lesing, is dus ook op stilistiese oorwegings van toepassing (Metzger, 1968, p.209). Westcott en Hort (1882, p.22)

sê: "Mere blunders apart, no motive can be thought of which could lead a scribe to introduce consciously a worse reading in place of a better" (Westcott & Hort, 1882, p.22).

Wanneer gepraat word van 'n beter lesing, word bedoel beter uit die oogpunt van die scriptor (Westcott & Hort, 1882, p.27-29). Die moeiliker lesing blyk dikwels by nadere ondersoek die makliker (beter) lesing te wees; daarom moet die tekskritikus 'n kriterium hê om te besluit tussen die oënskynlike en die werklike voortreflikheid van 'n lesing (Westcott & Hort, 1882, p.29). Uit die gegewens wat in Hoofstukke I en II hierbo versamel is, blyk dat woordorde met oënskynlike voortreflikheid dikwels te rym is met slegs taalkundige determinante. Sodra 'n woordorde in navolging van 'n ander determinant afwyk van die vereistes van taalkundige determinante, word dit beskou as 'n "moeilike" woordorde. So het dit dan ook gebeur dat sommige scriptores wat gedurig op soek was na die "maklikste" en eenvoudigste woordorde, die funksie van stilistiese determinante (waaraan die werklike voortreflikheid van woordorde dikwels gemeet moet word) nie raakgesien het nie, en telkens die woordorde in ooreenstemming met taalkundige determinante gebring het. Soms het 'n scriptor nie daarin geslaag om 'n stylfiguur te identifiseer nie, of hy het nie besef dat 'n sekere woord ter wille van beklemtoning 'n ongewone posisie inneem nie, of hy het nie die invloed van die konteks op die woordorde begryp nie. Sulke oordeelsfoute het dikwels gelei tot tekskorrupsie. Die volgende variasie-eenhede dien as illustrasie vir hierdie soort van transkripsionele verbetering:

(1) In Lk 13:15 is die lesing van feitlik alle teksgetuïenisse ἕκαστος ὑμῶν τῷ σαββάτῳ οὐ δύει τὸν βοῦν . . .; maar die scriptor van ms.1023 het nie besef dat, aangesien die perikoop oor werke op die Sabbat handel, τῷ σαββάτῳ 'n beklemtoonde voorposisie verdien nie. Gevolglik het hy die woordorde vergemaklik deur τῷ σαββάτῳ

te verskuif na 'n "gewone" posisie, nl. $\text{n}\acute{\alpha} \tau\acute{\omicron}\nu \beta\omicron\upsilon\nu$.

(2) Die woorde in Lk 9:48 is in 'n klimaktiese stylfiguur georden:

$\delta\varsigma \grave{\alpha}\nu \delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota \tau\omicron\upsilon\tau\omicron \tau\acute{\omicron} \kappa\alpha\iota\delta\acute{\iota}\omicron\nu \acute{\epsilon}\pi\iota \tau\tilde{\omega} \acute{\omicron}\nu\acute{\omicron}\mu\alpha\tau\iota \mu\omicron\upsilon$

$\acute{\epsilon}\mu\acute{\epsilon} \delta\acute{\epsilon}\chi\epsilon\tau\alpha\iota,$

$\kappa\alpha\iota \delta\varsigma \grave{\alpha}\nu \acute{\epsilon}\mu\acute{\epsilon} \delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota$

$\delta\acute{\epsilon}\chi\epsilon\tau\alpha\iota \tau\acute{\omicron}\nu \acute{\alpha}\pi\omicron\sigma\tau\epsilon\acute{\upsilon}\lambda\alpha\nu\acute{\alpha} \mu\epsilon.$

Die scriptor van p^{75} het nie die stylfiguur raakgesien nie en gevolglik die woordorde $\delta\varsigma \grave{\alpha}\nu \acute{\epsilon}\mu\acute{\epsilon} \delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota$ verander na $\delta\varsigma \grave{\alpha}\nu \delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota$ $\acute{\epsilon}\mu\acute{\epsilon}$ in assimilasie aan $\delta\varsigma \grave{\alpha}\nu \delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota \tau\omicron\upsilon\tau\omicron \tau\acute{\omicron} \kappa\alpha\iota\delta\acute{\iota}\omicron\nu$. Die gevolg van die verandering is dat die klimaktiese ketting verbreek is: Die woordorde aan die einde van die eerste skakel (. . . $\acute{\epsilon}\mu\acute{\epsilon} \delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota$) stem nie ooreen met dié aan die begin van die tweede skakel nie (. . . $\delta\acute{\epsilon}\xi\eta\tau\alpha\iota \acute{\epsilon}\mu\acute{\epsilon}$).

2.2 Harmonisasie

Woordorde is soms deur scriptores verander sodat dit mag ooreenstem met die woordorde in 'n parallelle frase elders in die Nuwe Testament, of met die woordorde in die Septuagint of met die woordorde in vertalings van die Nuwe Testament.

2.2.1 Harmonisasie aan parallelle gedeeltes in die Nuwe Testament

Die mees algemene woordorde-harmonisasie is gerig op parallelle gedeeltes elders in die Nuwe Testament. Scriptores het probeer om veral die woorde van Jesus in die vier Evangelies te harmoniseer, bv. Lk 12:34 $\acute{\omicron}\pi\omicron\upsilon \gamma\acute{\alpha}\rho \acute{\epsilon}\sigma\tau\iota\nu \acute{\omicron} \theta\eta\sigma\alpha\upsilon\rho\acute{\omicron}\varsigma \acute{\upsilon}\mu\omega\nu, \acute{\epsilon}\kappa\epsilon\tau \kappa\alpha\iota \acute{\eta} \kappa\alpha\rho\delta\acute{\iota}\alpha \acute{\upsilon}\mu\omega\nu \acute{\epsilon}\sigma\tau\alpha\iota$, wat in sommige manuskripte geharmoniseer word met Mt 6:21 deur $\acute{\epsilon}\sigma\tau\alpha\iota$ te verskuif tot voor $\kappa\alpha\iota \acute{\eta} \kappa\alpha\rho\delta\acute{\iota}\alpha \acute{\upsilon}\mu\omega\nu$. Volledige verse word soms omgeruil met die oog op harmonisering,

bv. die volgorde van die brood en die beker by die instelling van die Nagmaal volgens Lk 22:17-20: it^{b,e} en syr^{c,s} laat die brood aan die beker voorafgaan ten einde ooreen te stem met Mt 26:26-30 en Mk 14:22-26.

2.2.2 Harmonisasie aan die woordorde in die Septuagint

Aanhalings uit die Ou Testament waarvan die woordorde nie ooreenstem met dié van die Septuagint nie, is dikwels deur harmoniserende scriptores verander, bv. Lk 19:46 καὶ ἔσται ὁ οἶκος μου οἶκος προσευχῆς wat deur die scriptor van ms.E (onder andere) verander is na καὶ ὁ οἶκος μου οἶκος προσευχῆς ἔσται ten einde ooreen te stem met die woordorde van Jes 56:7 in die Septuagint, nl. ὁ γὰρ οἶκος μου οἶκος προσευχῆς κληθήσεται.

2.2.3 Harmonisasie aan die woordorde in vertalings van die Nuwe Testament

In tweetalige manuskripte het 'n eiesoortige verskynsel ontstaan: Die tekste van Grieks-Latynse manuskripte is gewoonlik parallel gerangskik, óf op twee teenoorstaande bladsye óf in twee kolomme op dieselfde bladsy. Met die oog daarop om onderlinge verwysings tussen die Griekse en Latynse teks vir die leser te vergemaklik, het die scriptores probeer om ook elke reël parallel te hou. Sommige scriptores het nog verder gegaan deurdat hulle, met die oog op 'n mooi voorkoms van die manuskrip, gestreef het na numeriese verbale gelykheid van die Griekse en Latynse teks (Harris, 1891, p.53-61). Die woordorde in een van die twee tekste is dan aangepas om presies ooreen te stem met die woordorde van die ander teks. Harris (1891, p.53-61) dui aan dat dit dikwels in Kodeks Bezae voorkom dat die woordorde van die Griekse

teks aangepas is ten gunste van die Latynse teks, bv. Jh 4:9, wat in D soos volg weergegee word:

σὺ Ἰουδαῖος ὦν πῶς παρ' ἐμοῦ	tu cum sis iudaeus quomodo a me
πεν αἰτεῖς γυναῖκος σαμαρίτιδος	bibere petis muliere samaritanae

terwyl die lesing in die ander manuskripte lui: πῶς σὺ 'Ιουδαῖος ὦν παρ' ἐμοῦ πέν αἰτεῖς γυναῖκος Σαμαρίτιδος οὔσης; waar ὦν en οὔσης juis bedoel is om die klem te laat val op die kontras tussen Jood en Samaritaan.

2.3 Veranderinge aan woordorde om leerstellige redes

Dit kom baie selde voor dat scriptores om leerstellige redes aan die woordorde van die Griekse Nuwe Testament verander. Uiteraard is sulke veranderinge nie "skadeloos" van aard nie, maar bring 'n baie duidelike betekenisverandering mee. Hoewel veranderinge om leerstellige redes nie altyd uit 'n kwaadwillige gesindheid voortspruit nie, bly dit tog die mees blatante soort van vervalsing. Derhalwe het woordorde-variante wat ontstaan het as gevolg van dogmatiese oorwegings, in teenstelling met ander woordorde-variante, tot op hede nie 'n gebrek aan aandag van die tekskritici gehad nie.

Metzger (1968, p.202) identifiseer 'n voorbeeld van woordordeverandering wat plaasgevind het as gevolg van dogmatiese oorwegings in Lk 23:32: In $\mathfrak{p}^{75}$ $\mathfrak{B}$ is die lesing ἦγοντο δὲ καὶ ἕτεροι κακοῦργοι δύο σὺν αὐτοῖς ἀναλρεθῆναι, maar in die meeste manuskripte is die woordorde verander na . . . ἕτεροι δύο κακοῦργοι . . . om die implikasie dat Jesus onder die boosdoeners ingereken word, uit die weg te ruim.

Kwaadwillige vervalsings wat deur ketters en dwaalleraars in=

gevoer is, verraaï hulleself gewoonlik. Goedbedoelde leerstellige veranderinge, daarenteen, soos die geval in Lk 23:32 wat hierbo vermeld is, is moeiliker om te identifiseer, omdat hulle gewoonlik nie in stryd is met die res van die Heilige Skrif nie. Die kriterium vir identifikasie van sulke vervalsings is die volgende: Die lesing wat die maklikste aanleiding kon gegee het tot die ander, is waarskynlik die oorspronklike. Die tekskritikus moet vasstel watter lesing moontlik scriptores aanstoot kon gegee het. So 'n lesing is dan 'n "moeilike" lesing uit die oogpunt van die scriptor. Soos by vele ander soorte van teksverbetering was scriptores dikwels geneig om ook lesings wat "moeilik" by hulle geloofsoortuigings aanpas, uit die weg te ruim en te vervang met "makliker" lesings. Dit beteken egter nie dat die tekskritikus die lesing wat die verste verwyderd is van die dogma van die kerk, noodwendig moet aanvaar nie - daar moet onderskei word tussen oënskynlike en ware leerstellige dwalings, dit wil sê tussen lesings wat na die oordeel van die scriptor verbetering sou nodig hê sonder dat dit werklik "verbetering" benodig, en lesings wat werklik nie te versoen is met die res van die Heilige Skrif nie.

2.4 Doelbewuste interpolasie

Dwaalwoorde en dwaalgroepe mag die resultaat wees van interpolasie wat ontstaan wanneer scriptores dieselfde woorde by die teks inkorporeer, maar nie op dieselfde plek nie (Merx, 1897, p.246). In Lk 21:6, byvoorbeeld, het scriptores, waarskynlik in 'n poging om die teks te harmoniseer met Mt 24:2 en Mk 13:2, ὅδε bygevoeg by λόθος ἐπὶ λόθῳ, sommige vōōr (X f¹ 33 1241), ander daarna (⌘ B f¹³). Desgelyks wou scriptores deur middel van doelbewuste interpolasie leerstellige verandering aanbring aan

Lk 7:28, wat lui: μέζων ἐν γεννητοῖς γυναικῶν Ἰωάννου οὐδεὶς ἐστίν. Sodat dit nie mag voorkom dat selfs nie eers Jesus groter as Johannes was nie, het hulle die woord προφήτης tot die teks toegevoeg - in A Δ Θ et al. is dit bygevoeg vōōr Ἰωάννου, in ms.892 nā Ἰωάννου en in ms.349 et al. na οὐδεὶς.

Uiteraard kan doelbewuste interpolasie slegs vermoed word by variasie-eenhede waar die dwaalwoord(e) in ten minste een van die variante lesings ontbreek, en selfs dan is die waarskynlikheid groot dat dié lesing waarin die dwaalwoord(e) ontbreek, die resultaat is van parablepsis. Daarom moet die tekskritikus homself eers daarvan vergewis of die scriptor(es) wel 'n motivering gehad het om 'n byvoeging tot die teks te maak, voordat die langer lesing as 'n interpolasie bestempel word.

3. INDIVIDUELE GEWOONTES VAN DIE SCRIPTOR

Cuendet sê: "Chaque copiste . . . laisse transparaître des habitudes personnelle lorsque le sens s'accommode de n'importe quel ordre" (Cuendet, 1929, p.142). Dit is dus moontlik om by die bestudering van elke manuskrip afsonderlik, vas te stel of die betrokke scriptor geneig was tot verandering van die woordorde, en, indien wel, tot watter soort verandering hy geneig was (vgl. 2.1.1, p.137-140 hierbo). Sulke gegewens voorsien die tekskritikus van interne getuienis van die manuskrip (Westcott & Hort, 1882, p.30-39), waaraan hy sy transkripsionele oorwegings gedurigdeur moet toets - die kritikus moet, wanneer hy enige soort van tekskorrupsie vermoed, homself afvra of die betrokke fout te versoen is met die individuele gewoontes van die betrokke scriptor (Turner, 1927, p.377). Aan die ander kant moet die interne getuienis van manuskripte nie onkrities aangewend word nie.

Colwell waarsku: "Scribes were not addicted to omission or addition or transposition or substitution as such" (Colwell, 1969, p.109).

Harris (1891), Lagrange (1935) en Haenchen (1956, p.49 vv) vind byvoorbeeld dat die scriptor van Kodeks Bezae geneig was om die Griekse woordorde te verander ten einde dit te laat ooreenstem met die Latynse woordorde in die regterkolom. Dit het veral aanleiding gegee tot parataksis en die verskuiwing van hulpwerkwoorde en koppelwerkwoorde. Wellhausen (1911) en Black (1946) meen egter dat hierdie vermelde verskynsels in Kodeks Bezae eerder toe te skryf is aan Semitiese invloed. Hulle teorie is dat die Semitiese woordorde getrouer bewaar word in Kodeks Bezae as byvoorbeeld in ~~X~~ en B. Veral die neiging in Kodeks Bezae om pronominale voorwerpe ná die werkwoord te plaas, ondersteun Wellhausen en Black se teorie.

Colwell (1969, p.116-120) het 'n besondere studie van p^{45} , p^{66} en p^{75} gemaak. Sy bevindinge is die volgende:

- (1) p^{75} is geskryf met die doel om 'n akkurate kopie te wees. Die scriptor skryf met groot omsigtigheid af - letter vir letter. Die kritikus kan dus verwag om in p^{75} eerder letteromruilings teë te kom as omruiling van woorde.
- (2) Die scriptor van p^{66} het lettergrepe gekopieer. Gevolglik is dit meer waarskynlik dat p^{66} omruiling van lettergrepe bevat as omruiling van woorde. p^{66} gee verder die indruk dat dit deur 'n gedissiplineerde scriptor geskryf is: wanneer hy onbewustelik die woordorde verander het en dit dan later agtergekom het, het hy óf die foutiewe volgorde uitgegee en reggestel óf hy het die fout aangedui deur middel van strepe tussen die reëls.
- (3) Die scriptor van p^{45} se doel was nie om woordeliks te kopieer nie, maar om slegs die gedagte-inhoud van die oorspronklike

in sy kopie weer te gee. Hy lees dus 'n volledige sin of frase, herformuleer dit in sy eie gedagtes en skryf dit dan neer. Gevolglik kan talryke omruilings van woorde, frases en sinne verwag word in p⁴⁵.

4. DIE WAARDE VAN OU VERTALINGS VIR DIE BEOORDELING VAN WOORDORDE-VARIANTE

Dikwels verskil die woordorde in 'n ou vertaling van die Nuwe Testament van die woordorde in die Griekse manuskripte. Die tekskritikus moet dan vasstel in welke mate die betrokke vertaling in staat is om te dien as selfstandige teksgetuienis vir die Griekse woordorde. Dit is dus noodsaaklik om die woordorde wat eie is aan die ontvangstaal te bestudeer. Waar die basiese struktuur van die ontvangstaal sodanig is dat dit nie akkommodasie aan die Griekse woordorde kan bied nie, kan so 'n vertaling beslis nie gebruik word as 'n getuienis vir die oorspronklike Griekse woordorde nie. Indien die ontvangstaal beweeglik is met betrekking tot woordorde en wel die woordorde van ander tale kan oorneem, het die vertalers heel waarskynlik die oorspronklike Griekse woordorde behou en is die vertaling bruikbaar as 'n goeie teksgetuienis.

Mohrmann sê:

"Les traducteurs chrétiens de la Bible . . . pratiquaient un certain littéralisme, une traduction mot à mot, procédé inspiré par un respect scrupuleux du texte sacré l'ordre des mots, les images, tout ce qui touche au style, n'était pas déterminé par les règles de l'école antique, mais plutôt par le caractère très spécial des textes qu'on traduisait" (Mohrmann, 1957, p.223-224).

5. KONKLUSIE : MAATSTAWWE VIR DIE BEPALING VAN TRANSKRIPSIONELE WAARSKYNLIKHEID VAN WOORDORDE-VARIANTE

Uit die verskillende oorsake van woordorde-variasie wat hierbo bespreek is, kan die volgende maatstawwe vir die bepaling van transkripsionele waarskynlikheid van woordorde-variante afgelei word. Ten einde latere verwysings te vergemaklik, word hierdie maatstawwe aangedui met die simbool "T" vooraan.

T 1 Onbewustelike teksveranderinge:

- T 1.1 Waar die woorde wat betrokke is in die variasie gelyke eindese (homoioteleuton) besit, is dit waarskynlik dat onbewustelike teksverandering as gevolg van parablepsis ingetree het.
- T 1.2 Wanneer die woordorde van 'n lesing ooreenkom met 'n min of meer parallelle gedeelte elders in die Nuwe Testament of die Septuagint, kan onbewustelike assimilasië vermoed word.
- T 1.3 Onbewustelike assimilasië kan vermoed word wanneer die woordorde van 'n lesing ooreenkom met die woordorde van 'n frase wat dikwels gebruik is in die vroeë kerk of vroeë-Christelike gemeenskap.
- T 1.4 Onbewustelike assimilasië kan vermoed word wanneer die woordorde van 'n lesing 'n opvallende ooreenkoms vertoon met 'n sinsnede wat in die onmiddellike nabyheid daarvan staan, veral in die historiese gedeeltes.

T 2 Doelbewuste teksveranderinge:

- T 2.1 Wanneer die woordorde van 'n lesing duidelik ooreenstem met Atticistiese tendense, is dit waarskynlik die gevolg van doelbewuste taalkundige of stilistiese verbetering.
- T 2.2 Taalkundige of stilistiese verbetering is baie waarskynlik

as die verandering die woordorde vergemaklik sodat die ooreenstem met die gewone, algemene gebruik in die Nuwe Testament.

- T 2.3 Doelbewuste verandering kan vermoed word wanneer die variasie van woordorde voorkom in die Griekse teks van 'n tweetalige manuskrip wat 'n numeriese woordgelykheid aan die meegaande vertaling vertoon.
- T 2.4 Wanneer 'n woordorde-variant 'n betekenisverandering inhoud wat 'n oënskynlike leerstellige dwaling van die ander lesings uitskakel, kan doelbewuste teksverandering vermoed word.
- T 2.5 Wanneer 'n variante lesing 'n woordorde bevat wat presies ooreenstem met dié van 'n parallelle gedeelte elders in die Nuwe Testament, kan doelbewuste harmonisasie vermoed word.
- T 2.6 Doelbewuste interpolasie kan vermoed word wanneer sommige manuskripte die dwaalwoord(e) uitlaat, en die interpolasie harmonisasie, verduideliking of leerstellige verandering inhoud.

HOOFSTUK V

DIE GEVOLGE VAN WOORDORDE-VARIASIE - INTRINSIEKE OORWEGINGS

1. ENKELE BESTAANDE KRITERIA VIR DIE BEPALING VAN INTRINSIEKE GETUIENIS

Vanselfsprekend is die studie van woordorde in die Nuwe Testament 'n vrugbare bron van inligting vir intrinsieke oorwegings by die beoordeling van woordorde-variante. Westcott en Hort beskryf die proses van intrinsieke evaluering soos volg:

"The decision may be made either by an immediate and as it were intuitive judgement or by weighing cautiously various elements which go to make up what is called sense, such as conformity to grammar and congruity to the purport of the rest of the sentence and of the larger context; to which may rightly be added congruity to the usual style of the author and to his matter in other passages" (Westcott & Hort, 1882, p.20).

Westcott en Hort maak beswaar teen die geldigheid van intrinsieke oorwegings, nl. dat die kritikus nie genoeg inligting besit om 'n definitiewe besluit te neem nie en dat hy voortdurend moet staatmaak op "inferences from more or less incomplete data" (Westcott & Hort, 1882, p.26). Die statistieke en waarnemings met betrekking tot die gebruiklike woordorde van Lukas wat in Hoofstuk II (8, p.90-118 hierbo) versamel is, maak die data vir intrinsieke oorwegings enigsins meer volledig, maar die kritikus moet by die gebruik daarvan beseft dat afwykings van die statistiese gebruiklike woordorde maklik en gereeld plaasgevind het.

Skrywers is nie altyd konsekwent in die volgorde waarin hulle woorde rangskik nie en derhalwe sou dit verkeerd wees om in die beoordeling van variante onversetlik te bly kleef aan die gebruik=like woordorde van die skrywer (Winer, 1874, p.685-686; Moulton-Howard-Turner, 1963, p.196).

Dit is onmoontlik om onbuigbare maatstawwe daar te stel waar=aan die intrinsieke waarskynlikheid van 'n lesing getoets kan word. Gevolglik word die bespreking van 'n metodiek vir intrinsieke eva=luering van variante lesings in die meeste handboeke oor Teks=kritiek vermy (onder andere Nestle, 1901; Lake, 1928; Greenlee, 1964; Kenyon, 1975). Slegs enkele skrywers stel sekere kriteria voor vir die bepaling van intrinsieke getuienis:

1.1 Scrivener

Scrivener (1874, p.439) stel die eenvoudige reël dat die lesing wat die beste inpas by die besondere styl, gewoontes en denkpatoon van die skrywer, verkies moet word. Hierdie maatstaf is baie eensydig, want dit verhef slegs één oorweging tot absolute maatstaf, wat boonop misleidend kan wees, aangesien (soos hierbo aangedui is) skrywers nie altyd konsekwent is nie.

1.2 Weiss

Weiss (1899, p.191-214) gee in sy evaluering van woordorde=variante voorkeur aan:

- (1) lesings wat in 'n moontlike parallellisme of chiasme inpas;
- (2) lesings wat emfatiese woorde in emfatiese posisies plaas;
- (3) lesings wat die moeilikste woordorde bevat.

Dit blyk dus dat Weiss oor die algemeen geneig was om die moei=

liker lesings te verkies. Dit is wel 'n goeie kriterium, maar in werklikheid berus dit op suiwer transkripsionele oorwegings. Ook die volgende besware moet ingebring word teen Weiss se kriteria:

- (1) Elke moontlike stylfiguur is nie noodwendig oorspronklik nie. Schwyzer (1950, p.697) wys op die gevare wat 'n oorhaastige identifisering van stylfigure inhou.
- (2) Dit gebeur wel dat skrywers emfatiese woorde in 'n sogenaamde nie-emfatiese posisie plaas. In sulke gevalle is die lesing met die emfatiese woord in emfatiese posisie juis nie oorspronklik nie, maar waarskynlik die resultaat van transkripsionele verbetering.
- (3) Die moeilikste lesing is nie noodwendig oorspronklik nie - onbewustelike foute van die scriptor kan soms lei tot 'n baie moeilike woordorde, en soms inderdaad tot ἀπαξ λεγόμενα.

1.3 Metzger

Metzger (1968, p.210) stel voor dat intrinsieke getuienis bepaal word aan die hand van ses verskillende kriteria:

- (1) harmonie met die styl en woordeskat van die skrywer in die res van die boek;
- (2) harmonie met die onmiddellike konteks;
- (3) harmonie met die gebruik van die skrywer op ander plekke en met die gebruik in die Nuwe Testament;
- (4) die Aramese agtergrond van die woorde van Jesus;
- (5) die voorrang van die Evangelie volgens Markus;
- (6) die invloed van die Christelike gemeenskap op die formulering van die betrokke gedeelte.

Hierdie ses oorwegings vorm inderdaad 'n sinvolle stel maatstawwe en bied, met geringe wysigings, ook 'n sinvolle agenda vir

die beoordeling van woordorde-variante. Metzger se kriteria verdien egter die volgende punt van kritiek: Klaarblyklik is maatstaf (5) gebaseer op die teorie van Streeter (1936) dat Matteus en Lukas gebruik gemaak het van die Markus-Evangelie as bron. Streeter se teorie kom in kort daarop neer dat die Evangelie volgens Lukas bestaan uit 'n kort kerngedeelte, wat Streeter Proto-Lukas noem, en dat Lukas op hierdie kerngedeelte uitgebrei het op die volgende wyse: Hy het naamlik 'n voorwoord en 'n inleiding voorsien uit onbekende bronne, vier groot gedeeltes uit die Markus-Evangelie bygevoeg en die lydensgeskiedenis hersien aan die hand van die Evangelie volgens Markus. Morton & McGregor (1963, p.11-29) het Streeter se teorie opgevolg en met behulp van 'n rekenaar aangetoon dat die teks van die Lukas-Evangelie op die volgende bronne gebaseer is:

- (1) Onbekende bronne: Lk 1:1 - 2:52; 15:11 - 16:31
- (2) Proto-Lukas: Lk 3:1 - 4:30; 5:1-11; 6:14-16; 6:20 - 8:3; 9:51 - 18:14; 19:1-27; 19:37-44; 21:18; 21:34-36; 22:14 - 24:53
- (3) Markus: Lk 4:31-44; 5:12 - 6:13; 6:17-19; 8:4 - 9:50; 18:15-43; 19:28-36; 19:45 - 21:17; 21:19-33; 21:37 - 22:13.

Daar bestaan egter nog nie sekerheid oor die geldigheid van hierdie teorie nie - Farmer (1976) meen byvoorbeeld dat die Evangelie volgens Markus geskryf is nā die Evangelie volgens Lukas, in welke geval Lukas natuurlik nie Markus as bron sou kon gebruik het nie. Dat Lukas wel gebruik gemaak het van bronne, kan nie ontken word nie (vgl. Lk 1:1-3), maar daar kan nie met sekerheid gesê word dat die Markus-Evangelie wel een van diē bronne was nie. Die moontlikheid van die bronneteorie kan nogtans nie verwerp word nie - indien dit wel oorweeg sou word, moet in ieder geval aanvaar word dat Lukas nie woordeliks oorgeskryf het nie, maar dikwels geparafraseer het. Dit beteken dat Lukas waarskynlik nie

die woordorde van Markus gehandhaaf het nie. Die kritikus hoef dus nie voorrang te verleen aan 'n woordorde wat ooreenstem met dié van Markus nie, maar wel gunstige oorweging.

1.4 Westcott en Hort

Westcott & Hort (1882, p.21,30) is alte bewus van die onsekerheid van die gevolgtrekkings waartoe intrinsieke oorwegings mag lei en gebruik dus intrinsieke getuienis slegs as negatiewe getuienis teen 'n lesing. Natuurlik is getuienis wat negatief is vir een lesing, positief vir 'n ander. Indien daar tussen meer as twee variante lesings besluit moet word, kan hulle op grond van negatiewe/positiewe oorwegings gerangskik word in volgorde van waarskynlikheid.

2. 'N MAATSTAF VIR DIE BEPALING VAN INTRINSIEKE WAARSKYNNLIKHEID

Die tekskritikus moet in gedagte hou dat Griekse skrywers, en gevolglik ook die skrywers van die Nuwe Testament, in elke rangskikkingspatroon van woorde ten minste een prinsipe van woordorde-determinasie moet volg en uiteindelik slegs een prinsipe van woordorde-determinasie kán volg (vgl. p.57 hierbo). Bewustelik of onbewustelik het elke skrywer by die ordening van woorde in 'n sin al die moontlike determinante in ag geneem en teen mekaar opgeweeg. So het hy dan uiteindelik om 'n spesifieke rede aan een besondere determinant voorkeur verleen.

Ten einde intrinsieke getuienis van woordorde in te win, moet die tekskritikus probeer om homself as't ware in die keuse van die betrokke skrywer in te leef, 'n proses wat uit hoofsaaklik twee

stappe bestaan:

- (1) In die eerste plek moet die kritikus vasstel watter verskillende determinante die woordorde in elk van die bestaande variante lesings kon bepaal het. Slegs dié woordordes wat in bestaande lesings voorkom, moet oorweeg word - sodra ander woordordes oorweeg word, beweeg die tekskritikus op die gebied van die konjekturaalkritiek, wat beslis afgewys moet word (vgl. p.10-11 hierbo).
- (2) Nadat die lys van moontlike determinante opgestel is, moet die tekskritikus vasstel watter een daarvan waarskynlik vir die skrywer deurslaggewend was, dit wil sê hy moet die oorspronklike beweegrede vir die implementering van elke moontlike determinant deurvors en dié beweegredes dan teen mekaar opweeg. Wanneer die verskillende determinante se beweegredes teen mekaar opgeweeg word, is die volgende oorwegings van besondere belang:
 - a. Die waarskynlikheid van taalkundige determinante blyk uit die mate waarin die woordorde in die lesing ooreenkom met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament.
 - b. Die waarskynlikheid van stilistiese determinante word gemeet aan die mate waarin die lesing in harmonie is met die algemene styl van die skrywer.
 - c. Die waarskynlikheid van gewoontedeterminante word vasgestel deur die woordorde van die lesing te vergelyk met die algemeen gebruiklike woordorde van die skrywer.
 - d. Die waarskynlikheid van invloed van ander tale op die woordorde is veral hoog in die gedeeltes wat duidelik van nie-Griekse oorsprong is.
 - e. Die waarskynlikheid van sosiaal-tradisionele determinante is hoog wanneer 'n identiese of soortgelyke frase by herhaling in die Nuwe Testament of vroeg-Christelike literatuur opgespoor

kan word.

f. Die waarskynlikheid van kontekstuele, retories-strukturele, estetiese en emfatiese determinante blyk uit 'n studie van die konteks.

2.1 Harmonie met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament

Die eerste impuls by die oorweging van intrinsieke faktore is om dié lesing te aanvaar wat ooreenstem met die woordorde wat oor die algemeen gebruik word in die Nuwe Testament - 'n impuls wat sekerlik ook die scriptores gemotiveer het tot die aanbring van taalkundige verbeteringe. Taalkundige determinante van woordorde tree egter maklik op die agtergrond ten gunste van ander determinante (vgl. p.57 hierbo). Gevolglik kan die lesing wat ooreenkom met taalkundige determinante aanvaar word slegs wanneer die moontlikheid van ander variante gering is.

Leksikale determinante is wel traag om hulle invloed prys te gee. Die waarskynlikheid van 'n opponerende woordorde-determinant moet dus baie hoog wees voordat afgesien kan word van 'n lesing wat volgens leksikale oorwegings in harmonie is met die algemeen gebruiklike woordorde. "Απαξ λεγόμενα is op grond van taalkundige oorwegings verwerplik, bv. in Lk 1:48:

(1) ἰδοὺ γὰρ ἀπὸ τοῦ νῦν μακαριοῦσιν με πᾶσαι αἱ γενεαί rell.

(2) ἰδοὺ ἀπὸ γὰρ τοῦ νῦν μακαριοῦσιν κ.τ.λ. syr^s

Ondersoek dui aan dat daar by hierdie sin geen stilistiese determinant opgespoor kan word wat die woordorde ἰδοὺ ἀπο γὰρ τοῦ νῦν kan regverdig nie. Leksikale determinante vereis dat γὰρ tweede in die frase staan en dat ἀπό direk voor sy substantief staan (vgl. Hfst.I 2.1.1.1(3), p.20 en 3.4.1(4), p.37 hierbo). Dus is dit

waarskynlik dat lesing 2 die gevolg is van tekskorripsie en dat lesing 1 oorspronklik is.

Veral harmonie met die woordorde in die Evangelie volgens Markus verhoog die intrinsieke waarskynlikheid van lesings in sekere gedeeltes van Lukas en Matteus om oorspronklik te wees. Die rede hiervoor is die feit dat daar 'n moontlikheid bestaan dat Lukas op Markus gesteun het as bron (vgl. p.154 hierbo). Cadbury (1920, p.152) reken dat Lukas die woordorde wat hy in sy bronne teëgekomp het, relatief min verander het. Turner (Moulton-Howard-Turner, 1976, p.56) stem nie saam met Cadbury nie. Turner sê dat Lukas nie bronne sou gebruik het "without polishing up the translation Greek . . . (for he) is a better handler of Greek than that . . . The language of the main body of Luke-Acts was perhaps Luke's natural speech which he was expert enough to elevate into something quite classical at times" (Moulton-Howard-Turner, 1976, p.56).

Dit is reeds aangedui dat daar nóg geen uitsluitel bereik is oor die dispuut of Markus as bron vir Lukas gedien het of nie (vgl. p.154 hierbo). Gevolglik kan harmonie van woordorde in Lukas met dié in parallelle gedeeltes in Markus nie as selfstandige kriterium geld nie. In gevalle waar daar nie op grond van ander oorwegings tot 'n beslissing gekom kan word nie, mag harmonie met die woordorde van Markus as deurslaggewende faktor geld. So kan byvoorbeeld gunstige oorweging geskenk word aan die lesing van mss. 157 544 827 et al. in Lk 5:13 omdat die woordorde in hierdie lesings ooreenstem met Mk 1:42: καὶ εὐθέως ἀπῆλθεν ἀπ' αὐτοῦ ἡ λέπρα.

2.2 Harmonie met die algemene styl van die skrywer

Alle oorwegings met betrekking tot die waarskynlikheid van stilistiese determinante moet voorafgegaan word deur 'n studie

van die styl van elke individuele skrywer. Die kritikus moet, wanneer hy vermoed dat 'n stylfiguur of retoriese struktuur of enige ander stilistiese verskynsel wat in 'n variant lesing ge= waar word, oorspronklik is, eers vasstel in watter mate die be= trokke skrywer oor die algemeen gebruik maak van die betrokke styl= figuur of retoriese struktuur en of hy die betrokke stylfiguur of struktuur elders in sy werk gebruik. Dit blyk byvoorbeeld dat Lukas gebruik maak van al die stylfigure wat hierbo in hoofstuk II (2.2, p.66-70) vermeld is, maar dat hy dit merendeels net in die dialoog-gedeeltes aanwend en minder algemeen in die historiese ge= deeltes (vgl. Hfst.II 2.2, p.70 hierbo). 'n Variante lesing is dus in harmonie met die algemene styl van die skrywer as dit 'n stilistiese verskynsel bevat wat

- (1) wel deur die skrywer aangewend word elders in sy geskrifte;
- (2) in dieselfde tipe stof as dié waarvan die betrokke variasie= eenheid deel vorm, deur die skrywer aangewend word.

Volgens B K 0139 2193 is Lk 21:37 in 'n chiastiese patroon georden, nl. ἦν δὲ διδάσκων ἐν τῷ ἱερῷ τὰς ἡμέρας, τὰς δὲ νύκτας εἰς τὸ ὄρος ἐξερχόμενος ἠύλζετο. Die lesing van die ander teks= getuïenisse verbreek die chiastiese patroon, nl. ἦν δὲ τὰς ἡμέρας ἐν τῷ ἱερῷ διδάσκων, τὰς δὲ νύκτας ἐξερχόμενος ἠύλζετο εἰς τὸ ὄρος. Aangesien Lk 21:37 deel vorm van storie, dit wil sê van vertelling, besit die lesing wat die stylfiguur bevat minder waar= skynlikheid om oorspronklik te wees as die lesing wat die stylfi= guur verbreek. In die preke van Jesus, aan die ander kant, soos die Saligsprekinge en die profetiese rede, is die waarskynlikheid van stilistiese verskynsels om oorspronklik te wees, baie hoog.

Harmonie met die algemene styl van die skrywer is egter nie beperk tot stylfigure, retoriese strukture en sulke stilistiese verskynsels nie - ook die algemene sinsformulering en aanwen= ding van taal deur die skrywer is van belang. Wanneer die taal

van Lukas byvoorbeeld vergelyk word met die Grieks in ander kon= temporêre geskrifte, blyk dit dat Lukas 'n geleerde man was (Thrall, 1962, p.7). Hy was in staat om 'n baie verfynde Grieks te skryf, maar die taal waarin hy die Evangelie geskryf het, vertoon baie ooreenkomste met die Joodse Grieks van die Septuagint. Turner (Moulton-Howard-Turner, 1976, p.2) sê: "Luke has a style which varies from the same kind of Jewish Greek as Mark and Matthew to a more non-Biblical style, and this variation may . . . be con= trived, a deliberate adaption of language to the narrative" (Moul= ton-Howard-Turner, 1976, p.2). Dit is nie vreemd om Hellenistiese tendense by Lukas teë te kom nie, soos byvoorbeeld dwaling van by= woordelike adjunkte van tyd (vgl. Hfst.II, tabel Ic, p.96; tabel IV p.99; tabel VIIc, p.103), of, aan die ander kant, tipiese Hebreeuse konstruksies, soos die weergawe van die Hebreeuse infinitivus ab= solutus deur die datief, bv. ἐπιθυμῶ ἐπεθύμησα Lk 22:15, en die casus pendens, bv. πᾶς ὃς ἐρεῖ λόγον εἰς τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου, ἀφεθήσεται αὐτῷ Lk 12:10. Gevolglik kan 'n lesing in die Evan= gelie volgens Lukas nie verwerp word bloot op grond van die feit dat die woordorde nie ooreenkom met algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament nie, of, aan die ander kant, met Hellenis= tiese gebruik nie.

2.3 Harmonie met die gewoontes van die skrywer

Dit is aangedui (Hfst.II 8, p.90 hierbo) dat woordorde dik= wels toe te skryf is bloot aan die gewoontes van 'n skrywer. Dit mag egter misleidend wees by die beoordeling van woordorde-vari= ante om halsstarrig te bly vashou aan die gebruiklike woordorde van die skrywer. Westcott en Hort waarsku: "It is needful to remember that authors are not always grammatical, or clear, or consistent, or felicitous" (Westcott & Hort, 1882, p.21). Har=

monie met die gewoonte van die skrywer mag slegs as deurslaggewende faktor geld vir die bepaling van intrinsieke getuienis wanneer alle ander stilistiese determinante afwesig is.

As voorbeeld dien Lk 4:1 , waarvan daar twee variante lesings is, nl.:

(1) πλήρης πνεύματος ἁγίου $\mathfrak{P}^{75}$ B D E K L N W Ξ Ψ 1 6 7 33

(2) πνεύματος ἁγίου πλήρης rell.

'n Studie van die konteks dui aan dat ander stilistiese determinante afwesig is. Gewoonte-determinante kan dus as deurslaggewend beskou word. Uit statistieke blyk dat Lukas genitiewe bywoordelike bepalings wat volheid aandui nooit die werkwoord of byvoeglike naamwoord laat voorafgaan nie (vgl. Hfst.II 8.2.1, p.100). Die lesing van $\mathfrak{P}^{75}$ et al. is dus in harmonie met die gewoontes van Lukas en is waarskynlik die oorspronklike woordorde, terwyl die ander lesing nie in harmonie is met die gewoontes van Lukas nie.

Desgelyks is die volgende lesings nie in harmonie met die gewoontes van Lukas nie: Lk 13:26 ἐνῶπιον σου ἐφάγομεν καὶ ἐπίομεν (Tatianus syr) aangesien Lukas voorsetselfrases wat ingelei word deur ἐνῶπιον feitlik deurgaans ná die gekwalifiseerde woord plaas (vgl. Hfst.II 8.3.2(3), p.104 hierbo); Lk 6:3 ἀποκριθεὶς πρὸς αὐτοὺς εἶπεν ὁ Ἰησοῦς ($\mathfrak{X}$ C et al.), aangesien nie-emfatiese voorsetselfrases wat ingelei word deur πρὸς en wat die indirekte voorwerp na werkwoorde van sê aandui, altyd na die werkwoord van sê staan in die Evangelie volgens Lukas (vgl. Hfst.II 8.3.3, p.106).

2.4 Invloed van ander tale in gedeeltes van nie-Griekse oorsprong

Hoewel die Grieks van die Nuwe Testament nie vertaalde Grieks is nie, is dit tog beïnvloed deur ander tale, veral deur Aramees

en Hebreeus (vgl. Hfst.II 6, p.85-87). In die vier Evangelies het die woorde van Jesus onteenseglik 'n Aramese agtergrond (vgl. Hfst.II 6, p.85 hierbo) - daarom stel Metzger (1968, p.210) as kriterium vir intrinsieke oorwegings die Aramese agtergrond van die onderrig van Jesus.

Aangesien stylfigure, emfatiese determinante, retoriese strukture, estetiese- en kontekstuele determinante die invloed van ander tale oorheers en kragteloos maak, moet die invloed van ander tale slegs as faktor in ag geneem word by die afwesigheid van sulke determinante. Invloed van Aramees is byvoorbeeld ter sake by die variasie-eenheid in Lk 6:49, waar die lesing van ms.209 ἐκεῖνης τῆς οἰκίας is, terwyl alle ander teksgetuïenisse die lesing τῆς οἰκίας ἐκεῖνης gee. Op grond van intrinsieke oorwegings is laasgenoemde lesing waarskynlik oorspronklik omdat dit die demonstratiewe byvoeglike naamwoord na die substantief plaas, 'n posisie wat ooreenstem met Aramese gebruik (vgl. Hfst.II 6 g, p.86 hierbo).

Ook in gedeeltes wat nie in direkte rede gestel is nie, moet oorweging geskenk word aan lesings wat ooreenstem met Aramese of Hebreeuse woordorde, bv. Lk 8:30 met die volgende twee lesings:

(1) ἐπερώτησεν δε ὁ Ἰησοῦς αὐτόν syr^P

(2) ἐπερώτησεν δε αὐτον ὁ Ἰησοῦς rel.

Een van die definitief Aramese verskynsels in die woordorde van die Nuwe Testamentiese Grieks is dat onbetoonde persoonlike voornamewoorde in die akkusatief direk na die werkwoord staan (vgl. Hfst.II 6 f, p.86 hierbo), op grond waarvan lesing 2 as meer waarskynlik beskou kan word.

2.5 Die gebruik van geykte uitdrukkings van die Joodse en vroeg-Christelike gemeenskap

In hoofstuk II (5, p.84-85 hierbo) is aangedui dat sosiaal-

tradisionele determinante in die Griekse woordorde redelik sterk is en dat die skrywers van die Nuwe Testament gebruik gemaak het van sekere geykte frases waarin daar so-iets soos 'n konvensionele woordorde te bespeur is en wat ontstaan het in die vroeg-Christelike of die Joodse gemeenskap. Daar word byvoorbeeld 22 keer in die Nuwe Testament verwys na die seuns van Sebedeüs in die volgorde Jakobus en Johannes en nêrens andersom nie, waaruit afgelei kan word dat dit die volgorde is waarin die vroeë Christene, of ten minste die skrywers van die Nuwe Testament, aan hulle gedink het, moontlik omdat 'n ouer broer tradisioneel in hoër aansien was as 'n jonger broer. Die lesing van mss. 27, 71 en 1458 in Lk 5:10 Ἰωάννην καὶ Ἰακώβον is gevolglik uit pas met die konvensionele volgorde en, aangesien daar geen ander stilistiese determinante in Lk 5:10 teenwoordig is wat die onkonvensionele volgorde kon veroorsaak het nie, is dit onwaarskynlik dat hierdie lesing die oorspronklike woordorde weergee. Wanneer Lukas egter Petrus se naam koppel aan dié van Jakobus en Johannes (Lk 8:51; 9:28; Hand 1:13), noem hy hulle in die volgorde Petrus en Johannes en Jakobus. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat Lukas Johannes leer ken het as die metgesel van Petrus in die vroeë kerk en gevolglik gewoon was om hulle name aan mekaar te koppel, nl. Petrus en Johannes (bv. Hand 3:1,3,4,11; 8:14).

Rangskikkingspatrone wat verklaar kan word aan die hand van Joodse gewoontes en/of tradisie, is ook hoog aan te skryf. Die woordorde οἱ ἀρχιερεῖς καὶ οἱ γραμματεῖς (D) in Lk 20:19 kom byvoorbeeld ooreen met die aansien wat dié twee ampte in die Joodse gemeenskap gehad het. Dat die Nuwe Testamentiese skrywers hierdie geykte frase so oorgeneem het van die Jode blyk uit die feit dat dieselfde frase 19 keer elders in die Nuwe Testament in dieselfde volgorde voorkom.

2.6 Harmonie met die onmiddellike konteks

'n Studie van die konteks is van kardinale belang vir die bepaling van intrinsieke waarskynlikheid van enige soort variant. By die beoordeling van woordorde-variante is die studie van die konteks daarop gerig om

- waarskynlike stylfigure uit te wys waarin die variasie-eenheid betrokke mag wees;
- vas te stel of sekere woorde in die variasie-eenheid nadruk verdien;
- te bepaal of die variasie-eenheid deel vorm van 'n retories-gestruktureerde geheel;
- die waarskynlikheid van sekere estetiese invloede op die woordorde vas te stel;
- die nuclei en konkomitante in die variasie-eenheid uit te wys.

Lukas 23:43 dien as voorbeeld: Volgens Kodeks C* sê Jesus in Lk 23:43 aan die kwaaddoener aan die kruis: "σήμερον ἔσῃ μετ' ἐμοῦ ἐν τῇ παραδείσῳ", met σήμερον in 'n emfatiese posisie (vgl. Hfst.II 8.1.3(1), p.98-99 hierbo). Kommentare (Lenski, 1961, p.1145; Arndt, 1956, p.470) stem saam op grond van kontekstuele studie dat nie alleen σήμερον nie, maar ook μετ' ἐμοῦ nadruk verdien. Die versoek van die kwaaddoener was immers: "'Ιησοῦ, μνησθητί (in die toekoms) μου (wat nie by U sal wees nie) ὅταν ἔλθῃς (in die toekoms) ἐν τῇ βασιλείᾳ σου (ver weg van my)". In antwoord op die boosdoener se versoek is die hoofmomente in Jesus se antwoord dan: "Nee, nie in die toekoms nie, maar vandag" en: "Nee, nie ver weg van my nie, maar saam met my!" Die lesing wat deur alle ander getuienisse ondersteun word, nl. σήμερον μετ' ἐμοῦ ἔσῃ ἐν τῇ παραδείσῳ het beide σήμερον en μετ' ἐμοῦ in emfatiese posisies, eersgenoemde deur middel van aanvangsposisie en laasgenoemde deur middel van 'n opvallende voorposisie by die werkwoord

(vgl. Hfst.II 8.3.3(1), p.106 hierbo). Laasgenoemde lesing is dus in harmonie met die konteks en waarskynlik oorspronklik.

3. BOTSING TUSSEN INTRINSIEKE EN TRANSKRIPSIONELE OORWEGINGS

Die beoordeling van woordorde-variante word dikwels gekortwiek deur 'n botsing tussen intrinsieke en transkripsionele oorwegings. So 'n botsing ontstaan wanneer 'n lesing op grond van intrinsieke oorwegings duidelik verkieslik is bo die ander lesings, terwyl dit terselfdertyd duidelik is dat ook scriptores sodanige voortreflikheid sou ingesien het. Scriptores het heel waarskynlik ook 'n studie van die styl, gewoontes, ens., van die skrywers van die Nuwe Testament gemaak. Dit is dus moontlik dat hulle vanweë hulle liefde vir taalkundige en stilistiese verbeteringe die teks soms verander het sodat dit sou ooreenkom met die styl en gewoontes van die skrywer. Westcott & Hort stel die probleem soos volg: "We might thus seem to be landed in the paradoxical result that intrinsic inferiority is evidence of originality" (Westcott & Hort, 1882, p.22-23).

Die omvang van die probleem verminder egter wanneer in ag geneem word dat die doel van intrinsieke oorwegings is om die werklike voortreflikheid van lesings vas te stel, terwyl transkripsionele oorwegings daarop gemik is om die oënskynlike voortreflikheid van 'n lesing vas te stel. Die voortreflikheid van 'n lesing is die mate van waarskynlikheid wat dit besit om oorspronklik te wees. Lesings met oënskynlike voortreflikheid is dié lesings wat duidelik na die mening van scriptores die grootste waarskynlikheid besit het om die oorspronklike te wees. Ten einde oënskynlike voortreflikheid te identifiseer, moet die tekskritikus, met inagneming van die maatstawwe vir die bepaling van transkripsionele waarskynlik-

heid (vgl. Hfst.IV 5, p.149-150 hierbo), vasstel hoe 'n lesing vir die scriptores moes gelyk het, nie soos dit vir ons lyk nie (Westcott & Hort, 1882, p.27). Ten einde werklike voortreflikheid te identifiseer moet die tekskritikus 'n diepgaande studie maak van die teks aan die hand van die verkillende intrinsieke faktore en oorwegings wat hierbo bespreek is en wat hieronder saamgevat word. Indien die tekskritikus enersyds sou vasstel dat 'n sekere lesing deur scriptores nagevolg is omdat dit na hulle mening voortreflikheid besit het, en andersyds tot die konklusie sou kom dat die betrokke lesing op grond van intrinsieke oorwegings waarskynlik die oorspronklike lesing is, is daar nie noodwendig 'n botsing tussen intrinsieke en transkripsionele oorwegings nie, maar beteken dit bloot dat die vermoede van doelbewuste tekskorrupsie waarskynlik ongegrond is. Dit beteken dat, waar intrinsieke en transkripsionele oorwegings oënskynlik in botsing is, voorkeur verleen moet word aan die intrinsieke getuienis.

4. KONKLUSIE : MAATSTAWWE VIR DIE BEPALING VAN INTRINSIEKE WAARSKYNLIKHEID VAN WOORDORDE-VARIANTE

Uit die verskillende intrinsieke faktore by woordorde-variasie wat hierbo bespreek is, kan die volgende maatstawwe vir die bepaling van intrinsieke waarskynlikheid van woordorde-variante afgelei word. Ten einde latere verwysings te vergemaklik, word hierdie maatstawwe aangedui met die simbool "I" vooraan.

I 1 'n Lesing besit intrinsieke waarskynlikheid wanneer dit in harmonie is met die algemeen gebruiklike woordorde in die Grieks van die Nuwe Testament, mits dit duidelik is dat slegs taalkundige determinante die woordorde bepaal.

I 2 In sekere gedeeltes van die Evangelie volgens Matteus en die

Evangelie volgens Lukas kan gunstige oorweging geskenk word aan lesings wat in harmonie is met die woordorde in die Evangelie volgens Markus.

- I 3 'n Lesing het intrinsieke voortreflikheid wanneer dit aansluit by die algemene styl van die betrokke skrywer. Dit is veral nodig om daarop te let in hoeverre die skrywer elders gebruik maak van stylfigure, stilistiese sinsboupatrone, ens.
- I 4 'n Lesing besit intrinsieke voortreflikheid wanneer dit ooreenstem met die gewoontes van die betrokke skrywer, mits dit duidelik is dat daar geen ander stilistiese determinante teenwoordig is nie.
- I 5 Wanneer daar in gedeeltes wat waarskynlik van nie-Griekse oorsprong is, 'n lesing voorkom wat tekens vertoon van invloed van die oorspronklike taal, is so 'n lesing waarskynlik oorspronklik - veral die woorde van Jesus is dikwels in 'n tipies Aramese woordorde gerangskik. Ook hier geld die voorwaarde dat daar, naas die gewoonte van die skrywer, geen ander stilistiese determinant as invloed van ander tale teenwoordig mag wees nie.
- I 6 'n Lesing besit intrinsieke voortreflikheid wanneer dit 'n geykte frase uit die vroeg-Christelike of die Joodse gemeenskap woordeliks of in identiese woordorde weergee.
- I 7 'n Lesing besit intrinsieke voortreflikheid wanneer dit inskakel by 'n stylfiguur, retoriese struktuur, emfatiese, estetiese of kontekstuele ordening wat uit die konteks blyk dat dit oorspronklik mag wees.
- I 8 Dit is minder waarskynlik dat stylfigure en retoriese strukture in gedeeltes van historiese aard deurslaggewend is - in die briewe, preke en gedeeltes van profetiese aard asook in gedeeltes wat in die direkte rede gestel word, is lesings

wat in harmonie is met sulke determinante meer waarskynlik.

- I 9 Wanneer oënskynlike sowel as werklike voortreflikheid by slegs een lesing in 'n variasie-eenheid aangetref word, is die lesing nie verwerplik op grond van transkripsionele oorwegings nie, maar is die intrinsieke oorwegings deurslaggewend vir die bepaling van interne getuienis.

HOOFSTUK VI

PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE METODE

Hierdie hoofstuk bestaan uit die bespreking van enkele tekskritiese probleme wat sentreer om woordorde-variasie. Die doel is om te illustreer hoe die maatstawwe wat hierbo gestel is (vgl. Hfst.IV 5, p.149-150, en Hfst.V 4, p.166-168), prakties aangewend kan word om die interne getuienis van 'n woordorde-variant vas te stel. Die probleme wat gekies is vir bespreking in hierdie hoofstuk, is die woordorde-variante van die Evangelie volgens Lukas wat opgeneem is in die tekstkritiese apparaat van die derde uitgawe van die Griekse Nuwe Testament deur die United Bible Societies (1975). Daarbenewens is nog enkele ander variasie-eenhede wat nie in die apparaat van die UBS-teks verskyn nie, maar wat wel opvallend is met betrekking tot woordorde-variasie, aan die einde van hierdie hoofstuk ontleed en beoordeel.

Nogmaals is dit nodig om daarop te wys dat hierdie metode die tekstkritikus in staat stel om slegs interne getuienis in te win en dat finale uitspraak oor elke variasie-eenheid eers gelewer kan word wanneer ook eksterne getuienis in ag geneem is.

1. DIE WOORDORDE-VARIANTE IN DIE U.B.S.-APPARAAT

1.1 Lk 1:66

(1) $\chi\epsilon\lambda\rho$ κυρίου $\tilde{\eta}\nu$ p^4 vid ~~x~~ A B C K L et al.

(2) $\chi\epsilon\lambda\rho$ κυρίου D it ^{β ,d,ff²,l,q} syrs

(3) ἦν χεῖρ κυρίου f¹

Volgens maatstaf T 2.6 (p.150 hierbo) is die dwaalwoord ἦν vermoedelik 'n interpolasie met die oog daarop om die "moeilike" elliptiese stelling van die werkwoord uit te skakel: Hierdie maatstaf ondersteun dus lesing 2. Die transkripsionele waarskynlikheid van lesing 2 word verhoog deur die feit dat die lesing gesteun word deur Westerse manuskripte, wat oor die algemeen die tekstipe is wat langer lesings weergee. Lesing 2 is egter 'n voorbeeld van 'n korter Westerse lesing en verdien dus besondere aandag.

Aan die ander kant kan lesing 2 die resultaat wees van para=blepsis, of van assimilasie aan 'n afgeleë parallel (maatstaf T 1.2, p.149), bv. assimilasie aan Hand 13:11 χεῖρ κυρίου ἐπὶ σέ. Desgelyks is lesing 3 vermoedelik die resultaat van assimilasie aan Hand 11:21 καὶ ἦν χεῖρ κυρίου μετ' αὐτῶν en lesing 1 assimilasie aan Lk 2:40 καὶ χάρις θεοῦ ἦν ἐπ' αὐτό.

Die woordorde in al drie die lesings is vloeiend en al drie die lesings stem ooreen met die gebruikelike woordorde van Lukas (maatstaf I 4, p.167): Lukas plaas die koppelwerkwoorde gereeld in voor- of na-posisie (vgl. Tabel XIa, p.107 hierbo) en ook dikwels ellipties (vgl. Tabel XVa, p.111 hierbo).

Op grond van intrinsieke oorwegings, veral op grond van maatstaf I 7 (p.167 hierbo), is lesing 1 egter verkieslik: Die ontleding van die breë struktuur van Lk 1:3 - 3:38 (vgl. Hfst.II 3.5, p.79 hierbo) dui daarop dat Lk 1:66c 'n parallel vorm met Lk 2:40: καὶ χάρις θεοῦ ἦν ἐπ' αὐτό - die woordorde van lesing 3 verbreek hierdie parallel, hoewel in 'n geringe mate, deur ἦν na vore te skuif; ook lesing 2 verbreek die parallel deur ἦν weg te laat; slegs lesing 1 bewaar die parallel volkome. Die weglating van ἦν in lesing 2 veroorsaak boonop 'n kombinasie-variasie deurdat dit

bewerkstellig dat Lk 1:66c deel word van Lk 1:66b: τὸ ἄρα τὸ παιδίον τοῦτο ἔσται καὶ γὰρ χεὶρ κυρίου μετ' αὐτοῦ; (vgl. Metzger, 1971, p.131). Plummer (1969, p.38) dui aan dat Lk 1:66c juis nie deel vorm van die vraag nie, maar as antwoord dien op die vraag deurdat dit die herkenning van die Goddelike invloed by die wondergebeure stel.

Intrinsieke oorwegings dui dus aan dat werklike voortreflikheid te vind is in lesing 1.

1.2 Lk 1:70

- (1) τῶν ἀγίων ἀπ' αἰῶνος προφητῶν αὐτοῦ **p⁴ B L Δ 0130 f¹³ geo**
Origines Eusebius
- (2) τῶν ἀγίων ἀπ' αἰῶνος αὐτοῦ προφητῶν **W**
- (3) τῶν ἀγίων τῶν ἀπ' αἰῶνος προφητῶν αὐτοῦ **A C K Θ et al.**
- (4) ἀγίων προφητῶν αὐτοῦ τῶν ἀπ' αἰῶνος **D it syr Irenaeus**

Lesing 4 is die maklikste lesing omdat dit in harmonie is met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament (maatstaf T 2.2, p.149, en maatstaf I 1, p.166 hierbo): Die adnominale genitief staan direk na die substantief (vgl. Hfst.I 4.1.1.5, p.50 hierbo) en die adnominale voorsetselfrase volg op die substantief (vgl. Hfst.I 3.5.1(2), p.38 hierbo).

By nadere ondersoek blyk dit dat lesing 4 slegs oënskynlike voortreflikheid besit: Plummer (1969, p.41) meen dat die variasie in woordorde van lesing 3 moontlik 'n betekenisverskil teweegbring ("die heiliges, nl. die profete van ouds af"), maar Greijdanus (1940, p.83) reken dat al vier die lesings ten opsigte van betekenis op dieselfde neerkom. Nogtans kon lesings 1, 2 en 3 die resultate gewees het van emfatiese determinante, dit wil sê in lesings 1, 2 en 3 staan sommige woorde in 'n emfatiese posisie,

elk as gevolg van disjunksie (vgl. Hfst.II 1.3, p.62-63 hierbo). In lesing 1 staan ἀπ' αἰῶνος in 'n emfatiese posisie; in lesing 2 ἀπ' αἰῶνος sowel as αὐτοῦ; in lesing 3 ἀγίων en ἀπ' αἰῶνος. Die konteks bied geen regverdiging vir die beklemtoning van αὐτοῦ of ἀγίων nie, maar wel vir die beklemtoning van ἀπ' αἰῶνος: Sagaria roep die profete van alle tye en van die vroegste tye af in as getuies sodat die prediking van die verlossing deur Christus nie as nuut beskou word en in twyfel getrek word nie (Calvyn I, 1971, p.79-80). In ooreenstemming met maatstaf I 7 (p.167 hierbo) blyk dit dus dat lesing 1 waarskynlik oorspronklik is.

Lesing 2 het waarskynlik ontstaan onder invloed van Atticistiese scriptores wat die na-posisie van die adnominale αὐτοῦ wou vermy (vgl. Hfst.I 4.1.2.5, p.53 hierbo). Lesing 3 was waarskynlik die gevolg van dittografie waartoe die woorde ΤΩΝΑΙΩΝΑΙ. . . maklik aanleiding kon gegee het: Nadat die scriptor ΑΙΩΝ in sy eie kopie geskryf het, kyk hy terug na die archetype, sy oog vang die -ΙΩΝ weer en hy kopieer dit as 'n lidwoord ΤΩΝ.

1.3 Lk 2:11

- (1) Χριστὸς κύριος **X** A B D^{9r} K L et al.
- (2) κύριος Χριστός W syr^{S,P}
- (3) Χριστὸς κυρίου it^{β,r} syr et al.
- (4) Χριστὸς Ἰησοῦς it^d Cyprianus
- (5) Χριστὸς Ἰησοῦς κύριος it^e
- (6) Χριστὸς σωτήρ 346
- (7) Χριστός cop^{bomss} geo¹

Lesing 7 suggereer dat κύριος/Ἰησοῦς/σωτήρ van lesings 1-6 interpolasie is (maatstaf T 2.6, p.150 hierbo). Daar kan egter geen motivering vir doelbewuste interpolasie gevind word nie.

Waarskynlik was lesing 7 self die gevolg van parablepsis: Die T en I van -TOΣ en -IOΣ in ΧΡΙΣΤΟΕΚΥΡΙΟΣ kon maklik met mekaar verwar word en kon aanleiding gegee het tot parablepsis en gevolg=like haplografie (vgl. maatstaf T 1.1, p.149). Selfs as die archetype die nomina sacra $\overline{\chi\sigma\tau\iota\varsigma}$ bevat het, kon parablepsis maklik ontstaan het deur verwarring van x en k. Sodanige ontstaan van lesing 7 is natuurlik slegs moontlik indien die archetype lesing 1 bevat het. Hierdie transkripsionele oorweging begunstig dus lesing 1.

Lesing 5 is duidelik die gevolg van samevoeging (konflasie) van lesings 4 en 1, en lesing 6 die gevolg van harmonisasie aan die onmiddellike konteks (σωτήρ in Lk 2:11a).

Lesing 4 bevat die formule $\chi\rho\iota\sigma\tau\acute{o}\varsigma$ 'Ιησοῦς wat elders in die Nuwe Testament deurgaans gebruik word en waarskynlik ook 'n geykte frase was in die vroeg-Christelike gemeenskap. Maatstaf I 6 (p.167 hierbo) begunstig dus lesing 4. Terselfdertyd is lesing 4 egter die makliker lesing wat op grond van maatstawwe T 1.3 en T 2.2 (p.149 hierbo) bevraagteken moet word: Lesing 4 kon maklik ontstaan het uit lesing 1, terwyl dit moeilik te verklaar is hoe lesing 1 uit lesing 4 sou kon ontstaan.

Ook lesing 3 was 'n poging om die "moeilike" woordorde van lesing 1 te verbeter, nie deur 'n verandering aan die woordorde nie, maar bloot deur morfologiese verandering, nl. deur κύριος te verander na κυρίου - sodoende kom die genitief te staan in napposisie, en dit is in ooreenstemming met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament (vgl. Hfst.I 4.1.1.5, p.50 hierbo). In ooreenstemming met maatstaf T 2.2 (p.149 hierbo) blyk lesing 3 dus ook 'n korrupsie van die oorspronklike te wees.

Lesings 1 en 2 het albei 'n ongewone volgorde van woorde en het dus albei uit die oogpunt van scriptores behoefte aan verbe-

tering gehad (vgl. maatstaf T 2.5, p.150 hierbo). Die finale keuse tussen lesings 1 en 2 moet berus op intrinsieke oorwegings: Die volgorde van lesing 1 maak $\chi\rho\iota\sigma\tau\acute{o}\varsigma$ opvallend omdat dit voorop staan; desgelyks maak die volgorde in lesing 2 $\kappa\acute{\upsilon}\rho\iota\omicron\varsigma$ opvallend. Greijdanus (1940, p.111-112) vertolk die konteks so dat nie die heerskappy-gedagte op die voorgrond staan, soos lesing 2 te kenne gee, nie, maar die Messias-gedagte: Die groot belofte aan Dawid word 'n werklikheid (vgl. ook Geldenhuys, 1970, p.111). Intrinsieke oorwegings dui dus daarop dat die woordorde die woord $\chi\rho\iota\sigma\tau\acute{o}\varsigma$ in die kalklig moet stel soos die geval is in lesing 1. Lesing 1 is gevolglik die lesing wat deur interne getuienis aangedui word as die oorspronklike lesing.

1.4 Lk 3:22

- (1) οὐ ἐστὶ ὁ υἱὸς μου p^4 ~~Ⲗ~~ A B K L W et al. (οὗτος ἐστὶν ὁ υἱὸς μου 1574 et al.)
- (2) υἱὸς μου ἐστὶ σὺ D it (behalwe f) Kerkvaders
- (3) nog enkele ander lesings wat nie die woordorde beïnvloed nie

Die twee hoofmomente in die breë struktuur van Lk 1:3 - 3:38 is dat Jesus waarlik Seun van God is en waarlik Seun van die mens is (vgl. Hfst.II 3.5, p.79 hierbo). Dit is dus duidelik dat in hierdie frase, wat die sleutelwoorde van die eerste hoofmoment bevat, ὁ υἱὸς μου in die kalklig moet staan (soos υἱὸς Ἰωσήφ in 3:23, vgl. p.80 hierbo). Met die eerste oogopslag lyk dit asof lesing 2 sodanige beklemtoning deur aanvangsposisie bereik. 'n Nadere studie van die gewoontes van Lukas dui egter daarop dat hy gewoonlik emfatiese substantiewe wat dien as predikatiewe komplement nā die koppelwerkwoord plaas en nie-emfatiese substantiewe voor die koppelwerkwoord (vgl. Hfst.II 3.7.2(2), p.117 hierbo).

Lesing 1 besit dus ware voortreflikheid omdat dit in ooreenstemming met die konteks (vgl. maatstaf I 7, p.167 hierbo) ὁ υἱός μου emfaties stel. Scriptores wat wel vertrouwd was met die styl van Lukas (vgl. p.165 hierbo), maar nie die breë struktuur van Lk 1:3 - 3:38 deurvors het nie, kon lesing 2 as stylverbetering ingevoer het (vgl. maatstaf T 2.5, p.150 hierbo), om οὐ te beklemtoon omdat dit, haastig geoordeel, lyk na die emfatiese element in die sin.

Die variasie van ms.1574 et al. is duidelik die gevolg van harmonisasie met Mt 3:17 (vgl. Metzger, 1971, p.136).

1.5 Lk 6:1

- (1) καὶ ἥσθιον τοὺς στάχυας ψάχοντες ταῖς χερσὶν ^{p^{4,75} vid B L 700}
892 1230 1241 1253 1646
- (2) τοὺς στάχυας καὶ ἥσθιον ψάχοντες ταῖς χερσὶν (~~κ~~ om. τοὺς) A C³
K W X et al.
- (3) τοὺς στάχυας καὶ ψάχοντες ταῖς χερσὶν ἥσθιον D it^{d,e,f} arm
- (4) τοὺς στάχυας ψάχοντες ταῖς χερσὶν καὶ ἥσθιον it^a cop^{sa,bo}

Hierdie variasie-eenheid bestaan uit variante waarin kombinasie-variasie en groepskommeling plaasvind. Ten opsigte van lesings 2, 3 en 4 beweer Greijdanus (1940, p.270) dat die variasie van kombinasie veroorsaak dat τοὺς στάχυας afgesny word van ἥσθιον, waarby dit as voorwerp dien en dat die drie lesings daarom verweplik is. Sy redenasie hou egter nie steek nie, aangesien τοὺς στάχυας die gemeenskaplike voorwerp is van sowel ἔτιλλον as ἥσθιον en derhalwe in ieder geval verwyderd moet staan van een van die twee werkwoorde. Lesings 1, 2 en 4 is wel in harmonie met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament en met die gebruiklike woordorde van Lukas: Die werkwoord staan in aanvangsposisie (vgl. Hfst.I 3.1.1, p.29, en Hfst.II 8.4.1(1)b, p.109 hier=

bo) en die lidwoordlose deelwoordfrase staan na die werkwoord (vgl. Hfst.II 8.5(3), p.111 hierbo). Lesing 3, daarenteen, plaas ἡσθλον in eindposisie, terwyl Lukas nêrens elders die imperfektum indika=tief in eindposisie plaas nie (vgl. Hfst.II 8.4.1(2), p.109 hier=bo); dit plaas ook die deelwoordfrase voor die werkwoord, waar dit, volgens Lukas se gewoonte, beslis emfaties is (vgl. Hfst.II 8.5, p.111 hierbo), terwyl die konteks nie genoegsame motivering bied vir 'n emfatiese φάχοντες ταῖς χερσίν nie. Plummer (1969, p.167) meen dat φάχοντες sowel as ἔτιλλον wel besondere aandag verdien omdat juis dít die oortreding was in die oë van die Rabby=ne. Ongelukkig bestaan daar geen teksgetuïenis wat aandui dat ἔτιλλον in 'n emfatiese posisie staan nie. Dit beteken dat, selfs al sou lesing 3 gehandhaaf word ter wille van 'n emfatiese φάχοντες, die werkwoord ἔτιλλον steeds in 'n nie-emfatiese posisie staan, tensy die toevlug geneem word tot konjekturaalkritiek om 'n lesing uit te vind. Konjekturaalkritiek is egter nie geoorloof nie, aangesien dit die beginsel dat ten minste een van die lesings wat behoue gebly het, oorspronklik is, oortree (vgl. p.13 hierbo).

Dit is dus duidelik dat in Lk 6:1 emfatiese, retories-struk=turele, estetiese determinante en stylfigure op die agtergrond staan, veral aangesien die vers deel vorm van historiese medede=ling (vgl. maatstaf I 8, p.167 hierbo). Die deurslaggewende faktor vir die rangskikking van woorde in die vers is waarskynlik kontekstuele determinante: Die nuclei is ἔτιλλον, οἱ μαθηταὶ αὐ=τοῦ, ἡσθλον en φάχοντες; die konkomitante is τοὺς στόχους (voor=spelbaar uit σπορίμων) en ταῖς χερσίν (voorspelbaar uit φάχοντες). Die kontekstuele ontleding van elk van die lesings hierbo lyk soos volg: (1) NN NCNC; (2) NNC NNC; (3) NNC NCN; (4) NNCNC N. Dit is dus duidelik dat slegs lesings 2 en 3 in harmonie is met kontekstuele determinante (vgl. Hfst.II 7, p.87-89; maatstaf I 7, p.167 hierbo).

Ook op transkripsionele gronde is lesings 2 en 3 verkieslik: lesings 1 en 4 is die resultaat van pogings om die "moeilike" skeiding van τοὺς στάχους en ἡσθλον/ψώχοντες te verbeter.

Lesings 2 en 3 besit dus op grond van intrinsieke sowel as transkripsionele oorwegings die grootste waarskynlikheid om oorspronklik te wees. Lesing 2 is egter verkieslik bo lesing 3 omdat dit, in teenstelling met lesing 3, ooreenkom met die gebruikelike woordorde van Lukas.

1.6 Lk 6:5

- (1) τοῦ σαββάτου ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **℣ B W 1241 et al.**
- (2) καὶ τοῦ σαββάτου ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου **cop^{sa,bo} eth**
- (3) ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου καὶ τοῦ σαββάτου **A K L X Δ Θ et al.**

Lesing 1 is waarskynlik die resultaat van onbewustelike assimilasie of doelbewuste harmonisasie aan Mt 12:8, en lesing 3 aan Mk 2:28. Die ooreenstemming van die woordorde in lesing 3 met dié in Markus is nie 'n totale diskwalifikasie nie, vanweë Lukas se moontlike verbintenis met Markus (maatstaf I 2, p.166).

Die bykomstige καὶ in lesings 2 en 3 is moontlik die resultaat van transkripsionele verbetering: die woord καὶ maak die verklaring van Jesus oënskynlik meer betekenisvol (vgl. Metzger, 1971, p.140). Aan die ander kant kon 'n scriptor vir wie καὶ op 'n enigsins eienaardige plek gestaan het, ter "verbetering" die καὶ geheel-en-al weggelaat het sonder om te beseef dat hy aan die betekenis van die sin 'n verandering aanbring.

Wat die posisie van (καὶ) τοῦ σαββάτου aanbetref, is dit duidelik dat die woordorde in lesings 1 en 2 nadruk lê op ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου en met krag stel dat nie elke mens nie, maar die Seun van

die mens Here is van die Sabbat; lesing 3 lê klem op τοῦ σαββάτου, wat daarop dui dat Hy Here is van baie dinge, dog ook van die Sabbat (vgl. Greijdanus, 1940, p.272-273). Lesing 2 het 'n saamgestelde karakter, omdat dit die καί bevat wat inderdaad die woordorde van lesing 3 onderskryf en, ten spyte van die teenwoordigheid van καί, die woordorde van lesing 1 bewaar. Hierdie oorweging dui aan dat lesing 2 waarskynlik die resultaat is van samevoeging (konflasie) en dus die resultaat van tekskorrupsie.

Hoewel Greijdanus (1940, p.273) reken dat daar moeilik 'n keuse gemaak kan word tussen lesing 1 en lesing 3, is lesing 3 tog verkieslik op grond van intrinsieke oorwegings: Die beskuldiging van die Fariseërs gaan oor die Sabbatsontheiliging en derhalwe is dit intrinsiek motiveerbaar dat τοῦ σαββάτου in vers 5 in 'n emfatiese posisie gestel word - vergelyk die emfatiese ἐν σαββάτῳ in vers 1, τοῖς σάββασι in vers 2 en ἐν ἑτέρῳ σαββάτῳ in vers 6.

1.7 Lk 6:26

- (1) πάντες οἱ ἄνθρωποι p⁷⁵ A B K P X et al.
- (2) οἱ ἄνθρωποι πάντες X cop Irenaeus¹at
- (3) οἱ ἄνθρωποι D L Δ et al.

Met betrekking tot die teenwoordigheid al dan nie van die woord πάντες is daar twee oorwegings:

- a. Transkripsionele oorwegings: Die dwaalwoord πάντες is moontlik die resultaat van interpolasie (maatstaf T 2.6, p.150 hierbo). Verse 22 en 26 staan duidelik parallel met mekaar (vgl. Greijdanus, 1940, p.292). Indien πάντες in vers 26 weggelaat word, staan οἱ ἄνθρωποι, benewens die parallellisme, ook nog anti-strofies teenoor οἱ ἄνθρωποι in vers 22. Aangesien die saligsprekinge van Jesus inderdaad 'n preek met 'n sterk poëtiese

karakter is, moet in hierdie gedeelte besondere oorweging verleen word aan 'n lesing wat 'n stylfiguur bewaar, soos lesing 3 (maatstaf I 8, p.167 hierbo). Die beswaar teen hierdie oorweging is dat dit nie die ontstaan van die interpolasie kan verklaar nie. Daar kan aan geen rede gedink word waarom 'n scriptor πάντες sou invoeg nie - inteeendeel, 'n scriptor kon eerder in die versoeking gekom het om πάντες weg te laat, juis om die parallellisme met vers 22 meer opvallend te maak.

- b. Intrinsieke oorwegings begunstig die teenwoordigheid van πάντες: Wanneer alle mense (dit wil sê die sondige wêreld: vgl. Geldenhuys, 1970, p.211) met lof van jou praat, beteken dit dat jou gedrag tot behae van die sondige wêreld is en nie tot behae van God nie. Sodanige gedrag staan lynreg teenoor die optrede van Christus, wat as gevolg van gehoorsaamheid aan God die smaad en hoon van die wêreld, dit wil sê van alle mense, moes verduur (vgl. Greijdanus, 1940, p.292). Die teenwoordigheid van πάντες het dus wel openbaringshistoriese betekenis. Terselfdertyd verbreek die teenwoordigheid van πάντες nie die parallellisme met vers 22 geheel-en-al nie - selfs met πάντες is die parallellisme duidelik herkenbaar en opvallend.

Ten opsigte van die voor- of na-posisie van πάντες is intrinsieke oorwegings deurslaggewend: Lukas gebruik die byvoeglike naamwoord πᾶς dikwels (vgl. Tabel XVIIIa, p.115 hierbo) en plaas dit feitlik deurgaans voor die substantief (vgl. Hfst.II 8.7.1(1) p.114 hierbo).

Sowel intrinsieke as transkripsionele oorwegings dui dus daarop dat lesing 1 waarskynlik die oorspronklike is.

1.8 Lk 7:28

- (1) γυναικῶν Ἰωάννου $\text{P}^{75} \text{B K L W et al.}$
- (2) γυναικῶν προφήτης Ἰωάννου $\text{A } \Delta \Theta \Psi \text{ et al.}$
- (3) γυναικῶν Ἰωάννου προφήτης 892.

Sommige scriptores het waarskynlik onder die indruk verkeer dat lesing 1 te kenne gee dat selfs Jesus nie groter as Johannes was nie. Daarom het hulle, ten einde Jesus uit te sonder, die woord προφήτης in die teks ingevoeg - sommige vóór Ἰωάννου, sommige daarna. Dit is egter duidelik dat sodanige scriptores onder 'n wanindruk verkeer het. Calvyn (II, 1970, p.132) dui aan dat Jesus nie die waardigheid van die persoon van Johannes nie, maar die voortreflikheid van sy amp as wegbereider voorop stel, sodat die Jode des te aandagtiger op sy sending ag sou gee. Johannes was 'n profeet, soos Moses en Elia, maar die belangrikste profeet van almal (Geldenhuis, 1970, p.227), omdat hy Hom van wie hy geprofeteer het, ook gesien het en aan die mense uitgewys het (Plummer, 1969, p.205). Greijdanus (1940, p.338) wys ook daarop dat die invoeging van προφήτης nie die oënskynlike probleem opgelos het nie, aangesien die skare ook Jesus as 'n profeet beskou het. Volgens die mening van sodanige scriptores het die invoeging wel die misverstand uit die weg geruim en die inhoud duideliker gemaak vir die leser. Lesings 2 en 3 is dus waarskynlik die gevolg van doelbewuste interpolasie (maatstaf T 2.6, p.150).

Aan die ander kant is dit ook moontlik dat lesings 1 en 3 die gevolg is van vergemakliking van die "moeilike" skeiding van προφήτης en οὐδείς van lesing 2: In lesing 3 word προφήτης en οὐδείς in juxtaposisie geplaas; in lesing 1 word προφήτης wegge laat (vgl. maatstaf T 2.2, p.149 hierbo). Dit is ook moontlik dat lesing 1 die gevolg is van harmonisering aan Mt 11:11.

Intrinsieke oorwegings begunstig nie een van die drie lesings nie. A. Loisy (soos aangehaal deur Greijdanus, 1940, p.338) meen

dat lesing 1 'n metrum bewaar wat deur die teenwoordigheid van $\pi\rho\omicron\phi\acute{\iota}\tau\eta\varsigma$ in lesings 2 en 3 verbreek word, maar Greijdanus wys te= reg daarop dat ritme nie as deurslaggewende oorweging darf geld nie (vgl. ook Hfst.II 4.1, p.82 hierbo). In aldrie lesings staan $\mu\epsilon\acute{\iota}\zeta\omega\nu$, 'Ιωάννου en $\omicron\acute{\upsilon}\delta\epsilon\acute{\iota}\varsigma$ in emfatiese posisies - $\mu\epsilon\acute{\iota}\zeta\omega\nu$ in aanvangsposisie, 'Ιωάννου verwyderd van $\mu\epsilon\acute{\iota}\zeta\omega\nu$ (vgl. Hfst.II Tabel IV, p.99 hierbo) en $\omicron\acute{\upsilon}\delta\epsilon\acute{\iota}\varsigma$ in eindposisie. Sodanige beklemtoning is in harmonie met die konteks.

Alle oorwegings in ag genome is lesing 1 verkieslik aangesien die motivering vir tekskorrupsie by die ander twee lesings groter is as by lesing 1. Daarbenewens kan die ontstaan van die ander twee lesings die beste verklaar word uit lesing 1.

1.9 Lk 7:42

- (1) $\pi\lambda\epsilon\tau\omicron\nu \acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\eta}\sigma\epsilon\iota \alpha\acute{\upsilon}\tau\omicron\nu$ p^{3,75} X B L W et al.
- (2) $\pi\lambda\epsilon\tau\omicron\nu \alpha\acute{\upsilon}\tau\omicron\nu \acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\eta}\sigma\epsilon\iota$ f¹ 1242 it^{f,1} cop
- (3) $\alpha\acute{\upsilon}\tau\omicron\nu \pi\lambda\epsilon\tau\omicron\nu \acute{\alpha}\gamma\alpha\pi\acute{\eta}\sigma\epsilon\iota$ D it vg

Die samestellers van die U.B.S.-teks verkies lesing 1 bloot op grond van eksterne getuienis (Metzger, 1971, p.144) en wys daar= op dat die verskuiwing van $\alpha\acute{\upsilon}\tau\omicron\nu$ toe te skryf is aan pogings tot stilistiese verbetering. Tog was lesing 1 vir anti-Atticistiese scriptores inderdaad die voortreflikste lesing aangesien dit, in ooreenstemming met taalkundige determinante en moontlike Aramese invloed, die nie-emfatiese persoonlike voornaamwoord direk na die werkwoord plaas (vgl. Hfst.I 3.7.1(3), p.44 hierbo). Aan die an= der kant sou scriptores wat 'n Atticistiese woordorde nagestreef het, die akkusatiewe voornaamwoord vōr die werkwoord geplaas het (vgl. Hfst.I 4.1.2.3, p.52 hierbo), wat waarskynlik aanleiding gegee het tot die ontstaan van lesings 2 en 3. In werklikheid

plaas Lukas slegs emfatiese voornaamwoorde voor die werkwoord (vgl. Hfst.II 8.6.3, p.113-114 hierbo). Die konteks gee geen aanduiding dat αὐτόν 'n emfatiese element is nie. Daar is ook geen stilistiese determinant teenwoordig wat die voorposisie van αὐτόν kan regverdig nie. Gevolglik is lesing 1, wat αὐτόν in 'n onopvallende posisie het, waarskynlik die oorspronklike lesing.

1.10 Lk 8:44

- (1) ὁπισθεν ἤψατο τοῦ κρασπέδου τοῦ ἱματίου $p^{75} \text{ } \times \text{ } A B C L \text{ et al.}$
- (2) ἤψατο ὁπισθεν τοῦ κρασπέδου τοῦ ἱματίου $K \Pi 1079$
- (3) ὁπισθεν τοῦ Ἰησοῦ ἤψατο τοῦ κρασπέδου τοῦ ἱματίου 238
- (4) ὁπισθεν ἤψατο τοῦ ἱματίου τοῦ κρασπέδου αὐτοῦ ϵ^{60}
- (5) ἤψατο τοῦ κρασπέδου τοῦ ἱματίου $\Psi 1071$
- (6) ἤψατο τοῦ ἱματίου $D \text{ it}^a, d, ff^2, l, r^1$

Lesing 6 is die kortste lesing en word gevind in Westerse teksgetuienisse, om welke rede dit besondere aandag verdien. Daarbenewens is lesing 6 in harmonie met die Evangelie volgens Markus, nl. Mk 5:27 (maatstaf I 2, p.166 hierbo). Al die ander lesings vertoon tekens van onbewustelike assimilasië of doelbewuste harmonisasië aan Mt 9:20 (maatstaf T 1.3, p.149 hierbo). Dit is wel moontlik dat lesing 6 die resultaat is van harmonisasië met Mk 5:27. Die vermoede van assimilasië by die eerste 5 lesings word versterk deur die feit dat die meerderheid van die langer lesings nie ooreenkom met die gebruikelike woordorde van Lukas nie: Lukas plaas nooit bywoordelike voorsetselfrases ingelei deur ὁπισθεν voor die werkwoord soos in lesing 3 nie (vgl. Hfst.II 8.3.2(2), p.103 hierbo); Lukas plaas partitiewe genitiewe, in teenstelling met lesing 4, feitlik deurgaans ná die substantief (vgl. Hfst.II 8.7.2(3), p.117 hierbo); Lukas verkies na-posisie vir bywoorde van

plek en nie voorposisie soos in lesings 1 en 4 nie (vgl. Hfst.II 8.1.1(1)a, p.98 hierbo).


Die moontlikheid dat lesing 6 die gevolg is van parablepsis as gevolg van homoiteleuton (herhaling van -OY) is baie klein, aangesien dit moeilik te verklaar is hoe die laaste woord in plaas van die eerste woorde uit die reeks met eenderse uitgange behoue gebly het.

Transkripsionele sowel as intrinsieke oorwegings begunstig dus lesing 6.

1.11 Lk 9:62

- (1) ἐπιβαλὼν τὴν χεῖρα ἐπ' ἄροτρον καὶ βλέπων εἰς τὰ ὀπίσω B 1081 f¹ et al. (χεῖρα αὐτοῦ ~~Ν~~ C K X et al.)
- (2) εἰς τὰ ὀπίσω βλέπων καὶ ἐπιβάλλων τὴν χεῖρα αὐτοῦ ἐπ' ἄροτρον p⁴⁵ vid D ita, b, c, d, e, q et al.

Lk 9:62 vorm deel van die laaste van drie episodes wat in Lk 9:57-62 saamgevat word. Dit is duidelik dat dië drie episodes nie los van mekaar staan nie, maar saam in 'n definitiewe uurglaspatroon gestruktureer is met die kulminasiepunt in die woorde δὲ ἀγγελλε τὴν βασιλείαν τοῦ θεοῦ (v.60):



C

- v.61 'n man wat Jesus voorwaardelik wil volg
 v.62 Jesus wys op die diskwalifikasies vir na=
 volging

Die perikoop bestaan dus uit drie blokke wat deur middel van chiasme, antitese en parallelisme saamgebind is. Dit is ook duidelik dat elke blok op sigself nie ongeorden is nie, maar binne die geheel van die groter struktuur elk 'n eie struktuur vertoon. Blok C is gestruktureer in 'n diamantpatroon met 'n chiasme en 'n parallelisme:

- εἶπεν δὲ καὶ ἕτερος,
1. Ἀκολουθήσω σοι, κύριε.
 2. πρῶτον δὲ ἐπίτρεψόν μοι
 3. ἀποτάξασθαι τοὺς ἐν τὸν ὄγκον μου.
- chiasme εἶπεν δὲ ὁ Ἰησοῦς,
 4. οὐδεὶς ἐπιβαλὼν τὴν χεῖρα ἐπ' ὄροτρον
 5. καὶ βλέπων εἰς τὰ ὀπίσω
 6. εὐθετός ἐστιν τῇ βασιλείᾳ τοῦ θεοῦ.
- parallelisme

Indien κῶλα 4 en 5 omgeruil word, soos in lesing 2, word die struktuur verbreek. Daarbenewens verbreek die voorposisie van εἰς τὰ ὀπίσω in lesing 2 die parallelisme van κῶλα 4 en 5. Die woordorde in Lk 9:62 is dus bepaal deur retories-strukturele determinante, waarmee slegs lesing 1 in harmonie is.

Lesing 2 is boonop nie in harmonie met die gebruikelike woordorde van Lukas nie: Voorsetselfrases wat deelwoorde kwalifiseer staan in die Evangelie volgens Lukas gewoonlik na die deelwoord (vgl. Tabel IX, p.105 hierbo).

Die posisie van εἰς τὰ ὀπίσω in lesing 1 kan moontlik die resultaat wees van onbewustelike assimilasie aan afgeleë parallelle soos Gn 19:17,26 (Septuagint); Lk 17:31; Jh 6:66; Flm 3:13 (maatstaf T 1.2, p.149 hierbo). Lesing 2 kan wel die resultaat wees

van taalkundige verbetering deur Atticistiese scriptores, maar lesing 1 op sy beurt kan weer die resultaat wees van taalkundige verbetering deur anti-Atticistiese scriptores (vgl. maatstaf T 2.1, p.149; Hfst.I 3.5.2(1), p.39; maatstaf T 2.2, p.149 en Hfst.I 3.5.1(1), p.38 hierbo). Transkripsionele oorwegings is dus in die guns van lesing 2.

By hierdie variasie-eenheid is daar dus 'n botsing tussen intrinsieke en transkripsionele getuienis. Op grond van maatstaf I 9 (p.168 hierbo) moet lesing 1 verkies word.

1.12 Lk 10:21

- (1) ἐν τῷ πνεύματι τῷ ἁγίῳ **X D E** 1241 et al.
- (2) ὁ Ἰησοῦς τῷ πνεύματι **f¹³ 2148 l^{547m}**
- (3) τῷ πνεύματι ὁ Ἰησοῦς **A W Δ Ψ** et al.
- (4) τῷ πνεύματι τῷ ἁγίῳ ὁ Ἰησοῦς **C K Π f¹** et al.
- (5) ὁ Ἰησοῦς ἐν τῷ πνεύματι τῷ ἁγίῳ **L X 33** et al.

Lesings 4 en 5 bevat die som van die elemente wat in lesings 1, 2 en 3 voorkom en is dus waarskynlik die resultaat van samevoeging van ὁf lesings 1 en 2 ὁf lesings 1 en 3. Dit is dus onwaarskynlik dat lesing 4 of 5 oorspronklik is, aangesien dit moontlik is om hulle ontstaan te verklaar uit ander beskikbare lesings.

Dit is moontlik dat τῷ ἁγίῳ in lesing 1 bygevoeg is as gevolg van onbewustelike assimilasië aan τῷ πνεύματι τῷ ἁγίῳ (bv. Hand 15:28), maar die weglating van ὁ Ἰησοῦς in lesing 1 is moeilik te verklaar: Omstandighede is nie besonder gunstig vir parablepsis nie en daar kan aan geen rede gedink word waarom 'n scriptor ὁ Ἰησοῦς doelbewus sou weglaat nie. Dit is dus onwaarskynlik dat lesing 2 of lesing 3 die archetype was waarvandaan lesing 1 afgeskryf is.

Aan die ander kant is dit meer waarskynlik dat lesing 1 die archetipe is waarvandaan lesings 2 en 3 ontstaan het. Aangesien daar nêrens elders in die Bybel iets soortgelyks aan Lk 10:21 van Christus opgeteken is nie, het scriptores waarskynlik probeer om die "vreemdheid" van die mededeling ietwat te verlig (Plummer, 1969, p.281): Scriptores wat gereken het dat πνεύματι nie op die Heilige Gees kan dui nie, maar op die eie menslike gees van Jesus, sou τῷ ἁγίῳ weggelaat het (Greijdanus, 1940, p.483) en ὁ Ἰησοῦς bygevoeg het, laasgenoemde om te verseker dat die leser Jesus as handelende Persoon sou neem en nie die Heilige Gees nie. Greijdanus (1940, p.483) wys egter daarop dat die agent beslis die Heilige Gees is, omdat Jesus vervul was deur 'n heilige vreugde, "bewerkt door den Heilige Geest".

Ook intrinsieke oorwegings begunstig lesing 1. Lesings 2, 3 en 4 is nie in harmonie met die gewoontes van Lukas nie, aangesien Lukas die datief van die agent altyd vóór die werkwoord plaas (vgl. Hfst.II 8.2.1(4), p.101 hierbo). Lesing 1, daarenteen, stem ooreen met die gebruikelike woordorde van Lukas deurdat die bywoordelike voorsetselfrase van agent direk na die werkwoord staan en nie verwyderd van die werkwoord soos in lesing 5 nie (vgl. Hfst.II 8.3.2(6), p.104 hierbo).

1.13 Lk 11:2

(1) ἡ βασιλεύα σου A B K L X et al.

(2) σου ἡ βασιλεύα D it^d

Lesing 2 is waarskynlik deur 'n Atticistiese scriptor ingevoer wat die Semitiese na-positie van die adnominale genitief wou vermy (vgl. maatstaf T 2.1, p.149 hierbo, en Hfst.I 4.1.2.5, p.53 hierbo). Lesing 1 is in harmonie met die gebruikelike woordorde.

van Lukas en die algemeen gebruiklike woordorde elders in die Nuwe Testament (vgl. Hfst.I 4.1.1.5, p.50, en Hfst.II 8.7.2(3), p.117 hierbo). Ware voortreflikheid word dus aangetref by lesing 1 en dit is gevolglik waarskynlik die oorspronklike lesing.

1.14 Lk 11:48

- (1) οἰκοδομεῖτε ^{p⁷⁵} ✕ B D L et al.
- (2) οἰκοδομεῖτε αὐτῶν τὰ μνημεῖα A C K W et al.
- (3) οἰκοδομεῖτε τὰ μνημεῖα αὐτῶν 1009 1010 ^{ε¹⁸⁴}
- (4) οἰκοδομεῖτε τοὺς τάφους αὐτῶν ^{f¹} Lucifer
- (5) τοὺς τάφους αὐτῶν οἰκοδομεῖτε ^{f¹³} arm geo

Volgens transkripsionele oorwegings is lesings 2, 3, 4 en 5 verwerplik, omdat dit waarskynlik interpolasies bevat wat scrip-tores ingevoeg het met die oog op meer detail en duidelikheid (vgl. maatstaf T 2.6, p.150 hierbo), of omdat dit die resultaat is van onbewustelike assimilasie aan die onmiddellike konteks (Lk 11:47; vgl. maatstaf T 1.4, p.149 hierbo). Lesing 1 is dus waarskynlik die archetipe waarvandaan die ander lesings ontwikkel het en is derhalwe verkieslik bo die ander.

Aan die ander kant is intrinsieke oorwegings meer in die guns van lesing 3. In die eerste plek kom lesings 3 en 4 ooreen met die gebruiklike woordorde van Lukas: Die substantief staan na die werkwoord (vgl. Hfst.II 8.6.1(1), p.112 hierbo) en die ad-nominale genitief staan na die substantief (vgl. Hfst.II 8.7.2, p.117 hierbo). In die tweede plek is Lk 11:47,48 'n parallellisme wat in 'n chiasiese patroon georden is:

- | | |
|---|---|
| <div style="font-size: 3em; line-height: 1; margin: 0;"> <div style="display: inline-block; vertical-align: middle;">{</div> <div style="display: inline-block; vertical-align: middle;">{</div> </div> | <ol style="list-style-type: none"> 1. ὅτι οἰκοδομεῖτε τὰ μνημεῖα τῶν προφητῶν, 2. οἱ δὲ πατέρες ὑμῶν ἀπέκτειναν αὐτούς 3. ἄρα μάρτυρές ἐστε καὶ συνδοκεῖτε τοῖς ἔργοις τῶν πατέρων ὑμῶν, |
|---|---|

- L 4. ὅτι αὐτοὶ μὲν ἀπέκτειναν αὐτούς
 5. ὑμεῖς δὲ οἰκοδομεῖτε τὰ μνημεῖα αὐτῶν.

Hoewel nie een van die lesings die chiasme verbreek nie, bewaar lesing 3 die parallelle ordening van κῶλα 1 en 5 die beste van almal.

Lesing 1 word wel nie so sterk ondersteun deur intrinsieke getuienis soos lesing 3 nie, maar daar is tog 'n geringe mate van intrinsieke steun vir lesing 1, met die gevolg dat lesing 1 nie sonder meer verwerp moet word nie. Lesing 1 verbreek wel die parallellisme, maar bewaar tog die chiasme van verse 47 en 48. Daarbenewens gebruik Lukas die werkwoord οἰκοδομεῖτε by twee ander geleenthede onoorganklik, nl. Lk 17:28 en 20:17.

Alles in ag genome blyk dit dus dat lesing 1 verkieslik is omdat dit die enigste lesing is wat sowel op intrinsieke as transkripsionele gronde aanvaarbaar is.

1.15 Lk 12:1

- (1) τῆς ζύμης, ἥτις ἐστὶν ὑπόκρισις, τῶν φαρισαίων p^{75} B L 1241
 it¹ cop^{sa}
 (2) τῆς ζύμης τῶν φαρισαίων, ἥτις ἐστὶν ὑπόκρισις p^{45} ~~κ~~ A C D
 et al.
 (3) τῆς ζύμης ἥτις ἐστὶν ὑπόκρισις 1071


Hoewel die moontlikheid bestaan dat τῶν φαρισαίων 'n interpolasie is (vgl. maatstaf T 2.6, p.150 hierbo), is dit tog duidelik dat die teenwoordigheid van τῶν φαρισαίων noodsaaklik is: Zahn (1920, p.491 n.5) dui aan dat nie suurdeeg as sodanig beeld van skynheiligheid is nie (in Lk 13:21 word suurdeeg ook gebruik as beeld vir die Koninkryk van die Hemele), maar die suurdeeg van

die Fariseërs. Lesing 3 is waarskynlik die resultaat van para=blepsis deur die scriptor van ms.1071.

Oor die aard van die woordorde-variasie in lesings 1 en 2 bestaan daar meningsverskil. Die samestellers van die U.B.S.-teks is duidelik van mening dat daar in lesing 1 slegs skeiding van die saamhorige groep τῆς ζύμης τῶν φαρισαίων plaasvind. Daar=om plaas hulle ἥτις ἐστὶν ὑπόκρισις tussen kommas en aanvaar le=sing 1 as die "moeiliker" lesing. Voor die sesde eeu was lees=tekens egter nog nie in algemene gebruik nie en is lesing 1 waar=skynlik oorgelewer sonder kommas, in welke geval dit te betwyfel is of enige leser τῶν φαρισαίων sou lees as bystelling by τῆς ζύ=μης in plaas van by ὑπόκρισις. In werklikheid hou hierdie vari=asie-eenheid dus variasie van kombinasie in: Lesing 1 kombineer ὑπόκρισις τῶν φαρισαίων en lesing 2 τῆς ζύμης τῶν φαρισαίων. Le=sing 1 is dus nie bloot 'n "moeilker" lesing en lesing 2 'n "mak=liker" woordorde soos die samestellers van die U.B.S.-teks beweer nie (vgl. Metzger, 1971, p.159). Die twee lesings is ewe "mak=lik" en verskil bloot ten opsigte van kombinasie. Die aard van die teksverandering is dus sodanig dat dit die betekenis van die sin duidelik beïnvloed (vgl. Hfst.III 1.1, p.121 hierbo). Dit beteken dat die intrinsieke keuse gemaak moet word tussen twee be=tekenisse en nie tussen twee woordordes nie. Hierbo is reeds aan=gedui dat die bedoeling duidelik τῆς ζύμης τῶν φαρισαίων is, om welke rede lesing 2 verkieslik is. Indien lesing 1 nie werklik 'n geval kombinasie-variasie was nie, sou dit in elk geval ver=werplik gewees het omdat dit 'n onduidelikheid teweegbring (vgl. maatstaf I 7, p.167, en Hfst.II 4.1, p.82 hierbo). Dus beguns=tig intrinsieke oorwegings ongetwyfeld lesing 2.

- (1) τὴν ψυχὴν σου ἀπαλτοῦσιν ἀπὸ σου ~~X~~ A K W X et al.
 (2) ἀπαλτοῦσιν τὴν ψυχὴν σου ἀπὸ σου D 1071 ⁶⁰ et al.
 (3) ἀπαλτοῦσιν ἀπὸ σοῦ τὴν ψυχὴν σου 69 itⁱ Origenes Antiochus

In die Nuwe Testament staan akkusatiewe naamwoorde gewoonlik na die werkwoord en dikwels aan die einde of na aan die einde van die sin (Hfst.I 4.1.1.3, p.50 hierbo). Indien morfologiese determinante verantwoordelik was vir die woordorde in hierdie variasie-eenheid, sou die keuse gelê het tussen lesings 2 en 3. Uit die konteks is dit egter duidelik dat nie morfologiese determinante nie, maar emfatiese determinante deurslaggewend is, soos blyk uit die struktuur van Lk 12:15-21:



Die gedeelte bestaan dus uit vyf blokke wat in 'n diamantstruktuur georden is. Vers 20 bevat blok D wat 'n chiastiese antitese vorm teenoor blok C. Hierin staan die woorde τὴν ψυχὴν σου en ἃ ἠτοίμασας sentraal. Gevolglik is dit geoorloof dat hierdie woorde in die kalklig gestel word. Die woorde ἃ ἠτοίμασας word inderdaad uitgelig as 'n casus pendens; in lesing 1 word ook τὴν ψυχὴν σου uitgelig deurdat dit in die opvallende posisie vóór die werkwoord

gestel word (vgl. Hfst.II 8.6.3, p.113 hierbo). Lesing 1 is dus verkieslik omdat dit in harmonie is met die konteks.

Lesings 2 en 3 daarenteen is waarskynlik die resultaat van transkripsionele verbetering omdat dit die "moeilike" woordorde van lesing 1 vervang met die algemeen gebruiklike woordorde. Lesings 2 en 3 besit oënskynlike voortreflikheid en lesing 1 werklike voortreflikheid.

1.17 Lk 13:9

- (1) εἰς τὸ μέλλον - εἰ δὲ μήγε ^{p⁷⁵} ~~κ~~ B L et al.
(2) εἰ δὲ μήγε, εἰς τὸ μέλλον ^{p⁴⁵} vid A D K W et al.

Die samestellers van die U.B.S.-teks verkies lesing 1 op grond van transkripsionele oorwegings: Hulle meen dat lesing 1 'n "moeiliker" lesing is as lesing 2 omdat dit 'n aposiopesis bewerkstellig (vgl. Metzger, 1971, p.162). Tog is die "verbeterde" lesing 2 steeds 'n "moeilike" lesing, aangesien dit nie die aposiopesis uitskakel nie, maar dit bloot verskuif na καὶ μὲν πολὺν καρπὸν - εἰ δὲ μήγε, εἰς τὸ μέλλον. Nie een van die twee lesings is dus verkieslik bo die ander indien slegs die graad van moeilikheid in ag geneem word nie.

Hierdie variasie-eenheid sentreer om kombinasie-variasie. Die vraag wat beantwoord moet word, is by watter werkwoord die bywoordelike voorsetselfrase εἰς τὸ μέλλον hoort, by πολὺν καρπὸν of by ἐκκόψει. Greijdanus (1940, p.650) reken dat scriptores met die eerste oogopslag εἰς τὸ μέλλον as toekomsformule sou verbind aan ἐκκόψει en dit gevolglik dāārheen verplaas het. Transkripsionele oorwegings begunstig dus lesing 1.

Ook intrinsieke oorwegings begunstig lesing 1. Lesing 1 is

in harmonie met die konteks en lesing 2 nie: Plummer (1969, p.340-341) dui aan dat die betekenis van εἰς τὸ μέλλον in die verband waarin dit gebruik word, die betekenis dra van "teen volgende jaar". Dit beteken dat die feit dat die voorsetselfrase ingelei word deur "εἰς" (teen) meebring dat εἰς τὸ μέλλον die vrugte dra kwalifiseer en daarmee saamgelees moet word. Indien εἰς τὸ μέλλον saam met ἐκκόψεις gelees sou word, sou die εἰς oorbodig wees en sou 'n da= tief van tydstop of iets soortgelyks meer van pas gewees het: ". . .sal jy dit volgende jaar (nie: teen volgende jaar) uitkap". Lesing 1 is ook in harmonie met die gewoontes van Lukas: Lukas plaas oor die algemeen voorsetselfrases wat ingelei word deur εἰς na die werkwoord (vgl. Hfst.II 8.3.2(3), p.104 hierbo). Indien εἰς τὸ μέλλον gekoppel word aan ἐκκόψεις, soos sommige scriptores waarskynlik gedoen het, beteken dit dat die voorsetselfrase vōōr die werkwoord staan, wat nie ooreenstem met die gebruikelike woord= orde van Lukas nie. Lesing 1 bevat die voorsetselfrase wel nā die werkwoord (πολήσῃ καρπὸν) en is dus in harmonie met die ge= woonte van Lukas.

1.18 Lk 14:17

- (1) ἔτοιμά ἐστιν p⁴⁵ vid B it^{b,c,ff²},i,l,q (εἰσὶν p⁷⁵ et al.)
- (2) ἔτοιμά ἐστιν πάντα (~~x~~^a εἰσὶν) A K P W et al.
- (3) πάντα ἔτοιμά ἐστιν D9^r et al.

Die dwaalwoord is duidelik πάντα, wat inderdaad oorbodig is: uit die verband is dit duidelik dat die onderwerp van ἔτοιμά ἐστιν "die dinge betreffende die maaltyd" is (vgl. Greijdanus,1940,p.710). Die scriptores van lesings 2 en 3 het πάντα bygevoeg om die gebrek aan 'n onderwerp te ondervang. Waarskynlik het hulle hulle laat lei deur die bewoording van Mt 22:4, nl. πάντα ἔτοιμα. Op grond

van maatstaf T 1.2 (p.149 hierbo) is lesings 2 en 3 dus verwerplik en lesing 1 verkieslik.

1.19 Lk 16:14

- (1) ταῦτα πάντα p^{75} $\times$ B L Ψ et al.
- (2) πάντα ταῦτα $it^{aur,q}$ vg
- (3) ταῦτα D ℓ^{150} $it^{d,i}$ Origenes
- (4) πάντα 2148

Lesings 3 en 4 is albei waarskynlik die resultaat van para=blepsis as gevolg van homoioteleuton wat voorkom in lesing 1 (ΤΑΥΤΑΠΑΝΤΑ) of lesing 2 (ΠΑΝΤΑΤΑΥΤΑ). Nōg πάντα nōg ταῦτα is 'n interpolasie, aangesien albei onontbeerlik is vir die betekenis van Lk 16:14 : Zahn (1920, p.579) dui aan dat die geldgierige Fariseërs in diē episode reageer op die voorafgaande woorde van Jesus (ἡκουον ταῦτα), en dan ook al die voorafgaande woorde (ἡκουον πάντα), dit wil sê ook die drie gelykenisse van verlorenheid (Lk 15).

Die finale keuse moet dus gemaak word tussen lesing 1 en lesing 2. Die woordorde van lesing 2 kom ooreen met die algemene tendens in Nuwe Testamentiese Grieks dat kwantitatiewe byvoeglike naamwoorde voor die lidwoordlose substantief staan (vgl. Hfst.I 3.6.1.1(1), p.40 hierbo) en ook met die gewoonte van Lukas om πᾶς voor die substantief te plaas (vgl. Hfst.II 8.7.1(1), p.114 hierbo) en om demonstratiewe in na-posisie te plaas (vgl. Hfst.II 8.7.2(1)d, p.117 hierbo). Greijdanus (1940, p.783) is van mening dat πάντα emfaties is en gevolglik na-posisie verdien. Die statistieke ten opsigte van die gebruik van πᾶς deur Lukas toon egter dat hy selfs emfatiese πᾶς deurgaans in voorposisie plaas (vgl. Hfst.II 8.7.2(1)a, p.117 hierbo). Lesing 1 is dus nie in harmo=

nie met die algemene tendens in die Nuwe Testament nie of met die gewoonte van die skrywer nie. Lesing 2 is wel in harmonie daarmee en word dus begunstig deur intrinsieke oorwegings.

'n Oorweging wat deeglik in aanmerking geneem moet word, is dat lesing 2 gesteun word deur Latynse getuienisse. Indien die woordorde wat in hierdie getuienisse bewaar is, uit die vertaalproses ontstaan het en nie oorgeneem is uit die oorspronklike Grieks nie, sou die woordorde ooreengekom het met die algemeen gebruiklike Latynse woordorde. Opvallend genoeg kom die woordorde in lesing 2 nie ooreen met die gebruiklike woordorde in Latyn nie: In Latyn volg kwantiteitsbegrippe gewoonlik op die substantief - in Klassieke Latyn is alle byvoeglike naamwoorde geneig om na die substantief te staan (Gildersleeve & Lodge, 1971, p.431). Die woordorde in lesing 2 is dus nie 'n verandering van die oorspronklike Grieks nie en kan nie afgewys word op transkripsionele gronde nie.

Lesing 2 is dus verkieslik op grond van sowel intrinsieke as transkripsionele oorwegings.

1.20 Lk 16:21

- (1) τῶν πλετόντων **p⁷⁵ K*** B L et al.
- (2) τῶν φιλῶν τῶν πλετόντων **K^C** A K P W et al.
- (3) τῶν πλετόντων φιλῶν **f¹**

Lesing 2 bevat 'n waarskynlike interpolasie deur scriptores vir meer detail en vir harmonisering met Mt 15:27 (vgl. Metzger, 1971, p.166; Zahn, 1920, p.584 n.13; Greijdanus, 1940, p.792). Daarna het 'n Atticistiese scriptor waarskynlik die Semitiese woordorde van lesing 2 "verbeter" na dié van lesing 3 (vgl. Hfst.I 3.3(2), p.35 hierbo). Dit is duidelik dat lesing 1 waarskynlik

die oorspronklike lesing is.

1.21 Lk 17:23

- (1) ἰδοὺ ἐκεῖ· ἦ, ἰδοὺ ᾧδε **p**⁷⁵ **κ** (καὶ vir ἦ) B et al.
(2) ἰδοὺ ᾧδε καὶ ἰδοὺ ἐκεῖ **it**^{b,f,ff}² et al. **vgcl** **syrc** **geo**²

Transkripsionele oorwegings begunstig lesing 1: Lesing 2 is waarskynlik die resultaat van assimilasie aan ἰδοὺ ᾧδε· ἦ, ἐκεῖ in Lk 17:21 (vgl. maatstaf T 1.4, p.149 hierbo) of aan die afgeleë parallel in Mk 13:21 (maatstaf T 1.2, p.149 hierbo). Hierteenoor is dit onwaarskynlik dat lesing 1 uit lesing 2 ontstaan het, omdat genoegsame motivering vir sodanige verandering (doelbewus of onbewustelik) ontbreek.

Intrinsiek staan albei lesings op gelyke vlak: Vers 21a en 23a kan wel bedoel wees om 'n chiasme te vorm (ᾧδε . . . ἐκεῖ / ἐκεῖ . . . ᾧδε), maar dit kan net sowel bedoel wees om 'n parallelisme te vorm (ᾧδε . . . ἐκεῖ / ᾧδε . . . ἐκεῖ). Beide die woordordes is in harmonie met die konteks. In ieder geval wil hierdie vers en vers 26 aldus Plummer (1969, p.416-417) net sê: "Alle voorspellings van presiese datums, en alle verklarings met betrekking tot die plek van die verskyning moet wantrou word."

Gevolglik is transkripsionele oorwegings deurslaggewend, op grond waarvan lesing 1 verkieslik is.

1:22 Lk 18:11

- (1) πρὸς αὐτὸν ταῦτα A K W X Δ et al.
(2) ταῦτα πρὸς αὐτόν **p**⁷⁵ **κ**^c B T et al.
(3) ταῦτα **κ**^{*} **l**⁸⁸³ et al.

Die voorsetselfrase $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ is 'n dwaalgroep en is dus moontlik 'n interpolasie. Daar kan egter geen motivering vir sodanige interpolasie bespeur word nie, trouens, daar is eerder motivering vir die weglating van $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$: Dit is moontlik dat scriptores $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ as oorbodig beskou het en dit doelbewus weggelaat het (Greijdanus, 1940, p.852). Daarbenewens kon lesing 3 ook die resultaat gewees het van parablepsis as gevolg van ho=moioarkton (eenderse aanvang by die woorde $\Pi\rho\sigma\epsilon\epsilon\alpha\gamma\tau\omicron\nu\iota\pi\rho\sigma\eta\chi\epsilon\tau\omicron$). Sodanige verklaring vir die ontstaan van lesing 3 veronderstel dat lesing 2 die archetype was waarvandaan lesing 3 afgeskryf is.

Lesings 1 en 2 is albei "moeilike" lesings omdat dit die bywoordelike voorsetselfrase vóór die werkwoord plaas (vgl. Hfst.I 3.5.1(1), p.38 hierbo). Die voorposisie van $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ soos in lesing 1, veroorsaak nie 'n kombinasie-variasie ($\sigma\tau\alpha\theta\epsilon\iota\varsigma\ \pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ / $\pi\rho\sigma\eta\chi\epsilon\tau\omicron\ \pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$) nie. Plummer (1969, p.416-417) sê dat $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$, al staan dit ook wāār, gelees moet word saam met $\pi\rho\sigma\eta\chi\epsilon\tau\omicron$, want die Fariseër het gebid met die oog op sigself en nie op sy eie staande nie, wat eerder sou wees $\sigma\tau\alpha\theta\epsilon\iota\varsigma\ \kappa\alpha\theta'\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$. Greijdanus (1940, p.852) dui aan dat $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ 'n belangrike komponent is van die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar: In teenstelling met die tollenaar het die Fariseër gebid met die oog op homself. $\Pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ verdien dus inderdaad 'n kalklig-posisie, soos wat deur die voorposisie in lesings 1 en 2 bewerkstellig word (vgl. Hfst.II 8.3.3(2)b, p.106 hierbo).

In die Evangelie volgens Lukas verkies demonstratiewe substantiewe om voor die werkwoord te staan (vgl. Hfst.II 8.6.1(1)d, p.113 hierbo) en wanneer Lukas 'n substantief wat in die akkusatief staan, voor die werkwoord plaas, plaas hy dit altyd direk voor die werkwoord (vgl. Hfst.II 8.6.1(2)a, p.113 hierbo). Hierdie oorwegings begunstig lesing 1. Lesing 1 word verder begunstig deur die feit dat $\pi\rho\delta\varsigma\ \epsilon\alpha\upsilon\tau\acute{o}\nu$ nog meer benadruk word wanneer

dit verwyderd van die werkwoord gestel word (Greijdanus, 1940, p.852).

By die beoordeling van hierdie variasie-eenheid kom transkripsionele en intrinsieke oorwegings in konflik met mekaar: Op transkripsionele gronde is lesing 2 verkieslik, op intrinsieke gronde lesing 1. Wanneer die verskillende oorwegings teen mekaar opgeveeg word, blyk dit dat die intrinsieke oorwegings in hierdie geval swaarder weeg as transkripsionele oorwegings. Lesing 1 is dus verkieslik.

1.23 Lk 18:24

- (1) αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς περὶ λυπον γενόμενον εἶπεν A K P W X et al.
- (2) αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς εἶπεν ~~Λ~~ L f¹ et al.
- (3) αὐτὸν περὶ λυπον γενόμενον εἶπεν ὁ Ἰησοῦς D it^{b,c,d}, et al.
- (4) ὁ Ἰησοῦς αὐτὸν περὶ λυπον γενόμενον εἶπεν syr^{C,S}, P

Transkripsionele oorwegings begunstig lesing 2 definitief: Onbewustelike assimilasie aan die onmiddellike konteks (περὶ λυπος ἐγενήθη in vers 23) of aan 'n afgeleë parallel (Mk 10:22) het waarskynlik aanleiding gegee tot die interpolasie van περὶ λυπον γενόμενον (vgl. maatstawwe T 1.4 en T 1.2, p.149, en T 2.6, p.150 hierbo). Zahn (1920, p.616 n.87) meen dat, aangesien ὁδεῖν normaalweg die betekenis dra van "sien" en nie van "aanky" nie, die afwesigheid van 'n deelwoordfrase na die werkwoord van waarneming (soos in lesing 2) scriptores moontlik gehinder het en aanleiding gegee het tot interpolasie.

Aan die ander kant is dit 'n kenmerk van die styl van Lukas dat hy soms 'n woord of frase in twee opeenvolgende sinne herhaal (Cadbury, 1966, p.87-102). Hierdie oorweging begunstig lesings 1, 3 en 4 en verminder die waarskynlikheid van interpolasie.

'n Studie van die konteks dui aan dat v.24a vry is van emfatiese determinante, stylfigure en kontekstuele determinante. Taalkundige en gewoontedeterminante is dus deurslaggewend. Lesing 3 is die enigste lesing wat geheel-en-al in harmonie is met taalkundige en gewoontedeterminante:

- a. die nominatiewe eienaam staan in eindposisie (vgl. Hfst.I 4.1.1.2, p.49 hierbo);
- b. die werkwoord van sê staan voor die onderwerp (vgl. Hfst.I 2.1.1.3(8), p.22 hierbo);
- c. die nie-emfatiese persoonlike voornaamwoord staan direk na die werkwoord en neem tweede posisie in die sin in (vgl. Hfst.I 3.7.1(3), p.44 hierbo);

d. die substantief en sy deelwoordfrase (αὐτὸν περὶ λυπὸν γενόμενον) staan direk langs mekaar (vgl. Hfst.I 3.3, p.35 hierbo). Lesing 1 wyk af van a, b en d hierbo; lesing 2 wyk af van a en b; lesing 4 wyk af van a, b en c. Intrinsieke oorwegings begunstig dus lesing 3. Wat wel in die guns van lesing 2 tel, is dat die nominatief ὁ Ἰησοῦς feitlik direk tussen die deelwoord (ἰδὼν) en die werkwoord (εἶπεν) staan (vgl. Hfst.I 3.3, p.35 en 8.6.1(2), p.113).

Transkripsionele oorwegings begunstig lesing 2 en intrinsieke oorwegings lesing 3. Die transkripsionele oorwegings weeg in hierdie geval egter swaarder as die intrinsieke getuigenis, met die gevolg dat lesing 2 in 'n geringe mate verkieslik is bo lesing 3.

1.24 Lk 20:9

- (1) ἄνθρωπος ἐφύτευσεν ἀμπελῶνα ✠ (A et al. ἄνθρωπος τις) B K L et al.
- (2) ἀμπελῶνα ἐφύτευσεν ἄνθρωπος D it^a, c, d, e, et al. Ambrosius
- (3) ἀμπελῶνα ἄνθρωπος ἐφύτευσεν C

Lesing 3 is in harmonie met die Evangelie volgens Markus (Mk 12:1), wat as intrinsieke oorweging in die guns tel van lesing 3 (vgl. maatstaf I 1, p.166 hierbo), maar as transkripsionele oorweging teen lesing 3 (vgl. maatstaf T 1.2, p.149 hierbo).

Die fokuspunt van die frase is ongetwyfeld ἀμπελῶνα: Die beeld van die wingerd is 'n doelbewuste teruggryping op die beeld van die wingerd van die Beminde in Jes 5:1-7 (Calvyn III, 1971, p.212; Greijdanus, 1940, p.941). Dit is dus waarskynlik dat ἀμπελῶνα deur Lukas in 'n opvallende posisie geplaas is. Statistieke toon egter aan dat Lukas emfatiese akkusatiewe feitlik net so dikwels voor as na die werkwoord plaas en net so dikwels in aanvangsposisie as in eindposisie (vgl. Tabel XVb, p.112 hierbo). Emfatiese determinante as intrinsieke oorweging bied dus geen oplossing nie.

Maatstaf I 5 (p.167 hierbo) begunstig lesing 1: Die frase ἐφύτευεν ἀμπελῶνα kom dikwels voor in die Septuagint (Plummer, 1969, p.459), bv. in Gn 9:20; Dt 20:6; 28:30,39. Aangesien die woorde in hierdie variasie-eenheid, soos aangedui, 'n doelbewuste teruggryping is op die Ou Testamentiese beeld van die wingerd, is dit waarskynlik dat ook die woordorde van die Ou Testament (Septuagint) gehandhaaf sou word, soos in lesing 1.

Die posisie van ἄνθρωπος is duidelik die gevolg van gewoonte-determinante: Lukas plaas onpersoonlike ἄνθρωπος gewoonlik in aanvangsposisie of so na as moontlik aan die begin van die sin (vgl. Moulton & Geden, 1963, p.71-72). Hierdie oorweging begunstig lesing 1.

Transkripsionele oorwegings dui daarop dat lesing 2 die resultaat is van tekskorrupsie. In Latyn is dit gebruikelik om die direkte voorwerp voor die werkwoord te plaas (Gildersleeve & Lodge, 1971, p.430). Dit is dus moontlik dat die vertalers van die oud-

Latynse tekste (Itala) in die vertaalproses die woordorde van die oorspronklike Grieks verander het om te voldoen aan die eise van Latynse woordorde-determinante. Waarskynlik het die scriptor van D vervolgens die woordorde van die Griekse teks verander om numeriese verbale gelykheid met die Latynse teks te bewerkstellig (vgl. Hfst.IV 3, p.147 hierbo, asook maatstaf T 2.3, p.150).

Die gevolgtrekking uit bostaande oorwegings is dat lesing 1 op grond van intrinsieke sowel as transkripsionele oorwegings beskou kan word as die oorspronklik lesing.

1.25 Lk 20:26

- (1) ἐπιλαβέσθαι αὐτοῦ ῥήματος A C K P W et al.
- (2) ἐπιλαβέσθαι τοῦ ῥήματος ~~κ~~ B L (θ cum αὐτοῦ) 892 1241
- (3) αὐτοῦ ῥήμα ἐπιλαβέσθαι D it(a),aur,c,d,f,et al. vg syr^s geo

Tekskorrupsie is baie waarskynlik by lesing 3, aangesien dit inderwaarheid die volgorde is waarin die woorde in die Latynse vertaling voorkom - die scriptor van D het waarskynlik numeriese verbale gelykheid met die Latynse teks nagestreef (maatstaf T 2.3, p.150 hierbo):

καὶ οὐκ ἔσχυσαν	et non potuerunt
αὐτοῦ ῥήμα ἐπιλαβέσθαι	verbum eius reprehendere
ἐναντίον τοῦ λαοῦ	coram plebe

Die resultaat van hierdie verandering is 'n woordorde wat nie te versoen is met die gewoonte van Lukas nie: In die Evangelie volgens Lukas het infinitiewe 'n besondere affiniteit vir aanvangsposisie in die frase (vgl. Hfst.II 8.4.1(4), p.109 hierbo) en akkusatiiewe substantiewe (soos ῥήμα, wat deur die scriptor van D uit die Latyn oorgeneem is) staan gewoonlik na die werkwoord (vgl.

Hfst.II 8.6.1(1), p.112 hierbo),

Die variasie tussen lesings 1 en 2 is nie woordorde-variasie nie, maar 'n verskil van αὐτοῦ/τοῦ. Beide die lesings is in harmonie met die gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament en die gewoonte van Lukas: In lesing 1 staan die persoonlike voorwerp voor die saaklike voorwerp (vgl. Hfst.I 4.1.2.3, p.53) en in lesing 2 staan die genitief τοῦ ῥήματος na die werkwoord (vgl. Hfst. II 8.2.1(2), p.100 hierbo). Die lesing van θ is duidelik 'n samevoeging (konflasie) van lesings 1 en 2.

Transkripsionele oorwegings begunstig lesing 2 bo lesing 1: Dit is moontlik dat lesing 1 die resultaat is van dittografie wat voortspruit uit die bedrieglike ΕΝΙΑΑΒΕΞΘΑΙΤΟΥ. Nadat die scriptor ἐπιλαβέσθαι oorgeskryf het, het hy teruggekyk na die archetype en -ΑΙΤΟΥ aangesien vir ΑΥΤΟΥ en dit so in sy eie kopie neergeskryf. Lesing 1 kon ook ontstaan het uit onbewustelike assimilering aan 'n nabygeleë parallel, nl. Lk 20:20 ἐπιλάβωνται αὐτοῦ λόγου. Moontlik het beide prosesse gesamentlik plaasgevind, dit wil sê die foutiewe saamgroepering van -ΑΙΤΟΥ het maklik plaasgevind omdat die scriptor nog Lk 20:20 in gedagte gehad het.

Lesing 2 word dus begunstig deur intrinsieke sowel as transkripsionele oorwegings.

1.26 Lk 21:6

- (1) λῦθος ἐπὶ λῦθον ὥδε **X^c** L 892 (ἐπὶ λῦθω **X^a** B f13)
- (2) ὥδε λῦθος ἐπὶ λῦθον X f1 33 et al. (ἐπὶ λῦθω 1365)
- (3) λῦθος ἐπὶ λῦθον W Ψ 1009 et al.
- (4) λῦθος ἐπὶ λῦθω A K Δ Θ Π et al.
- (5) λῦθος ἐπὶ λῦθω ἐν τοῦχῳ ὥδε D it^{a,c,d} et al.

Mt 24:2 lui: ὁδε λίθος ἐπὶ λίθον. Assimilasie aan diē parallel (en moontlik ook aan Mk 13:2, hoewel daar ook variante lesings voorkom) kan dus vermoed word by lesings 1, 2, 3 en 5, omdat λίθω vervang word met λίθον en/of ὁδε bygevoeg word. Die vermoede dat ὁδε 'n interpolasie is, word versterk deur die feit dat dit in lesings 1 en 5 na die frase staan en in lesing 2 voor die frase staan (vgl. maatstaf T 2.6, p.150 hierbo). Ook ἐν τοῦχῳ in lesing 5 is waarskynlik 'n interpolasie, omdat ἐν τοῦχῳ oorbodige detail is en beslis onnodig is vir die konteks.

Transkripsionele oorwegings dui dus aan dat lesing 4 waarskynlik die oorspronklike lesing is.

1.27 Lk 21:11

Ἐγερθήσεται ἔθνος ἐπ' ἔθνος καὶ βασιλεύα ἐπὶ βασιλείαν,

11a*: σεισμοῦ τε μεγάλου

(1) καὶ κατὰ τόπους λιμοὶ καὶ λοιμοὶ ἔσονται ~~✱~~ D E et al.

(2) καὶ κατὰ τόπους λοιμοὶ καὶ λιμοὶ ἔσονται B 157 it syr^{s,c} Mcion

(3) κατὰ τόπους καὶ λιμοὶ καὶ λοιμοὶ ἔσονται onseker

(4) ἔσονται κατὰ τόπους λιμοὶ καὶ λοιμοὶ onseker

(5) καὶ λιμοὶ κατὰ τόπους καὶ λοιμοὶ ἔσονται onseker

11b: φόβητρά τε

(6) καὶ ἀπ' οὐρανοῦ σημεῖα μεγάλα ἔσται B f¹ cop

(7) καὶ σημεῖα ἀπ' οὐρανοῦ μεγάλα ἔσται A K W X et al.

(8) καὶ σημεῖα μεγάλα ἀπ' οὐρανοῦ ἔσται ~~✱~~ L 33 et al.

(9) ἀπ' οὐρανοῦ καὶ σημεῖα μεγάλα ἔσται D it^{d,e,f} vg geo

(10) ἀπ' οὐρανοῦ καὶ σημεῖα μεγάλα ἔσται καὶ χειμῶνες 1012 it^{aur}, c,ff,i,l,q,r,s et al.

*Die variante lesings van v.11a word nie ingesluit by die apparaat van die U.B.S.-teks nie, maar word ter wille van meer sinvolle bespreking bygevoeg.

Profesieë is gewoonlik in poëtiese vorm geskrywe (Verhoef, 1973, p.38). Dus kan 'n mens ook hier in die profetiese rede van Jesus heelwat poëtiese vorme te wagte wees. Wanneer die hele sin, dit wil sê verse 10 en 11 as 'n eenheid gelees word, is dit duidelik dat dit 'n besliste poëtiese inslag het. Veral parallelismus membrorum, alliterasie en assonansie speel 'n belangrike rol: Paronomasia kom voor in ἔθνος ἐπ' ἔθνος en βασιλεύα ἐπὶ βασιλεύαν wat onderling ook 'n parallellistiese patroon vertoon; paragese is duidelik sigbaar in λιμοὶ καὶ λοιμοὶ; herhaaldelike homoioteleuton (wat onderskei moet word van die oorskryffout) word gebruik in σεισμοὶ, μεγάλου, λιμοὶ, λοιμοὶ en φόβητρα, σημεῖα μεγάλα; die laaste twee κόμματα is beslis ook parallellisties georden:

A	B	C	D	E
σεισμοὶ τε μεγάλοι	καὶ κατὰ τόπους	λιμοὶ καὶ λοιμοὶ	ἔσονται	
A	B	C	D	E
φόβητρά	τε καὶ ἀπ' οὐρανοῦ	σημεῖα μεγάλα	ἔσται	

Dit is duidelik dat die enigste lesings wat hierdie poëtiese effekte so bewaar, lesing 1 (met as alternatief lesing 2) en lesing 6 is. Lesing 2 is waarskynlik die resultaat van parablepsis, aangesien die volgorde λοιμοὶ καὶ λιμοὶ slegs in twee manuskripte en twee vertalings voorkom. Die ander lesings is die gevolg van tekstokorrupsie, soos blyk uit die volgende oorwegings:

Lesing 3 kan die resultaat wees van parablepsis. Die kombinasie KAIKATATOPOYE kan wel bedrieglik wees vir die oog en die scriptor kon aanvanklik die KAI weggelaat het, dit onmiddellik agtergekom het en dit ná ΤΟΠΟΥΣ ingevoeg het (vgl. maatstaf T 1.1, p.149 hierbo).

Lesing 3 kan egter ook waarskynlik, net soos lesings 4 en 5, die resultaat wees van transkripsionele pogings tot stylverbetering (maatstaf T 2.2, p.149 hierbo). Bywoordelike voorsetsels= frases, veral wanneer dit plekaanduidend is, staan in die Evange-

lie volgens Lukas en net so ook in die res van die Nuwe Testament gewoonlik na die werkwoord (vgl. Hfst.I 3.5.1(1), p.38 en Hfst.II 8.3.1, p.101 hierbo). In lesings 3, 4 en 5 is daar duidelik pogings om die voorposisie van κατὰ τόπους (soos in lesings 1 en 2) reg te stel of te regverdig. Desgelyks koppel lesings 9 en 10 ἀπ' οὐρανοῦ aan φόβητρα om die voorposisie daarvan by die werkwoord (soos dit voorkom in lesings 6, 7 en 8) te regverdig.

Lesings 7 en 8 is waarskynlik die resultaat van pogings om die "gesperre Wortstellung" van die neweskikkende onderwerpe φόβητρα en σημεῖα in lesing 6 reg te stel. Derhalwe word σημεῖα vorentoe geskuif ten einde φόβητρα deel te maak van die reeks wat gekwalifiseer word deur ἀπ' οὐρανοῦ ἔσται (vandaar ook die meervoudige werkwoord ἔσονται in f¹³).

1.28 Lk 22:17-20

- (1) verse 17, 18, 19a D it^{a,d,ff,i,l}
- (2) verse 17, 18, 19, 20 p⁷⁵ ~~κ~~ A B C K L et al.
- (3) verse 19a, 17, 18 it^{b,e}
- (4) verse 19, 17, 18 syr^c
- (5) verse 19, 20 p³² syr^p cop^{bo}
- (6) verse 19, 20a, 17, 20b, 18 syr^s

Volledig uiteengesit is die bogenoemde lesings soos volg:

- (1) 17.καὶ δεξιόμενος ποτήριον εὐχαριστήσας εἶπεν, Λάβετε τοῦτο καὶ διαμερίσατε εἰς ἑαυτοὺς·
18.λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι οὐ μὴ πῶς ἀπὸ τοῦ νῦν ἀπὸ τοῦ γενήματος τῆς ἀμπέλου ἕως οὗ ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ ἔλθῃ.
19.καὶ λαβὼν ἄρτον εὐχαριστήσας ἔκλασεν καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων, Τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου.
- (2) behou die volgorde van lesing 1, maar voeg die volgende by:

. . . τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον· τοῦτο ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν.

20. καὶ τὸ ποτήριον ὡσαύτως μετὰ τὸ δειπνῆσαι, λέγων, Τοῦτο τὸ ποτήριον ἡ καινὴ διαθήκη ἐν τῷ αἵματί μου, τὸ ὑπὲρ ὑμῶν ἐκχυννόμενον.

(3) 19. καὶ λαβὼν ἄρτον εὐχαριστήσας ἔκλασεν καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου.

17. καὶ δεξιόμενος ποτήριον εὐχαριστήσας εἶπεν, Λάβετε τοῦτο καὶ διαμερίσατε εἰς ἑαυτούς.

18. λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι οὐ μὴ πῶ ἀπὸ τοῦ νῦν ἀπὸ τοῦ γενήματος τῆς ἀμπέλου ἕως οὗ ἡ βασιλεῖα τοῦ θεοῦ ἔλθῃ.

(4) behou die volgorde van lesing 3, maar voeg by vers 19:

. . . τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον· τοῦτο ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν.

(5) 19. καὶ λαβὼν ἄρτον εὐχαριστήσας ἔκλασεν καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων, Τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον· τοῦτο ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν.

20. καὶ τὸ ποτήριον ὡσαύτως μετὰ τὸ δειπνῆσαι, λέγων, Τοῦτο τὸ ποτήριον ἡ καινὴ διαθήκη ἐν τῷ αἵματί μου, τὸ ὑπὲρ ὑμῶν ἐκχυννόμενον.

(6) 19. καὶ λαβὼν ἄρτον εὐχαριστήσας ἔκλασεν καὶ ἔδωκεν αὐτοῖς λέγων, Τοῦτό ἐστιν τὸ σῶμά μου τὸ ὑπὲρ ὑμῶν διδόμενον· τοῦτο ποιεῖτε εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν.

20. καὶ τὸ ποτήριον ὡσαύτως μετὰ τὸ δειπνῆσαι.

17. καὶ δεξιόμενος ποτήριον εὐχαριστήσας εἶπεν, Λάβετε τοῦτο καὶ διαμερίσατε εἰς ἑαυτούς·


20. τοῦτό μου τὸ αἶμα ἡ καινὴ διαθήκη, τὸ ὑπὲρ ὑμῶν ἐκχυννόμενον.

18. λέγω γὰρ ὑμῖν ὅτι οὐ μὴ πῶ ἀπὸ τοῦ νῦν ἀπὸ τοῦ γενήματος τῆς ἀμπέλου ἕως οὗ ἡ βασιλεῖα τοῦ θεοῦ ἔλθῃ.

Omruiling van sinne is doelbewus ingevoer in hierdie variasie-eenheid om die "moeilike" volgorde van beker-brood-beker (soos in lesing 2) op te klaar. In lesings 3 en 4 is 'n poging aangewend om die vertelling te harmoniseer met die parallelle gedeeltes in Mt 26:26-29 en Mk 14:22-25 deur vers 19 vóór vers 17 te plaas en dan vers 20 weg te laat. In lesing 6 is die probleem opgeklaar deur alle vermeldings van die beker in 'n nuwe volgorde saam te groepeer na vers 19. Lesing 5 volg 'n makliker weg deur bloot die eerste vermelding van die beker te verswyg en lesing 1 op sy beurt weer deur die laaste vermelding van die beker te verswyg. Indien aanvaar word dat lesing 2 die oorspronklike lesing is, bied dit 'n goeie verklaring vir die ontstaan van die ander lesings en is die ander lesings op grond van transkripsionele oorwegings verwerplik (vgl. maatstaf T 2.5, p.150 hierbo).

Aan die ander kant is dit moontlik dat lesing 2 'n interpolasie bevat, bestaande uit verse 19b en 20, waarskynlik uit 'n kant-aantekening wat verwys het na 1 Kor 11:24,25. Dit is dus duidelik dat transkripsionele oorwegings alleen nie genoegsame getuigenis bied om een van die lesings hierbo bo die ander te stel nie.

Intrinsieke oorwegings, daarenteen, toon aan dat lesing 2 werklike voortreflikheid besit: 'n Analise van die formele struktuur van verse 15-20 openbaar 'n onderliggende uurglaspatroon wat saamgestel is uit twee kleiner wig- en twee driehoekpatrone. Die twee wigstrukture volg direk op mekaar en daarna volg die twee driehoekstrukture. Die eerste wigstruktuur is nōū verbonde aan die eerste driehoek struktuur en vorm sodoende saam 'n uurglasstruktuur. Desgelyks vorm die tweede wigstruktuur en die tweede driehoekstruktuur saam 'n tweede uurglasstruktuur. 'n Skematiese voorstelling van die struktuur lyk soos volg (net die sleutelwoorde word vermeld):



Die fokuspunt van hierdie struktuur is dus Die Koninkryk van God, waarin die heilige Nagmaal, dit is die eet van die brood (A) en die drink van die beker (B) vervul sal word (ἔως οὗτου πληρωθῇ ἐν τῇ βασιλείᾳ τοῦ θεοῦ). In κῶλα C en D word verduidelik in parallelle frases wat presies die brood en die beker onderskeidelik simboliseer.

Lesing 2 bewaar die formele ordening wat hierbo uiteengesit is. Gevolglik kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat lesing 2 die oorspronklike lesing is.

1.29 Lk 23:17

- (1) ἀπολύειν αὐτοὺς κατὰ ἐορτὴν ἓνα. ~~W~~ X Δ et al.
- (2) κατὰ τὴν ἐορτὴν ἀπολύειν αὐτοὺς ἓνα θ Ψ 1009 1344 geo
- (3) κατὰ τὴν ἐορτὴν ἀπολύειν ἓνα αὐτοὺς 892^{mg}
- (4) verskeie ander lesings wat nie die woordorde beïnvloed nie (onder andere ^p75 A B K et al. wat v.17 heeltemal weglaat).

Die outensiteit van vers 17 is twyfelagtig op grond van eks=terne getuienis (vgl. Metzger, 1971, p.179-180). Dit ten spyt is dit noodsaaklik om lesings 1, 2 en 3 te rangskik in die volg=

orde van voorkeur.

Hierdie frase is nie in 'n stylfiguur betrokke nie en vorm nie 'n belangrike skakel in 'n stilistiese sinsboustruktuur nie, maar die volgende faktore bepaal wel die woordorde:

- a. Woordsoortlike determinante (Semitiese invloed): Nie-emfatiese voornaamwoorde verkies om direk na die werkwoord waaraan dit verbonde is, te staan (vgl. Hfst.I 3.7.1(3), p.44 en Hfst.II 6, p.86 hierbo). Lesings 1 en 2 stem hiermee ooreen.
- b. Morfologiese determinante: Substantiewe in die datief staan gewoonlik direk na die werkwoord (vgl. Hfst.I 4.1.1.4, p.50 hierbo). Hiermee is lesings 1 en 2 in ooreenstemming.
- c. Emfatiese determinante: In vers 17 is die belangrike elemente wat nadruk verdien ἀνάγκην en ἕνα. Aangesien ἀνάγκην reeds aanvangsposisie inn neem waar dit emfaties is, is dit waarskynlik dat ἕνα, ter wille van beklemtoning, eindposisie inneem (vgl. Hfst.II 1.1(2), p.60 en 1.2, p.61 hierbo). Lesings 1 en 2 is in ooreenstemming hiermee.
- d. Kontekstuele determinante: Die nuclei in vers 17 is ἀνάγκην, κατὰ (τὴν) ἐορτήν en ἕνα; die konkomitante is ἐξεν, ἀπολύειν en αὐτοῦς. Indien kontekstuele determinante deurslaggewend sou wees, is lesing 1 oorspronklik, met die patroon NCCCNN. In die ander twee lesings is N oor die hele sin versprei, nl. NCNCCN (lesing 2) en NCNCNC (lesing 3). Vergelyk in verband met gewenste en ongewenste patrone Hfst.II 7, p.88-89 hierbo).
- e. Die gebruiklike woordorde van Lukas:
 - (i) Lukas plaas bywoordelike voorsetselfrases gewoonlik na die werkwoord, maar wanneer dit tydsaanduidend is, staan dit voor die werkwoord (vgl. Hfst.II 8.3.1(1)a, p.101 hierbo). Hiermee is lesings 2 en 3 in ooreenstemming.
 - (ii) Lukas plaas infinitiewe gewoonlik in aanvangsposisie (vgl.

Hfst.II 8.4.1(4), p.109 hierbo). Hierdie oorweging be-
gunstig lesing 1.

- (iii) Emfatiese substantiewe in die akkusatief staan dikwels in die middel van die frase (vgl. Hfst.II 8.6.3(1)b, p.113 hierbo). Hiermee stem die posisie van ἐν α in lesing 3 ooreen.

Wanneer al die intrinsieke oorwegings wat hierbo genoem is in ag geneem word, blyk dit dat lesing 1 die grootste waarskynlikheid besit om die oorspronklike lesing te wees.

1.30 Lk 23:38

- (1) ἐπ' αὐτῷ ^{p⁷⁵ X^a B L 0124 1241} cop^{sa,bo}
- (2) ἐπ' αὐτῷ γεγραμμένη C^{*}
- (3) γεγραμμένη ἐπ' αὐτῷ it^a (syr^{C,S})
- (4) γεγραμμένη ἐπ' αὐτῷ γραμμασιν ἑλληνικοῦς καὶ ῥωμαῖκοῦς καὶ ἑβραῖκοῦς C³ K W Δ Θ et al.
- (5) γεγραμμένη ἐπ' αὐτῶν γραμμασιν ἑβραῖκοῦς , ἑλληνικοῦς καὶ ῥωμαῖκοῦς ^{l⁶⁰}
- (6) ἐπ' αὐτῷ γεγραμμένη γραμμασιν ἑλληνικοῦς καὶ ῥωμαῖκοῦς καὶ ἑβραῖκοῦς X Ψ f¹³ 33 1230

Met betrekking tot die volgorde waarin die drie tale vermeld word in lesings 4, 5 en 6 is dit noodsaaklik om in ag te neem dat die skrywers van die Nuwe Testament en waarskynlik ook die vroeg-Christelike gemeenskap die woorde 'Ιουδαῖοι καὶ Ἕλληνες as 'n geykte frase gebruik het (16 keer in die Nuwe Testament, vgl. Moulton & Geden, 1963, p.326). Die woord ῥωμαῖος is slegs op een plek benewens Lk 23:38 in so 'n reeks betrokke, nl. Hand 2:10 ῥωμαῖοι, Ἰουδαῖοι τε καὶ προσήλυτοι. Die spontane volgorde sou dus wees dié van lesing 5, veral wanneer in ag geneem word dat dit onwaarskynlik is dat Romeine 'n opskrif sou aanbring waar=

op Hebreeus eerste verskyn en die amptelike taal laaste. Lesings 4 en 6 is daarom waarskynlik werklikheidsgetrou - Lukas was immers 'n noukeurige geskiedskrywer en sou sekerlik nie onnoukeurig wees ten opsigte van die volgorde van die tale nie. Lesing 5 het waarskynlik ontstaan deurdat die scriptor van 2⁶⁰ die woorde gedagtelos oorgeskryf het in 'n volgorde wat in die Christelike gemeenskap spontaan gebruik is (vgl. maatstaf T 1.3, p.149 hierbo).

Die outensiteit van die woorde γράμμασιν ἑλληνικοῦς καὶ ῥωμαϊκοῦς καὶ ἑβραϊκοῦς is egter te betwyfel op transkripsionele gronde: Harmonistiese scriptores het waarskynlik ter wille van meer detail uitgebrei op die oorspronklike teks deur die vermelding van die drie tale by te haal uit Jh 19:20 (vgl. maatstaf T 2.6, p.150 hierbo).

Die volgorde γεγραμμένη ἐπ' αὐτῷ is in ooreenstemming met die woordsoortlike determinante van Nuwe Testamentiese Grieks: Adjunkte van die deelwoord staan gewoonlik na die deelwoord en gaan dit slegs by hoë uitsondering vooraf (vgl. Hfst.I 3.3, p.35 hierbo).

Dit is egter twyfelagtig of die teenwoordigheid van die deelwoord γεγραμμένη oorspronklik is. Die begrip γεγραμμένη is reeds inbegrepe by die naamwoord ἐπιγραφὴ en is daarom inderdaad oorbodig. Waarskynlik het scriptores wat gestreef het na meer duidelikheid, die deelwoord bygevoeg. Laasgenoemde oorweging word ondersteun deur die feit dat γεγραμμένη die dwaalement in die variasie-eenheid is (vgl. maatstaf T 2.6, p.150 hierbo).

Dit blyk dus dat lesing 1 die oorspronklike lesing is.

1.31 Lk 24:49

- (1) καὶ ἰδοὺ ἐγὼ A B C K X et al.
- (2) καὶ ἐγὼ ~~N~~ L 33 et al. (καὶ ἐγὼ ^p75 D)
- (3) καὶ ἐγὼ ἰδοὺ W f¹ 1079 1549

Intrinsieke oorwegings dui daarop dat die teenwoordigheid van καὶ ἰδοὺ oorspronklik is: Lukas gebruik καὶ ἰδοὺ (en so ook ἰδοὺ γάρ) gewoonlik ter inleiding van 'n aankondiging (vgl. bv. Lk 1:20, 31,36). Daarteenoor word ἰδοὺ (sonder καὶ of γάρ) gebruik om belangrike mededelings in te lei (vgl. bv. Lk 1:48; 5:18). Die woorde van Jesus in Lk 24:49 is nie maar net 'n belangrike mededeling nie - dit is inderdaad 'n aankondiging ('n belofte wat van kardinale belang is vir sy kerk, gevolg deur 'n opdrag) wat Hy aan sy dissipels maak. Lesing 1 is dus verkieslik aldus intrinsieke getuienis.

Die woordorde van lesing 3 het 'n kombinasie-variasie tot gevolg: Die woordorde καὶ ἐγὼ ἰδοὺ veroorsaak dat ἰδοὺ die woorde καὶ ἐγὼ van vers 49 afsny en dwing om deel te vorm van vers 48 as neweskikkende onderwerp: ὑμεῖς μάρτυρες τοῦτων καὶ ἐγὼ. Dit is egter te betwyfel of Jesus Homself 'n getuie sou noem van sy Messias-werk. Hierdie oorweging kon natuurlik ook scriptores daartoe beweeg het om lesing 3 "reg te stel". Lesing 3 is egter ook afwykend van die gebruik in Nuwe Testamentiese Grieks dat ἐγὼ in aanvangsposisie gestel word (vgl. Hfst.I 3.7.1(1), p.44 hierbo). Hierdie oorweging begunstig lesings 1 en 2.

Wanneer transkripsionele oorwegings in aanmerking geneem word, is lesing 2 verkieslik: Die dwaalwoord ἰδοὺ is waarskynlik ingevoeg as gevolg van onbewustelike assimilerings aan 'n afgeleë parallel soos Lk 7:27 ἰδοὺ ἀποστέλλω τὸν ἄγγελόν μου (vgl. maatstaf T 1.2, p.149 en T 2.6, p.150 hierbo). Lesing 1 kan ook die resultaat wees van onbewustelike assimilerings aan afgeleë parallele soos Lk 23:14, Hand 10:21, Hand 22:22 en die talke kere waar ἰδοὺ

ἐγώ in die Septuagint voorkom (Plummer, 1969, p.563).

Dit is duidelik dat die transkripsionele oorwegings en intrinsieke oorwegings by die evaluering van hierdie woordorde-variante bots. Op intrinsieke gronde is lesing 1 verkieslik en op transkripsionele gronde lesing 2. Die intrinsieke getuienis is in hierdie geval egter meer oortuigend as die transkripsionele getuienis en derhalwe is lesing 1 verkieslik.

2. ENKELE VARIANTE WAT NIE IN DIE U.B.S.- APPARAAT VERSKYN NIE

Die variasie-eenhede wat hierbo bespreek is, kon enkele aspekte van woordorde-variasie en probleme ten opsigte van die beoordeling van woordorde-variantê nie duidelik uitlig nie. Derhalwe word hieronder nog enkele ander variante bespreek ten einde leemtes aan te vul.

2.1 Lk 1:65

- (1) φόβος ἐπὶ πάντας 565 it^{e,f} syr^s,pal eth
- (2) φόβος μέγας ἐπὶ πάντας D it^{b,c,d} geo
- (3) ἐπὶ πάντας φόβος rell.

Lesing 3 is die moeiliker lesing, aangesien dit ἐπὶ πάντας skei van die meegaande τοὺς περιουχοῦντας αὐτοὺς. Scriptores kon maklik toegegee het aan die versoeking om die disjunksie uit te skakel en om φόβος voor ἐπὶ πάντας te plaas. Die byvoeging van μέγας in lesing 2 is waarskynlik toe te skryf aan assimilering aan verafgeleë parallelle soos Mk 4:41; Lk 2:9; 8:37; Hand 2:43; 5:5,11.

Intrinsieke oorwegings ondersteun lesing 3: ἐπὶ πάντας is na vore geskuif ten einde dit in opvallende posisie te plaas. In vers 65b staan ἐν ὅλῃ τῇ ὁρευνῇ Ἰουδαίας in 'n emfatiese posisie, wat dan ook die waarskynlikheid van 'n emfatiese ἐπὶ πάντας τοὺς περιουκοῦντας αὐτοὺς in die eerste helfte van die vers verhoog.

Lesings 1 en 2 besit dus slegs oënskynlike voortreflikheid en lesing 3 werklike voortreflikheid.

2.2 Lk 10:40

- (1) Κυριε, μου οὐ μέλει σου ὅτι ἡ ἀδελφή ^{p⁴⁵}
 (2) Κυριε, οὐ μέλει σου ὅτι ἡ ἀδελφή μου ^{rell.}

Hierdie variasie-eenheid is 'n geval van kombinasie-variasie. In lesing 1 word μου gekoppel aan Κυριε ὃf aan μέλει; in lesing 2 word dit gekoppel aan ἡ ἀδελφή. Die posisie van μου in lesing 2 stem ooreen met die algemeen gebruiklike woordorde in die Nuwe Testament (vgl. Hfst.I 4.1.1.5, p.50 hierbo) sowel as met die gebruiklike woordorde van Lukas (vgl. Hfst.II 8.7.1(6), p.116 hierbo). In lesing 1 daarenteen is die posisie van μου nie te rym met die gebruiklike Nuwe Testamentiese woordorde nie, aangesien nie-emfatiese persoonlike voornaamwoorde as voorwerp feitlik deurgaans in die Nuwe Testament direk na die werkwoord staan (vgl. Hfst.I 3.7.1(3), p.44 hierbo) en in elk geval nooit in aanvangsposisie nie (vgl. Hfst.I 2.1.2.1.1(2), p.22 hierbo). Die posisie van μου stem ook nie ooreen met die gewoonte van Lukas nie, want hy plaas substantiewe in die genitief direk na die werkwoord (vgl. Tabel IV, p.99 hierbo).

Transkripsionele oorwegings is teen lesing 1: ^{p⁴⁵} se sriptor is geneig om te parafraseer (vgl. Hfst.IV 3, p.147-148 hierbo) en dit is dus waarskynlik dat hy woorde in die sin sou omruil.

Sy geheue het hom dan ook waarskynlik in hierdie geval in die steek gelaat - hy het μου wel onthou, maar as deel van die verkeerde kombinasie.

Lesing 2 word dus ondersteun deur sowel intrinsieke as transkripsionele oorwegings.

2.3 Lk 9:39

- (1) λαμβάνει γὰρ αὐτὸν ἐξαύφνης πνεῦμα καὶ ῥήσσει καὶ σπάρασσει μετὰ ἄφροῦ D
- (2) καὶ ἰδοὺ πνεῦμα λαμβάνει αὐτὸν καὶ ἐξαύφνης κρᾶζει καὶ σπάρασσει αὐτὸν μετὰ ἄφροῦ rell.

Lesing 1 is waarskynlik die resultaat van transkripsionele verbetering: Die werkwoord staan aan die begin van die sin en is dus in die algemeen gebruiklike posisie. Daarbenewens kon die posisie van ἐξαύφνης in lesing 2 vir 'n scriptor wat nie daarvan bewus was dat Lukas verkies om bywoorde van tyd vóór die werkwoord te plaas nie (vgl. Hfst.II 8.1.1(1)c, p.98 hierbo), lomp voorgekom het en sou hy dit waarskynlik verander het om beter aan te pas by die Nuwe Testamentiese gebruik (vgl. Hfst.I 3.2.1(1), p.33 hierbo).

Die werklike voortreflikheid van lesing 2 blyk enersyds uit die posisie van ἐξαύφνης wat in harmonie is met die gewoonte van Lukas (vgl. Hfst.II 8.1.1(1)c, p.98 hierbo), en andersyds uit die feit dat πνεῦμα voor die werkwoord staan - Lukas verkies om nominatiewe substantiewe voor die werkwoord te plaas (vgl. Hfst.II 8.6.1(1)b, p.113 hierbo). Lesing 2 is dus duidelik in ooreenstemming met gewoonte-determinante en waarskynlik die oorspronklike lesing.

2.4 Lk 12:28

- (1) εἰ δὲ ἐν ἀγρῷ τὸν χόρτον ὄντα σήμερον καὶ αὔριον εἰς κλιβάνον βαλλόμενον **X B L et al.**
- (2) εἰ δὲ ἐν ἀγρῷ σήμερον τὸν χόρτον ὄντα καὶ αὔριον εἰς κλιβάνον βαλλόμενον **p⁴⁵**
- (3) εἰ δὲ τὸν χόρτον σήμερον ἐν τῷ ἀγρῷ ὄντα καὶ αὔριον εἰς κλιβάνον βαλλόμενον **A W Θ et al.**
- (4) εἰ δὲ τὸν χόρτον τοῦ ἀγροῦ σήμερον ὄντα καὶ αὔριον εἰς κλιβάνον βαλλόμενον **D**

Lesing 4 stem woordeliks ooreen met Mk 6:30 - dit is dus waarskynlik die gevolg van harmonisering. Lesings 2 en 3 besit wel voortreflikheid daarin dat hulle die bywoord op die gebruikelike posisie het: By Lukas staan bywoorde gewoonlik voor die werkwoord εἶναι (vgl. Hfst.II 8.1.1(5), p.98 hierbo) en bywoorde van tyd staan altyd voor lidwoordlose deelwoorde (vgl. Hfst.II 8.1.1(4)b, p.98 hierbo). Wanneer die getuienis uit die konteks egter bygehaal word, is dit duidelik dat hierdie twee lesings slegs oënskynlike voortreflikheid besit. Die betoog van Jesus gaan oor die kortstondigheid van die mens se lewe. Die fokuspunt van die vers lê dus nie in die teenoorgesteldes ἐν ἀγρῷ/εἰς κλιβάνον of ὄντα/βαλλόντα nie, maar in die teenoorgesteldes σήμερον en αὔριον. Antitese as stylfiguur vereis dat sodanige teenoorgesteldes in juxtaposisie gestel word (vgl. Hfst.II 2.2(4), p.68 hierbo). Dus het lesing 1 op grond van stilistiese oorwegings werklike voortreflikheid.

'n Moontlike parallellisme word bewerkstellig deur lesing 3: Die twee deelwoordfrases is albei gerangskik in die patroon bywoord + voorsetselfrase + deelwoord. Dit is egter duidelik dat 'n parallellisme nie die antitese waardeur die kortstondigheids=

begrip beklemtoon word, dien nie. Dit is eerder waarskynlik dat lesing 3 die resultaat is van onbewustelike assimilasie aan die onmiddellike konteks (vgl. maatstaf T 1.4, p.149 hierbo). 'n Oorweging wat tēen lesing 2 is, is die feit dat die enigste getuienis daarvoor p^{45} is, wat eerder 'n parafrase as 'n woord-vir-woord kopie is (vgl. Hfst.IV 3, p.147-148 hierbo) en waarin omruiling van woorde hoogs waarskynlik is.

2.5 Lk 1:17

- (1) δυνάμει καὶ πνεύματι Chrysostomos
- (2) πνεύματι καὶ δυνάμει rell.

Hierdie variante het oënskynlik geen invloed op die betekenis nie omdat dit blote omruiling van woorde met parallelle funksie behels. Uit die studie van die konteks blyk dit egter dat πνεύματι en δυνάμει sleutelwoorde is van 'n retories-gestruktureerde geheel (vgl. die analise van die formele struktuur van Lk 1:13-17 in Hfst.II 3.2, p.74-75 hierbo). Vers 15 en verse 16-17 vorm twee afgebakende κῶλα: Die κῶλον in verse 16-17 se merkers is ἐπιστρέφει aan die begin en ἐπιστρέφαι aan die einde van die κῶλον; die κῶλον in vers 15 se merkers is μέγας ἐνώπιον τοῦ κυρίου aan die begin en πνεύματος ἁγίου πλησθήσεται aan die einde van die κῶλον. Die inhoud van die twee κῶλα is tog nou aan mekaar verbonde, aangesien die eerste κῶλον die wese en die tweede κῶλον die werk van die kindjie stel. Verse 16-17 word gebind aan vers 15 deurdat die merkers in vers 15 'n spieëlbeeld het in vers 17, nl. ἐν πνεύματι καὶ δυνάμει. Hierdie oorweging begunstig lesing 2.

Lesing 1 is af te wys op grond van transkripsionele oorwegings. Die scriptor het hom waarskynlik skuldig gemaak aan assimilasie aan 'n afgeleë parallel, waarskynlik ἐν δυνάμει πνεύ-

ματος (Lk 4:14; Rm 15:13,19). Op grond van die negatiewe eksterne getuienis teen lesing 1 is lesing 2 dus verkieslik.

2.6 Lk 10:16

(1) ἀθετῶν ἐμέ ^p75

(2) ἐμὲ ἀθετῶν ^{rell.}

Die woordorde in lesing 1 stem ooreen met woordsoortlike determinante (vgl. Hfst.I 3.7.1(3), p.44 hierbo) en met die woordorde wat staan onder die invloed van Aramees (vg. Hfst.II 6, p.85 hierbo). Dit is egter duidelik dat woordsoortlike determinante en invloed van ander tale nie die woordorde-determinante in Lk 10:16 is nie. Lk 10:16 is belaaï met stylfigure: Drie sinne word klimakties aan mekaar gekoppel en elke sin op sy beurt is chiasities georden (vgl. Greijdanus, 1940, p.476):

ὁ ἀκούων ὑμῶν ἐμοῦ ἀκούει,

καὶ ὁ ἀθετῶν ὑμᾶς ἐμὲ ἀθετεῖ.

ὁ δὲ ἐμὲ ἀθετῶν ἀθετεῖ τὸν ἀποστεύλαντά με.

Die laaste skakel van die klimaks verskil van die eerste twee skakels deurdat dit die chiasme omkeer (vgl. Hfst.II 2.2(9), p.69 hierbo). Lesing 1 verbreek die chiasme in die laaste skakel en verbreek gevolglik ook die klimaktiese patroon. Die scriptor van ^p75 was waarskynlik onbewus van die stylfigure en het gevolglik probeer om taalkundige verbeterings aan te bring of om die woordorde te assimileer met onmiddellik voorafgaande skakel.

Lesing 1 het dus slegs oënskynlike voortreflikheid. Lesing 2 is waarskynlik die oorspronklike lesing.

2.7 Lk 1:12

- (1) καὶ ἰδὼν Ζαχαρίας ἐταράχθη, καὶ ἐπέπεσεν φόβος ἐπ' αὐτόν it arm
 (2) καὶ ἐταράχθη Ζαχαρίας ἰδὼν, καὶ φόβος ἐπέπεσεν ἐπ' αὐτόν rel1.

Lesing 1 besit oënskynlike voortreflikheid op grond van taal=kundige en gewoonte-oorwegings: Lukas plaas feitlik altyd aoris=tus-deelwoorde voor die werkwoord (ἰδὼν, vgl. Hfst.II 8.5(2), p.110 hierbo); die substantief skuif dikwels na vore om naby die deel=woord te staan (Ζαχαρίας, vgl. Hfst.I 3.3, p.35 hierbo); werkwoorde staan gewoonlik voor die substantief (ἐπέπεσεν φόβος, vgl. Hfst.II 8.6.1(1), p.112 hierbo). Dit is dus duidelik dat 'n scriptor so 'n lesing as 'n stilistiese verbetering op lesing 2 sou beskou.

Dit blyk egter dat kontekstuele determinante die woordorde bepaal het: Voorkeurwoorde in die gedeelte is ἐπ' αὐτόν en die twee gevalle van καί. Die konkomitante is Ζαχαρίας, ἰδὼν en ἐπέπεσεν (die vertelling handel oor Ζαχαρίας, ἰδὼν word voorafgegaan deur ὡφθη en ἐπέπεσεν is voorspelbaar aangesien dit volg op ἐταράχθη en φόβος). Die nuclei is ἐταράχθη en φόβος. Die patroon van nuclei, konkomitante en voorkeurwoorde in lesing 1 is dus pCCN pCNpq, en in lesing 2 pNCC pNCpq. Lesing 2 is daarom in harmonie met kontekstuele oorwegings en besit werklike voortreflikheid.

2.8 Lk 6:43-45

'n Hele aantal woordorde-variante kom voor in hierdie gedeelte:

v.43a: (1) δένδρον καλὸν καρπὸν σαπρὸν ποιοῦν 209

(2) δένδρον καλὸν ποιοῦν καρπὸν σαπρὸν rel1.

v.43a + b: (3) . . . σαπρὸν . . . καλόν . . . καλόν . . . σαπρὸν 597

(4) . . . καλόν . . . σαπρὸν . . . σαπρὸν . . . καλόν rel1.


v.44a: (5) καρποῦ αὐτοῦ D

(6) ἰδέου καρποῦ rel1.

- v.44b: (7) ἐκλέγονται ἐξ ἀκανθῶν D
 (8) ἐξ ἀκανθῶν συλλέγουσιν rel1.
 v.44c: (9) τρυγῶσιν σταφυλὴν S 399 461 467 655 661
 (10) σταφυλὴν τρυγῶσιν rel1.
 v.45a: (11) τῆς καρδίας αὐτοῦ A L X Γ Δ
 (12) αὐτοῦ τῆς καρδίας D
 (13) om. αὐτοῦ B et al.
 v.45b: (14) τὸ στόμα αὐτοῦ λαλεῖ **N** C 1200 it Tatianus Adamantius
 (15) λαλεῖ τὸ στόμα αὐτοῦ rel1.

Lesing 2 is in harmonie met die algemene gebruik dat adjunkte van die deelwoord dit gewoonlik opvolg (vgl. Hfst.I 3.3(2), p.35 hierbo), terwyl lesing 1 van hierdie gebruik afwyk. Lesings 3 en 4 en lesings 5 en 6 is nie uit pas met enige taalkundige of gewoonte-determinant nie en gevolglik besit hulle almal oënskynlike voortreflikheid (voortreflikheid uit die oogpunt van scriptores). Lesing 7 stem ooreen met die gewoonte van Lukas om bywoordelike voorsetselfrases van plek na die werkwoord te plaas (vgl. Hfst.II 8.3.1(1), p.101 hierbo), terwyl lesing 8 van hierdie gebruik afwyk. Lesings 9 en 10 is beide in ooreenstemming met taalkundige en gewoonte-determinante. Lesing 11 stem ooreen met die algemene neiging in Nuwe Testamentiese Grieks om adnominale genitiewe na die substantief te plaas (vgl. Hfst.I 4.1.1.5, p.50 hierbo), terwyl lesing 12 van hierdie gebruik afwyk. Lesing 14 stem ooreen met die gewoonte van Lukas om nominatiewe substantiewe voor die werkwoord te plaas (vgl. Hfst.II 8.6.1(1)b, p.113 hierbo), maar lesing 15 wyk af van hierdie gewoonte.

Dit blyk egter dat die woordorde in hierdie variasie-eenhede nie getoets moet word bloot aan die hand van taalkundige en gewoonte-determinante nie. 'n Kontekstuele studie dui aan dat Lk 6:43-45 in 'n duidelike wigpatroon gestruktureer is. Die sleutelwoorde is die volgende:



Uit retories-strukturele oorwegings blyk dus dat lesing 2 die parallelle konstruksie tussen v.43a en v.43b verbreek - lesing 1 ondersteun die struktuur en het gevolglik werklike voortreflikheid. Lesing 6 is verkieslik bo lesing 5 aangesien dit die algemene gedagtegang ("geken aan eie vrug") rugsteun. Lesing 8 plaas ἐξ ἀκανθῶν op 'n opvallende plek in die sin, en aangesien dit 'n sleutelgedagte vorm in die a b a b-konstruksie van vers 44, is dit wenslik dat dit in 'n opvallende plek staan. Gevolglik kan lesing 8 beskou word as 'n oorspronklike lesing. In lesing 10 is σταφυλήν emfaties (emfatiese akkusatiewe verkies middelposisie, vgl. Hfst.II 8.6.3(1)b, p.113 hierbo). Omdat σταφυλήν die parallelle sleutelwoord teenoor σῶκα in v.44 vorm, verdien dit nadruk en gevolglik is lesing 10 waarskynlik 'n oorspronklike lesing. In lesing 15 staan το στόμα αὐτοῦ in eindposisie, dit wil sê emfaties (vgl. Hfst.II 1.2, p.61 hierbo), en ἐκ περισσεύματος καρδίας in aanvangsposisie, dit wil sê ook emfaties (vgl. Hfst.II 1.1(1),

p.59 hierbo). Aangesien "hart"(boom) en "mond"(vrug) in die konkluderende sin die twee hoofmomente van die struktuur is, is dit waarskynlik dat hulle in emfatiese posisies staan soos in lesing 15. Dus besit lesing 15 werklike voortreflikheid.

In die geheel is lesings 1, 4, 6, 8, 10, 13 en 15 verkieslik.

* * *

Die gevalle wat hierbo bespreek is, is illustrasie van die toepassing van die groot verskeidenheid van transkripsionele en intrinsieke oorwegings wat lei tot die formulering van interne getuienis met betrekking tot die woordorde-variante in die manuskripte van die Nuwe Testament. Dit is ten slotte noodsaaklik om dit weer duidelik te stel dat die metode wat in hierdie studie voorgelê is nie kan lei tot 'n finale evaluering van woordorde-determinante nie - eksterne getuienis moet eers 'n woord spreek, 'n onmisbare woord, voordat 'n finale uitspraak gelewer kan word.

ABSTRACT

THE EVALUATION OF WORD-ORDER VARIANTS IN THE MANUSCRIPTS OF THE GREEK NEW TESTAMENT, WITH SPECIAL ATTENTION TO THE GOSPEL ACCORDING TO LUKE; A METHODOLOGICAL STUDY

Transposition of words and word-groups is one of the most common phenomena in the manuscripts of the Greek New Testament. The frequency of variation in word-order can undoubtedly be ascribed to the freedom of Greek in the arrangement of words in a sentence or phrase. Because of this freedom of word-order, relatively little attention has been given to word-order variants in the history of New Testament Textual Criticism. Most critics put variation of word-order on the same level as variation of spelling, and with that they dismissed the problem. The result is that the evaluation of word-order variants is still based almost entirely on external evidence, while internal evidence apparently receives little consideration or is even neglected.

Hitherto few critics have made a special study of word-order variation, and, as far as could be ascertained, no attempt has been made to establish a method which can lead to the determination of internal evidence of word-order variants as such.

The ultimate purpose of this study is to establish a method by means of which word-order variants can be evaluated. Since external evidence of a variant reading does not depend upon the nature of the reading itself, word-order variants do not need a special method for the determination of external evidence. Accordingly this study is focused on internal evidence. This does

not imply that the author regards external considerations as dispensable or as inferior to internal considerations.

The study is divided into two sections: a section which deals with linguistics and stylistics, and a section which deals with the methodology of New Testament textual criticism.

1. Linguistic and stylistic section

This section is based on the results of linguistic and stylistic research and studies which have been (a) published by scholars over the past ten decades, and (b) undertaken independently by the author of this thesis. A special study has been made in this thesis of the word-order employed by Luke in his Gospel, since, in addition to general tendencies, it is necessary to take into account the personal preferences and stylistic usage of authors individually.

From the data thus collected it is clear that, in spite of what is generally assumed, word-order in Greek is not free, but that it is determined by linguistic and stylistic determinants.

1.1 Linguistic determinants

There are various linguistic determinants of Greek word-order, of which some are more dominant in character and some less dominant.

Certain words prefer or avoid certain positions in the sentence, depending on their lexical or semantic status. These words are called preferential words. Some preferential words prefer initial position in the sentence or phrase, e.g. the accented personal pronouns; some words avoid initial position, e.g.

μέν and δέ; some words avoid final position, like most prepositions.

The different parts of speech often prefer certain positions in the sentence or phrase. Adverbs, for instance, generally follow the verb which they qualify, while prepositions precede the substantive which they qualify.

Sometimes the position of nouns is dependent on morphological determinants, e.g. the adnominal genetives, which have a very strong affinity for the position directly following the substantive.

1.2 Stylistic determinants

Writers very often depart from the word-order prescribed by linguistic determinants. In such cases the word-order is dependent on stylistic determinants. The most common stylistic determinants in the New Testament are the following:

(1) Emphasis

For the sake of emphasis words are placed in positions where they are conspicuous, normally the initial position, or separated from the elements to which they belong, or sometimes the final position.

(2) Figures of speech

Sometimes word-order serves a certain figure of speech or is influenced by a figure of speech, such as parallelismus membrorum, chiasmus, antithesis, antistrophe, anastrophe, casus pendens, climax and prolepsis.

(3) Rhetoric structures

Structural analysis of a text sometimes conceals the reason for the word-order employed by the writer. Examples of such cases are given and discussed.

(4) Aesthetic considerations

The writers of the New Testament definitely maintained clearness and neatness in their language. They did not, however, strive after anything artificial, such as euphony, rhythm and the avoidance of hiatus, which was deliberately employed by the Atticists.

(5) Social and traditional considerations

Certain groups of words were so often used by the early Christian community that an almost conventional phraseology developed, which became fixed "formulas" in the New Testament $\kappa\omicron\lambda\upsilon\gamma\mu\alpha$. The sequence of words in these formulas was most often determined by the social estimate of the ideas which they express. Writers did not easily deviate from the word-order of these "formulas".

(6) Influence from other languages

Sometimes a writer arranged words in an order which was determined neither by linguistic considerations, nor by stylistic purposes, but which conforms to the word-order of another language well known to the writer. Aramaic influence is very common in the Greek of the New Testament; Latin influence is found occasionally; Persian, Egyptian and Coptic influence is rare.

(7) Contextual considerations

When the position of non-preferential words is not determined by any of the above-mentioned considerations, it is often possible to explain their sequence in contextual terms: Words are either predictable from the context or unpredictable. From statistical observations it is clear that there are certain fixed patterns of arrangement of predictable and unpredictable words. These patterns often offer an explanation for the sequence of non-preferential words.

(8) The habits of the writer

Undoubtedly the order of words can sometimes be ascribed to

no other determinant than the personal preference of the writer. Whenever a writer does not depend upon any of the above-mentioned determinants of word-order, he arranges words in the sequence which he is used to, which he uses spontaneously. This section contains tables of statistics on the habitual word-order of Luke. Observations have been made on the position of adverbs, adverbial substantives, adverbial prepositional phrases, verbs, participles, substantives, adjectives, and adjectival adjuncts.

The study of the different stylistic determinants led to the following conclusion: It is clear that the writers of the New Testament did not employ word-order at random, but were led by clearly defined determinants, normally in the following order of preference:

Linguistic determinants:

- Lexical determinants
- Morphological determinants
- Semantic determinants
- Syntactical determinants

Stylistic determinants:

- Emphatic determinants
- Figures of speech
- Aesthetic determinants
- Social and traditional determinants
- Influence from other languages
- Contextual determinants
- The habits of the writer.

2. **Methodological** section

This section is based on the data compiled and the conclusions drawn in the section dealing with linguistics and stylis=

tics. Prior to the final formulation of criteria for the evaluation of word-order variants, it was necessary to formulate a clear description of the object of the intended method. Therefore this section includes a chapter dealing with the nature of word-order variation in the New Testament, in which the following categories are distinguished:

(1) Changes affecting the sense

This type of word-order variation includes:

- a. variation of combination (fluctuation between two combinations in the same sentence, or movement from an ambiguous position to an unambiguous position, or transference of an element from one sentence to another);
- b. transposition of entire sentences;
- c. confusion of homonyms.

(2) Changes not affecting the sense

This type of variation includes:

- a. ἅπαξ λεγόμενα ;
- b. separation of clusters (disjunction);
- c. "harmless" changes of word-order (transposition of syntactical elements, or transposition of words within a cluster, or transposition of words with parallel function in the sentence).

2.1 Transcriptional considerations

Taking into account all the different causes of change in word-order, the following criteria for the determination of the transcriptional probability of variant readings were formulated:

- (1) Unintentional change of word-order can be suspected in cases of homoioteleuton - scribes would sometimes commit haplography, immediately realize the error, and then insert the omitted section into the text, but in the wrong place.

- (2) Unintentional change of word-order can be suspected when a reading agrees in word-order with a more or less parallel phrase elsewhere in the New Testament or in the Septuagint - an imperfect memory sometimes led a scribe to adopt the word-order of a passage which he remembered from elsewhere in the New Testament or Septuagint.
- (3) Unintentional change of word-order can be suspected when the word-order of a reading corresponds with the word-order of a phrase often used in the Early Church or early Christian community - an imperfect memory sometimes led a scribe to adopt the word-order of a phrase which he was wont to use in conversation.
- (4) Unintentional change of word-order can be suspected when the word-order of a reading exhibits a definite similarity to a phrase in the immediate context - a scribe might absent-mindedly adopt the word-order which he had written a little while before.
- (5) Intentional alteration of word-order can be suspected when the word-order of a reading agrees with typical Atticistic tendencies - Atticistic scribes would often change the word-order to what they regarded as better Classical language or style.
- (6) Intentional alteration of word-order can be suspected when the word-order of a reading is in agreement with the word-order generally used elsewhere in the New Testament - style-conscious scribes would sometimes change the word-order to what they regarded as better New Testament language or style.
- (7) Intentional alteration of word-order can be suspected when the word-order of a reading is exactly the same as the word-order in a parallel passage elsewhere in the New Testament - sometimes scribes tried to harmonize parallel passages in the New Testament, especially in the Gospels.

- (8) Intentional alteration of word-order can be suspected when the word-order in the Greek text of a bilingual manuscript exhibits a numerical verbal equality to the accompanying version - scribes of colometrically arranged bilingual manuscripts were tempted to assimilate the Greek text and the text of the version for appearance's sake.
- (9) Intentional alteration of word-order can be suspected when matters of doctrinal interest are involved in the variation
 - scribes would sometimes alter the sequence of words if such an alteration would support their personal convictions.
- (10) Intentional interpolation can be suspected when some witnesses omit the fluctuating word or words - different scribes would sometimes add the same words to the text (for the same or for different reasons, e.g. harmonization, doctrinal purposes, addition of details), but not necessarily in the same place.

2.2 Intrinsic considerations

Taking into account the different determinants of word-order, the following criteria for the determination of the intrinsic probability of variant readings were formulated:

- (1) The word-order of a reading has intrinsic excellence when it is in harmony with general usage, provided that it is clear that the word-order is determined only by linguistic determinants.
- (2) In the sections of the Gospels according to Matthew and Luke which are believed to have had Mark as a source, readings which resemble the word-order used by Mark have a slight preference.
- (3) The word-order of a reading has intrinsic excellence when it is in harmony with the style of the writer.

- (4) The word-order of a reading has intrinsic excellence when it is in harmony with the habits of the writer, if it is clear that the word-order was not determined by some other stylistic determinant.
- (5) When the word-order in a reading from a section of non-Greek origin in the New Testament corresponds with Aramaic (or Latin, etc.) word-order, it has intrinsic excellence, on condition that no other determinant, except habitual determinants, is likely to have determined the word-order.
- (6) The word-order of a reading has intrinsic excellence when it corresponds with a fixed phrase used in the New Testament or in the early Christian community or Jewish community.
- (7) The word-order of a reading has intrinsic excellence when it serves a figure of speech, a rhetorical structure, emphasis and aesthetic or contextual arrangement of words, on condition that these determinants prove to be in harmony with the context.
- (8) The word-order of a reading which serves a figure of speech or a rhetorical structure has intrinsic excellence, especially when the reading occurs in one of the epistles, in a speech or parable or in sections which have a prophetic (apocalyptic) character. In narrative parts these determinants do not function very often.
- (9) When apparent excellence and real excellence of word-order are both to be found in only one reading of a variation unit, such a reading should not be rejected on account of transcriptional considerations, but should be accepted on intrinsic grounds.

In order to demonstrate the proposed method, the study is concluded by a chapter in which an analysis is made of the inter=

nal evidence of selected passages from the Gospel according to Luke. These passages include all the word-order variants mentioned in the critical apparatus of the third edition of the United Bible Societies' Greek New Testament (1975). Naturally the proposed method can lead only to a preliminary evaluation of word-order variants, since a final evaluation is impossible before external evidence has been taken into account.

BIBLIOGRAFIE

- ABEL, F.M. 1927. Grammaire du grec biblique suivie d'un choix de papyrus. Paris, Librairie Lecoffre, J.Gabalda et Fils.
- ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M. & WIKGREN, A., editors. 1975. The Greek New Testament. New York-London-Amsterdam-Stuttgart, United Bible Societies.
- ARISTOTELES. 1947. Τέχνη ῥητορικὴ (ed. Page, T.E.). London, Heinemann (Loeb Classical Library, no.317).
- ARISTOTELES. 1953. Περὶ πολιτικῆς (ed. Page, T.E.). London, Heinemann (Loeb Classical Library, no.336).
- ARNDT, W.F. 1956. The Gospel according to St. Luke. St. Louis, Concordia Publishing House.
- BARTELINK, G.J.M. 1952. Lexicologisch-semantische studie over de taal van de apostolische Vaders; bijdrage tot de studie van de groeptaal der griekse Christenen. Utrecht, Beijers.
- BAUER, W. 1961. Einführung in das Studium der Geschichte. Tübingen, J.C.B. Mohr.
- BERKHOF, L. 1967. Principles of Biblical interpretation. Grand Rapids, Baker Book House.
- BERNHEIM, E. 1920. Einleitung in die Geschichtswissenschaft. Berlin, Walter de Gruyter.
- BERNHEIM, E. 1970. Lehrbuch der historischen Methode und Geschichtsphilosophie; mit Nachweis der wichtigsten Quellen und Hilfsmittel zum Studium der Geschichte. New York, Franklin. 2 dle. in 1.

- BLACK, M. 1946. An Aramaic approach to the Gospels and Acts. Oxford, Clarendon Press.
- BLOSS, F. & DEBRUNNER, A. 1975. A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature; translated and revised by R.W. Funk. Chicago, University of Chicago Press.
- BÖHLIG, Gertrud. 1956. Untersuchungen zum rhetorischen Sprachgebrauch der Byzantiner. Berlin, Akademie-verlag.
- BOLDT, W. 1884. De liberiore linguae Graecae et Latinae collocatione verborum capita selecta. Dissert., Göttingen.
- BOWERS, F. 1964. Bibliography and textual criticism. Oxford, Clarendon Press.
- BRUGMANN, K. 1888. Elements of the comparative grammar of the Indo-Germanic languages; a concise exposition of the history of Sanskrit, Old Iranian, Old Armenian, Old Greek, Latin, Umbrian-Samnitic, Old Irish, Old High German, Lithuanian and Old Bulgarian. New York, B. Westermann.
- BRUGMANN, K. 1900. Griechische Grammatik. München, C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung (Handbuch der klassischen Altertumswissenschaft, no.2) 2 dle.
- BURTON, J.W. 1883. The revision revised. London, John Murray.
- BURNEY, C.F. 1922. Aramaic origin of the fourth Gospel. Oxford, Clarendon Press.
- CADBURY, H.J. 1920. The style and literary method of Luke. Harvard Theological studies, 6.
- CADBURY, H.J. 1966. Four features of Lucan style. (In Keck, L.E. & Martyn, J.L., red. Studies in Luke-Acts. New York. p.87-102).

- CALVYN, J. 1971. De Evangelien van Mattheus, Markus en Lukas in onderlinge overeenstemming gebracht en verklaard; vertaald door A. Brummelkamp. Goudriaan, W.A. de Groot, 3 dle. (Verklaring van de Bijbel door Johannes Calvijn).
- CHANTRAINE, P. 1952. La stylistique grecque. Paris, Klincksieck (Actes du 1^{er} congres international des études classiques).
- CHANTRAINE, P. 1952. Les recherches sur l'ordre des mots en grec. Anales de Filologia Clásica, 5:71-80.
- COLWELL, E.C. 1931. The Greek of the Fourth Gospel. Chicago, University of Chicago Press.
- COLWELL, E.C. 1952. What is the best New Testament? Chicago, University of Chicago Press.
- COLWELL, E.C. 1954. Scribal habits in early papyri. (In The Bible in modern scholarship, p.370-389).
- COLWELL, E.C. 1969. Studies in methodology in textual criticism of the New Testament. Grand Rapids, W.B. Eerdmans. (New Testament tools and studies, no.9).
- COOPER, G.L. 1971. Zur syntaktischen Theorie und Textkritik der attischen Autoren. Zürich, Juris Druck & Verlag.
- CUENDET, G. 1929. L'ordre des mots dans le texte grec et dans les versions gotique des Évangiles. Paris. 2 dle.
- DAVIES, D.P. 1976. The position of adverbs in Luke. (In Elliott, J.K., red. Studies in New Testament language and text; essays in honour of George D. Kilpatrick on the occasion of his sixty-fifth birthday. Leiden, Brill. Novum Testamentum, no.44).
- DE BIE, J. 1970. Recherche sur la syntax et l'ordre des mots en grec. Revue de l'Organisation internationale pour l'étude des langues ancienne par ordinateur, 1:17-27.

- DEFERRARI, R.J. 1969. Lucian's Atticism; the morphology of the verb. Amsterdam, Adolf M. Hakkert.
- DEISSMAN, G.A. 1909. Bible studies; translated by A. Grieve. T. & T. Clark.
- DELBRÜCK, B. 1900. Vergleichende syntax der indogermanischen Sprachen. Strassburg, K.J. Trübner. 3 dle.
- DEMETRIUS. 1953. *Περὶ ῥημευέας* (ed. T.E. Page). London, Heinemann (Loeb Classical Library).
- DENNISTON, J.D. 1952. Greek prose style. Oxford, Clarendon Press.
- DE ZWAAN, J. 1922. The use of the Greek language in Acts. (In Foakes-Jackson, F.J. & Lake, K., ed. The beginnings of Christianity, 2:30-63).
- DIETERICH, K. 1898. Untersuchungen zur Geschichte der griechischen Sprache von der hellenistischen Zeit bis zum 10. Jahrhundert n. Chr. Leipzig, B.G. Teubner.
- DORFMAN, E. 1956. The structure of the narrative: a linguistic approach (In History of ideas newsletter, 1956).
- DOVER, K.J. 1960. Greek word order. Cambridge, University Press.
- DU TOIT, A.B. 1974. The significance of discourse analysis for New Testament interpretation and translation. Neotestamentica, 8:54-79.
- EGGOLD, H.J. 1969. Give attention to reading. The Springfielder, 33(3):28-32, Des.
- ELLIOTT, J.K. 1972. Phrynichus' influence on the textual tradition of the New Testament. Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft, 63:133-8.

- EPP, E.J. 1974. The twentieth century interlude in New Testament textual criticism. Journal of Biblical literature, 93:386-414.
- FARMER, W.R. 1976. The synoptic problem: A critical analysis. Dillsboro, Western North Carolina Press.
- FISCHER, P. 1930. Zur Stellung des Verbums im Griechischen. Glotta, 13:1-11, 189-205.
- FREDERICKSON, B.G. 1972. Word order for emphasis in the Greek New Testament; a research report submitted in partial fulfillment of the requirements for course B595. Unpublished report, compiled at Concordia Theological Seminary, Springfield, Illinois.
- FRISK, H. 1932. Studien zur griechischen Wortstellung. Göteborg, Elanders Boktryckeri Aktiebolag.
- FRÖSEN, J. 1974. Prolegomena to a study of the Greek language in the first centuries A.D.; the problem of Koine and Atticism.
- FULLER, D.O. 1973. True or false? The Westcott-Hort textual theory examined. Grand Rapids, Grand Rapids International.
- GEHMAN, H.S. 1951. The Hebraic character of Septuagint Greek. Vetus Testamentum, 1:81-90.
- GELDENHUYS, N. 1970. Commentary on the Gospel of Luke. Grand Rapids, W. B. Eerdmans. (The new international commentary on the New Testament, no.1).
- GILDERSLEEVE, B.L. & LODGE, G. 1971. Gildersleeve's Latin grammar. New York, Macmillan.
- GOETCHIUS, E.v.N. 1965. The language of the New Testament. New York, Charles Scribners.
- GRANT, F.C. 1946. Introduction to the Revised Standard Version of the New Testament, ed. L.A. Weigle. Chicago, University of Chicago Press.

- GRANT, W.L. 1951. Hebrew, Aramaic and the Greek of the Gospels. Greece and Rome, 20:115-122.
- GREEN, S.G. 1886. Handbook to the grammar of the Greek Testament. London, The religious tract society.
- GREENLEE, J.H. 1969. A concise exegetical grammar of New Testament Greek. Grand Rapids, W.B. Eerdmans.
- GREENLEE, J.H. 1970. Introduction to New Testament textual criticism. Grand Rapids, W.B. Eerdmans.
- GREIJNDANUS, S. 1940. Het heilig Evangelie naar de beschrijving van Lucas. Amsterdam, H.A. van Bottenburg. 2 dle. (Kommentaar op het Nieuwe Testament, bd.3).
- HAENCHEN, E. 1956. Die Apostelgeschichte. Göttingen.
- HARRIS, J.R. 1893. Codex Bezae; a study of the so-called Western text of the New Testament. Cambridge, University Press. (Texts and studies, no.2).
- HERZBERGER, H. 1961. Contextual analysis. Dissert., Princeton.
- HESELIING, D.C. 1893. Over het Grieksch der Middeleeuwen; voordracht gehouden den 27sten April 1893 ter opening van de lessen over Middeleeuwsch en nieuw-Grieksch. Leiden, Brill.
- HESELIING, D.C. 1924. Histoire de la littérature grecque moderne. Paris, Les Belles Lettres.
- HODGES, J.R. 1977. A defense of the majority-text; a revised edition of a paper originally called "Introduction to the Textus Receptus". Unpublished paper.
- HOLWERDA, B. 1878. Disputatio de dispositione verborum in lingua Graeca, in lingua Latina et apud Plutarchum. Utrecht.
- HUMBERT, J. 1954. Syntaxe grecque. Paris, Librairie C. Klincksieck.

- HUNT, A.S., ed. 1963. *Select Papyri*. London, Heinemann. 2 dle. (Loeb Classical Library).
- JORDAN, J.E. 1965. *Using rhetoric*. New York.
- KAPSAMENOS, S.G. 1953. *Das Griechische im Aegypten*. Basel, Schwabe. (Museum Helveticum, no.10).
- KENYON, F.G. 1975. *The text of the Greek Bible*. London, Duckworth.
- KIECKERS, E. 1911. *Die Stellung des Verbs im Griechischen*. Strassburg.
- KILPATRICK, G.D. 1941. The possessive pronouns in the New Testament. Journal of Theological studies, 42:184-6.
- KILPATRICK, G.D. 1943. Western text and original text in the Gospels and Acts. Journal of Theological studies, 44:25-33.
- KILPATRICK, G.D. 1963. Atticism and the text of the Greek New Testament. Regensburg. (Neutestamentliche Aufsätze).
- KILPATRICK, G.D. 1965. The order of some noun and adjective phrases in the New Testament. The Bible translator, 16:117-9.
- KÜHNER, R. 1870. *Ausführliche Grammatik der griechischen Sprache*. Hannover, Hahnsche Hofbuchhandlung.
- LAGRANGE, M.-J. 1935. *Introduction à l'étude du Nouveau Testament; deuxième partie: Critique textuelle*. Paris, Klincksieck.
- LAKE, K. 1928. *The text of the New Testament*. London, Rivingtons.
- LENSKI, R.C.H. 1961. *The interpretation of St. Luke's Gospel*. Minneapolis, Augsburg Publishing House.
- LIEBERMAN, S. 1950. *Greek in Jewish Palestine; studies in the life and manners of Jewish Palestine in the II-IV centuries*. New York, Jewish Theological Seminary.

- LINDHAMER, Luise. 1908. Zur Wortstellung im Griechischen; eine Untersuchung über die Spaltung syntaktisch eng zusammengehöriger Glieder durch das Verbum. Dissert., München, Borna-Leipzig.
- LOEPFE, A. 1940. Die Wortstellung im griechischen Sprechsatz, erklärt an Stücken aus Platon und Menander. Freiburg, Paulusdruckerei.
- LOUW, J.P. 1967. Stilistiese sinsboustrukture en Nuwe Testamentiese Grieks. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- LOUW, J.P. 1973. Discourse analysis and the Greek New Testament. The Bible Translator, 24(1):101-118, Jan.
- LOUW, J.P. 1976. Semantiek van Nuwe Testamentiese Grieks. Pretoria, Universiteit van Pretoria.
- LUND, N.W. 1942. Chiasmus in the New Testament. University of North Carolina Press.
- MAAS, P. Textual Criticism. Oxford, University Press.
- MANDILARAS, B.G. 1972. Studies in the Greek language; some aspects of the development of the Greek language up to the present day. Athene, N. Xenopoulos.
- MAROUSEAU, M. 1922. L'ordre des mots dans la phrase latine. Paris.
- MAYSER, E. 1934. Grammatik der griechischen Papyri aus der Ptolemäerzeit. Berlin, Walter de Gruyter. 2 die.
- MEILLET, A. & VENDRYES, J. 1924. Traité de grammaire comparée des langues classiques. Paris, Champion.
- MERX, A. 1897. Die vier kanonische Evangelien nach ihrem ältesten bekannten Texte. Berlin, G. Reimer.

- METZGER, B.M. 1963. Chapters in the history of New Testament Textual Criticism. Grand Rapids, W.B. Eerdmans. (New Testament tools and studies).
- METZGER, B.M. 1968. The text of the New Testament; its transmission, corruption and restoration. New York, Oxford University Press.
- METZGER, B.M. 1971. A textual commentary on the Greek New Testament; a companion volume to the United Bible Societies' Greek New Testament. London, United Bible Societies.
- MOHRMANN, Christine. 1955. Problèmes stylistiques dans la littérature Latine Chrétienne. Vigiliae Christianae, 9:222-246.
- MOHRMANN, Christine. 1957. Linguistic problems in the early Christian Church. Vigiliae Christianae, 11:11-36.
- MORTON, A.Q. & MACGREGOR, G.H.C. 1964. The structure of Luke and Acts. London, Hodder & Stoughton.
- MOULE, C.F.D. 1952. The language of the New Testament. Cambridge, University Press.
- MOULE, C.F.D. 1953. An idiom book of New Testament Greek. Cambridge, University Press.
- MOULTON, H.K. 1965. The present state of New Testament textual criticism. The Bible Translator, 16:193-8.
- MOULTON, J.H., HOWARD, W.F. & TURNER, N. A grammar of New Testament Greek. Edinburgh, T.&T. Clark. 4 dle. Geraadpleeg:
 1929. Vol. II: Accidence and Word-Formation.
 1963. Vol. III: Syntax.
 1976. Vol. IV: Style.
- MOULTON, W.F. & GEDEN, A.S. 1963. Concordance to the Greek Testament. Edinburgh, T. & T. Clark.

- MUGLER, C. 1939. Problèmes de sémantiques et d'ordre syntaxique. Paris, Les Belles Lettres.
- NESTLE, E. 1901. Introduction to the Textual Criticism of the Greek New Testament; translated by William Edie. Edinburgh, Williams & Norgate.
- NIDA, E.A. 1961. Bible translating; an analysis of principles and procedures, with special reference to aboriginal languages. London, United Bible Societies.
- NIDA, E.A. 1964. Toward a science of translating with special reference to principles and procédures involved in Bible translating. Leiden, Brill.
- NORDEN, E. 1958. Die antike Kunstprosa vom VI. Jahrhundert v. Chr. bis in die Zeit der Renaissance. Stuttgart, Teubner. 2 die.
- OLIVER, H.H. 1957. A textual transposition in Codex C. Journal of Biblical Literature, 76:233-6.
- PERNOT, H. 1927. Études sur la langue des Évangiles. Paris, Les Belles Lettres.
- PLUMMER, A. 1969. A critical and exegetical commentary on the Gospel according to St. Luke. Edinburgh, T. & T. Clark. (The international critical commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments).
- QUENTIN, H. 1926. Essais de Critique Textuelle. Paris, Auguste Picard.
- RADEMACHER, L. 1909. Besonderheiten der Koine Syntax. Wiener Studien, 1909, p.1-33.
- RADEMACHER, L. 1911. Neutestamentliche Grammatik; das Griechisch des Neuen Testaments im Zusammenhang mit der Volkssprache. Tübingen, Mohr.

SS, H.J. 1950. Der satzanbau; Untersuchung über eine eigentümliche Wortstellung im Griechischen und Lateinischen. Dissert., Göttingen.

CHTER, Elise. 1920. Grundlinien der Wortstellungslehre. Zeitschrift für römische Philologie, 40:9-61.

ENECKER, F. 1966. Das Evangelium des Lukas. Wuppertal, R. Brockhaus. (Wuppertaler Studienbibel, Bd.2).

FE, J.M. 1933. The mechanics of translation Greek. Journal of Biblical Literature, 52:244vv.

BERTS, W.R. 1912. A point of Greek and Latin word-order. Classical Review, 1912, p.177-9.

BERTSON, A.T. 1923. A grammar of the Greek New Testament in the light of historical research. New York, George H. Doran.

BERTSON, A.T. 1925. An introduction to the textual criticism of the New Testament. London, Hodder & Stoughton.

SÉN, H.B. 1975. Gedanken zur Geschichte des griechischen Satzbaus. Sprache, 21:23-36.

HMID, W. 1889. Der Atticismus in seinen Hauptvertretern von Dionysius von Halikarnass bis auf den zweiten Philostratus. Stuttgart, W. Kohlhammer. 2 dle.

IÜRMANN, H. 1969. Das Lukasevangelium. Freiburg, Herder. 2 dle. (Herders theologischer Kommentar zum Neuen Testament, Bd.3).

HÜTZ, R. 1920. Der parallele Bau der Satzglieder im Neuen Testament. Göttingen, Vandenhoeck und Ruprecht.

HWYZER, E. 1950. Griechische Grammatik auf der Grundlage von Karl Brugmanns Griechischer Grammatik. C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung. 2 dle. (Handbuch der Altertumswissenschaft, Bd.2).

- SCRIVENER, F.H. 1874. A plain introduction to the criticism of the New Testament for the use of Biblical students. Cambridge, Deighton, Bell & Co.
- SECHAN, L. & DELEBECQUE, E. 1972. Essais de stylistique grecque. Paris, Éditions Ophrys.
- SIDGWICK, A. 1927. Introduction to Greek prose composition. New York, Longmans.
- SIMCOX, W.H. 1890. The writers of the New Testament. London, Hodder & Stoughton.
- SMYTH, H.W. 1956. Greek Grammar. Massachusetts, Harvard University Press.
- SNYMAN, A.H. 1977. Strukturele taalkunde en die Griekse Nuwe Testament. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- SOMMER, F. 1921. Vergleichende Syntax der Schulsprachen (Deutsch, Englisch, Französisch, Griechisch, Lateinisch) mit besonder Berücksichtigung des Deutschen. Stuttgart, Teubner.
- SOUTER, A. & WILLIAMS, C.S.C. 1954. The text and canon of the New Testament. London, Duckworth.
- SPARKS, H.F.D. 1943. The Semitisms of St. Luke's Gospel. Journal of Theological Studies, 44, Jul.-Okt.
- SPARKS, H.F.D. 1950. The Semitisms of the Acts. Journal of Theological Studies, I:16-28, April.
- STREETER, B.H. 1936. The four Gospels; a study of origins. London, Macmillan.
- STUART, M. 1841. A grammar of the New Testament dialect. Andover, Allen & Morrill.
- TAYLOR, V. 1963. The text of the New Testament. London, Macmillan.

- THRALL, Margaret E. 1962. Greek particles in the New Testament; linguistic and exegetical studies. Leiden, E.J. Brill. (New Testament tools and studies, no.3).
- THUMB, A. 1901. Die griechische Sprache im Zeitalter des Hellenismus; Beiträge zur Geschichte und Beurteilung der *κοινή*. Strassburg, K.J. Teubner.
- TORREY, C.C. 1916. The composition and date of Acts. Harvard Theological Studies, 1.
- TURNER, C.H. 1927. A textual commentary on Mark. Journal of Theological Studies, 28:145-158.
- TURNER, C.H. 1928. Marcan usage; notes, critical and exegetical, on the Second Gospel ix,x. Journal of Theological Studies, 29:346-361.
- TURNER, N. 1955. The unique character of Biblical Greek. Vetus Testamentum, 5:208-213.
- VAN MANEN, W.C. 1880. Conjecturaal-Kritiek, toegepast op den tekst van de Schriften des Nieuwen Testaments. Haarlem, De Erven F. Bohn.
- VAN UNNIK, W.C. 1973. Remarks on the purpose of Luke's historical writing (Luke 1-4). (In *Sparsa Collecta*; the collected essays of W.C. van Unnik. Leiden, E.J. Brill. 1:6-15).
- VERHOEF, P.A. 1973. Metodiek van die eksegeese. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers.
- VITEAU, J. 1896. Étude sur le grec du Nouveau Testament comparé avec celui des Septante; sujet, complément et attribut. Paris, E. Bouillon.

- VON SODEN, H. Die Schriften des Neuen Testaments in ihrer ältesten erreichbaren Textgestalt hergestellt auf Grund ihrer Textgeschichte. 2 dle.:
1902. Bd.I: Untersuchungen; die Textzeugen. Berlin, Verlag von Alexander Duncker.
1913. Bd.II: Text mit Apparat. Göttingen, Vandenhoeck und Ruprecht.
- WACKERNAGEL, J. 1935. Zur Wortfolge, besonders bei den Zahlwörtern. Basel, Festschrift Binz, p.33-54.
- WEISS, D.B. 1899. Textkritik der Vier Evangelien. (In Von Gebhardt, O. & Harnack, A., ed. Texte und Untersuchungen zur Geschichte der altchristlichen Literatur. Leipzig, J.C. Hinrichs'sche Buchhandlung. Bd.4).
- WELLHAUSEN, J. 1911. Einleitung in die drei ersten Evangelien. Berlin, G. Reimer.
- WEST, M.L. 1973. Textual criticism and editorial technique applicable to Greek and Latin texts. Stuttgart, B.G. Teubner.
- WESTCOTT, B.F. & HORT, F.J.A. 1882. The New Testament in the original Greek; vol.II: Introduction and Appendix. New York, Harper & Brothers. 2 dle.
- WIFSTRAND, A. 1949. A problem concerning word order in the New Testament. Studia Theologica, 3:172-184.-
- WILSON, A.J. 1907. Emphasis in the New Testament. Journal of Theological Studies, 8:75-85.
- WINER, G.B. 1874. A grammar of the idiom of the New Testament, prepared as a solid basis for the interpretation of the New Testament. Andover, W.F. Draper.
- ZAHN, T. 1920. Das Evangelium des Lucas. Leipzig, A. Deichert'sche Verlagsbuchhandlung. (Kommentar zum Neuen Testament, Bd.3).